OPPAD NA 'N BEVRYDE KATEGESE-BEDIENING
'n Kritiese evaluering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se kategese-teorie en -praxis, en 'n moontlike alternatief

deur

MARTINUS HERMANUS HEYNS

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR THEOLOGIAE

in die vak

PRAKTIESE TEOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF L M HEYNS

APRIL 1996

OPGEDRA AAN MY GESIN

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGING xiii

OPSOMMING xiv

ABSTRACT xvi

HOOFSTUK 1

INLEIDING 1

HOOFSTUK 2

DIE SLEUTEL 5

1. INLEIDING 5

2. BEWUSTELIKE VERTREKPUNT 5

3. UITEENSETTING 5

3.1 Eenheid-in-verskeidenheid 5

3.2 Die uniekheid van elke aspek en die hoeveelheid aspekte wat onderskei word 7

3.3 Samehang van die aspekte 7

4. SLOTOPMERKING 9

HOOFSTUK 3

'N PROFIEL VAN NED. GEREF. KERK KATEGESE 10

1. 'N INDRUKWEKKENDE STELSEL 10

2. PRAKTIESE BEWYSE 10

3.1 Kategese-skool, hoof, onderhoof en sekretaris 11

3.2 Die onderrig-proses 12

3.2.1 Kategetepersoneel 12

3.2.1.1 *Opleiding van die personeel van kategete* 12

3.2.1.2 *Inhoud van opleidingskursus* 13

3.2.2 Leerstof 15

3.2.3 Administrasie 16

3.2.4 Klasverdeling van katkisante 18

3.2.5 Geskrewe toetsing 18

3.2.6 Handboeke vir katkisante en kategete en Bybelstudiegidse vir katkisante 19

3.3 Kategese in die lewe van die katkisant 20

4. GEVOLGTREKKINGS 21

4.1 Indrukwekkende stelsel 21

4.2 Hoë koste stelsel 21

4.3 Die stelsel volg 'n skoolmodel 22

4.4 'n Aparte struktuur naas die gemeente-struktuur. 25

5. SLOTOPMERKING 25

HOOFSTUK 4

KRITIESE EVALUERING VAN NED. GEREF. KATEGESE 27

1. INLEIDENDE OPMERKINGS 27

2. KATEGESE EN GELOOF 27

3.	DOGMA-HISTORIESE EN HISTORIESE AGTERGROND OOR GELOOF IN DIE NED.GEREF. KERK	28
3.1	*Definisie van geloof*	28
3.2	*Die verband met Calvyn*	28
3.3	*Intellektualisme vs piëtisme*	29
3.4	*Interpretasie: Calvinistiese siening van geloof*	29
3.5	*Slotsom oor Calvyn en die HK*	31
3.5.1	*Slotsom van erkende dogmatici*	31
3.5.2	*Ander opinies*	32
3.5.2.1	*De Boer*	33
3.5.2.2	*Bavinck*	34
3.5.2.3	*Schilder*	35
3.5.3	*Slotsom*	35
4.	INVLOED OP DIE KATEGESE VAN DIE NED.GEREF. KERK	37
4.1	*Kategese van volksplanting tot min of meer 1740*	37
4.2	*Kategese tussen 1740 tot min of meer 1824*	37
4.3	*Kategese vanaf 1824 onder invloed van die Skotse predikante en onderwysers*	40
4.3.1	*Die invloed van William Robertson*	41
4.3.2	*John Murray*	41
4.3.3	*Slotsom oor die Skotse invloed*	43
4.4	*Invloed van die Teologiese Seminarium Stellenbosch*	44
4.5	*Sondagskool en kategese in die Ned.Geref.Kerk*	46
4.5.1	*Opkoms van die beweging in die Ned.Geref.Kerk.*	46

4.5.2	*Doelomskrywing van die Sondagskool*	47
4.5.3	*Slotsom oor die Sondagskoolwese*	47
4.6	*'n Sondagskool-Studiekommissie*	48
4.6.1	*Visie op die doel van kategese uit die verslag*	49
4.6.2	*Slotsom oor die SSK*	51
4. 7	*Kategese en die jaar 1986*	*52*
5.	BEVINDINGE UIT IMMANENT-KRITIESE ANALISE VAN NED.GEREF.KERK KATEGESE.	53
5.1	*Kategese en tradisie*	53
5.2	*Fundamentele aangeleenthede*	53
5.2.1	*Oorhoofse doelstelling*	53
5.2.2	*Bepaalde belydenis oor geloof*	53
5.2.3	*Omskrywing van geloof*	54
5.2.4	*Ned. Geref. Kerk interpretasie*	54
5.2.5	*Invloed van Nederland*	54
5.2.6	*Invloed van die Kweekskool*	54
5.2.7	*Dualistiese interpretasie*	54
5.2.8	*Valse spanning kognitief en affektief*	56
5.2.9	*Intellektualisme*	57
5.2.10	*Kategese skools*	58

HOOFSTUK 5

GEVOLGE VAN NED GEREF KERK KATEGESE 59

1. INLEIDING 59

2. GEVOLGE VAN DIE HUIDIGE KATEGESESTELSEL IN DIE NED. GEREF. KERK 60

2.1 Kategese-bediening as 'n aparte aksie bereik nie die volle potensiaal nie 60

2.2 Ontwikkeling van 'n godsdienskultuur van intellektualisme 61

2.2.1 Intellektualisme en geloofs-en Godsbeskouing 61

2.2.1.1 'n Bydrae van FE Deist 62

2.2.2 Intellektualistiese geloof en die Bybel 62

2.2.3 Intellektualistiese geloof en moralisme 68

2.2.4 Intellektualistiese geloof en legalisme 70

2.2.5 Intellektualistiese geloof en sola gratia 72

2.2.6 Intellektualisme en die kategeseskool 74

2.2.7 Intellektualistiese geloof en kategetiek 74

3. SLOTOPMERKING 75

HOOFSTUK 6

TEORIEVORMING EN TEOLOGIESE TEORIEVORMING 76

1. INLEIDENDE OPMERKINGS 76

2. TEORIEVORMING 76

2.1.	*Agtergrond-inligting oor teorievorming*	76
2.1.1	*Die sg. 'objek' van wetenskaplike denke.*	76
2.1.2	*Die verskillende gesigshoeke van die werklikheid*	78
2.2	*Spesifieke aard van van teorievorming*	81
2.2.1	*Analise*	81
2.2.2	*Unieke wetenskaplike teorievorming*	82
2.2.3	*Wetenskaplike analise, analogië en metafore*	83
2.2.4	*Begrip en idee*	85
3.	TEOLOGIESE TEORIEVORMING	86
3.1	*Teologie 'n vakwetenskap wat die hele werklikheid bestudeer*	86
3.2	*Praktiese Teologie*	88
3.3	*Gesprek met praktiese teoloë*	88
3.3.1	*Gerber*	88
3.3.1.1	*Winspunte*	89
3.3.1.2	*Kritiek*	89
3.3.1.3	*Opsommenderwys*	93
3.3.2	*Ander: De Jongh van Arkel, Pieterse e.a*	96
3.3.2.1	*Uiteensetting*	96
3.3.2.2	*Beoordeling*	103
3.3.2.2.1	*Verblydende*	103
3.3.2.2.2	*Rasionalisme/Irrasionalisme*	103
3.3.2.2.3	*Pieterse se bydrae*	106
3.3.2.2.4	*Vry van rasionalisme?*	108

3.3.2.2.5 *Alternatiewe siening* 114

3.4 *Teologie se status as wetenskap* 120

HOOFSTUK 7

BYBELSE TEOLOGIE [PRAKTIESE TEOLOGIE] 121

1. INLEIDENDE OPMERKINGE 121

2. SKRIFGETROUHEID EN TEORIEVORMING IN DIE TEOLOGIE [RESP. KATEGETIEK] 121

2.1 *Standpunte* 122

2.1.1 *Kuitert* 122

2.1.2 *Jonker* 122

2.1.3 *Berkouwer* 123

2.1.4 *Reformatoriese Filosofie* 126

2.1.5. *Ned. Geref. Kerk* 128

2.1.5.1 *Die sinode van die Ned.Geref.Kerk in 1986* 128

2.1.5.2 *PC Potgieter* 130

2.2 *Beoordeling van standpunte met die oog op 'n eie standpunt* 132

2.2.1 *Die gesag en objektiwiteit van die Bybel* 132

2.2.2 *Die Bybel is nie objektief waar en het daarom geen objektiewe gesag nie* 136

2.2.2.1 *Standpunt oor Bybelse gesag en normatiwiteit* 136

2.2.2.2 *Standpunt in die lig van die hermeneutiek-geskiedenis van die Ned.Geref.Kerk* 140

3. GEVOLGTREKKINGS 145

HOOFSTUK 8

TEOLOGIE EN KERK 149

1. INLEIDENDE OPMERKINGS 149

2. VERSKILLENDE VISIES OP DIE KERK 150

2.1 Verwarrende terme vir die kerk 150

2.2 Agtergrond van die verwarring 151

2.2.1 Die mens se basiese verhoudinge 151

2.2.2 'Religie' en kerk 152

2.3 Gevolge van verwarring in kerkbegrip 154

3. DIE BEGRIP 'KERK' 156

3.1 Agtergrond vir standpunt-formulering 156

3.2. Die kerk as lewensverband 159

3.2.1 Inset van Dingemans 160

3.2.2 Die posisie vanuit 'n reformatoriese kenteorie. 161

3.2.2.1 Op soek na 'n onderskeidende stempel 161

3.2.2.2 Die Woord-mag en ontwikkeling van 'n eie bestemmingsfunksie 162

3.2.2.3 Kerkbegrip en aspekte-verskeidenheid 164

3.2.2.3.1 Die geloofsaspek as grensaspek 165

3.2.2.3.2 Troost en die geloofbegrensing van die tydelike kerkverband 167

3.3 Die resultaat van 'n kosmologiese visie op die kerkverband 169

4. SLOTOPMERKINGS 177

HOOFSTUK 9

KATEGETIEK 178

1. INLEIDENDE OPMERKINGS 178

2. TEORIE OOR KATEGESE 179

2. Kenmerke van kategese 179

2.2 Teorie oor die begrensingsaspekte van kategese 180

2.2.1 Fundering 180

2.2.1.1 Verband geloofs- & kultuurontsluiting 180

2.2.1.2 Kultuuropdrag en opvoeding 180

2.2.1.3 Struktuur van opvoeding 182

2.2.2 Opsoek na kwalifisering 183

2.2.2.1 Opvoeding en antropologie 183

2.2.2.2 Konsekwensies vanuit antropologie 187

2.2.3 Konklusies oor kwalifisering van opvoeding en kategese 190

2.2.3.1 Onderskeid tussen kerklike- en geloofsopvoeding 190

2.2.3.2 Geloofsopvoeding het nie net op een aspek van geloof betrekking nie 191

2.2.3.3 Opvoeding en historiese-omstandighede 193

2.2.3.4 Onderskeid tussen kategese en die ander kerklike opvoedingswerksaamhede 194

2.2.3.5. Konklusie oor kategese 209

2.2.3.6. Eiesoortigheid van kategese 212

2.2.4. Rykdom van temas wat kategese behoort aan te spreek 214

3. SLOTOPMERKING 227

HOOFSTUK 10

KATEGESE-PRAXIS 228

1. INLEIDENDE OPMERKINGS 228

2. KATEGESE IN DIE PRAKTYK VAN DIE KERKLIKE BEDIENING 228

2.1 Geen aparte kategese-struktuur nie 228

2.1.1 Praktiese voorbeeld 229

2.1.1.1 Voorbeeld self 229

2.1.1.2. Die verband met die kategesebediening 232

2.1.2. Kategese nie net aan 'n bepaalde groep of bediening nie. 234

2.1.3 Konsekwensies vir kategese-handboeke. 235

2.1.4 Kerkorde Bepalings 235

2.1.5 Die benaming 'kategese' behoort te verdwyn 235

2.1.6 Kategesebediening aan die jeug 236

2.1.6.1 Aparte groep 236

2.1.6.2 Program word self ontwikkel 236

2.1.6.3 Geen vaste leerplan 237

2.1.6.4 Belang van konteks 237

2.1.6.5 Bybel en tradisie 238

2.1.6.6 Leiers en verhale 240

2.1.6.7 Tyd en plek van samekomste 241

2.1.6.8 Aard van byeenkomste 242

2.1.6.9 Belydenisaflegging 245

2.2	*Totaliteitsiening van geloof*	247
2.2.1	Die bydrae van Snyman oor 'n totaliteitsiening van geloof.	248
2.2.2	Model vir die uitbouding van 'n totaalsiening van geloof	249
2.2.2.1	Jeugkommissies op makro- en mini-vlak	249
2.2.2.2	Geïntegreerde gemeente-bediening	250
2.3	*Rol van die leraar*	255
3.	SLOTOPMERKING	256

BYLAE

KERKGESKIEDENIS BYLAE 257

KATEGETIEK IN DIE NED.GEREF.KERK IN NOORD-KAAPLAND
'n Greep resente kerkgeskiedenis

1.	INLEIDING	257
2.	DIE STREEK-SINODE VAN DIE NED.GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND	258
2.1	*Die Sinodale Jeugkommissie [SJK]*	258
2.2	*Prinsipiële vrae*	259
2.3	*Predikante in die praktyk*	259
2.4	*Die kerklike weg*	260
2.5	*Predikante-kursusse*	260
2.6	*Sinode in 1987*	261
2.7	*Ad-Hoc Kommissie vir kategesevernuwing*	262
2.8	*Die Ad-Hoc Kommissie voer sy opdragte uit*	262
2.9	*Beplanning van die predikante-kursus oor kategese*	263

2.10 Nuwe perspektiewe word by die kursus oor kategese gedeel 265

2.11 Nog 'n paar opmerkings noodsaaklik 267

2.12 Waarheen moes die predikantekurus lei? 269

2.13 Die sinode van 1991 270

2.14 **Reaksie van die sinode in 1991** 272

3. DOEL VAN DIE BESKRYWING 273

BIBLIOGRAFIE 275

TYDSKRIFTE EN KERKLIKE DOKUMENTE 287

AFKORTINGS 289

DANKWOORD

Ek bedank graag die volgende persone en instansies wat dit vir my moontlik gemaak het om die proefskrif te voltooi. Die lys name is nie noodwendig in orde van belangrikheid gerangskik nie.

* My ouers vir die lewensperspektief wat hulle my gegee het.
* Elsa en die res van my gesin vir die lewensruimte en liefde wat ek in alle opsigte by hulle geniet.
* Die akademiese skoling wat ek in die Departement Wysbegeerte aan die UOVS ontvang het.
* Die Ned. Geref. Gemeente Kimberley-Vooruitsig wat my die geleentheid gegee het om vir byna 'n dekade hoofsaaklik met kategese-werk gemoeid te wees en die kategete-groepe wat weekliks voluit met my saamgewerk het.
* Vriende en kollegas in die Ring van Kimberley en die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland met wie ek gereeld oor kategese gedagtes kon ruil.
* My studie-leier, Prof LM Heyns wat, hoewel ons mekaar baie min gesien het, uit sy pad gegaan het om my te help en my met opregte vriendelikheid begelei het.
* Die Ned. Geref. Gemeente Pinelands; veral van die ouers wat weekliks saam met my vernuwend oor kategese help dink en handel het.
* Old Mutual , Nanda Klapwijk en Stephan Smit wat die finalisering en druk van die boek vir my moontlik gemaak het.

Ek bely ten slotte dat die onderneming met hierdie proefskrif 'n gawe van God is waarvoor ek Hom al die eer gee.

MARTIN HEYNS
Pinelands
Maart 1996

OPSOMMING

Die kategese-bediening van die tydelike kerkverband in die algemeen en dié van die Ned. Geref. Kerk in die besonder, kan tegelyk 'n oorskatte en 'n onderskatte aangeleentheid wees. Hierdie kwessie kan, enersyds te doen hê met 'n verskraalde visie op die mens se geloofsverhouding, as konkrete entiteit wat binne al die aspekte van die werklikheid funksioneer. Andersyds kan dit te make hê met 'n ongenuanseerde onderskeiding tussen die tydelike kerkverband en alle ander samelewingsvorme.

Wanneer *geloof* verskraal word tot enkele aspekte van die volle werklikheid, word kategese oorskat as 'n *aparte bediening*, naas ander bedieninge in die gemeente. Dit het gewoonlik 'n óórbeklemtoning van die leer-aspek ten koste van die sogenaamde affektiewe en konatiewe aspekte van geloof tot gevolg. Dit veroorsaak noodwendig 'n oorbeklemtoonde skoolse benadering tot kategese.

Wanneer die tydelike kerkverband kosmologies nie duidelik van die ander samelewingsvorme onderskei word nie, word kategese aan die anderkant weer maklik onderskat. Dan word tipiese kerklike kategetiese werksaamhede, wat betrekking het op die hele werklikheid, vanuit 'n geloofsvisie, maklik *verwar met opvoedingstake* in die gesin en gemeenskap in 'n *on-prinsipiële grensoorskryding*.

In 'n meer gebalanseerde visie op kategese, betoog die studie dat ons liewer oog behoort te kry daarvoor dat kategese *een aspek* van elke onderskeie kerklike bediening is. Só verstaan, is kategese 'n on-ontbeerlike *aspek* [maar dan slegs 'n aspek] van die gemeente se uitreik-; barmhartigheids-; jeug-; erediens-; Bybelstudie-bedieninge. Die eiesoortigheid van dié genoemde kategetiese faset van elk van die kerklike bedieninge verwys elke keer na die *logies-analitiese* kant van geloofsvorming. Laasgenoemde

het betrekking op die moontlike verdieping van die mens se geloofsverhouding met God deurdat *geloofsaangeleenthede* duideliker omlyn en omskrywe word.

En die beklemtoning van *hiérdie* kategetiese aspek in elk van die bedieninge, is elke keer legitiem, afhangende van die *konteks* waarin die gemeente en die lidmate wat betrokke is, funksioneer.

Hierdie teorie oor kategese stel die tydelike kerkverband voor die uitdaging om al die lidmate [nie net kinders nie] in hulle volle geloofsverhouding met God, tot ontsluiting van hulle hele lewe, in geloofsgerigtheid op God, die Oorsprong van alle dinge te help betrek. Dit veronderstel tegelykertyd die *bevryding* van kerklike kategese om vernuwend en opbouend op die totale gemeente-bediening in te werk. Langs hierdie weg poog Praktiese Teologie om werklik nie net 'n teorie te wees nie.

ABSTRACT

The church's religious education ministry in general and that of the Dutch Reformed Church in particular, could be an issue that is, at the same time, overestimated and underestimated.

On the one hand this issue could entail an attenuated vision on man's faith as concrete entity functioning within all aspects of the reality.

On the other hand it could entail an unclear distinction between the church as a temporary form of society and all other forms of society.

When *faith* is diminished to single aspects of the full reality, catechesis is overestimated as a *separate ministry*, next to other ministries in the congregation. This usually leads to an overemphasis of the learning-aspect at the cost of the so-called affective and conative aspects of faith. This invariably leads to an overemphasized, school-like approach to catechesis.

On the other hand, when the church cannot cosmologically be clearly distinguished from the other societal forms, catechesis is easily underestimated. In such a case, typical ecclesiastical catechetic activities are, from a faith aspect point of view, easily *confused with educational issues* for example within the family and the community *because no proper theoretical distinction* is made between these different forms of society.

In a more balanced vision of catechesis, the study argues that we should realize that catechesis forms but one aspect of each ecclesiastical ministry. Understood thus, catechesis is an indispensable *aspect* (but only an aspect) of the congregation's outreach, charity, youth, worship and Bible-study ministries. This distinctive character of the said cathecismic facet of each of the ecclesiastical ministries refers time and

again to the *logical-analytical* side of faith formation. The latter concerns the possible enriching of man's total faith relationship with God as *faith issues* are outlined and defined more clearly.

This theory on catechesis attempts to challenge the church as a temporary form of society to include catechesis in all forms of ecclesiastical ministry, thereby ministering to all congregation members, not only to the children. This, at the same time, *implies the liberation* of ecclesiastical catechesis, so that it can have a renewing and constructive effect on the entire congregational ministry.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Hierdie studie oor kategese is nie in die eerste plek uit 'n formele akademiese interesse gebore nie. Die studie was eerder gemotiveer omdat ek op 'n baie besondere en intensiewe manier aan die ***praktyk*** van die Ned. Geref. Kerk se kategesebediening oor 'n tydperk van nege jaar in die Ned. Geref. Gemeente Kimberley-Vooruitsig blootgestel was. Ongeveer 800 katkisante en 80 kategete het my, en elkeen wat daarby betrokke was, voortdurend gedwing om nuut en vars oor die kategese-bediening te dink. Toegewyde kategete het my as die predikant, wat afgesonder vir die jeugbediening in die gemeente was, van tyd tot tyd gekonfronteer met lastige vrae oor onder meer die lywige handboeke, wat hulle en die jongmense grensloos geïrriteer het. Sommige belese kategete het met stewige argumente gekom en botweg geweier om hulle groepie jongmense hoegenaamd aan die gereelde klastoetse en die jaarlikse 'katkisasie-eksamen' bloot te stel. Kategese-vernuwing het in Kimberley-Vooruitig dus nie in die eerste plek by my as predikant begin nie, maar by kategete, wat op hulle eie manier vir hulle kategese-werk omgegee het.

Vir die eerste keer in my bediening was ek as leier van die kategesebediening dus gedwing om intensief kennis te maak met ***ALLES*** wat in dié bediening gebeur het en wat ***ALLES*** in die baie handboeke geskrywe staan. Dit het my gedwing om elke handboek, Bybelstudie-gids, riglyn vir kategete ensovoorts, een vir een deur te werk. Oor 'n periode van twee jaar het al die kategete, volgens hulle jaargroepe, twee aande per week onder my leiding, in werksessies van ongeveer 'n driekwart-uur elk, vergader en die lesse en riglyne saam met my deurgewerk.

Omdat elke gemeente in verband met die res van die kerk leef, het hierdie ervaringe, uit die aard van die saak, oorgespoel na die Ring van Kimberley. Sommige van ons kollegas in die Ring van Kimberley, wat weekliks bymekaar gekom het vir gesamentlike voorbereiding van die eredienste, het ook entoesiasties saam oor

kategese begin saamdink. Sommige van hulle het verder as ek oor hierdie dinge vooruitgedink. Die invloed hiervan het uitgekring na die SJK en Sinode van die Ned. Geref. Kerk Noord-Kaapland [vgl. die Bylae]. Hiervandaan het dit by die AJK beland, waar daar deeglik skouers oor kategese [soms met groot frustrasie] geskuur was. Dit was net logies dat die bogenoemde verloop van sake my verplig het om al meer krities oor die Ned. Geref. Kerk se kategesebediening na te dink.

Die genoemde situasie het my verplig om reg van vooraf oor kategese na te dink. Let wel, die Bylae by dié verhandeling dien as verdere agtergrondverduideliking, waarom die studie noodsaaklik geword het en wat my gemotiveer het om dit te voltooi.

> Die kernvraag was: WEET EKSELF WAT DIE EIE AARD VAN KATEGESE IS AS EK DAAROOR ARGUMENTEER? Wat is dit wat ek beklemmend en beperkend in die stelsel beleef? Waarom het beide kategete en katkisante in vele opsigte negatief teen die wonderlike stelsel van die Ned. Geref. Kerk in dié verband reageer? Waarom het die reekse handboeke nie die effek wat elke leraar en gemeente graag sou wou sien nie, *nl.*. jong lidmate wat in die volheid van die geloof, in kerk en Koninkryk leef nie? Watter teologie lê ten grondslag van die Ned. Geref. Kerk se kategesestelsel? Hoe sou ek die vermoede dat die stelsel slegs 'n aspek van lidmate se lewe eerder as die volle mens [na hulle hart] aanspreek, kon bevestig?

Hierdie en soortgelyke kritiese refleksies op die kategese-praktyk van die Ned. Geref. Kerk het op aandrang van 'n kollega uiteindelik 'n wetenskaplike refleksie geword. Dié wetenskaplike 'verhaal' val vervolgens logies in twee hoof afdelings met die onderskeie hoofstukindelings daaronder uiteen:

1. Die ***eerste afdeling van die studie*** begin in hoofstuk 2 met 'n verduideliking van die basiese paradigma waarmee ek in die studie werk. Hoofstukke 3-5 is dan die uiteensetting van my ***immanente kritiek*** op die Ned. Geref. Kerk se kategese-stelsel. Dit bevat die volgende:

1.1 'n BYLAE by die verhandeling, wat die ***spesifieke geskiedenis*** in dié verband kortliks probeer weergee en sodoende die agtergrond invul waarteen ek die akademiese studie uiteindelik aangepak het.

1.2 Dit begin verder in hoofstuk 3 met 'n ***profiel*** van die Ned. Geref. Kerk se kategese-bediening. Ek moes die stelsel, wat ek immanent-krities wil evalueer, so volledig moontlik uiteensit.

1.3 Hoofstuk 4 beskryf dan die ***kritiese ontleding*** van die stelsel wat in Hoofstuk 3 uiteengesit is.

1.4 Hoofstuk 5 konsentreer logies op die ***gevolge*** wat hierdie kritiese ontleding op die Ned. Geref. Kerk se kategese-bediening in praktyk het.

2. Die ***tweede afdeling van die studie*** beskryf my wetenskaplike benadering tot kategese wat m.i. op weg is na 'n bevryde kategese-bediening, veral in die Ned. Geref. Kerk. Dit het uiteindelik betrekking op 'n spesifieke teorie vir die kategetiek, wat noodwendig tot 'n alternatiewe kategesepraktyk behoort te lei.

2.1 Hoofstuk 6 begin dus met 'n uiteensetting van ***my siening van teorievorming*** wat vryelik gebruik maak van die insigte van die Reformatoriese Wysbegeerte, wat bewustelik en onbewustelik my wetenskaplike denke rig. Ek sou dit ook wou noem: die paradigma wat my teoretiese denke, so ver dit aan my bekend kan wees, beheers; of dit is die spesifieke sleutel waarmee ek my siening van kategese ontsluit en uitbou. Hierdie hoofstuk beskryf voorts in terme van die voorafgaande, ***my siening van teologie*** in die algemeen en spesifiek dié van Praktiese Teologie.

2.2 Die genoemde spesifieke benadering tot kategetiek, behoort volgens my, die toets van ***Skriftuurlikheid*** te deurstaan. Hierdie tipe apologetiek is m.i. binne die struktuur en denkpatroon van die Ned Geref. Kerk noodsaaklik. Hoofstuk 7 beskryf derhalwe hoe ek die Bybel en kategetiek verband wil laat hou, sonder om òf a-Bybels óf Biblisisties maar nog steeds Reformatories te probeer wees.

2.3 Hoofstuk 8 beskryf voorts die noodsaaklikheid van 'n duidelike ***kerkbegrip*** as onderdeel van die onderhawige Prakties Teologiese teorievorming, met die doel om ***die eie aard*** van kategese as ***'n tipiese kerklike*** bediening af te grens.

2.4 Hoofstuk 9 konkludeer doodgewoon op grond van die voorafgaande my ***siening van kategetiek*** as een van die fasette van Praktiese Teologie.

2.5 Hoofstuk 10 kom ten slotte uit by wat my spesifieke benadering tot ***kategetiek aan die paradigma van die gemeentelike bediening*** in die Ned. Geref. Kerk behoort te verander.

Hierdie studie, wat met groot entoesiasme gedoen is, kan dalk juis in die lig van die entoesiasme, voorgee om reeds alles van kategese te weet. Waar dit dalk só voorkom en miskien enige instansie of persoon, op watter wyse ookal te na kom, verklaar ek dat dit nie só bedoel is nie. Lees dit asseblief as die resultaat van iemand wat met sy hele menswees en volle oortuiging hierby betrokke is

HOOFSTUK 2

DIE SLEUTEL

1. INLEIDING

Hierdie hoofstuk wil kortliks die ***basiese paradigma*** waarmee ek voorteoreties en teoreties werk so duidelik moontlik beskryf. Dit is vir enige navorser [wetenskaplike] nie altyd só maklik om hierdie posisie-keuse te omskryf nie. My poging is derhalwe maar net so eerlik as wat dit menslik moontlik is om eerlik te wees. Omdat ons met ***voorvrae*** in die wetenskap te doen het, maak ek daarom nie daarop aanspraak dat ek die diepste roersele van my hart van waaruit ek leef en daarom ook dink, regtig al deurgrond het nie. Een van die Here se profete het lank reeds in dié verband gesê: 'Die hart is bedriegliker as enigiets anders, hy is ongeneeslik, wie kan hom verstaan?' [Jeremia 17:9].

2. BEWUSTELIKE VERTREKPUNT

My vertrekpunt hou egter ***bewustelik*** verband met die insigte wat ek in die Reformatoriese Wysbegeerte bekom het. Die verteenwoordigers hiervan is in die eerste plek Herman Dooyeweerd, wat die grondlegger van hierdie filosofie is. Wetenskaplikes, wat veral in Suid-Afrika hierdie sisteem uitgebou het, is P de B Kock, maar veral DFM Strauss. Laasgenoemde het onder meer 'n baie omvattende kosmologie uitgewerk, wat verduidelik met watter tipe kosmologiese onderskeidinge ek eintlik heeltyd werk. Die basiese standaard wetenskaplike publikasies wat in dié verband ter sprake is, is Dooyeweerd [1935]; Dooyeweerd [1969]; Strauss [1978]. Kalsbeek [1970] het die hele sisteem in een relatief klein publikasie probeer saamvat. Die beste samevatting, wat meer populêr geskryf is, is dié van Strauss [1989].

3. UITEENSETTING

3.1 Eenheid-in-verskeidenheid

Die werklikheid waarin ons leef is 'n ***eenheid-in-verskeidenheid***. Dit wil sê, enige saak, aktiwiteit, gebeurtenis of entiteit, trouens die ganse werklikheid as 'n ***sinvolle***

eenheid, vertoon altyd 'n ryke verskeidenheid kante of soos algemeen genoem, ASPEKTE. 'If I consider reality as it is given in the naïve pre-theoretical experience, and then confront it with a theoretical analysis, through which reality appears to split up into various modal aspects' [Dooyeweerd 1969:4].

Die verskeidenheid aspekte het egter ook weer 'n onderlinge ***betrokkenheid op mekaar*** sodat elke entiteit altyd 'n sinvolle eenheid in die samehang van die aspekte-rykdom gewaarborg het. 'In this inter-modal cosmic coherence no single aspect stands by itself; every-one refers within and beyond itself to all the others' [Dooyeweerd 1969:4].

Wanneer die aandag, by wyse van 'n praktiese voorbeeld, op die ***Engelbrechts se gesinsmotor*** gevestig word, is die kwessie van ***eenheid-in-verskeidenheid van die werklikheid*** hierbo genoem, soos volg toepaslik:

> Die motor het vier wiele en een noodwiel [***getalsaspek***]; dit is 'n kleinerige motor [***ruimte***-aspek]; die klein motortjie kan 'beweeg' [***bewegingsaspek*** of die kinematiese]; dit is verder 'n sterkgeboude motortjie met 'n kragtige enjin [***fisiese-chemiese*** aspek]; die motor lewe nie self nie, maar gee lewe aan die gesin se bestaan [***biotiese*** aspek]; die gesin voel gemaklik in die motortjie as hulle daarmee ry [***gevoelsaspek***]; die motor het baie ingenieursvernuf nodig gehad toe dit gebou is [***analitiese*** aspek]; die motor is die produk van bepaalde kultuur-kragte wat in die geskiedenis tot die ontwikkeling van motors gelei het [***historiese*** aspek, dink maar aan die geskiedenis van die motorkar]; die motor is nie sommer enige motor nie, dit het 'n naam en die naam simboliseer 'n sekere gehalte motor [***simboliese*** aspek]; die motor help die gesin in die rondreis daarmee sosialiseer; dit versterk onderlinge familieband [***sosiale*** aspek]; die motor het 'n paar Rand gekos, Pa moes spaar om dit te koop [***ekonomiese*** aspek]; dit is regtig 'n mooi motor [***estetiese*** aspek]; dit is op die naam van die Ma geregistreer en daarom die wettige besit van die gesin [***juridiese***-/regsaspek]; die gesin gee regtig vir motor om; dit het

al diep in hulle harte ingekruip [*etiese*-aspek] en dit is 'n betroubare motor [***geloofsaspek***] [vgl. ook Strauss 1989:91].

3.2 Die uniekheid van elke aspek en die hoeveelheid aspekte wat onderskei word

Tot op hierdie stadium het die Reformatoriese wysbegeerte net hierdie vyftien aspekte van die werklikheid teoreties kon onderskei. Die genoemde onderskeiding kon alleen gemaak word omdat elke aspek 'n absolute unieke sinkern, wat die uniekheid daarvan eksklusief beskryf, bevat. Dit wil sê een aspek is hoegenaamd nie tot die ander herleibaar nie [vgl. Strauss 1989:66-67; Kalsbeek 1970:24-27]. Indien die een aspek tot die ander herlei sou kon word, sou die onderskeiding nie genuanseerd genoeg wees nie en in teoretiese sin slegs tot wetenskaplike verwarring lei.

3.3 Samehang van die aspekte

Nie een van die onderskeie, unieke aspekte van die werklikheid, kan voorts ten koste van een van die ander oor- of onderbeklemtoon word, sonder om die ***eenheid van die werklikheid te versteur nie***. Sulke versteurings lei tot misverstand en veroorsaak 'n skeefgetrekte visie op sake. Skewe voorstellings resulteer uiteindelik logies in wanpraktyke en wanverhoudings. By wyse van 'n baie eenvoudige voorbeeld, die volgende:

3.3.1 Indien al die aspekte [ook genoem kosmologiese onderskeidinge] van 'n saak of entiteit nie genoegsaam verreken word nie, is dit net logies dat dié wat wel onderskei en in die lewe verreken word, ***oorbelas*** sal word. Indien daar byvoorbeeld in die geval van die Engelbrechts se gesinsmotor net rekening gehou word met die genot [sosiale aspek] wat die motor die familie verskaf en verder met die feit dat dit 'n kragtige [fisies-chemiese aspek] motor is wat die gesin vinnig van punt A na punt B op hulle reise vervoer, sal die gesin na verloop van tyd gou agterkom dat die duur prys van brandstof hulle genietinge

vinnig kortknip. Hulle banksaldo sal in die rooi kom omdat hulle ondermeer nie die ***ekonomiese*** aspek van hulle gesinsmotor verreken het nie.

Hierdie baie eenvoudige voorbeeld van skewe perspektiewe op sake omdat al die aspekte van die saak nie onderskei en verreken word nie, is netso van toepassing op die mees ingewikkelde teoretiese problematiek denkbaar.

3.3.2 Indien slegs een aspek van 'n saak oorbeklemtoon word, het die eenheid van die werklikheid wat sodoende versteur raak, die neiging om ***balans*** te soek en te bring deurdat 'n teenhanger van die oorbeklemtoonde aspek opgeroep word. Dit veroorsaak 'n *pendulum*-aksie wat die perspektief op die betrokke sake van een uiterste na 'n ander uiterste laat deurswaai. Dooyeweerd skryf hieroor soos volg: 'Waar echter de religieuze geaardheid van het grondmotief geen berusting in een blote correlatie-verhouding gedoog, drijft dit motief ***zowel het denken als de practische levenshouding*** [MHH] noodzakelijk van pool tot pool. Hier verwikkelt zo de theorie en de levenspraktijk beide in een, naar de maatstaven der theoretische dialectiek volkomen onbegrijpelijke, *religieuze* dialectiek, die de correlatie [d.i. de wederkerige afhankelijkheid] tot absolute tegenstelling verheft' [Dooyeweerd 1963:12].

Dit moet uit hierdie aanhaling van Dooyeweerd duidelik wees dat die kwessie hierbo genoem baie meer ingewikkeld is as wat ek dit verduidelik het. Valse eensydighede en oorbeklemtonings in teorie en praktyk is slegs maar die manifestasie van dieperliggende, sogenaamde ***dialektiese religieuse grondmotiewe*** wat die werklikheid teoreties en prakties versteur en uiteenskeur [vgl. die populêre weergawes hiervan in Dooyeweerd 1963:14-17; Venter 1968]. Dit is egter nie vir die doel van hierdie hoofstuk en studie nodig om die volle argument i.v.m. grondmotiewe te beskryf nie.

3.3.3 Die begrip ***totaliteit.*** Daar sal in die verloop van die studie telkens van die begrippe ***totaliteit, totaalsiening, totale omvang van die werklikheid*** ens. gebruik gemaak word. Hierdie begrippe sal telkens na die bogenoemde eenheid-en- verskeidenheidsaangeleentheid verwys.

In die uiteensetting van die kenteorie [Hoofstuk 5] wat ten grondslag van my teologie lê, sal al die beskrywinge hierbo telkens toepaslik wees.

4. SLOTOPMERKING

Ek sou die Reformatoriese Wysbegeerte 'n ondiens bewys indien hierdie baie kort uiteensetting, selfs van die basiese insigte daarvan, hoegenaamd sou voorgee om volledig te wees. Wat hierbo uiteengesit is, is slegs 'n klein fraksie van die sisteem. Dit is die klein deeltjie daarvan wat ek in my denkpatroon geïntegeer het en wat die sleutel is vir my benadering in hierdie studie.

Hierdie vertrekpunt van my teoretiese denke wil verder onder geen omstandighede voorgee om die enigste en die beste te wees nie. Ek is egter hierin gedrenk van vroeg reeds in my vormingsjare op universiteit. Dit beteken nie dat ek dit as 'n geslote sisteem ten alle koste moet handhaaf nie. Dit sou ook teen die wens van die grondlegger van hierdie filosofie self wees. Nuwe besinning en openheid moet altyd gehandhaaf word om ' ... het gevaar te leren verstaan van een overschatting ... van geformuleerde christelijke beginselen, die tot vleselijke wapenen worden ...' [Dooyeweerd 1963]. Ek staan verder oop daarvoor dat enige wetenskaplike gespreksgenoot my daarop kan wys waar hierdie spesifieke paradigma, waarvoor ek lank reeds gekies het, my uitsig op die werklikheid [resp. kategese] verarmend sou inperk.

HOOFSTUK 3

'N PROFIEL VAN NED. GEREF. KERK KATEGESE

1. 'N INDRUKWEKKENDE STELSEL

Niemand sal die Ned.Geref. Kerk kan verwyt dat dit deur die jare nie moeite gedoen het om die bediening aan die jeug, veral t.o.v. die kategese, voortdurend uit te bou en te probeer verdiep nie. Die resultaat hiervan is dat dié kerk se huidige kategesebeleid en -program formidabel en omvangryk is. Dit sou uit die gesigshoek van 'n groot, eenvormige en werkende sisteem, dalk as die beste in die hele christelike wêreld beskou kan word.

2. PRAKTIESE BEWYSE

Die geldigheid van die stelling hierbo word onderstreep deur die inhoud van die agendas van die Sinodes van die Ned.Geref.Kerk betreffende kategese. Kategese het reeds by die eerste byeenkoms in 1824 op die agenda van die kerk verskyn, ook by die ontstane ander Sinodes van die O.V.S., Natal, en Transvaal.[1] Die handelinge van die Gefedereerde Sondagskoolkommissie en later die Algemene Jeugkommissie van die Ned.Geref.Kerk in die argief, bevestig dieselfde. Uit dit alles kan afgelei word hoe hierdie kerklike aktiwiteit nog altyd na aan die hart van die Ned.Geref.Kerk gelê het en met watter deeglikheid dit deur die jare gedoen is. [2]

---

[1]. *DW de Villiers boekstaaf in sy historiese oorsig van die kategese van die Ned.Geref.Kerk in die RSA 'n reeks besluite van Sinodes van so vroeg as 1862. Die lees hiervan lewer genoegsaam getuienis van die toewyding van die kerk aan die jeug, veral m.b.t. kategese [vgl. De Villiers, 1957:95-302].*

[2]. *E Greyling boekstaaf in sy bekende werk 'Die Sondagskool', Sondagskool-Boekhandel, Bloemfontein 1955 die sorgsame betrokkenheid van die Ned.Geref.Kerk in Suid-Afrika in 1824 toe besluit is om dit verpligtend vir predikante te maak om '... veral die wat tot lidmaatskap wens toegelaat te word, te onderrig in die Bybelse geskiedenis, geloofsleer en sedeleer ... Predikante moes dit beskou as een van hul hoofpligte en hul gemeentes vermeerder 'met kundige en waardige leden'.' Hy sluit hierna self af met: 'Verder hoef ons die geskiedenis hier nie te volg nie. Genoeg is vertel om aan te toon dat die voorvaders in Nederland en Suid-Afrika werk gemaak het van die godsdiensonderrig van die kind ...' [Greyling, 1952: 12].*

Die jarelange besinning wat in die genoemde kommissies van die Ned.Geref.Kerk plaasgevind het, het ook met verloop van tyd gestalte gekry in reekse besluite by die kerk se sinodes sodat gemeentes die kategesebeleid en -program in die praktyk van die gemeentes op grondvlak prakties kon laat leef.

Daar is ook geen twyfel daaroor dat die Ned.Geref.Kerk op dié wyse baie goed daarin geslaag het om sy kategesebeleid en -program eenvormig neerslag te laat kry in haas elke gemeente van die Ned.Geref.Kerk in die RSA en selfs wyer nie. Kragtige sinodale besluite wat in kerkordebepalings vervat is [vgl. KO en Bepaling Noord-Kaapland 1987:57-60], vereis dat elke gemeente van die Ned.Geref.Kerk die beleid uitvoer. Uit die aard van die saak is die bedoeling hiervan om die gemeentes en lidmate so deeglik moontlik in elke uithoek van die land eenvormig met die beste kategeseprogram te bedien.

3. NED.GEREF.KERK KATEGESE IN PRAKTYK

Dit is vir die doel van hierdie studie belangrik om so deeglik moontlik te beskryf hoe kategese vandag prakties op gemeentevlak funksioneer.

3.1 Kategeseskool, -hoof, -onderhoof en sekretaris

In die eerste plek heet die struktuur van die gemeentelike kategese 'n ***kategeseskool*** [3]. Die bestuur van die kategeseskool word behartig deur die predikant of een van die predikante in die gemeente wat as ***hoof*** van die kategeseskool dien. Hierbenewens

---

[3]. *Die lidmate gebruik oor die algemeen nog die ingeburgerde naam, 'Sondagskool'. Die Algemene Sinode van die Ned.Geref.Kerk het al herhaaldelik besluite in dié verband geneem. Die jongste besluit lui: 'Aangesien terme soos "Sondagskool" hardnekkig voortleef, heel waarskynl.ik omdat dit uit gewoonte en onnadenkend gebruik word, dra die Algemene Sinode dit aan die AJK op om weer eens duidelike motivering aan die kerk te gee waarom kategese prinsipieel die keuse vir 'n naam vir ons onderrig as kerk is en waarom die ander terme uit gereformeerde beginsels afgewys word' [Dressel,1991:17].*

stel die kerkraad ook 'n onderhoof [de] en sekretaris[se] aan, wat veral met die administrasie en verdere beheer van die kategeseskool behulpsaam moet wees.

3.2 Die onderrigproses

Om die standaard van kerklike onderrig in die Ned.Geref.Kerk so hoog moontlik te hou, maak dié kategesestelsel vir ***'n uitstaande infrastruktuur en onderrig-metodiek*** voorsiening. Die volgende bevestig hierdie stelling:

3.2.1 Kategetepersoneel

Om die bestuur van die kategeseskool in hul kategese verantwoordelikheid teenoor die verbondskinders in die gemeente by te staan, verkies die kerkraad na gelang van die getal katkisante 'n personeel van kategete om die dooplidmate van elke gemeente volgens moderne onderrigmetodes te onderrig sodat hulle volwaardige lidmate van die gemeente kan word. Hierdie kategete staan eintlik in die mond van die lidmate as 'Sondagskool-onderwysers' bekend. Hulle ontvang ook 'n aanstellingsbrief van die kerkraad waarop bevestig word dat hulle op 'n betrokke datum deur die kerkraad as kategeet goedgekeur en aangestel is. Vir getrouheid in hulle diens, ontvang hulle aan die einde van elke jaar 'n toekenningseël wat in hulle 'Diensboek' geplak en bewaar behoort te word [Bekwaam om te leer 3, 1977:2].

3.2.1.1 Opleiding van die kategetepersoneel

Om die onderrig so doeltreffend moontlik te maak, geniet die opleiding van kategete 'n baie hoë prioriteit in die kategeseprogram van die Ned.Geref.Kerk. Die Algemene Sinode van die Ned.Geref.Kerk het onder meer sedert 1982 herhaaldelik gewigtige besluite hieroor geneem. In sy nuwe tienpuntplan vir doeltreffende kategese, staan onder die opskrif 'Opleiding van kategete', die volgende:

> Dat die leuse van elke gemeente sal wees: Elke kategeet 'n opgeleide kategeet en dat elke jaar deurlopend aandag aan die opleiding van kategete gegee sal word, veral t.o.v. nuwe kategete [Eenvormige reëls, 1991:18].

Daar word onder leiding van die Algemene Jeugkomissie van die Sinode van die Ned.Geref.Kerk in samewerking met Bybelkor voorsiening gemaak vir 'n kategesekursus, genaamd 'Bekwaam om te leer', [4] wat ten minste een keer per jaar, maar liefs meermale, met die kategete deurgewerk behoort te word. Die doel hiervan is om die kategete bekwaam te maak om die katkisante beter te kan onderrig.

3.2.1.2 Inhoud van opleidingskursus

Die inhoud van die kursus is ter sake aangesien die beleid en praktyk van die kategese deeglik hierin aandag kry. Daarom word dit in groter detail behandel.

Die omvang van hierdie kursus, wat min of meer 400 bladsye beslaan, is nog eens 'n bevestiging dat die Ned. Geref. Kerk erns maak om die kategesestelsel so eenvormig en doeltreffend moontlik te laat funksioneer. Die kursus word in vyf hoofafdelings verdeel wat oor die volgende temas handel:

* *Die Kategeet, met onderafdelings oor*

- Die karakter en doel van die werk van 'n kategeet
- Die begronding van die huidige kategesestesel uit die Bybel
- Die historiese agtergrond van die Ned.Geref.Kerk se kategese
- Die eienskappe van 'n ware kategeet
- Die toerusting waarop die kategeet kan staatmaak.

* *Die Kind, met onderafdelings oor*

- Wat die Bybel oor kinders sê
- Die verskillende lewensfases van die katkisante van kleuter tot hoërskoolkind in die senior katkisasie, en hoe die kategeet hiermee moet rekening hou in die onderrigsituasie.

* *Die Metodiek van die kategese, waarin daar gehandel word oor*

- Wat onderrig in die kerk beteken en hoe die leerstof saamgestel is
- Tien beginsels vir onderrig

---

[4]. *Daar het so pas, in samewerking met Bybelkor, 'n nuwe reeks van die kursus 'Bekwaam om te leer' van die Algemene Jeugkommissie in samewerking met Bybelkor verskyn. Dit staan nie meer onder die een titel 'Bekwaam om te leer' bekend nie, maar verskyn onder sewe titels, elk met 'n bypassende leiersgids vir die aanbieder. Die titels heet: 'Leer hulle om alles te onderhou', 'Skerp dit by jou kinders in', 'Bekwaam om te leer', 'Lê jou toe op onderrig', 'U wil is my begeerte' en 'Kategese sonder frustrasie'. Hierdie bygewerkte kursus sal in die loop van die studie verreken word.*

- Metodes in die onderrigsituasie
- Tegnieke in die onderrigsituasie
- Hulpmiddels.

[vgl. Bekwaam om te Leer deel 1, 1977].

* *Die Organisasie van die kategeseskool waarin daar gehandel word oor*

- Orde in die kategeseskool aan die hand van eenvormige reëls vir die bedryf van die kategeseskool
- Die agenda vir elke Sondagbyeenkoms; verdeling van klasse volgens skoolstanderds of ouderdomme
- Die byhou van verskeie registers
- 'n Verduideliking van die diploma en toekennings
- Inrigting van kategete [personeel MHH]-vergaderings.

* *'n Toetsboek waarmee die kursus afsluit, met die doel om te meet of die kursus inslag by die kategete gevind het en dat dit hulle in staat sal stel om beter te funksioneer.*

'n Nuwe kursus wat 'Bekwaam om te leer' vervang het, het intussen in die loop van 1991 verskyn en verdien uit die aard van saak ook hier aandag.

In die eerste plek ly dit geen twyfel dat die Ned.Geref.Kerk se tradisie om groot erns van die kategese te maak, deur die verskyning van die nuwe kursus herbevestig is nie. Die kursus is ongetwyfeld in vele opsigte verfyn, gemoderniseer en uitgebrei. Dit is min of meer 400 bladsye lywiger, waarvan oor die 300 bladsye aan 'n leiersgids vir die aanbieding van die kursusmateriaal gewy is.

'n Blik in die inhoudsopgawe van die nuwe 'Bekwaam om te leer' bevestig dat die opleiding van kategete hul onderrig-metodiek in die praktyk nog meer wil verskerp. Die aandag word gevra vir:

> Verskillende maniere waarop 'n mens leer; kry begrippe onder die knie; hoe leer ons begrippe; die verwerwing van kennis; watter rol bestaande kennis speel; aandag en konsentrasie; motivering; die geheue; ens. [Bekwaam om te leer 1990: Inhoudsopgawe]

Afgesien van die inhoudsopgawe, onderstreep die volgende stelling die ingesteldheid wat die kategeet moet ontwikkel om die dooplidmate so goed as moontlik te leer:

> Daar word normaalweg gesê dat die kategeet tydens onderrig onder andere met kennisoordrag besig is. Dit het reeds duidelik geword dat die kind dié 'kennis' wat jy aan hom oordra, heeltemal anders kan verstaan as wat jy daarmee bedoel het. Jy kan hoogstens inligting oordra. Die kind moet self hierdie inligting tot kennis verwerk [Bekwaam om te leer, 1990:18].

Daarom is een van die doelstellings van die kategese '... dat die kind die kategetiese leerinhoud [leerstof MHH] sy eie moet maak. Hy moet die inligting wat in die klas aan hom oorgedra word, tot kennis verwerk' [Bekwaam om te leer, 1990:18].

Daar word in die nuwe kursus opvallend gepoog om kategete daarop te wys dat kennisoordrag nie net kognitief van aard is nie, maar ook affektief. Oral waar daar van kennisoordrag sprake is, word hierdie ander faset van onderrig bygewerk.

Dit word, byvoorbeeld duidelik gestel dat die ***basiese doel*** van kategetiese onderrig drieledig is.

* Dit behels die oordrag van ***kennis*** van God, die Bybel, die Ned.Geref.Kerk se Belydenisskrifte, die kerk en etiese sake. Hierdie is die kognitiewe aspek van die onderrig, wat breedvoerig in die kursus behandel word.

* Dit behels egter ook ***liefde*** vir God, sy Woord, sy kerk en ons medemens.

* Dit is ook ***diens*** aan God, kerk en medemens. Dit is duidelik dat die laaste twee fasette van die doel van kategetiese opvoeding die affektiewe kant wil beliggaam [vgl. Leer hulle om alles te onderhou 1990:9].

Die balans van die kognitiewe en affektiewe in kategetiese onderrig word deur die volgende stelling op 'n ander wyse aan die kategete beklemtoon : 'God word [in die kategese MHH] verheerlik wanneer sy Woord bekend gemaak word, wanneer kinders tot geloof kom, wanneer ons hulle by Jesus uitbring [affektief MHH], as ons aan hulle kennis en begrip van die Bybel gee, hulle van die Here leer' [kognitief MHH] [Leer hulle om alles te onderhou, 1990:9].

Die kursus help kategete selfs in nog sterker taal om nie net lerend in die klas te wees nie. Dit spel pertinent uit dat elke kategeseklas ***'n ontmoetingsituasie*** tussen God en kind moet wees. Die vrees word selfs uitgespreek dat baie kategete nie verstaan dat kategese 'n ontmoetingsgebeure is nie. 'Kategese is vir hulle [net] die oordra van kennis' [Leer hulle om alles te onderhou 1990: 15].

3.2.2 Leerstof

Die Ned.Geref.Kerk gee verder statuur aan die standaard van onderrig wat toegepas moet word, deur die leerstof in die kategese in 'n uitgebreide leerplan te orden. Die

leerplan herinner baie sterk aan 'n uitgewerkte en deeglik beplande Skoolkirukilum. Kategete moet in hul opleiding ook deeglik hiervan kennis neem. Die hooftrekke van die leerplan is soos volg:

Eerste siklus Junior Afdeling [Sub A tot St 1]

Boek 1	Sub A [6 jaar]	Temas uit OT en NT
Boek 2	Sub B [7 jaar]	Temas uit OT en NT
Boek 3	St. 1 [8 jaar]	Temas uit OT en NT, Kerkleer

Tweede siklus Junior Afdeling [St.2 tot St.4]

Boek 4	St.2 [9 jaar]	Verhale chronologiese geskiedenis
	St.3 [10 jaar]	Verhale chronologiese geskiedenis
	St.4 [11 jaar]	Lering oor Jesus, kerk, psalms

Eerste siklus Senior Afdeling [St.5 tot St.8]

Boek 1	St.5 [12 jaar]	Ontstaan Bybel en Openbaring
Boek 2	St.6 [13 jaar]	HK* deel 1 [Sonde], Kerkgeskiedenis
Boek 3	St 7 [14 jaar]	HK* deel 2 [Verlos], Erediens
Boek 4	St 8 [15 jaar]	HK* deel 3 [Dank], Kerkreg

Tweede siklus Senior Afdeling [Belydenisklas]

Boek 1	St. 9/10 [16/17]	Samevattend belydenis, afwykings

* 'HK' verwys na die Heidelbergse Kategismus [vgl. Bekwaam om te leer 3, 1977:5].

Uit die besluite van die Algemene Sinode van die Ned.Geref.Kerk in 1974 word verder die volgende vir die kategete aangehaal:

> Die leerplan van die kerk met die oog op toelating tot belydenisaflegging van sy geloof behels:
>
> * 'n behoorlike kennis van die Woord van God, sy ontstaan en boodskap;
> * die leer van die kerk soos uitgedruk in die belydenisskrifte;
> * die hoofsake van die algemene en vaderlandse kerkgeskiedenis;
> * die betekenis van die erediens;
> * die kerkregering;
> * sekere afwykende beskouinge;
> * die pligte van die lidmaat
>
> [Bekwaam om te leer 3, 1977:5].

3.2.3 Administrasie

Om toe te sien dat die kategesesisteem sistematies en doeltreffend funksioneer, word die stelsel deur eenvormige administratiewe reëls ondersteun. Die volgende word

aangeteken:

* Daar word met behulp van 'n ***eenvormige*** lêerstelsel volledig rekord gehou van elke ingeskrewe lid van die kategeseskool. Benewens al die persoonlike *in*ligting wat op dié manier op rekord is, word die volgende elke Sondag stiptelik aangeteken:

  - Of die katkisant teenwoordig of afwesig is by die kategese.
  - Of die katkisant teenwoordig of afwesig is in die erediens.
  - Of die katkisant teenwoordig of afwesig is by die jeugaksie.
  - Of die katkisant sy les voorberei en sy tuisopdragte uitgevoer het of nie.
  - Die punte of persentasie wat hy in die kwartaallikse toets behaal het.
  - Aantekenplek watter toekenning of seël hy die vorige jaar vir getrouheid in al die bogenoemde fasette van die kategese verwerf het.

* Die administrasie maak ook voorsiening vir 'n diplomastelsel met seëltoekennings vir getrouheid wat aan die einde van elke jaar by 'n spesiale afsluitingsgeleentheid aan katkisante en kategete uitgedeel word. Vir die kategete word 'n 'Diensboek' aangehou waarin o.m. die volgende saamgevoeg word:

  - Sy aanstellingsertifikaat as kategeet deur die kerkraad
  - Die vereistes vir 'n kategeet
  - Die seëls wat hy vir getroue werk verdien
  - Besonderhede van sy diens as kategeet in verskillende gemeentes
  - Aantekeninge van sy eie herinneringe aan kategese [dagboek]
  - Sertifikate behaal vir toerustingskursusse
  - Sy eervolle uitdienstreding

  [Eenvormige reëls 1991:4-5].

* Om sorg te dra dat elke gemeente die hele stelsel eenvormig uitvoer, word die uitvoer van die kategese-beleid in die Ned.Geref.Kerk se kerkorde vasgelê. Ter wille van volledigheid lui van die betrokke bepalings soos volg:

  > Die kerkraad is direk verantwoordelik vir die daarstelling en instandhouding van die kategeseskool, sowel as vir aanstelling van die onderhoofde, sekretaris[se] en kategete.
  >
  > Dit is die kerkraad se plig om alle kategete te keur en toesig te hou oor hulle leer en lewe en die gehalte van die kategeselesse.
  >
  > As handleiding in die kategetiese onderrig word die hand-/en of leerboeke gebruik wat in opdrag van die Algemene Sinode uitgegee word.
  >
  > Die Junior Kategese strek normaalweg oor ses jaar vanaf die kind se eerste skooljaar.

> Die Senior Kategese strek normaalweg oor vier jaar vanaf die kind se sewende skooljaar.
>
> Die Belydenisklas duur ten minste een volle skooljaar na voltooiing van die volle leergang van die Junior en Senior Kategese [Bepaling 50 van die Kerkorde Ned.Geref.Kerk Noord-Kaapland:57-58].

3.2.4 Klasverdeling van katkisante

Om suksesvolle onderrig te waarborg, word die katkisante volgens onderdom maar veral volgens skoolstanderd, in klasse verdeel. Die klasse moet liefs in aparte lokale of klaskamers vir hulle onderrig byeenkom. Talle gemeentes bou aparte geriewe om die kategeseskool te huisves. Dit is die ideaal om aparte klaskamers vir élke klasgroep te bekom. Om die onderrig so effektief moontlik te maak, word die getalle in die klasse beperk tot nie meer as 7 nie [Eenvormige reëls Kerk 1991:3].

3.2.5 Geskrewe toetsing

Om prakties toe te sien dat die kategesestelsel in sy omvattende doel slaag, word vir deeglike evaluering voorsiening gemaak. Katkisante moet hulle dus kwartaalliks voorberei vir toetse met die oog daarop om te evalueer tot watter mate hulle die onderrig hulle eie gemaak het. Die Ned.Geref.Kerk se kategesestelsel heg baie waarde aan hierdie beginsel van meting vir suksesvolle kategese. Deur die katkisant toetse te laat skryf, bepaal die kategeseskool in watter mate die katkisant die leerstof baasgeraak en onthou het, en of hy dit so goed ingeprent het dat hy dit nie sal vergeet nie [Bekwaam om te leer 3, 1977:34; Leer hulle om alles te onderhou, 1990:46-47].
Die Ned.Geref.Kerk het ook 'n standaard-toetsstelsel ontwerp waaraan elke kategeseskool kan meet of dit volgens die algemene standaard van die kerk funksioneer. Om sorg te dra dat die standaard van kategese voortdurend gemeet word, het die kerk in 1982 en 1986 belangrike besluite in dié verband geneem:

> Die Sinode moedig gemeentes aan om hulle kategetiese onderrig deurlopend te evalueer deur hulle katkisante ten minste vier keer per jaar skriftelik te toets. 'n Pamflet oor die noodsaaklikheid van kategesetoetsing is opgestel en word deur die NG Kerk-Jeugboekhandel versprei [Eenvormige reëls, 1991:5-6].

3.2.6 Handboeke vir katkisante en kategete en Bybelstudiegidse vir katkisante

Om nogeens die erns van die Ned.Geref.Kerk t.o.v. sy kategesetaak te onderstreep, die volgende i.v.m. handboeke:

Die Ned.Geref.Kerk voorsien elke jaar 'n volledige handboek vir beide die kategeet en katkisant van die sub A- tot st.9-klasse. In dié verband die volgende:

* Die kwantiteit leerstof wat in die handboeke vervat is, word op plus-minus 4000 bladsye bereken. Die titels van die handboeke gee kortliks die strekking van die inhoud van die boeke weer:

  - Vir die sub A tot st.1 groep heet dit 'Hoor en doen' en vir die st.2 tot st.4 groep 'Luister en lewe'. In albei gevalle korrespondeer dit met die ontwikkelingstadium van die kind waarin hy godsdienstig gesproke meer vatbaar is vir die Wet van God as vir die Evangelie van genade. Vandaar die klem op die hoor van die Woord wat dan daarvolgens gedoen moet word [vgl. Leer hulle om alles te onderhou, 1990: 71].
  - Vir die st.5- en st. 6-groep is die titel 'Ken en vertrou'. Dit verwys na die aard van geloof soos deur die Ned.Geref.Kerk se belydenisskrif, die Heidelbergse Kategismus, beskryf, *nl.*. as ***kennis*** van God en sy beloftes en 'n hartlike ***vertroue*** dat al my sonde my om Christus wil vergewe is [Ons glo, 1982:36].
  - Vir die st. 7- en st. 8-groep is die titel 'Leef en dien', wat verband hou en meer klem lê op die affektiewe kant van geloof.
  - Vir die belydenisgroep is die titel 'Glo en bely', wat verwys na die stadium in die katkisant se lewe waarin hulle hul gereed maak om belydenis van geloof voor die hele gemeente te doen. Dit is in dié tyd waarin hulle seker behoort te maak dat hulle werklik glo sodat hulle dit voor almal kan bely.
  - 'Leer uit die Woord' is die laaste lywige handboek van ongeveer 450 bladsye, wat voorsiening maak vir die katkisant wat om een of ander rede nie die normale kategeseprogram van sub A tot st.9 deurloop het nie.

Daar word elke jaar 'n Bybelstudiegids vir die senior groep katkisante voorsien, wat min of meer in aansluiting by die handboeke funksioneer en wat met 'stiltetyd' gebruik moet word. Die rede vir hierdie Bybelleesboek word soos volg gegee: 'Jy kan dalk vra: waarom die Bybelleesboek? As dit nie gedoen word nie, bestaan die gevaar dat die katkisante se Bybelkennis, teen die tyd dat hulle in die belydenisklas [st.9] kom, agteruit kon gegaan het omdat hulle in st.4 laas direk daarmee besig was. Met hierdie Bybelleesboek kry die katkisant saam met die belangrike leerstellige onderrig aan die hand van die belydenisskrifte ook die nodige Bybelkennis deur middel van sy persoo*nl*ike daaglikse omgang met die Bybel' [Kategese sonder frustrasie 1990:47].

* Die Ned.Geref.Kerk waarborg die kwaliteit van die handboeke 'onderwyskundig' deurdat die inhoud en metodiek van elk van die handboeke deur 'n paneel opvoedkundige spesialiste se hande gegaan het. Die leerinhoud van die handboeke word natuurlik deur bekende teoloë in die Ned.Geref.Kerk gekeur om op die manier toe te sien dat aan die leer van die kerk gestand gedoen word [vgl. Leef en dien 2, 1990:v].

3.3 Kategese in die lewe van die katkisant

Van elke katkisant word verwag om gereeld die erediens en die kategeseklasse by te woon. Daar word elke Sondag rekord gehou van sy erediens- en kategesebywoning asook van hoe betrokke hy as jong lidmaat werklik is.

Daar word, byvoorbeeld aangeteken in watter mate hy sy kategeseles [tuiswerk] voorberei het en hoe getrou hy die byeenkomste van die Junior en Senior Jeugaksies bygewoon het. In dié verband lees ons die volgende: 'Die kind se betrokkenheid by en deelname aan die JKJA en SKJA is deel van sy kerklidmaatskap en sy Christelike lewenswandel. Die aksies skep 'n verdere geleentheid om die Bybelwaarhede en -vaardighede uit te leef' [Leer hulle om alles te onderhou, 1990:54]. Hierdie betrokkenheid word belangrik geag omdat die aksies die 'oefenplek vir katkisante' is,

wat daarna verwys dat die kognitiewe aspekte in die kategese met die affektiewe in balans gehou wil word [Kategese sonder frustrasie, 1990:18].

Katkisante moet hulle kwartaalliks voorberei vir kwartaaltoetse met die oog daarop om te evalueer tot watter mate hulle die onderrig hulle eie gemaak het [Bekwaam om te leer 3, 1977:34; Leer hulle om alles te onderhou, 1990:46-47].

4. GEVOLGTREKKINGS

4.1 Indrukwekkende stelsel

Die bostaande uiteensetting van die Ned.Geref.Kerk se kategeseprogram bewys dat dit 'n deeglik uitgewerkte stelsel is wat tot in die fynste besonderheid voorsiening wil maak vir die beste opvoeding en onderrig van die kerk se dooplidmate. Die volledige reeks hand- en leerboeke, van die beginners tot belydenisaflegging; die volle reeks vir opleiding van kategete, wat die kursushandleiding insluit; al die bykomstige materiaal wat voorsiening maak vir diplomas en seëltoekennings; alle kontrole en evalueringsmateriaal; 'n hele reeks hulpmiddels wat beskikbaar is; die kerkordelike masjinerie wat sorg dra dat die stelsel in elke gemeente eenvormig funksioneer, ens., vertoon, om die minste daarvan te sê, indrukwekkend. Niemand sal die kerk kwalik neem as hulle trots daarop is nie.

4.2 Hoëkostestelsel

'n Volgende indruk wat noodwendig by die navorser gelaat word, is dat kategese in dié formaat luuks en duur is. Met handboeke wat jaar na jaar soos die katkisant vorder, telkens vir elke katkisant nuut aangekoop moet word, d.w.s. nie hergebruik kan word nie, beloop die finansiële koste groot somme geld. Die feit dat so 'n stelsel in die huidige sosio-ekonomiese klimaat gehandhaaf moet word, verg opnuut besinning. Die volgende syfers gee rofweg 'n aanduiding van hoe die kategesestelsel van die Ned.Geref.Kerk en dié van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ***kostegewys*** verskil:

* Die handboeke ***vir kinders*** van Ned.Geref.Kerk is **80%** duurder; dié ***vir kategete*** van die Ned.Geref.Kerk is **68%** duurder en die ***hele pakket*** van die Ned.Geref.Kerk is **79%** duurder as dié van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

4.3 Die stelsel volg 'n skoolmodel

'n Volgende konklusie uit die bostaande beskrywing, is dat die stelsel van onderrig 'n tipiese onderwys- of skoolmodel navolg. Prins, wat in 'n baie groot mate die huidige kategesestelsel verdedig[5] , maak self die volgende stelling: 'In kategese word vandag nog hoofsaaklik gewerk met 'n leermeester-leerling-model, geskoei op die patroon van die skoolonderrig' [Prins 1991a:256]

Die volgende skoolse terme en inhoude geld byna presies net so vir die Ned.Geref.Kerk se kategeseskool:

* Die struktuur heet kategeseskool met 'n ***hoof en onderhoof en personeel*** wat die hele 'aksie' volgens 'n vaste en ***eenvormige patroon*** bedryf en bestuur; ***personeelvergaderings*** word gereeld gehou om, soos in die geval van die skool, doelmatig te bestuur;
* dit maak voorsiening vir baie deeglike ***indiensopleiding van die personeel*** met die oog op steeds meer doeltreffende onderrig;
* die stelsel funksioneer volgens 'n in detail uitgewerkte ***leerplan*** met lywige ***handboeke*** vir elke klasgroep;

---

[5]. *In 'n artikel, 'Geïsoleerde onderrig--die dilemma van die kategese', word die eensydige aksent op die skoolse kennis- aspek met 'n vraagteken aangedui en verdedig hy die klem op die kognitiewe klem in die kategese soos volg: 'Die Sterk aksent wat in die praktyk van die Christelike geloofsonderrig op die kognitiewe element geplaas word, sal seker nie bloot aan die invloed van die Griekse filosofie toegeskryf kan word nie. Dit hang ook saam met die oortuiging dat die Woord van God die middel is waardeur die geloof werk' [Prins 1990:72-73]. Die veronderstelling is dat, omdat die Woord gekommunikeer moet word, dit noodwendig kognitief van aard moet wees.*

* dit het 'n fyn uitgewerkte meetsisteem wat toesien dat die ***standaard*** van onderrig met ***eksterne vraestelle*** so goed moontlik gehandhaaf word;
* dit maak van dieselfde ***didaktiese metodes***, om die ***leerproses*** so geslaagd moontlik te maak, gebruik;
* dit verreken die verskil in ouderdomsgroepe op dieselfde klasverdelingsbeginsel as in ons skoolse onderwys daarom word daar ook van 'kategese-***klasse***' gepraat;
* Die rekordhouding en kontrole in die kategese word ook met ***registers*** gedoen. In baie gevalle word dit deesdae soos in die skole gerekenariseer;
* Die verloop van een kategesejaar is op 'n haar na dieselfde as in dié van ons dagskole. Die katkisant moet gereeld elke Sondag die ***klasse bywoon***; hy kry elke keer ***tuiswerk*** om voor te berei en word hieroor geëvalueer; daar word ook gelet op sy ***'buitemuurse' aktiwiteite*** in die JKJA en SKJA om te kyk hoe betrokke hy werklik is; hy skryf vier keer per jaar 'n ***skriftelike 'eksamen'*** om te kyk hoeveel hy van die werk wat hy ***geleer het, onthou;*** hy ***verdien vir sy getrouheid*** en toewyding ***erkenning by wyse van seëls en diplomas*** wat aan die einde van elke jaar by die 'prysuitdelings-plegtigheid' [afsluiting] oorhandig word;
* Die katkisant vorder van jaar tot jaar na die volgende klas en kan in sy klas teruggehou word indien sy rekords wys dat hy nie getrou genoeg was nie.
* Uiteindelik breek die einde van die ***'skoolloopbaan'*** aan en kwalifiseer die kandidaat vir belydenisaflegging, wat dan ook by baie van die katkisante as 'boerematriek' bekendstaan.
* Die prosedure van belydenisaflegging. Dit is baie moeilik te ontken dat toelating om belydenis van geloof af te lê en belydenisaflegging self in die Ned.Geref.Kerk, die patroon van ***skoolse gedwongenheid*** vertoon nie. Die volgende is belangrik, want dit bepaal tot 'n groot mate hoe lidmate oor hul lidmaatskap van die kerk dink:

Om te ***kwalifiseer*** vir volwaardige lidmaatskap, d.w.s. om Nagmaal te mag gebruik, moet elke dooplidmaat aan sekere ***toelatingsvereistes*** voldoen. Die vereistes word selfs kerkordelik bepaal. Onder die opskrif: 'Die Kategese en voorbereiding tot aflegging van belydenis van geloof ' staan onder meer die volgende in die Kerkorde. Ek haal die toepaslike bepalings soos volg aan en beklemtoon telkens die tipiese skoolse terminologie:

* Die ***leerplan*** van die Kerk met die oog op toelating van belydenis van geloof, behels 'n behoorlike ***kennis*** van:
* As ***handleiding*** in die kategetiese onderrig word die ***hand- en/of leerboeke*** gebruik wat uitgegee word in opdrag van die Algemene Sinode.
* Die Junior Kategese strek normaalweg oor ***ses jaar*** vanaf die kind se eerste skooljaar of vanaf sesjarige ***ouderdom gereken tot 30 Junie***.
* Die Senior Kategese Strek normaalweg oor ***vier jaar*** vanaf die kind se sewende skooljaar of vanaf twaalfjarige ***ouderdom gereken tot 30 Junie.***
* Die Belydenisklas ***duur ten minste een volle jaar*** na ***voltooiing van die volle leergang*** van die Junior en Senior Kategese.
* Kinders wat sonder twyfel van plan is om die skool te verlaat voordat die ***volle leerplan deurloop*** is, mag ingeskakel word by die belydenisklas, mits die leraar toesien ***dat die leerstof van die volle leerplan*** in hoofsake met hulle behandel word [Eenvormige reëls vir Kategese, 1991:9-10].

Onder die opskrif 'Toelating tot belydenis' die volgende:

* Die ondersoek na en moontlike toelating tot aflegging van belydenis vind plaas ***na voltooiing van die volle kategetiese leerplan, d.w.s. 6 jaar in die Junior kategese, 4 jaar in die Senior Kategese en een volle jaar in die belydenisklas***.
* Die ondersoek van die katkisante met die oog op aflegging van belydenis moet gaan oor die ***katkisant se kennis van die voorgeskrewe leerstof*** ...

> ***hierdie ondersoek kan mondeling en/of skriftelik geskied*** [Eenvormige reëls 1991:11].

Die bostaande *in*ligting bevestig dat iemand wat uiteindelik volgens hierdie ordebepalings belydenis van sy geloof wil doen, nie anders kan as om te dink aan 'n verpligte skoolloopbaan wat voorlê nie.

4.4 'n Aparte struktuur naas die gemeentestruktuur.

Een finale indruk wat die kategesewerk van die Ned.Geref.Kerk laat, is dat dit in elke gemeente en in die kerk as geheel so 'n groot en indrukwekkende struktuur op sigself is, dat dit byna 'n 'kerk' binne die kerk is. 'n Verskynsel wat só algemeen is dat dit nie hier op wetenskaplike wyse geverifieer hoef te word nie, en wat die genoemde stelling staaf, is die feit dat die eredienste op Sondae feitlik leegloop as daar in die skoolkwartaal om een of ander rede nie kategese gehou word nie. Mens sou na aa*nl*eiding hiervan byna kon sê: 'as daar nie kategese is nie, is daar eintlik nie kerk nie'.

5. SLOTOPMERKING

Die doel van die voorafgaande beskrywing van die Ned.Geref.Kerk se kategesestelsel was om te sien presies wat voor ons op die wetenskaplike ontleedtafel lê. In die volgende hoofstuk word die stelsel immanent krities analiseer.

5.1 Invalshoek

Ter wille van duidelikheid vermeld ek hier dat ek 'n bepaalde ***invalshoek*** vir my analise van die bogenoemde stelsel gekies het. Die invalshoek behels die volgende:

My kritiese ontleding van die teorie en praxis van die kategese van die Ned.Geref.Kerk wil in die eerste plek vasstel wat die DOEL van die stelsel is. En, soos aangetoon, het die Ned.Geref. Kerk die doel van die kategese duidelik geformuleer:

* ***Dit is die vorming van dooplidmate se verhouding met God [geloof]. En dit op sy beurt behels drie dinge:***
* ***oordrag van kennis*** van God, die Bybel, die kerk se belydenisskrifte, die kerk self en etiese sake.
* ***aansporing tot liefde*** vir God en die medemens.
* ***aansporing tot diens*** aan God en medemens.

Logies gesproke, moet die Ned. Geref. Kerk se hele kategese-stelsel rondom hierdie ***doelomskrywing*** van die kategese ontwikkel wees. Die begrip 'geloofsvorming', is derhalwe konstituerend vir die stelsel en daarom is dit juis op dié punt dat ek die ontleedmes in die teorie van die stelsel wil begin gebruik.

HOOFSTUK 4

KRITIESE EVALUERING VAN NED. GEREF. KATEGESE

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Hierdie hoofstuk wil met die profiel van die Ned. Geref. Kerk se kategese-stelsel as agtergrondbeskrywing, immament-krities ontleed op watter basiese grondoortuigings die genoemde stelsel rus.

2. KATEGESE EN GELOOF

Indien die kerk se werksaamheid, wat ons vandag ***kategese*** noem, beskryf word as ***die vorming*** van lidmate se ***geloof***[6], sal die kerk se ***gedetailleerde doelomskrywing*** van kategese altyd 'n logiese refleksie van 'n bepaalde interpretasie van hierdie ***geloof*** wees. Ons moet dus hieruit aflei dat die interpretasie wat in kategetiek aan ***geloof*** gegee word, altyd fundamenteel vir die ***teorie en praktyk*** van kategese sal wees.

Dit is om dié rede dat ek in die kritiese ontleding van die Ned.Geref.Kerk se kategesestelsel in die eerste plek wil navors hoe sogenaamde 'Ned.Geref.Kerk-kategetiek' ***geloof*** interpreteer. In dié verband word uit die amptelike doelomskrywing van kategese deur die Ned.Geref.Kerk [vgl. Hoofstuk 3:38] die volgende afleiding van die kerk se visie op geloof gemaak: Basies het ***geloof*** te doen met ...

* ***kennis*** van God.
* ***liefde*** vir en ***toewyding*** aan God en medemens.
* ***diens*** aan God en medemens.

Twee fasette van geloof word deur hierdie visie beklemtoon, *nl.*. om in 'n ***kenrelasie en in 'n liefdesrelasie*** [toewyding] tot God te staan. Dié twee fasette word oor die algemeen die ***kognitiewe en affektiewe*** aspekte van geloof genoem.

---

[6]. *Met die term geloof word deurgaans die mens se konkrete verhouding met God bedoel.*

Die eerste doelwit van hierdie hoofstuk is om vas te stel hoe die Ned.Geref.Kerk aan hierdie interpretasie van geloof gekom het? Wat is derhalwe die historiese wortels waaruit hierdie siening van geloof spruit?

3. DOGMA-HISTORIESE EN HISTORIESE AGTERGROND OOR GELOOF IN DIE NED.GEREF.KERK

3.1 Definisie van geloof

Hoe die Ned.Geref. Kerk ***geloof*** amptelik en nie-amptelik omskryf, is duidelik uitgedruk in dié kerk se belydenis oor geloof soos in die Heidelbergse Kategismus [HK] Sondag 7, vraag 21, vervat. Dit lui: ' *'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan die ander nie maar ook aan my uit louter genade, slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.*' [Ons glo 1982:36]

3.2 Die verband met Calvyn

Hierdie omskrywing van geloof, wys histories direk terug na Johannes Calvyn. Hy het geloof soos volg beskryf: *'Het is een vaste en zekere kennis van Gods welwillendheid jegen ons, welke gegrond op de waarheid van zijn genadige belofte in Christus, door de Heilige Geest aan ons verstand wordt geopenbaard en in ons hart word verzegeld.'* [Calvyn III,2,7]

Dit is dus ooglopend duidelik dat die opstellers van die HK Calvyn se omskrywing van geloof byna net so oorgeneem het. Die verskil is dat Calvyn volstaan het om geloof slegs in terme van ***kennis*** *van God, wat deur die Gees in ons* ***verstand*** *geopenbaar word*, te omskryf. Die HK se formulering oor wat geloof is, het dus die kwessie van *vertroue op God, wat deur die Gees gewerk word*, bygevoeg.

Die dogma-geskiedenis het deur die jare aangetoon dat die HK se genoemde byvoeging van ingrypende aard kan wees. Dit is dus van fundamentele belang om nader daarop in te gaan wat Calvyn en sy navolgers met ***geloof as 'kennis'*** bedoel het.

Verskeie interpretasies is hiervan gemaak.[7] Voordat hierdie interpretasies aandag kry, eers die volgende:

3.3 Intellektualisme versus piëtisme

Die gevaar van 'n intellektualistiese *vs.* piëtistiese begrip van wat geloof is, dreig altyd in die teologie. Dit wil sê, i.v.p. 'n 'historiese' geloof, word 'n bevindelikheids- en subjektiewe- 'gevoelsgeloof' aangehang. 'Nie die leer maar die Heer', is 'n gewilde slagkreet in sommige teologiese kringe wat deur die eksistensialisme en personalisme beïnvloed is [vgl. Theron 1985: 83].

Op dié wyse kan dit maklik gebeur dat geloof individualisties verstaan word as die mens se persoo*nlike* belewenis van God, wat eintlik niks te make het met 'n beroep op die openbaringe van God soos dit in die Skrif neerslag gevind het nie. Vir die sekerheid van die mens se verhouding met God word daar 'n beroep gedoen op dít wat in die hart van die mens van God ***ervaar*** word. Hierdie siening wil ook in sy ekstreme vorm wegdoen met enige vorm van belydenisbindinge in die kerk omdat die Heilige Gees die mens persoo*nlik* lei vanweë sy intieme, persoonlike belewenis van God in sy hart. Die mens se verhouding met God word noodwendig misties beleef en daarom onaantasbaar vir alle vorme van 'redelikheid'.

Seeberg beskryf dit soos volg: 'Es ist die innigste Berührung des liebenden Seele mit den Geliebten, Christus. Und zwar geschieht dies in ... der feinsten Seelenspitze, oder wie man später sagte, in dem "Seelengrund"' [De Boer 1968:44].

3.4 Interpretasies van die sogenaamde Calvinistiese siening van geloof.

In die beoordeling van wat Calvyn en sy nalopers met geloof as ***kennis van God*** bedoel, is dit moontlik om Calviniste eensydig in terme van die twee uiterste pole, hierbo genoem, te beoordeel.

---

[7]. *DL van Niekerk se doktorale proefskrif*, 'Geloof as cognitio en fiducia by Calvyn en die Na-Reformatoriese ontwikkeling', Universiteit van Stellenbosch 1991, *handel breedvoerig oor die onderwerp.*

Calvyn se omskrywing van geloof as 'kennis van God se welwillendheid jeens die mens, in die verstand deur die Gees gewerk', kan egter moeilik van intellektualisme beskuldig word. Calvyn het kennelik met die term ***kennis*** meer in die oog as die mens se intellek. ***Kennis*** het by hom betrekking op die ***volle verhouding*** of gemeenskap met God. Dit het te make met die wete dat God Hom voluit vir die gelowige gee en die gelowige hom van sy kant ***totaal*** [d.w.s. nie net met sy verstand of net met iets anders nie] daarop verlaat. Theron merk oor Calvyn se omskrywing in dié verband die volgende op: 'Let wel: Geloof is nie maar net 'n sekere kennis dat God welwillend is nie, maar spesifiek sekerheid t.o.v. sy welwillendheid jeens ons (resp. my)' [Theron 1987:301] Dit is asof ***kennis en aanvaarding*** een saak geword het en blykbaar by wyse van gebrek aan 'n beter woord, 'cogito' tog maar gebruik word. De Boer vertolk dit so: 'Bij Calvijn is het geloof [al word dit in terme van kennis uitgedruk, MHH] een existentieel aanvaarding, het is een zaak des harten. Dat geloof werkt door in verstand, wil, en gemoed' [De Boer 1968:166].

Berkouwer bring die kwessie in verband met wat hy 'Skrifgeloof' noem. Dit sluit volgens hom direk aan by die ***pro me***-karakter van die Skrif. In dié verband verwys Berkouwer na Bavinck wat reeds beklemtoon het dat die Reformatore hulle telkens verset het teen die gedagte dat geloof 'n toestemming van die ***verstand*** op die inhoud van die Bybel is. Dit wil sê, asof geloof eintlik twee aksies is: eers 'n ***objektiewe Skrifwoord*** wat ek moet ***verstaan*** en dan die ***toestemming*** [aanvaarding] van my verstand sodat dit wat ek verstaan vir my die lewenswaarheid word.

Bavinck merk op dat hierdie verskeurde siening van geloof veral ook in die Rooms-Katolieke teologie gefunksioneer het. Geloof is volgens 'Rome' 'n daad van die verstand '... bestaande in een *cum assensu cogitare*.' En 'Zoo beschouwd, is het geloof [*als fides informis*] wel goed ... zelfs eene gave Gods' [Bavinck 1967: 85]. Maar 'Desniettemin is het geloof op zichzelf, als *fides informis*, ongenoegzaam, om den mensch rechtvaardig en zalig te maken. Bij het geloof moet dus de liefde bijkomen; *de fides informis* moet eene *fides formata* worden [Bavinck 1967:86].

Hierteenoor het die Reformasie, volgens Berkouwer, die ***religieuse*** karakter van geloof ontdek, wat 'n Skrifgeloof is en op die volgende neerkom: 'Men telde niet de *fides historica* [wat verband hou met die sogenaamde objektiewe Woord, MHH] en de *fides salvifica* [wat verband hou met my gemoedelike instemming, MHH] bij elkaar op in een mechanische additie. Want ook al sprak men van "kennis" èn vertrouwen, dan was toch deze kennis "een gans andere dan die van het historisch geloof"' [Berkouwer 1966:68].

Skrifgeloof is vir Berkouwer, soos Bavinck dit uitdruk: Christus met al sy beloftes wat in die gewaad van die Skrif na ons kom [vgl. Bavinck 1967:88]. Daarom dat Berkouwer die afleiding maak: '... dat de reformatorische belijdenis op onmiskenbaar duidelijke wijze het Schriftgeloof niet typeerde als een *praeparatio* op het ware geloof of als een "onderdeel" daarvan, dat eventueel op zichzelf kan worden bezien, maar het verbonden heeft met de getuigenis van de Heilige Geest' [Berkouwer 1966:69].

Die worsteling van die Calvinisme om so duidelik moontlik te probeer sê wat Bybelse geloof is, wil dus een saak beklemtoon:

> ***Geloof kan nie in terme van iets anders in die werklikheid uitgedruk word nie. Elke poging om dit te doen, loop die gevaar om geloof in een of ander aspek van dié werklikheid te vereensydig.***

Bavinck wys, *byvoorbeeld* daarop dat Melanchton al in sy dae in hierdie slaggat geval het. Hy het geloof in terme van drie fasette probeer omskryf: '... *notitia, assensus en fiducia*' [Bavinck 1967:90]. Die optelsom van hierdie verskillende kante van geloof moes dan die ware geloof tipeer.

3.5 Slotsom oor Calvyn en die omskrywing van geloof deur die Heidelbergse Kategismus

3.5.1 Die slotsom van erkende dogmatici.

Calvyn en die reformatoriese denkers het vir hulle tyd probeer om in hulle omskrywinge van geloof op genuanseerde wyse die eenheid en totaliteit van die mens se verhouding met God te bewaar.

As ons dus die direkte invloed van Calvyn op die HK aanvaar, behoort ons tot die gevolgtrekking te kom dat *kennis en vertroue* in die HK se formulering van geloof, eintlik presies dieselfde beteken. Berkouwer beroep hom in dié verband op 'n algemene opinie dat beide Calvyn en die HK '... niet op het oog heeft een verbinding tussen een intellectuele *fides historica* met een vertrouwende *fides salvifica* nie [Berkouwer 1966: 67-68].

Theron dink in dieselfde rigting as hy opmerk: 'Ook die HK onderstreep die ***pro me***-karakter van die geloof wanneer dit beskryf word as 'n *vaste vertroue* " ... wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, slegs op grond van die verdienste van Christus ..."' [Theron 1987:301].

Mens kan dus aflei dat die HK met sy *kennis-en-vertroue* omskrywing van geloof, nie noodwendig in die slaggat van eensydighede, *nl.*. intellektualisme versus piëtisme, verval het nie.

3.5.2 Ander opinies

Verreken mens egter die ontstaanstyd van die HK [1563], d.w.s. die tyd waarin die voorlopers van die Nadere Reformasie hul invloed laat begin geld het; die opkoms van die beweging van die Nadere Reformasie aan die begin van die 17e eeu self; die feit dat die onmiddellike navolgers van Calvyn self anders oor geloof begin formuleer het, is dit nie vergesog om van opinie te wees dat die HK wel van Calvyn se formulering oor geloof kon afgewyk het nie.

In verband met die stelling dat Calvyn se navolgers gou anders as hy oor geloof begin formuleer het, skryf De Boer: 'Hij [Calvyn] zocht zijn vaste grond niet in geloof of bevinding of extase. Dit onderscheidt hem van die na hem komen, zelfs van zijn naaste opvolger Th Beza. Deze verlegt soms de grond der zekerheid van het objectieve Woord naar het innerlijk beleven der ziel' [De Boer 1968:30]. In dié verband verwys De Boer ter bevestiging ook na die navorsing van C Graafland, in 'De Zekerheid van het geloof', hoofstuk 2 par. 1, p. 68-70.

Hieruit sou mens kon aflei dat die opstellers van die HK in 1563, wat hulle belydenis oor geloof betref, tog die prooi van die denke van die 'navolgers' van Calvyn kon wees het.

3.5.2.1 Die standpunt van De Boer

Wat die moontlike invloed van die voor-reformatoriese teologie en spesifiek die Nadere Reformasie op die HK betref, is dit belangrik om die volgende in aansluiting by De Boer aan te teken.

Hy vermeld dat met die eerste 'Nationale Synode' van die Gereformeerde Kerk in Nederland in 1571, slegs agt jaar na die uitgee van die HK, die kerk weliswaar die suiwere Calvinisme in leer en in kerkregering aanvaar het. Daar het egter nog baie reformasiewerk vir die kerk oorgebly. Maar nou is dit juis in dié verband dat De Boer opmerk: 'De partij der Nadere Reformatie heeft zich hiervoor bijzonder ingespannen en vooral nadruk gelegd op een ***vrome leven*** (my klem)' [De Boer 1968:30]. De Boer is van mening dat hierdie ***vroom lewe*** [wat Calvyn in elk geval beklemtoon het[8]], egter iets anders vir die Nadere Reformiste begin beteken het.

De Boer meen dat 'n sterk invloed van die skolastiek en mistiek in dieselfde tyd op die kerk ingewerk het. Sy insigte oor die skolastiek en mistiek, as deel van die agtergrond van die Nadere Reformasie, moet derhalwe in berekening gebring word.[9] De Boer argumenteer dat 'n skolastieke mens- en werklikheidsbeskouing noodwendig ook moes deurwerk na 'n skolastieke ***geloofsbeskouing***. Hy toon aan dat die Thomistiese skolastiek direkte verband hou met Aristoteles se filosofiese siening van die mens. Aristoteles het geglo dat die mens se siel twee vermoëns besit: **om te ken en om te wil**. Laasgenoemde verwys na die affektiewe kant [gemoed] van die mens se handelinge. Die invloed hiervan op die siening van geloof is duidelik: 'Bij geloof ging men onderscheiden een ***kennen met het verstand en een kennen met het gemoed***

---

[8]. *Vergelyk ook hiervoor die werk van Foster & Smith 1990:241 vv.*

[9]. *Die skolastiek het natuurlik nie net in die tydperk van die Nadere Reformasie invloed op die kerk gehad nie; inteendeel, die invloed van Thomas Aquinas, die vader van die skolastiek [Thomisme] kom al uit die 13e eeu [vgl. Dooyeweerd, A New Critique II 1982: 298-300].*

(hart) [klem MHH]' [De Boer 1968:43]. De Boer kry ook bevestiging van hierdie analise by R Seeberg, 'Dogmengeschichte II, s.347, 4e Aufl. K Heim, Gewiszheitsproblem, s.23.31'.

Die gevolgtrekking wat De Boer maak is dat dit nie toevallig is dat die invloed van die Thomisties-dualistiese siening van geloof net so in die Nadere Reformasie bespeur kon word nie. Daarom huiwer hy nie om te skryf nie: 'We ontmoeten straks bij de Nadere Reformatie ook een intellectualistische en daarnaast een gemoedelijke geloofsinstelling' [De Boer 1968:44]. Die vroom en toegewyde lewe, wat volgens die Nadere Reformasie nagestreef moes word, het op dié manier die sogenaamde ander kant van die mens se geloofslewe geword. Dit was die affektiewe-, wat die sogenaamde inhoudelike kennis-kant van geloof moes aanvul tot 'n goeie, toegewyde lewe.

Hierdie ontwikkeling in die Nadere Reformasie het die uitsonderlik duidelike bedoelings en denke van die eerste Hervormers, ten minste oor geloof, nie baie tyd gegun om in die lewe van lidmate en teoloë te integreer nie.

Dit plaas 'n vraagteken oor die formulering wat die opstellers van die HK oor ware geloof gemaak het. Hoekom het hulle dit nodig gevind om geloof te omskryf, nie net as ***kennis*** van dit wat God aan ons geopenbaar het nie, maar ook as 'n ***vaste vertroue*** dat die genade aan my geskenk is? Het ons dalk tog in dié formulering te make met die spreekwoordelike dun punt van die wig, wat die mens se totaalverhouding met God op voetspoor van die Nadere Reformasie, dualisties in 'n onhoudbare spanning tussen kennis en gemoed [vertroue] wou verskeur?

3.5.2.2 Standpunt van Bavinck

Bavinck maak in verband met die siening oor geloof, 'n opmerking wat ons nie kan ignoreer nie: 'De opvatting van het geloof, welke de Reformatie voordroeg, deed ... bij het nadenken allerlei vragen oprijzen. Daar was terstond al de verhouding, welke tusschen het ***kennen en vertrouwen***, [klem MHH] de *fides generalis en de fides specialis* bestond. De Heidelbergsche Catechismus plaats deze eenvoudig naast

elkander en verbond ze slechts door een: niet alleen maar ook. Doch psychologisch leverde deze juxtapositie al bezwaar op ...' [Bavinck 1967:88]. Hy toon verder aan dat watter verklaring ook al hiervoor gegee is, daar nêrens regtig bevredigende antwoorde gevind kon word nie[10] [Bavinck 1967:88-89].

3.5.2.3 Schilder se standpunt

Schilder het onder meer in sy lywige werke oor die uitlegging van die Heidelbergse Kategismus baie breedvoerig ingegaan op dieselfde 'kennis-en-vertroue'-vraagstuk van die HK. In nie minder as 182 bladsye nie, bespreek hy die saak volledig. Schilder het goed gaan nalees wat Ursinus [medeskrywer van die HK] in sy 'Explicaties' genaamd 'Ed. Hanoviae 1634, p 112 in De Fide II' oor die kwessie geleer het. Schilder skryf: 'Ursinus heeft, althans in zijn Explicaties, de uitdrukking gebezigd, dat het rechtvaardigend geloof altijd het 'historische' [d.w.s. dít wat verband hou met die sogenaamde kennis-kant van geloof] *in zich besluit* [complectitur]. Dus toch 'een deel' ervan? We geloven het niet. Want Ursinus kon dat zonder vrees voor misverstand zoo wel zeggen, omdat *van alle hierboven aangeduide ketterijen in betrekking tot 'natuur'-historie en in verband daarmee, tot de Schrift-'uitlegging', er geen enkele zijn geest vergiftigd had.* Men moet dus Ursinus' woordgebruik verklaren uit heel zijn positieven gedachtenrijkdom, gewonnen uit het geloovig aanvaarden van God in zijn spreken' [Schilder 1949:470]. En dan voeg Schilder daarby dat Ursinus totaal vry was van dié kettery. In dieselfde terme as wat Berkhouwer van Skrifgeloof praat, is dit van Ursinus se standpunt waar '... dat de Schrift wel Gods 'verbum' of Wóórd, maar niet Gods 'vox' of stém is' [Schilder 1949:471].

3.5.3 Slotsom

Ek volstaan met die volgende: Dit is nie op hierdie stadium moontlik om waterdig vas

---

[10]. *Vergelyk in dié verband my stelling hierbo dat geloof nie in terme van iets anders in die skepping gedefinieer kan word sonder om problematies te word nie. Dit verklaar dat Bavinck skepties hieroor gebly het.*

te stel of die opstellers van die HK in lyn met die eerste reformatoriese denke oor geloof gedink het en of hulle reeds die dwaalgees van die Nadere Reformasie ge-adem het nie. Hieroor sal deeglik navorsing gedoen moet word. Maar so 'n volledige ondersoek is nie vir die doel van hierdie verhandeling nodig nie. Die volgende afleiding is wel fundamenteel:

Dit is uit hierdie grepie dogma-historiese ontleding van die formuleringe oor die begrip 'geloof' duidelik dat mense met presies dieselfde belydenis op hulle lippe, radikaal uiteenlopende gevolgtrekkings daaruit kon maak. Dit beteken prakties dat dieselfde belydenis en definisie van geloof, soos dit onder meer in die HK vervat is, onbedoeld en welmenend heeltemal uiteenlopende en selfs teenstrydige doelomskrywinge van geloofsvorming [kategese] tot gevolg kon hê.

Uit die dogma-geskiedenis is dit byvoorbeeld duidelik dat die voorstanders van die Nadere Reformasie nêrens bewustelik wou afwyk van Calvyn se omskrywing van wat geloof is nie. Inteendeel, dit was juis hulle erns om die Reformasie presies in lyn met Calvyn te verdiep. 'De Nadere Reformatie is een Nederlandse kerkelijke beweging ... Zij begon in Zeeland, destijds de meeste gereformeerde provincie, en verspreide zich door heel de Republiek ... Het was de bedoeling om in aansluiting aan de gezegende Reformatie een verdere, een nadere reformatie door te zetten in die vaderlandse kerk ... Men stelde Calvijn niet in gebreke, maar wilde voortgaan in de Geneefse lijn. De leuse was: ecclesia reformata semper reformanda ... Zij wilde, dat de toekomstige predikanten voortaan beter zouden worden geoefend in " ... de practycke der godsalicheyt"' [De Boer 1968:13]. Niemand sou sulke goeie bedoelings en ernstige soeke na die waarheid, in lyn met die koers van die kerk destyds, as verdag en onbehoudend wou afmaak nie.

Nieteenstaande dit alles, het die weë van die Calviniste en die Nadere Reformiste uiteindelik tog totaal uiteengegaan; dit het op menige onenighede uitgeloop; selfs die ergste onenigheid denkbaar wat kon gebeur, *nl.*. dat die kerk geskeur het. Dit is wat ten minste in Nederland gebeur het.

Hierdie slotsom waartoe ons gekom het, verplig ons om so deeglik moontlik seker te maak watter siening van geloof die grondslag van die Ned.Geref.Kerk se kategesebeleid vorm. Dit is nie maar bloot van akademiese belang nie; dit het praktiese konsekwensies vir 'n belangrike deel van die kerk se bediening aan die Here se mense.

4. INVLOEDE OP DIE KATEGESE VAN DIE NED.GEREF. KERK

Watter teologiese invloede het ons stamland, Nederland, op die Ned.Geref.Kerk en veral die kategese gehad? Die beantwoording van dié vraag sal ons help om onder meer beter te verstaan hoe daar binne die geledere van die Ned.Geref.Kerk oor ***geloof*** gedink word. Ons spits ons veral op die kategese werksaamheid van die kerk toe.

4.1 Kategese van volksplanting tot min of meer 1740

Voor 1740 het die klimaat van die Sinode van Dordtrecht 1618-1619, die kerklike lewe aan die suidpunt van Afrika oorheersend beïnvloed. Die historikus, TN Hanekom, skryf dat die gees van die Dordtse Sinode deur die Statebybel in ons kerklike lewe in dié tydperk ingedra is. Die Statebybel het immers net voor die volksplanting aan die Kaap met behulp van ywerige predikante vanuit die Dordtse Sinode in 1637 verskyn. En hierdie uitgawe van die Statebybel is aangevul met kantaantekeninge wat eintlik 'n stuk praktiese Bybeluitleg was. Hanekom skryf: Dit is hierdie Bybel, wat 'n 'gewaardeerde Boek in elke gereformeerde huis, ook aan die Kaap en later onder die Voortrekkers in die Noorde' was [Hanekom 1952: 13]. Op dié manier het 'Dordtse' teologie in hierdie betrokke periode die kerklike lewe oorheers.

4.2 Kategese tussen 1740 tot min of meer 1824

Dit is egter baie duidelik dat kerk en kategese ten minste vanaf 1740 aan die ander kant weer sterk onder invloed van die Nadere Reformasie uit Nederland gekom het.

Hierdie invloed was ten minste tot en met so laat as 1863 die 'amptelike' geestes instelling, veral op die terrein van die kategese. De Villiers, in sy werk 'Die kategese in die Ned.Geref. Kerk in Suid-Afrika', behandel hierdie geskiedenis breedvoerig. Hy beskryf die insette van 'n hele reeks predikante wat direk deel was van die Nadere Reformasie [De Villiers, 146-163]. Op die gebied van kategese het die gees van die Nadere Reformasie heeltemal oorheers. Een van die groot Nadere Reformiste, Hellenbroek, se bekende werke oor kategese was tot in 1863 en ook nog daarna, die amptelike 'leerstof' van die kategese.[11]

De Villiers se navorsing oor al die ander literatuur wat in dié tydperk gelees is, bewys verder watter groot invloed die Nadere Reformasie op die kerklike- en volkslewe gehad het. By TN Hanekom in sy werk, Passim:93, vind De Villiers dat die volgende lys boeke altyd by lidmate en volksgenote te vinde was, selfs in die wakis van die trekboere: '... die ou Statenbybel, met sy kantaantekeninge byderhand, saam met boeke van a Brakel, Smytegeld, Coenraad Mel, a Marck en Stapper.. ' [De Villiers 1957:179].

Dominicus, in sy werk 'Het Huiselik en Maatschappelike Leven van de Zuid-Afrikaan, 's Gravenhage 1919', beskryf die lewe van die koloniste en bevestig dat die '... Bybel en die gesangboek van Sluyter ['n bekende persoon uit die Nadere Reformasie veral t.o.v. musiek/sang] teen 1720 van die weinige boeke was wat geken is' [De Villiers 1957:179].

De Villiers haal verder vir EG Malherbe in sy 'Education in South Africa [1652-1922] Cape Town 1925', JAS Oberholster in sy 'Die Kerk in die Binnekamer in Ons Ned.Geref.Kerk', en HDA du Toit in dieselfde werk aan, om aan te toon dat feitlik alle literatuur wat in die tydperk gelees is, uit die pennevrug van die Nadere Reformasie gekom het. Hy skryf: 'Dat die skrywers van die 'Nadere Reformasie' tot

---

[11] *Die besluit van die sinode in 1863 i.v.m. die kategetiese leerstof bewys hierdie stelling. Die sinode het besluit om, wat die kategese betref, terug te keer na die 'Kategismus' en die 'Kort Begrip'. Hieroor skryf De Villiers: 'Alhoewel die deur vir die gebruik van Hellenbroek nog oopgelaat is, het die Kategismus en Kort Begrip weer eens die offisiële sanksie en goedkeuring van die kerk gekry. Hierdie deur sou algaande geheel en al gesluit word' [De Villiers 1957:197].*

laat in die 19e eeu gelees is, word van verskillende kante bevestig'. En '... die verskillende boeke en skrywers was geliefd onder die Voortrekkers' [De Villiers 1957:180].

Hierdie paar verwysings gee vir ons genoegsame aanduiding van hoe wyd die invloed van die Nadere Reformasie destyds in die Ned.Geref. Kerk was. ***Dit is egter veelseggend om in dié verband op te merk dat De Villiers, wat 'n groot hand in die vorming van die kategesebeleid van die Ned.Geref.Kerk gehad het*** [12], ***baie positief oor hierdie invloed van die Nadere Reformasie oordeel.*** Ek verwys in die verband breedvoerig na De Villiers:

* Hulle verset hulle veral teen die geestelose toestand van die volk, leraars en die gemeente van die Here. Aan die een kant het hulle die leraarsamp baie hoog gestel, maar hulle dit veral ook teen die predikante wat nie 'n ***diep geestelike*** roepingsbesef het nie. Die 'roepende sondes' van die tyd is deel en kenmerk van die mense wat net 'n ***letterkennis*** van die Evangelie het.
* Hulle pleit vir die ***persoonlike verbintenis met Christus***. Die waaragtige gemeenskap met die Godheid word deur hulle almal begeer.
* Die ***bevindelike*** godsdiens is by hulle 'n sentrale waarheid. Alhoewel niks afgedoen word aan die kerk, die amp, die Sakrament en die Verbond nie, word die wedergeboorte voorop gestel. Dit is weer eens veelseggend dat De Villiers die kritiek van Haitjema op veral die bevindelike godsdiensbeskouing van die Nadere Reformasie, met die klem op wedergeboorte, staat van vroomheid en gevoelsgodsdiens, in sy werk 'Prediking des Woords en Bevinding', Wagemengen 1950, p. 21-22, verwerp. ***De Villiers skryf: 'Ons kan ons nie vereenselwig met Haitjema se beoordeling [Is dit dalk veroordeling?] van die 'Nadere Reformasie'***

---

[12]. *Dr DW de Villiers het vanweë sy proefskrif oor die Kategese in die Ned.Geref.Kerk, wat in 1957 voltooi is en later vanuit die Kweekskool op Stellenbosch, 'n baie groot invloed op die beleid en denke rondom kategese in die kerk gehad. Trouens, die handboek vir die belydenisgroep, 'Glo en Bely', is hoofsaaklik van sy hand.*

nie. Ons koester saam met De Vrijer 'n hoë agting vir die werk en invloed van die 'oude Schrijver'. [De Villiers 1957: 183]

* Hulle neem 'n sterk puriteinse standpunt in. Hulle pleit vir die onderhouding van die Sondag en die nakoming van die eise van die Here. Hulle wil alleen lidmate toelaat wat werklik daartoe geregtig is. Die kerk moet suiwer wees en gesuiwer word van alles wat onheilig is. Daarom wil hulle boeteprediking aan Kerk, Volk en Owerheid.
* Hulle het hoë waardering vir die Skrif en die Heidelbergse Kategismus. Van die eerste tot die laaste bladsy van hulle geskrifte bestaan uit 'n stroom Bybeltekste [vgl. De Villiers 1957:182-183].

Hierdie inligting van De Villiers is genoegsaam om aan te toon dat die invloed van die Nadere Reformasie op die Ned.Geref.Kerk se visie op geloof, beslis verreken sal moet word. Daar is egter ook nog ander feite wat oorweeg moet word.

4.3 Kategese vanaf min of meer 1824 onder invloed van die Skotse predikante en onderwysers

Die tydperk na 1824 kan in 'n sekere sin die tydperk van die invloed van die Skotse predikante op die kerk en veral blanke bevolking genoem word. Die rede vir die koms van die groep Skotse predikante en -onderwysers na die Kaap was om die beleid van die Engelse bewind uit te voer. Hulle moes die Kaap so gou en doeltreffend moontlik opvoed en verengels. 'Dit is 'n onbetwisbare feit dat die Skotse predikante en onderwysers gekom het as deel van Lord Charles Somerset se Anglisasiebeleid' [De Villiers 1957:210].

Uit De Villiers se beskrywing van hierdie tydperk is dit duidelik dat die invloed van die Skotte veral op die gebied van die ***algemene onderwys*** 'n rol gespeel. 'n Groot groep van die Skotse predikante was ook onderwysers wat eers later predikante geword het. Om hierdie rede het byna almal van hulle reuse bydraes op die terrein van die skoolonderwys gelewer.

Die heersende behoefte was dat mense opgevoed sal word. Destyds het opvoeding en vooruitgang onder meer nou saamgehang met die feit dat iemand goed Engels kon praat. Uit 'n verslag van die Koloniale Sekretaris in 1825 n.a.v. die eerste Sinode in 1824, word die stelling bevestig: 'His Excellency cannot too stongly impress upon the minds of the Synod the necessity, for the benefit of the people themselves, that the rising generation should be instructed in the English language as the only means of their attaining employment under the Government. He therefore entirely approves of the translation of the Heidelberg Catechism into English for use of the schools' [De Villiers 1957: 211].

4.3.1 Die invloed van William Robertson

Die invloedryke dr William Robertson was 'n vurige kampvegter vir skoolonderwys. In 1847 het hy, byvoorbeeld 'n belangrike beskrywingspunt voor die Sinode laat dien en in die bespreking van die voorstel onder meer gepleit dat 'van al die sake wat die aandag van die Sinode geniet, nie een so belangrik was as die onderwys van die jeug nie. Reeds in die Sinodale Kommissie van 1845 het hy die volgende gesê: 'Het is een droevige, doch welbekende waarheid dat in vele plaatsen, de opvoeding der Christelijke jeugd vooral weens gebrek aan onderwijzers, achteruitgaat' [De Villiers 1957:214].

4.3.2 John Murray

Ek verwys na nog 'n invloedryke en begaafde Skotse predikant, John Murray, wat later een van die eerste professore aan die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch was. Hoewel hy Suid-Afrikaner van geboorte was, het hy die tradisie van die vorige Skotse leraars voortgesit. De Villiers haal 'n relevante opmerking aan uit 'n Eeufeesgedenkbundel waarin Murray se dogter, Maria Meiring, die doel van haar vader se werk kort en saaklik saamvat: 'John Murray's aim for his country was education.' [De Villiers 1957:222] Die volgende momente word aangeteken:

* Uit Murray se pennevrug, is dit duidelik dat sy werk as predikant en professor verstrengel was met die skoolopvoeding van die jeug [vgl. De Villiers 1957:223].
* Die noodsaaklikheid om 'n katkisasieboek vir sy tyd te skryf, hou volgens korrespondensie uit Murray se hand direk verband met die tekort aan ***kennis*** van die geskiedenis van die Bybel, wat volgens hom ***die grondslag van die onderrig*** behoort te wees. Die behoefte is '... nie die heilsleer self nie. Die 'aannemelinge' behoort self kennis van die weg van saligheid te besit' [De Villiers 1957:227].
* Met die uitgawe van sy katkisasieboek in 1857 het prof Murray in die voorwoord na die volgende sake verwys: 'Hy verbly hom oor die feit dat daar steeds 'n toenemende behoefte by die kerklike gemeenskap bestaan om te lees. Terwyl daar reeds voorsiening gemaak is vir kinders om meer te wete te kom van die geskiedenis van die Bybel aan die hand van bestaande hulpmiddels, het dit tog dringend nodig geword dat die leerstukke oor sonde, genade, versoening, geloof, regverdigmaking, heiligmaking, wedergeboorte, bekering, Doop, Nagmaal, ensovoorts ***begryp en verduidelik*** [klem MHH] sal word' [De Villiers 1957:229].
* Die katkisasiepraktyk waarvoor Murray gepleit het, het die weg gebaan vir die praktyk wat die Ned.Geref.Kerk baie later sou volg. Dit was, *byvoorbeeld* sy begeerte dat kinders oor 'n tydperk van 5 tot 6 jaar gekatkiseer behoort te word. In die lig van omstandighede in Suid-Afrika kon dit egter net 2 jaar wees [vgl. De Villiers 1957:229]. Die inhoud van sy katkisasieboek het ongetwyfeld ook die weg vir die latere ontwikkeling van leerplanne in die Ned.Geref.Kerk se kategesebeleid gebaan.
* Dit is insiggewend dat dié werk van Murray vir baie jare die Ned.Geref.Kerk se kategese bepaal het. Tot in 1920 is die werk in Nederlands uitgegee, en in 1925 het die eerste Afrikaanse vertaling hiervan verskyn. In 1939 is 'n hersiene uitgawe gepubliseer en, les bes so onlangs as

> in 1948, het die Sinode van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika besluit dat '... prof Murray se Katkisasieboek of dié van dr Gerdener 'Handboek by die katkisasie' vir kategese gebruik sal word [Du Toit, *John Murray*:138, soos aangehaal, De Villiers 1957:230].

4.3.3 Slotsom oor die Skotse invloed

Theron skryf in die hoofstuk 'Persoonlike geloofsbelydenis en geloofsekerheid' in 'Die Kerk en sy Jeug': Alle vorme van die piëtisme [Nadere Reformasie MHH] '... word gekenmerk deur 'n gemeenskaplike ***wantroue*** [Klem MHH] teenoor geloof as kennis, en daarom ook 'n ***aversie*** [Klem MHH] teen die dogma' [Theron 1985: 83].

In die tydperk toe die Skotse leraars en onderwysers, met die klem op skoolonderrig en opvoeding, die klimaat in die kerk en kategese ten minste in Suid-Afrika bepaal het, hoor ons weer iemand anders ***pleit vir kennis*** van die geskiedenis van die Bybel wat die ***grondslag van die onderrig*** behoort te wees. 'Dit is ... nie die heilsleer self nie. Die "aannemelinge" behoort self kennis van die weg van saligheid te besit' [De Villiers 1957:227].

Uit dié twee uitsprake oor kategese in die Ned.Geref.Kerk, is dit duidelik dat die pendulum in die visie op geloof heeltemal van die pool van die affektiewe [gemoed] na die kognitiewe [verstand] deurgeswaai het. Die een pool verteenwoordig die invloed en praktyk van die Nadere Reformasie hier te lande, en die ander pool verteenwoordig die invloed en praktyk van die Skotse leraars en onderwysers op 'n later stadium in dieselfde kerk.

Dit is nie so eenvoudig om uit die verloop van die kerkgeskiedenis 'n verklaring vir hierdie pendulumbeweging te gee nie. ***Die feit is egter dat indien geloof dualisties as kennis en vertrou beskou word, omstandighede kan veroorsaak dat die pendulum tussen die pole begin swaai. Dit laat die moontlikheid [wawyd] oop dat die een pool ten koste van die ander verwaarloos kan word.***

4.4 Die invloed van Teologiese Seminarium op Stellenbosch

Die opening van die Kweekskool op Stellenbosch in November 1858 val ook in die periode vanaf 1824 tot en met die opkoms van die Sondagskoolwese in Suid-Afrika. Hoewel daar geen direkte verband tussen kategese en die stigting van die Kweekskool getrek wil word nie, is die invloed wat van die Kweekskool op die Ned.Geref.Kerk, en daarom noodwendig op die kategese van die kerk uitgegaan het, van belang.

Dit is byna logies om in die lig van die teologiese invloede op die Ned.Geref.Kerk soos hierbo beskryf, te verwag dat die ***dualistiese siening van geloof*** en daarom ook van kerk en teologie, op een of ander manier in die wetenskaplike denkrigtings wat aan die Kweekskool gedoseer is, gereflekteer sou word.

Hierdie verwagting word presies net so bevestig deur 'n onlangse diepgaande ondersoek en verslag van die RGN.[13] Die kern van dié verslag dui in verband met my ondersoek die volgende aan:

4.4.1 Die Ned.Geref. Kerk wou aanvanklik met die aanstelling van die eerste dosente aan die Kweekskool seker maak dat persone aangestel word wat ***Réveil-gesind*** was.[14] En Réveil-gesinde teologie in die 19e eeu was 'n direkte verlengstuk van die teologie van ***die Nadere Reformasie***[15]. Die gees wat in die beginjare van die Kweekskool op die predikante en langs hierdie weg op die kerk moes uitgegaan het, het dus die klem t.o.v. ons gesprek oor geloof noodwendig op die gemoedelike [affektiewe] kant van ons verhouding met God geplaas. Die uitsluitlike gebruik van die dogmatiek van Van

---

[13] *Die RGN-verslag handel indringend oor die wetenskapsteorie in die Bybelwetenskappe in Suid-Afrika. Dit toon spesifiek, ook uit sosiaal-historiese hoek, hoe die teologie van die Ned.Geref.Kerk voortdurend die tweespalt van ervaringsteologie en rasionalisme deurleef het. Die verslag word tans finaal deur FE Deist, wat die samesteller was, vir publikasie afgerond. Die verslag het so pas verskyn en is Junie 1995 deur Deist aan die Kweekskool opgedra onder die titel: Ervaring, rede en metode in Skrifuitleg [Deist 1994].*

[14] *Die motivering van hierdie aanstellings was nie spesifiek op grond van die persone se bepaalde siening van geloof nie, maar op grond van hulle regsinnigheid wat direk verband gehou het met die 'Herlewingsgesindes' [Deist 1990b:8]*

[15] *Vergelyk in dié verband die uiteensetting van beide hierdie rigtings in die Christelijke Encyclopedie. Ek teken die volgende aan: 'De N. heeft zekere analogie in de Moderne Devotie; ze kwam in die 19e eeuw tot nieuw leven in [de] Réveil...' [Nr 5:128,627]*

Oosterzee in hierdie tyd onderstreep hierdie stelling omdat Van Oosterzee by uitnemendheid ***ervaring***steoloog was [vgl. Deist 1990b:9].

4.4.2 Die ander kant van die dualisme in die perspektief op geloof, kon egter onder die invloed wat van die Kweekskool uitgegaan het, nie uitbly nie. Soos reeds vroeër vanuit 'n ander hoek geïnsinueer, was prof John Murray, die eksponent van die ander pool van denke[par 3.3.2]. Hoewel hy nie deur en deur 'n intellektualistiese siening oor geloof gehad het nie, was die onderbou van sy teologiese denke, anders as dié van prof Hofmeijr, só gerig [vgl. Deist 1990b:15]. Ons moet ook onthou dat Murray in sy hart 'n onderwysman was.

4.4.3 Die res van die verhaal oor die invloed van die Kweekskool te Stellenbosch[16] toon hoe die Kweekskool vanweë verskeie invloede [onder meer die arm-blankevraagstuk en die groeiende nasionalistiese politiek] al meer eksplisiet as in die geval van Murray en Hofmeijr, die dualisme tussen *gemoedelike godsdiens* en teologie aan die een kant, en *ortodokse dogmatisme* aan die ander kant, verteenwoordig het.
Van belang vir die beskouing oor geloof en kategese, is dat die intellektualistiese dwepers onder invloed van veral Abraham Kuyper uit die stamland Nederland, in die periode 1900 tot 1935 [veral sedert 1920[17]] die gees van die Kweekskool totaal in intellektualistiese en rasionalistiese sin oorgeneem het [vgl. Deist 1990b:62ev].
Die opkoms van die 'Kalvinisme'[18] in die Ned.Geref.Kerk sedert 1935 tot 1957 het hierdie eensydigheid heeltemal oorheersend en onverdraagsaam in die kerk gevestig.

---

[16] *Dit is onmoontlik om hierdie verhaal in diepte te bespreek omdat dit 'n studie op sigself is. Dit is egter noodsaaklik om die verhaal te bestudeer om sodoende insig te verkry oor hoe die Ned.Geref.Kerk volhard het om geloof vanuit die kweekskool konsekwent in terme van die dualisme te leer [vgl. Deist 1990b in sy geheel].*

[17]. *Die wending het veral gekom na die dood van prof. Marais. Hy is opgevolg deur prof. EE van Rooyen wat deur en deur van die rasionalistiese skool uit Amsterdam was. [Deist 1990b:37]*

[18]. *Die 'Kalvinisme' in die Ned.Geref.Kerk moet hoegenaamd nie met Calvinisme in die breedste sin van die woord vereenselwig word nie. Eersgenoemde is 'n tipiese Boere Kalvinisme wat baie diep deurdrenk is van die rasionalisme onder invloed van*

Die ander kant was natuurlik altyd teenwoordig maar kon nie daarin slaag om êrens invloed in die kerk te kry nie.

Dat die kategetiek hierdeur beïnvloed is, lei geen twyfel nie. Die skoolse benadering van die kategese, wat eintlik tot vandag amper sonder bevraagtekening aanvaar word, is maar een teken van die oorheersende invloed van die teologie wat vanuit die Kweekskool in die Ned.Geref.Kerk gevestig geraak het.

4.5 Sondagskool en Kategese in die Ned.Geref.Kerk

4.5.1 Opkoms van die beweging in die Ned.Geref.Kerk.

Die opkoms van die Sondagskoolwese in Suid-Afrika en in die Ned.Geref. Kerk moet aan Abraham Faure, die leraar van die gemeente Kaapstad, gekoppel word. Hy is baie sterk beïndruk deur die Sondagskoolwese wat toe reeds stewig in Europa gevestig was. Die beweging het in 1780 in Gloucester, Engeland ontstaan a.g.v. die haglike maatskaplike toestande wat op daardie stadium onder die kinders in sy land geheers het. Hierdie toestande is onder meer deur die vloedgolf van industralisasie, veroorsaak [vgl. De Villiers 1957:257-258].

Die doel van die Europese en later ook die Amerikaanse Sondagskole was hoofsaaklik tweeledig: opheffing van verwaarloosde kinders en evangelisasie. ***Die bybring van Bybelkennis vir 'n opgroeiende, ongeletterde geslag kinders, wat weinig opvoeding van hulle ouers gekry het, was die dryfkrag agter die Sondagskoolwese.***

In die Kaap is Faure deur min of meer dieselfde maatskaplike toestande as in Europa aangegryp. Daarom het hy onmiddellik die Sondagskool as die oplossing vir die probleme van ongeletterdheid en verwaarloosde kinderopvoeding gesien. In 1844 is die Sondagskool dan ook onder sy leiding in die gemeente Kaapstad gestig. Aanvanklik is dit vir 'n proeftydperk ingestel, veral met die oog op opheffing van die Kaap se armes [vgl. De Villiers 1957:258].

Dit is van belang vir die verrekening van die invloed van die Sondagskoolwese op die kerk se kategesebeleid, om aan te teken dat hierdie Sondagskoolwese reg van

---

die apartsheidsdogma wat fundamentalisties vanuit die Bybel regverdig is [vgl. Deist 1990b:116ev].

die begin direk onder beheer van die Ned.Geref.Kerk was. Dit is om dié rede dat dit later so maklik deel van die kerk se kategesestelsel geword het.

4.5.2 Doelomskrywing van die Sondagskool

In dieselfde jaar waarin die Sondagskool in Kaapstad gestig is, is 'n Sondagskoolkonferensie in die Paarl gehou en het JC Pauw by hierdie konferensie die doel van die Sondagskool soos volg omskryf: In die Kerkbode van 7 November 1884 staan dit só aangeteken:

> 'Bybelse Geskiedenis, die leer van Bybeltekste, godsdienstige sang, kennis van die inhoud van die Bybelboeke en die Sendingwerk.' 'n Verdere doelstelling was om 'die kind wat die Sondagskool bywoon tot bekering te lei.' [De Villiers 1957:259]

Dieselfde visie word omtrent 10 jaar later weerspiëel in die doelomskrywing van die Sondagskool by die jaarlikse Sondagskoolkonferensie in 1895 te Middelburg, KP.

> 'Die doel van die ***onderwys*** [klem MHH] is gesien as 'n arbeid aan die ***verstand*** [klem MHH] en arbeid aan die ***siel*** van die kind' [De Villiers 1957:259].

4.5.3 Slotsom oor die Sondagskoolwese

Sonder om dieper in die geskiedenis van die Sondagskoolwese te delf, kan die volgende uit die doelomskrywing van die Sondagskool en uit die historiese omstandighede waaruit dit gegroei het, afgelei word: Die vorming van die kind se verhouding met God [geloof] het te doen met ***die kennis van die Bybel wat die kind geleer moet word, en om kinders op grond van hierdie kennis van God te help om tot bekering te kom.***

Die voorafgaande inligting oor die beleid en doel van beide die kategese en die Sondagskoolwese, bevestig dat die kategese van die Ned.Geref. Kerk en die Sondagskool met dieselfde visie oor geloofsonderrig gewerk het. Die jong lidmaat moet na sy verstand uit die Bybelgeskiedenis ***geleer*** word wie God is. Daarom die

groot klem op godsdiensonderrig, selfs ook op skoolvlak [19]. Daarna moet hy na die Here gelei word; gehelp word om die Here aan te neem; bekeer word; gehelp word om op God vir sy saligheid te ***vertrou***.

Die bogenoemde verklaar dus waarom dit so maklik kon gebeur dat die Sondagskoolwese en kategese in die Ned.Geref.Kerk mekaar se hande later so deeglik kon vasvat.

4.6 'n Sondagskool-Studiekommissie

Die Sondagskool en kategese in die Ned.Geref. Kerk het tot só 'n eenheid saamgegroei dat dit op die ou einde net in benaming verskil het. Reg van die begin het die kerk gesorg dat alle Sondagskoolonderwysers, sover dit moontlik was, uit kerkraadslede en rustende kerkraadslede moes bestaan [vgl. De Villiers 1957:258].

Hoewel die Ned.Geref. Kerk op hierdie stadium nog in aparte sinodes georganiseer was, met afsonderlike Sondagskoolkommissies vir elke sinodale gebied, het die praktyk van samewerking tussen kategese en Sondagskool in al die sinodale gebiede min of meer eenders verloop. Daar is egter tog aangevoel dat die kerk se jeugbediening in dié verband beter gedien sou word indien die sinodale gebiede 'n gemeenskaplike beleid en beheer t.o.v. kategese en Sondagskool kon hê. 'In 1925 is [die] verskillende kommissies saamgesnoer in een Gefedereerde Sondagskoolkommissie [GSK]. Uniale Sondagskoolkongresse, gesamentlike lesroosters, een Onderwysersblad [Die Kindervriend] en een kinderblad [Ons Kinderblad--later Môrelig] het hiertoe bygedra. Op die manier het 'n '... geseënde

---

[19]. *Ek het nie ingegaan op die kerk se betrokkenheid by godsdiensonderrig op skoolvlak nie. Dit is egter baie duidelik dat die Ned.Geref.Kerk vanuit sy herkoms uit Nederland waar kerk en skool hand aan hand saamgewerk het, maar ook uit sy gemoeidheid met die opvoeding van ongeletterdheid in ons tipiese Suid-Afrikaanse verlede, altyd by die skoolwese betrokke wou wees. De Villiers behandel hierdie kwessie breedvoerig [De Villiers 1957:264-273]. Dit lei geen twyfel dat skool en kerk mekaar vanweë hierdie jarelange samewerking sterk beïnvloed het nie en dat een van die invloedsfere t.o.v. die kategese, juis op die 'skoolse' leer van die inhoud van die kategetiese 'leerstof' gerig is.*

praktyk beslag gekry. Al die leerstof van die Ned.Geref.Kerk is vanaf een sentrale punt eenvormig aan die kerk voorsien' [Viljoen 1985:18].

Kategese en Sondagskool het goed en glad gefunksioneer. In 1956 het daar egter, vanweë die omvang en aard van die werk wat die GSK uit al vier sinodale gebiede moes hanteer, die behoefte ontstaan vir 'n deeglike studie oor hierdie belangrike faset van die jeugbediening in die Ned.Geref.Kerk. Om hierdie rede is die Sondagskool-Studiekommissie [SSK] in die lewe geroep, '... om op alle sake rakende die Sondagskool, wat van tyd tot tyd geopper is en wat verder genoem mag word in te gaan en daaroor verslag uit te bring...' [Verslag SSK 1966:1].

4.6.1 Visie op die doel van kategese uit die verslag

Hierdie omvattende [289 bladsye] en deeglike verslag wat in 1966 verskyn het, gee ons insig oor hoe die kerk in 1966 oor kategese gedink het en of daar van die reeds ingeslane weg oor kategese afgewyk is of nie.

Uit die aard van die saak word aandag gegee aan die Studiekommissie se omskrywinge van die doel van kategese. Ek gee dit breedvoerig weer.

Die destydse bepalinge van die Ned.Geref. Kerk in Suid-Afrika [Kaapland] i.v.m. kategese het soos volg gelui: 'Art 325: (iii) Onder Godsdiensonderwys word verstaan die onderwys in Bybelse en Kerklike geskiedenis, en in die Christelike geloofs- en sedeleer aan die hand van die Heidelbergse Kategismus en die Kortbegrip' [Verslag SSK 1966:22].

Presies in lyn hiermee sien die kommissie die doel van die kategese soos volg:

* Ware kennis van God.
* Opregte Geloof
* Ware bekering
* Opregte Dankbaarheid
* Uiteindelik moet die kind, d.w.s. die dooplidmaat deur onderrig in die katkisasieklasse, volgens die leerplan soos deur die kerk bepaal, kom tot die aflegging van belydenis van sy geloof en deelname aan die Heilige Nagmaal ... [Verslag SSK 1966:22].

Die bedoeling hiermee is die volgende: 'Ware kennis moet uitloop op ware, opregte geloof deur die Heilige Gees in die hart gewek, dat die saligheid en al sy ryke inhoud uit genade deur God geskenk is' [Verslag SSK 1966:23].

Wat dit presies behels, word vervolgens in die verslag bespreek. Onder die vraag wat die aandeel van die Sondagskool in die kerklike lewe behoort te wees, is die antwoord: die ***mededeling van kennis***, die persoonlike ***oorgawe*** van die kind aan die Here Jesus, die ***toename*** van die kind in geestelike wasdom. In die spesifieke aanbevelings van die Kommissie word die verband tussen die doelstellings soos volg aangedui:

1. Dat voortgegaan word met die teenwoordige beleid, *nl.*. dat die onderrig in die ***Bybelfeite*** [klem MHH] een van die vername naderbyliggende doelstellinge van die Sondagskool moet wees.

2. Dat vanuit dié fondament en agtergrond van Bybelkennis gans die persoonlike geloofs-, gemeentelike, maatskaplike en staatkundige lewe gebou moet word, want die Woord is die reël vir die geloof en die lewe.' [Verslag SSK 1966:25]

In verband met punt 1 hierbo is die volgende aanbeveling oor die kennisaspek van kategetiese onderrig in lyn met die geskrewe en ongeskrewe beleid van kategese wat deur die jare in die Ned.Geref. Kerk ontwikkel is. Die aanbeveling lui: 'Dat die Algemene Sinode bepaal dat Sondagskole hulle sal hou aan die ***amptelike leerplan*** van die Algemene Sondagskoolkommissie om die Sondagskool die beste aan sy doel te laat beantwoord [klem MHH] [vgl. Verslag SSK 1966:33].

Dit moet duidelik wees dat die Ned.Geref.Kerk vroeg reeds baie sterk klem gelê het op kategetiese onderrig as 'onderwys' aan kinders. Hierdie benadering het, soos ons gesien het, ook 'n historiese agtergrond in ons land, veral met die koms van die Skotse leraars en onderwysers. Om derhalwe so doeltreffend moontlik in dié 'onderwys' te wees, moes die 'onderwysers' [Sondagskoolonderwysers] so goed moontlik opgelei wees. Hierdie behoefte kom volledig ooreen met die bevinding van die SSK en daarom is die volgende sterk bewoorde aanbeveling in die verslag: 'Dat plaaslike instansies sal toesien dat die Sondagskoolonderwysers die volledigste en bes moontlike voorbereiding met die oog op hulle klasse sal ontvang. Dat daar minstens

een maal in die maand modelklasse gehou word in die teenwoordigheid van die Sondagskoolpersoneel ...' [Verslag SSK 1966:199].

Om nogeens te onderstreep hoe die Ned.Geref. Kerk die kennisaspek van kategese beklemtoon het, verwys ek na die verslag se behandeling van die sogenaamde 'Bybelkenniseksamen'. Dit val onmiddellik op dat die ondersoek in dié verband nie eers gevra het na die wenslikheid al dan nie van so 'n eksamen nie. Dit was blykbaar vir die ondersoekkommissie vanselfsprekend dat die kennis wat deur die loop van die Sondagskooljaar opgedoen is, gemeet moet word.

Daarom gaan dit in die ondersoek slegs om die mees doeltreffende wyse waarop die eksamen afgelê behoort te word. [Verslag SSK 1966:213-228].

Nog een opmerking i.v.m. die Bybelkenniseksamen is ten slotte ter sake. Dit het nogeens betrekking op die geweldige klem wat die kerk op kennis in sy kategesebeleid gelê het. Die aanbeveling in dié verband lui: 'Dat desverkiesend van tyd tot tyd kort tussentydse toetse plaaslik afgeneem sal word ter voorbereiding van die ***eindeksamen vir Bybelkennis*** [klem MHH] en katkisasie' [Verslag SSK 1966:223]. Hierdie aanbeveling verduidelik hoe ***skoolse*** evaluasie in die kategese destyds verstaan is en hoe gewigtig die deurgee van ***geloof as kennis van God*** vir die kerk was.

4.6.2 Slotsom oor die SSK

Uit hierdie vlugtige behandeling van die Studie-Kommissie se verslag is dit duidelik dat die kerk reeds vroeg sy weg oor die kategese en geloof gevind het en besluit het om daarby te bly. Dit is opvallend dat, by verreweg die meeste aanbevelings van die Kommissie, die volgende inleidende opmerking staan: *'Dat volstaan word met die huidige beleid of dat voortgegaan word met die teenwoordige beleid.'*[20]

---

[20]. *Al wysiging wat die Kommissie aanbeveel het, het betrekking gehad op die metodiek van die kategese. Dit korrespondeer ook met die studie van prof De Villiers wat min of meer 10 jaar voor die Studiekommissie gedoen is en wat m.b.t. die metodiek van die kategese tot die slotsom kom: 'dat die Kategese van die N G Kerk didakties en metodologies gesien, gevaarlik verouderd is' [De Villiers 1957:359]. En dat die Ned.Geref.Kerk intussen baie aandag aan die saak gegee het, word*

4.7 Kategese in die jaar 1986

Ter bevestiging hiervan, behoort die jaar 1986 ook in hierdie hoofstuk aandag te kry. In 1986 het die Algemene Sinode van die Ned.Geref. Kerk vergader en onder meer in artikel 50 'n reeks nuwe bepalings i.v.m. sy jeugbediening goedgekeur [Handelinge 1986, 194]. Ter verduideliking van die nuwe bepalings, is onder meer die volgende ***doelstellings vir kategese uiteengesit***. Hierdie doelomskrywinge van die kategese bewys dat die Ned.Geref. Kerk nooit van sy ingeslane pad oor kategese afgewyk het nie. Hiervolgens is die doel van kategese ...

> Om in die kerk van Christus katkisante deur onderrig te begelei tot:
>
> 1. kennis van, liefde tot en diens aan God
> 2. kennis van die Woord van God, sy ontstaan en kenmerke
> 3. gelowige aanvaarding van die waarhede van die Skrif
> 4. kennis van die kerk se belydenisskrifte
> 5. ontdekking van eie geestelike identiteit as verbondskind in die Koninkryk van God
> 6. persoonlike geloofs- en liefdesverbintenis aan Jesus Christus die Here
> 7. kennis van die kerk, sy lewe, werk en geskiedenis
> 8. volwaardige en getroue lidmaatskap van die Ned Geref Kerk
> 9. uitlewing van Christelike menseverhoudinge
> 10. Skriftuurlike standpunt in etiese sake
> 11. openbare belydenis van geloof en toegang tot die Nagmaal
> 12. Lewenswyse wat Godverheerlikende getuienis lewer
>
> [AGENDA Algemene Sinode 1986:175].

Nog meer resent as 1986, dien die volgende ter bevestiging dat die Ned.Geref.Kerk konsekwent t.o.v. die doel van kategese dink.

Die drie predikante in diens van die Algemene Sinode se jeugwerk [PASD'S], het aan die begin van 1989 'n buitelandse studietoer oor Jeugbediening in die algemeen en kategese in die besonder, onderneem. In hulle verslag oor die studietoer aan die AJK,

---

bewys deur reekse nuwe handboeke wat met die verloop van tyd sedert 1966 die lig gesien het. Die bevinding i.v.m. die nuwe reeks 'Bekwaam om te leer' wat dien as skoling vir die kategete, bevestig die stelling. Vergelyk in dié verband ook Hoofstuk 1, bladsy 3 van die verhandeling, waarin dit duidelik is dat die Ned.Geref.Kerk wat die inhoudelike van die kategese betref, by sy basiese standpunt oor geloof bly. Dit is slegs die metodiek wat in die lig van moderne onderwysontwikkelinge aangepas word.

het hulle onder meer die volgende aanbeveling oor die praktyk van die aflê van geloofsbelydenis laat dien. Dit lui soos volg:

> 'Voorafgaande aan die belydenisaflegging het ons kerk die vaste praktyk om 'n ondersoek te doen oor die katkisant se kennis van die voorgeskrewe leerstof, sy geloofsrypheid ..., sy meelewing en sy wandel ...[vgl. Die Kerkorde van die Ned.Geref.Kerk 1990:12-13]. Dit geskied skriftelik of mondeling en word gewoonlik gedoen deur 'n kommissie van die kerkraad. ***Dit verseker dat nuwe belydende lidmate aan sekere kognitiewe en geloofsvereistes voldoen. Hierdie praktyk moet onder geen omstandighede afgewater word nie.'*** [Verslag aan AJK, Argief AJK]

5. BEVINDINGE UIT IMMANENT-KRITIESE ANALISE VAN NED.GEREF KERK KATEGESE.

Die profiel van die Ned.Geref.Kerk se kategese-beleid in Hoofstuk 1, al die bogenoemde inligting en ten slotte die riglyne wat in 1986 voor die sinode gedien het asook die voorbeeld van die laasgenoemde aanbeveling voor die AJK, bevestig die volgende:

5.1 Die Ned.Geref.Kerk se huidige kategesebeleid volgens die tradisie in Suid-Afrika

Die Ned.Geref.Kerk se ***huidige kategese beleid*** soos in die Kerkorde vasgelê, veral m.b.t. die doel van kategese, klop volledig met die beleid van kategese wat deur die eeue hier onder verskeie invloede gevestig geraak het.

5.2 Die volgende fundamentele aangeleenthede is volgens hierdie beleid ter sake:

5.2.1 Oorhoofse doelstelling

Soos enige ander kategesebeleid is die oorhoofse doelstelling om God te eer deur dooplidmate se verhouding met God [geloof] te vorm.

5.2.2 Bepaalde belydenis oor geloof

Die beleid veronderstel 'n bepaalde belydenis oor geloof, *nl.*. soos dit in die HK vraag/antwoord 21 omskryf word. Die Ned.Geref. Kerk se kategese is hieraan

gebonde omdat dit 'n belydeniskerk is.

5.2.3 Omskrywing van geloof

Die Ned. Geref. Kerk omskryf geloof kortliks, net soos die HK in terme van twee kernbegrippe, *nl.*. ***kennis*** van God en ***vertroue*** op/in God.

*5.2.4 Ned Geref. Kerk kategetiek interpreteer geloof egter op 'n **bepaalde** manier*

Die Ned.Geref.Kerk se kategesebeleid interpreteer hierdie omskrywing van geloof op 'n bepaalde manier en dit word in die doelomskrywing van die stelsel uiteengesit.

5.2.5 Beïnvloeding van hierdie interpretasie van geloof deur die kerk se verbintenis met Nederland.

Hierdie wyse van interpretasie is beïnvloed deur die gees van die Nadere Reformasie aan die een kant en die werk van die Skotse predikante aan die ander kant. Ons merk voorlopig op: dat albei hierdie benaderings egter mank gaan aan 'n totaliteitsvisie op geloof.

5.2.6 Invloed van die Teologiese Seminarium Stellenbosch op die siening van geloof

Die invloed van die Kweekskool op Stellenbosch op, wat ons 'n intellektualistiese siening van geloof sou noem, was ingrypend. Die teologie en daarom ook die teologie van die kategese het die Bybel vir die kerk en in die kategese, in die lig hiervan op 'n tipies naïef-realistiese[21] wyse interpreteer en aangewend.[22]

---

[21] *Naïef-realisties verwys na die 'n metode van Bybeluitleg wat die Bybelteks lees soos dit is en dit dan fundamentalisties as 'n ewige waarheid [rasionalisties afgelei] op sake en dinge toepas en sodoende die saak of ding onbetwisbaar waar te bewys en te verklaar [vgl. Deist 1990b:23].*

[22]. *DJ Viljoen, wat 'n byna eenmanshand van opbou en bewaring in die kategesestelsel van die Ned.Geref.Kerk gehad het, is hiervan 'n oortuigende eksponent. Vergelyk sy begronding van die kategese uit die Bybel. In 'n referaat voor die werkgemeenskap Praktiese Teologie handel hy onder meer oor die leerstof van die kategese. Viljoen verwerk in die referaat eintlik maar net die 'Historische Catechetiek' van R Bijlsma. [Bijlsma 1969:37ev] In sy begronding van hoekom die leerstof is wat dit vandag is, gryp hy direk terug op die Bybel en toon hy met reekse tekste aan dat die sogenaamde vierslag van 'geloof[1], gebod[2], gebed[3], sakramente[4]' wat deur alle eeue heen die inhoud van die leerstof bepaal het, **net so uit die Bybel te vind is** [vgl. Bijlsma 1969:37-43]. Nog verder: Hy 'bewys' dat selfs die beginsel van 'n kategeseskool en kategeseleerplanne, ensovoorts in die Bybel ingebed lê. Nadat hy ongeveer 21 Skrifgedeeltes uit die Ou Testament aangehaal het,*

5.2.7 Dualistiese interpretasie van geloof

Ned.Geref. Kerk kategetiek het 'n dualistiese siening van geloof. Hierdie dualisme het, soos die grepie uit die dogma-geskiedenis aangetoon het, betrekking op die feit dat geloof in terme van twee begrippe, *nl.*. kennis ***plus*** vertroue uitgedruk word. Prakties beteken dit dat die mens se verhouding met God in terme van twee relasies verstaan word. Aan die een kant ***'n kennisrelasie met God***. En die kennis van God word verkry deur die ***leerstof*** van die kategese by ***wyse van formele onderrig*** in die lig van die Woord en belydenisskrifte te leer.

Die 'ken' van die leerstof is egter nie genoegsaam nie en daarom moet die ***hartsrelasie [gemoed]***, oorgawe, vertroue en toewyding bygevoeg word om geloof sodoende ware, gerealiseerde geloof te maak. Dit geskied onder leiding van die ***Heilige Gees***

---

*kom hy tot die gevolgtrekking: 'Ons kan dus sê dat **geloof** [1] [as verbondsonderrig ten opsigte van die 'Enige Here' van Israel as volk], gebod [2] en sakramente [3] [die onderrig aangaande die feeste] reeds 'n duidelike rol begin speel het in die onderrigprogram van die Ou Testament ten opsigte van die kinders.' [Viljoen 1985:3] Hy gaan voort om aan te toon hoe die **program** [volgens hom het die program later maar net die moderne benaming 'leerplan' gekry] na die ballingskap verdiep het, veral toe skole vir kinders in die sinagoges ontwikkel is. Dit was die sogenaamde 'Huis van die Boek'-skole [My invoeging: die beginsel van **kategeseskole**] waar die '...teks van die Thora letterlik geleer word. Reeds op vyf jaar is met 'n elementêre onderrig in die leer lees van die Thora begin.' [Viljoen 1985:3] Die volgende trap in die onderrig was die 'Beth-ha-midrasj' of 'Huis van die leer', vanaf 10-jarige ouderdom. Hier is veral die sin en betekenis van die Thora bestudeer.....Ook die 'leer' [die Misjna] het nou aan die orde gekom. Op 12/13-jarige ouderdom word die bevoorregte seuns wat hierdie skole kan bywoon, dan 'n "Seun van die gebod" [Bar-miswa].' [Viljoen 1985:3] Hy wys vervolgens op die 'leerstof' wat in laasgenoemde 'kategeseskool' geleer is en toon dan aan hoe die sogenaamde vierslag hierbo genoem, in die leerstof voorkom. Die leerstof wat hier onderrig is, was: * Die 'Sjema Jesraëel' [Hoor Israel] wat die beginwoorde van 'n geloofsbelydenis, saamgestel uit Deut 6:4-21 en Num 15:37-41 was. [1] * Die 'Sjemoné Esre', nl.. 'n hoofgebed, wat elke Israeliet drie keer per dag moes bid. [3] * Die lees van die wet, waaromheen die hele geloof en die ganse lewe van Israel gebou was. Dit het ook 'n uitleg van die Mosaïse boeke ingesluit en was die fundamentele deel van die onderrig. [2] * Die betekenis van die feeste van Israel o.a. die sabbat, die groot versoendag, die Pasga, die Loofhuttefees, die Purimfees, ensovoorts [4] [Viljoen 1985:3] Viljoen sluit hierdie deel af met 'n veelseggende stelling wat bevestig dat hy regtig bedoel om die teorie oor kategeseleerstof direk uit die Bybel te begrond en dit dan aan te dien as gereformeerde, Bybelse kategetiek. Hy skryf: **'In hierdie leerstof begin ons reeds die tradisionele leerstof van die Kategese herken.'** [Viljoen Referaat 1985:3] Sonder om daarop uit te brei, teken ek net aan dat Viljoen presies dieselfde met die Nuwe Testament doen. Hy neem hier ongeveer 7 teksdele en bewys dat die vierslaginhoud van die kategeseleerstof ook net so in die Nuwe Testament voorkom om nogeens te bevestig dat die teorie oor kategetieseleerstof werklik Bybels begrond kan word en inderdaad is [vgl. Viljoen 1985:3-4].*

wat deur die Woord en belydenisskrifte, soos in die kategesehandboeke verduidelik, werksaam is. Hierdie twee aspekte van geloof soos uiteengesit, kan ook omskryf word as die kognitiewe en affektiewe aspekte van die mens se verhouding met God. Die oorspronklike omskrywing van geloof, veral soos Calvyn dit geformuleer het, het dit in terme van een begrip, *nl.*. 'kennis' probeer omskryf en die Reformasie het deur die eeue heen probeer om die omskrywing te verdedig as sou dit nie 'n eensydige oorbeklemtoning van intellektuele kennis alleen is nie.

5.2.8 'n Valse spanning tussen kognitief en affektief in siening van geloof

Omdat kategetiek in Ned.Geref. Kerk met die bogenoemde interpretasie van geloof werk, is dit logies en noodsaaklik dat hiervolgens altwee onderskeie fasette van die geloof gelyktydig die nodige klem in kategese behoort te kry. Die logika en noodsaaklikheid hiervan is dat, indien die een faset ten koste van die ander beklemtoon word, daar 'n reaksie kom wat die kategesebeleid in 'n pendulumbeweging tussen kennis [die kognitiewe] en vertroue [die affektiewe] laat swaai. Die onvermoë om die klem gelyktydig en ewe veel op albei fasette te laat val, plaas kategese in 'n nimmereindigende dilemma: die spanning tussen goeie leerstof en leermetodes aan die een kant, en pogings om die leer aan die ander kant, met die lewe van die lidmaat te integreer. Die artikels van JMG Prins wat aantoon dat die Ned.Geref. Kerk begin besef dat daar ook in hierdie kerk weer nuut oor kategese gedink sal moet word, bevestig hierdie stelling [vgl. Prins 1990:72ev; Prins 1991a:250-259]. Die feit dat die werklikheid [resp. die werklikheid van geloof] egter op hierdie manier onregmatig in twee geskeur word, maak dit onmoontlik om die ewewig tussen die twee aspekte te bewaar. Die empiriese bevindinge van Gerber bevestig m.i. hierdie verskeurdheid. [vgl. Gerber 1994: 284-298]. Hy bevind: 'Daar is besliste positiewe tendense in die materiaal ten opsigte van 'n gebalanseerde geloofsbeskouing gemeet aan die elemente hier ter sake [Kognitief, affektief, konatief, MHH]. Die oorgewig lê egter negatief, en die geheelbeeld is tog dat die kognitiewe, veral die kognitiewe feite, die klem kry' [Gerber 1994:284-289].

Die onvermoë van die Ned.Geref.Kerk om die balans te probeer handhaaf, word baie duidelik aangewys en aangevoel deur die reaksie van 'n streeksinode soos in die bylae aangeteken. 'n Soortgelyke reaksie is te bespeur in die herskrywing van die handboeke wat met die nuutste poging werklik erns probeer maak om die affektiewe aspek in die leerstof te beklemtoon. [AJK antwoord op versoek SJK Noord-Kaapland]. Die nuwe reeks kursushandboeke vir die opleiding van kategete het 'n soortgelyke reaksie t.o.v. die vorige kursus. In hierdie kursus word tans baie sterker klem daarop gelê dat kategete die vaardighede moet ontwikkel om die katkisante in hulle kategeseklasse en selfs daarbuite te begelei om ook die affektiewe kant van hulle geloof te realiseer. In 'n baie onlangse artikel oor kategese, pleit Prins nogeens met dringendheid: 'Geloofswarmte baie nodig in kategese.' [Kerkbode, 23 Junie 1995:14]

5.2.9 Huidige kategese nie vry van intellektualisme

Die onontwykbare gevolge vir die huidige kategesesisteem in die Ned.Geref. Kerk is dat die kategese in praktyk altyd skoolse [intellektualistiese] oorbeklemtoninge sal vertoon omdat die kognitiewe aspek van geloof, wat in 'n nimmereindigende stryd met die affektiewe aspek gewikkel is, by wyse van spreke altyd sal 'veg' om sy pond kognitiwiteit op te eis uit intuïtiewe vrees dat die affektiewe aspek, wat in presies dieselfde posisie is, dalk alles kan opeis. Voorlopig word hier aangeteken dat die kennisaspek van geloof nie weggedink wil word nie, maar die problematiek het betrekking op 'n oorbeklemtoning van die kennis aspek. By wyse van voorbeeld: Die kennisaspek kan nie in die kerk soos in 'n skool verreken word nie; net so min as wat die tug van 'n vader of moeder in die gesin [liefdes kwalifikasie] met die tug [straf] van die staat [regskwalifikasie] gelykgestel kan word. Die studie sal volledig hierop ingaan.

Dit moet dus duidelik wees dat, indien kategetiek in die Ned. Geref. Kerk op hierdie skoolse manier oor geloof praat, dink en leer, kategese nooit van sy intellektualisme ontslae sal kan raak nie. Geen bollemakiesie truuks van affektiwiteit; nuwe metodes

van onderrig; beter handboeke of watter ander ernstige planne ook al, sal help om kategese vry te maak van dié eintlike dilemma nie.

5.2.10 Katkisante ervaar kategese skools

Hierdie toedrag van sake kan dalk van die aanleidende oorsake wees waarom kategese deur sommige lidmate as 'n 'Fremdkörper' in die gemeente beleef word óf wat veroorsaak dat die erediens leegloop op die dae wanneer daar nie kategese na erediens gehou word nie, òf wat veroorsaak dat jong lidmate na belydenisaflegging onsigbaar in die gemeenskap van die gelowiges word. Naïewe ervaring in die praktyk van katkisasie, het my geleer dat die spontane reaksie van katkisante, veral in die senior katkisasie oorwegend is dat kerklike kategese nog maar weer 'n 'skool' is. Vandaar hulle traagheid om opgewonde oor kategese te raak. [23]

[23]. *Hierdie tendens het ek nêrens wetenskaplik getoets nie, maar ek hou my daarvan oortuig dat jongmense veral in die senior kategese in verset is teen die intellektualistiese atmosfeer van kategese wat eenvoudig resulteer in 'n passiewe houding t.o.v. die gemeente en erediens.*

HOOFSTUK 5

GEVOLGE VAN NED GEREF KERK KATEGESE

1. INLEIDING

Wat is die gevolge van 'n kategesestelsel wat volgens 'n bepaalde geloofsinterpretasie in die lig van die vorige hoofstukke, moet wipplank ry tussen ***intellektualisme en piëtisme***?[24] Hierdie hoofstuk wil dié vraag so duidelik moontlik beantwoord.

Die uitgangspunt in die beantwoording van die vraag kan egter ten minste tweërlei wees: Een moontlikheid is om hiervan 'n empiriese ondersoek te maak wat op dié manier kan vasstel watter resultate die huidige stelsel in terme van die dualistiese uitgangspunt oor geloof, lewer. 'n Tweede moontlikheid is om die resultate teoreties met verbeelding te probeer beredeneer. Ek maak 'n bewuste keuse vir die laasgenoemde metode.[25]

---

[24]. *Met piëtisme verwys ek na die affektiewe kant van die mens se verhouding met God. Sodra dit oorbeklemtoon word, verloor die verhouding met God alle redelikheid en verval in irrasionalistiese dwepery en toegewydheid.*

[25] *Ek maak 'n bewuste keuse om nie empiries te werk te gaan nie, omdat ek daarvan oortuig is dat empiriese ondersoeke nie noodwendig meer sogenaamde objektiewe inligting bied nie. Uiteindelik speel die interpretasie van die inligting die deurslaggewende rol. Empiriese ondersoeke verdra m.i. die gees van positivisme te veel. Die probleem is dat sogenaamde feitekennis die wêreld van die wetenskap altyd ten koste van verbeeldingryke denke sal wil beheers. Deist skryf verhelderend hieroor in 'Salman Rushdie en die verhalende literatuur van die ou Nabye Ooste' [Deist 1992:9,11-13]. HW Rossouw handhaaf 'n soortgelyke standpunt: 'Vrae wat nie deur empiries-analitiese ondersoeke beantwoord kan word nie en probleme wat nie deur ... tegnologiese beplanning en toepassing opgelos kan word nie, word na die ryk van die illusie verwys' [Rossouw 1992:5]. HC Pieterse bespreek dieselfde aangeleentheid en het m.i. te min kritiese distansie t.o.v. die empiriese metode van ondersoek as kenteoretiese probleem. Die volgende stellings bevestig dit: 'Analises en beskrywings van kontemporêre Christelik-kommunikatiewe handelinge* **kan slegs empiries** *[klem MHH] gedoen word ... Die feit is eenvoudig dat ons die* **eksaktheid** *van die kwantitatiewe analise en die* **diepgang** *van die kwalitatiewe ondersoek nodig het ... [Pieterse 1992:16,22].*

2. GEVOLGE VAN DIE HUIDIGE KATEGESESTELSEL IN DIE NED GEREF KERK

2.1 Die kategese-bediening as 'n aparte aksie bereik nie die volle potensiaal nie

Geloofsopvoeding [aan die jeug of andersinds] in die kerklike lewe word noodwendig verskraal as die geloofsvisie van kategetiek ***slegs*** in terme van ***twee*** aspekte van die relasie, t.w. ***kennis en vertroue***, uitgedruk word. Hierdie perspektief verdring noodwendig al die ander moontlike aspekte van die relasie, gedagtig daaraan dat elk van hierdie aspekte aandag verdien t.o.v. kategetiese vorming onder leiding van die Woord-mag wat daarop inwerk.

Die volle perspektief op kategese word verder ondermyn, omdat dié twee pole wat ter sprake is, uiterstes word[26]. Dit op sy beurt veroorsaak dat die kennisaspek en die gemoedsaspek van geloof, wat as teenhangers teenoor mekaar te staan kom, onderskeidelik onder verdenking kom. Die probleem vir die kategesepraktyk in terme hiervan, is dan die volgende: Watter maatstaf het kategese om te weet of dit in die praktiese beoefening daarvan dalk òf ***te skools*** óf ***te irrasioneel-piëtisties*** is? Op dié manier word die legitieme *redelike* kant van geloof en die legitieme *gemoedelike* kant daarvan in die kategese voortdurend met agterdog bejeën.

Nog 'n ander moontlikheid van verskraling is dat een van die twee onderskeie aspekte van geloof ten koste van die ander ***oorbeklemtoon*** word. En alle uiterstes werk soos enige '-isme' teen-produktief op die werklikheid in. Dit verskeur en vertrek die werklikheid in ***afgodiese eensydighede***. Reeds in 1963 het Dooyeweerd [1963:94] in dié verband oor 'Het geloof in gesloten toestand.' geskryf: 'Waar het *hart* zich toesloot en zich van God afkeerde, werd ook de *geloofsfunctie* toegesloten voor het licht van

---

[26] *Die teoretiese beginsel van soewereiniteit in eie kring is in dié verband ter sprake. Die werklikheid kan nooit in terme van een van die aspekte daarvan uitgedruk word sonder om in eensydigheid te verval nie. Hieroor skryf Dooyeweerd: 'Wie de geschapen werklijkheid naar **één** harer aspecten verabsoluteert, kan **geen** dezer aspecten meer in haar **eigen innerlijke aard** vatten. Hij heeft een **valse**, een **onware** kijk op de realiteit, wat volstrekt niet uitsluit, dat hij tot ontdekking van verschillende belangrijke waarheids**momenten** kan komen. Maar deze waarheids**momenten** worden door hem in een vals **totaalbeeld** der werklijkheid opgenomen. Zij worden juist in dit valse totaalbeeld tot de meest gevaarlijke en giftige wapenen van de leugengeest' [Dooyeweerd 1963:40].*

Gods Woord' [Dooyeweerd 1963:95]. En later voeg hy hieraan toe, '... wie meent dat het geloof in de natuur-demonen [tipiese ou afgode soos aanbidding van riviere, ens. MHH] door de moderne natuurwetenschap radicaal is uitgeroeid, vergeet, dat een geheel heir van "moderne" demonen [verwysende na die tipiese "-ismis afgode" van vandag. MHH] gereed staat de opengevallen plaats in het afvallig geloofsleven te bezetten' [Dooyeweerd 1963:98]. Dit bring ons by nog 'n nadelige gevolg van die bogenoemde kategesevisie van die Ned.Geref. Kerk.

2.2 Ontwikkeling van 'n godsdienskultuur van intellektualisme[27]

Indien net een of twee kante van ons geloofsverhouding met God in die vorming daarvan aandag kry, moet dié aspek of aspekte noodwendig oorbelas word. Die bevindinge in die vorige ontleding is dat die Ned. Geref. Kerk se kategesebenadering wipplank ry tussen die kennis- en gemoedskante van geloof en dat die kenniskant veral spesiale aandag gekry het.

Hieruit is die volgende konsekwensies vanuit 'n oorbeklemtoning van die intellektuele kant van geloof ter sake:

2.2.1 Intellektualisme en geloofs- en Godsbeskouing

Die ***oorbeklemtoning*** van die kennisaspek van geloof, d.w.s. die intellektuele/redelike faset van die mens se verhouding met God, resulteer noodwendig in 'n rasionalistiese en/of intellektualistiese beskouing daarvan en ook die teologiese benadering in die algemeen. Op dié manier word 'n godsdienskultuur ontwikkel wat God en die mens se verhouding met Hom uiteindelik amper ***ten alle koste wil begryp en verklaar***. Dit maak die verhouding met God uiteindelik hoofsaaklik ***feitelik*** en verdring sodoende ware lewenskragtige geloof. Want geloof is nou eenmaal nie aanskoue nie! Die oomblik as God begryp word, uitgereken kan en wil word, is God nie meer vry om God op Sy manier te wees nie. God word op die manier baie gou 'n maaksel van die mens se ***denke***. Dit wil sê, die oomblik as God begryp word, verander Hy in die

---

[27]. *Vergelyk in dié verband die gevolgtrekkings in Hoofstuk 3.*

afgod van die mens se rede. Geloof in God word op dié manier vermoor en vervang met skeptisisme; uiteindelike belangelose agnostisisme en aktiewe ateïsme. Die moontlikheid is baie sterk dat, indien God só met die rede deurgrond word, God eintlik finaal deurdink word en Hy uiteindelik vervelig word. Hy raak so 'uitgedien' dat mense liewer agnosties of ateïsties raak of die vreemde weë van die okkulte, wat ten minste nuut en skynbaar ondeurgrondelik is, naloop.

2.2.1.1 'n Bydrae van FE Deist

Deist [1990] beklemtoon in dié verband dat indien kinders van kleins af aan 'n skoolse [hoofsaaklik redelik en feitelik geörienteerde] benadering van godsdiensonderrig en skoolonderrig blootgestel word, hulle later juis hulle kinderlike geloof, waarna Jesus in die Evangelies verwys het, verloor. Sy argument is soos volg:

Kinders word van kleins af geleer om ***feitelik*** na die werklikheid te kyk. 'Ons leer hulle dat "ware" kennis slegs verleng word as ons die dinge wat ons wil ken, uitmekaar gehaal het en met ons verstand verklaar het, en dat gewaarwordinge wat ons "aanvoel" verdag is en dat 'n mens dit nie regtig kan glo nie!'[Deist 1990:8]. En dit beteken dat ons hulle '... mettertyd leer dat die werklikheid net één kant het: dit wat ons kan sien en ruik en voel en hoor. Dis óns onderrig wat hulle wêreld mettertyd kleiner maak as wat dit regtig is. Dis óns wat hulle leer dat slegs dinge wat deur die verstand begryp kan word 'regtig' bestaan. Dis óns wat hulle verstand ten koste van hulle gemoed oefen en hulle leer dat 'n aandoening van die gemoed--in vergelyking met die insig van die intellek--onder verdenking staan' [Deist 1990: 7-8].

Dit is hierdie vereensydiging van die kennisaspek van die werklikheid wat veroorsaak dat volwasse lidmate, die Bybelse wonder- en wonderlike verhale nie meer kan glo nie. Want, so beweer hulle, hulle het mettertyd geleer om sogenaamd hulle *verstand* te gebruik. Hulle is wel deur die jare in die kategese opgevoed om die verhale te glo, maar hulle kan dit eenvoudig nie meer doen nie omdat die verhale in terme van hulle verstand [feitelikheid], na fiksie begin klink. Deist onderstreep dit met die verhaal van Noag en die ark.

Ons vertel die kinders die verhaal van Noag en die ark en hulle luister aandagtig daarna. Maar dan vra ons in die kategese ['standaardtoetse' en al] met ons feitekennis benadering van die lewe, vrae soos: Hoe lank het Noag aan die ark gebou? Hoe hoog en lank en breed was die ark? Hoeveel dae het die sondvloed geduur? ens. En as die feite mooi ingesink het, word hierdie katkisante groot en hulle begin bereken: Hoe kan so 'n klomp diere almal tegelyk op 'n skip, omtrent so groot soos 'n rugbyveld, kom? En hoe kan so baie verskillende diere vir so baie dae leef, met genoeg kos wat waarvandaan sal kom om almal gevoed te kry? Hoe kon soveel dae se reënwater die hele aardbodem oordek? [vgl. Deist 1990:35,36].

Indien mense hierdie en soortgelyke vrae nie feitelik beantwoord kan kry nie, is dit te verstane dat die pad hiervandaan kort is om God agter en in die verhale te begin betwyfel.

Deist [1990] maak in aansluiting hierby, saam met Du Plessis en Priestley[28], 'n skrikwekkende gevolgtrekking oor die moontlike gevolge van intellektualisme in godsdiensonderrig [resp. kategese]. '... miskien [is dit] een van die vernaamste redes ... waarom so baie mense deesdae tot die eienaardigste kultusse, selfs Satanisme, aangetrokke voel. Ons leer ons kinders wat "werklik" en "onwerklik" is en moedig hulle op dié manier [onbewustelik] aan om die geloof aan die werklikheid van die onsigbare wêreld uit hulle bewussyn te verdring.'[29]

Die gevaar van die skoolse en feitebenadering in die kategese word deur hierdie inset onbetwisbaar duidelik aangetoon. Met die beste bedoeling in die wêreld kan ons ons

---

[28]. *Vergelyk in die verband die werke van E du Plessis 1988, 'A new interest in the supernatural' in Christian Forum 2/3:10-11 en JB Priestley 1962, 'Literature and Western man', London, Heinemann.*

[29]. *Deist voer hierdie argument nog verder: 'Die onsigbare wêreld bly egter sy prikkels en boodskappe uitstuur ... Omdat die blote verstand nie weet hoe om daardie prikkels ... te verwerk nie, verwerp of ontken hy dit. Dan kompenseer die onderbewuste vir die verlies ... Uiteindelik lei dit daartoe dat mense hul toevlug neem tot enigiets wat daardie behoefte bevredig. Die hedendaagse belangstelling in die okkulte is dus onder meer 'n onderbewuste kompensasie vir 'n godsbewussyn wat ons deur eensydige intellektuele onderrig uit mense se bewussyn verdring het!' [Deist 1990:12].*

kinders al onderrigtende in die twyfel en ongeloof inhelp -- word ons hulle struikelblokke; 'verhinder ons hulle.'

2.2.2 Intellektualistiese geloof en die Bybel

As geloof intellektualisties/rasionalisties vasgeval het, slaan 'n baie groot deel van die geloofsboek, die Bybel, vir mense toe. Want 'n groot deel van die Bybel is ***verhalende*** stof. En verhale wil nie in die eerste plek beredeneer nie, maar eerder *'geniet'* word.

Die probleem is dat die menslike rede [in ons geval teo-***logie***] 'n neiging het om die verhale van die Bybel op te snipper in dogmas of abstrakte waarhede waarmee ons sake en dinge wil staaf en as waarheid wil bewys. R. Carroll [1991:40] sê die intellektualis [resp. teoloog] wil altyd die verhale van die Bybel dogmaties en sistematies tem.

> 'In this dogmatic network the definition of God had become trinitarian and theologically highly abstract, so that the ***biblical stories*** [Klem MHH] came to be read as if there were a simple equation between the fictional mode of representing Yahweh and the unmoved mover behind the universe. Jahweh, the character in many a stirring tale, became the eternal One without body, part or passions.
>
> [Carroll 1991:40].

Intellektualisme en rasionalisme soek na ***feite***. Want iets wat nie op feite gebaseer is nie, is fiksie en fiksie is mooi stories wat nie betekenisvol met die werklikheid te doen het nie. Met fiksie droom mens oor die lewe; kan mens die lewe dalk geniet, maar met feite kan mens [die teoloog] iets bereik en doen. Jy kan byvoorbeeld slaag om ander mense of dinge doelbewus te leer, te rig, te manipuleer en uiteindelik te beheer.[30]

---

[30] *Prof Dingemans het met sy besoek aan Suid-Afrika in Maart 1993, by die Kweekskool te Stellebosch in 'n lesing op 'n vraag oor evaluasie en kontrole in die kategese 'n veelseggende opmerking gemaak. Vry aangehaal was die essensie van prof Dingemans se antwoord soos volg:* **Die draaipunt in my visie oor kategese het**

Vir mense wat die Bybel met 'n feite-benadering lees, word 'n baie groot deel daarvan dus steriel en kan dit nie meer kreatief opbouend in hulle lewens inspeel nie.[31] Want 'n opregte rasionalis hou nie daarvan om sy tyd met stories, wat nog van oerstories wat in elk geval mities en onwerklik klink, te verkwis nie.

Die handboeke van die kategese in die Ned.Geref. Kerk is 'n sprekende voorbeeld van onderrig waarin die kerk se dooplidmate van kleins af juis ***afgeleer*** word om deur die verhalende trant van die Bybel aangespreek te word. Op dié manier word die Bybel vir ons kinders toegesluit. 'n BOEK wat met 'n ryke verskeidenheid literatuursoorte dinamies op die hart van die kind moet inspeel, word 'n abstrakte besigheid wat kontak met die werklikheid verloor [vgl. Waterink 1958:624].

Die volgende voorbeelde[32] uit die handboeke bevestig die bogenoemde:

---

kategese 'n veelseggende opmerking gemaak. Vry aangehaal was die essensie van prof Dingemans se antwoord soos volg: **Die draaipunt in my visie oor kategese het gekom toe ek in die praktyk van my kategesebediening geleer het om heeltemal daarvan af te sien om jongmense met die Evangelie te manipuleer en te probeer beheer.** *As jongmense hoofsaaklik logiese waarhede [dogmas] uit die Bybel geleer word, het mens inderdaad meer beheer oor hulle aangesien hulle gekontroleer kan word of hulle die waarhede ken met die hoop dat hulle dit dan ook vir die waarheid aanvaar het. Hierteenoor is dit bykans onmoontlik om beheer oor mense te hê deur hulle hoofsaaklik bloot te stel aan die verhale van die Bybel. Want 'n verhaal loop sy eie pad met die mens wat dit aanhoor. Dit gryp die verbeelding [nie net die intellek nie] aan en die verbeelding kan nie regtig gekontroleer word nie. Verbeelding loop met elke individu 'n eie verbeeldingspad.*

[31]. *Deist het i.v.m. hierdie onderwerp 'n uitstaande aktuele lesing ter nagedagtenis van prof Charles Fensham van Stellenbosch waargeneem. Hy het hiervoor S.Rushdie se verhaal: 'Haroun and the sea of stories', as allegorie gebruik om aan te toon hoe die teologiese dogmatisme en intellektualisme die Bybel en veral dan die Ou Testament vermink het. Dit het ons afgesny van die stroom van hierdie verhale wat ons lewe weer met blydskap en sinvolheid kan vul, soos Rashid Khalifa die wanhopige inwoners van die plakkerskamp in Alifbay met sy sg. sinlose stories blygemaak het, selfs al het almal geweet hy maak die stories in sy verbeelding op. Ek het vryelik van Deist se gedagtes in hierdie paragraaf gebruik gemaak.*

[32] *Hierdie voorbeelde is nie spesifiek uitgesoek nie. Ek het slegs na die eerste lesse wat verhalende stof hanteer geblaai. Hierdie voorbeelde is derhalwe nie as die uiterste voorbeelde gekies, bloot om my stellings te probeer bewys nie. Mens hoef dus nie vir soortgelyke voorbeelde in die handboeke te soek nie, want al die boeke is so saamgestel. Ek verwys weer eens na die studie van SKLAS wat ook in diepte navorsing in dié verband gedoen het [Ned. Geref. Kerk Noord-Kaapland in paragraaf 2.13].*

2.2.2.1 Uit die begin van die Abraham-verhale waarin die storie van die roeping van Abraham [Gen 12] vertel word, moet die katkisant ***reeds in Sub A*** die volgende ***lesse*** leer:

* God kies mense om Hom lief te hê en aan Hom gehoorsaam te wees. Julle is ook God se mense.
* Die hemelse Vader sorg vir sy kinders.
* Ons hemelse Vader gee Jesus vir ons om ons van die sonde te verlos en te bewaar.
* Ons moet lief wees vir God en bly wees dat Hy vir Jesus gestuur het om ons van die duiwel te verlos, vry te maak [Malan 1986:40].

Hierdie 'dogmatiese' deduksies wat die katkisante as les uit die verhaal moet leer, heet in terme van die voorskrif aan die kategeet [klem MHH] '... die samehangende ***waarhede*** [***feite***, gesindhede wat reeds in die vertelling ***uitgekom het***] wat aan die doel van die les gestalte gee...' [Malan 1986:Voorwoord]

2.2.2.2 Uit die verhaal van die roeping van Josua [Jos 1-3], moet die ***katkisant in st. 3*** die volgende leer. Let wel, die feit dat hierdie 'dinge' deur die kind ***soos in die skool geleer*** moet word, word duidelik onderstreep deur die volgende aantekening wat die skrywer van die boek vir die kategeet oor die metodiek van klasgee beklemtoon [klem MHH]: 'As die ***lesinhoud*** afgehandel is, word net die hoofpunte [van die les] op die skryfbord kortliks weer herhaal, omdat die ***leerproses*** tot 'n hoë mate op herhaling gegrond is. Dit skerp die hoofsake waaroor die inhoud gegaan het, weer eens in die ***leerlinge se*** gemoed en ***geheue*** in' [Eloff 1987: xvii].

Die genoemde hoofsake uit die verhaal van Josua is dan soos volg:

* God bepaal elke mens se lewe -- van sy geboorte tot sy sterwe.
* 'n Geesvervulde mens word vrugbaar deur die Here gebruik.
* Die Here kan die grootste sondaar red [Eloff 1987:1].

En dié hoofpunte wat die katkisant uit die les moes leer en onthou, heet weer eens volgens die voorskrifte vir goeie onderrig aan die kategeet, die '... dieperliggende ***altyd geldende beginsels*** [klem MHH]. Dit is die dieper sin wat ***God*** deur die geskiedenis aan ons openbaar' [Eloff, 1987:xvii].

2.2.2.3 Vir die kinders in die senior katkisasie [st. 5 tot st. 9] word die verhale van die Bybel feitlik heeltemal toegesluit aangesien die handboeke vir hierdie jare spesifiek

daarop ingestel is om die leer van die kerk aan die kind oor te dra. ***Die st. 5 katkisant*** loop hom dan ook reg aan die begin van hierdie jaar van onderrig in sy Senior Katkisasie loopbaan in die volgende vas: '... die eerste ding ... wat jy moet kan doen voordat jy in die Nederduitse Gereformeerde Kerk toegelaat word ... ' is: "Ek moet 'n behoorlike ***kennis*** van die ***Bybel*** hê" [klem MMH]. En omdat die opdrag te groot is om die 1 189 hoofstukke en 31 174 versies van die Bybel te ken, was daar '... gelukkig deur die jare mense wat vir ons ***opsommings*** van die belangrikste ***feite*** [klem MMH] in die Bybel gemaak het. Ons noem hierdie soort opsommings van die ***hoofwaarhede*** [klem MMH] van die Bybel "belydenisskrifte" [Botha, 1990:27].[33]

2.2.2.4 Uit 'n oorsig van verhale uit Gen 1-12[34] moet die katkisante in st 8 die volgende leer: '... hoe God sy koninkryk van die skepping af tot met die verbond met Abraham regeer en bewaar' [Leef en dien 2, 1990:171]. Sewe hoofpunte word hieronder behandel wat die hooflyn van die verhale probeer uiteensit. Dan word die volgende toepassing gemaak:

* God is die Skepper van die ontsaglike heelal en van elke mens. Hy onderhou ook sy skepping van oomblik tot oomblik. En '... ons noem dit sy algemene genade'
* [Leef en dien 2 1990:176].

* God is ook my Herskepper en Instandhouer. Hoewel Hy sy algemene genade aan alle mense gee, het Hy deur die Heilige Gees sy kinders wederbaar en so uit genade 'n nuwe lewe geskenk. Daarmee gee Hy ook

---

[33]. *Hierdie soort beskrywing van die Belydenisskrifte van die Ned.Geref. Kerk, is m.i. hoegenaamd nie die bedoeling daarvan nie. Die feit dat die belydenisskrifte as 'opsommings van ewige waarhede' verstaan word, beklemtoon nogeens die rasionalistiese uitkyk wat die skrywer op geloof het. Belydenisskrifte is in die eerste en laaste instansie uitdrukkings van kerkmense se gemeenskaplike **geloof** en nie van afgeleide ewige waarhede nie.*

[34]. *Die keuse van die eenheid, Gen. 1-12, is vreemd omdat Gen. 1-11 'n algemeen erkende eenheid in die verhale van Genesis is. Indien die bedoeling was om God se antwoord op Gen 1-11 by te bring, is die wyse waarop dit gedoen word, heeltemal dogmaties en nie openbarings**verhale** soos dit veronderstel is om te wees nie. Die volgende opmerking wat as samevatting vir die katkisante gegee moet word, bevestig dit:'God sluit 'n **genadeverbond** met Abraham, die vader van die gelowiges van alle tye, en red so sy volk se voortbestaan'[Leef en dien 2 1990:176]. In die verhale is daar nog hoegenaamd nie sprake van God se volk nie. God se redding word sommer lynreg [dogmaties] op die kerk van toepassing gemaak. Dit is nie openbaringsgeskiedenis nie, maar 'n preek!*

aan hulle die ware geloof in Christus as hulle Verlosser. 'Hy sorg dus vir my kragtens sy algemene en besondere genade' [Leef en dien 2, 1990:176].

* 'Nou kan sy kinders nie net sy kultuuropdrag uitvoer soos ander mense dit ook doen nie, maar hulle kan dit soveel sinvoller doen, omdat hulle dit... vir Hom en tot sy eer doen en so sy koninkryk op alle terreine van die lewe uitbrei' [Leef en dien 2, 1990:176].
* Deur die krag van die Instandhouer van my geloofslewe, die Heilige Gees, kan ek die sonde en sondige samelewingsvorms vermy en voluit en vreugdevol... lewe...' [Leef en dien 2 1990:176].

Die agtergrond van hierdie soort hantering van openbaringsgeskiedenis deur die Ned.Geref. Kerk se kategesestelsel, word ook duidelik in die behandeling van die betrokke les hierbo gegee: 'In hierdie laaste kwartaal word net die hoogtepunte van God se openbaring ... met julle behandel. Dit word gedoen om die ***belangrike waarhede*** [klem MMH] weer eens by julle ***in te skerp*** [klem MMH] en af te rond' [Leef en dien 2, 1990:170].

Hierdie laaste voorbeeld onderstreep dat die inhoud van die kategesehandboeke ook in die senior katkisasie 'n deur en deur dogmatiese benadering tot die Bybel het. Van die kategeet word nou verwag om hierdie 'dogmatiek' by die katkisante in te skerp. Op hierdie manier word daar dogmaties ***oor*** die Bybel en sy inhoud gepraat. Daar word ook uit die aard van die saak ***omstrede*** oor die inhoud van die Bybel gepraat en geleer. Want almal hoef nie noodwendig met hierdie 'dogmatiese uitleg' van die 'geskiedenis' saam te stem nie. In laaste instansie maak hierdie soort handboekinhoud uitsluitlik appèl op die rede van die katkisant. En die Bybelverhale het iets totaal anders in die oog: Mens stry nie daaroor nie. Jy geniet en glo dit of jy verwerp dit in ongeloof.

2.2.3 Intellektualistiese geloof en moralisme

Intellektualisme en rasionalisme, soos dit in die kategese-stelsel van Ned. Geref. Kerk gestalte gekry het, reduseer soos ons in die voorbeelde uit die handboeke vir die kategese hierbo gesien het, die Bybel uiteindelik tot 'n reeks belangrike ***ewige waarhede*** wat katkisante moet ***leer en ken***. Op dié manier word ***kennis uit die Bybel***

die ***kennis van feite*** in plaas van die ***kennis van God***.[35] Die katkisant ontvang dus uit die Bybel goeie ***informasie oor God*** in plaas daarvan dat die Bybel God, soos 'n goeie verhaal met die luisteraar doen, lewend voor die katkisant in sy situasie teenwoordig laat wees.

Die logiese reaksie wat hierop volg, is dat die kennis van hierdie ***verworwe feite*** oor God die kind moet help om 'n volwaardige lidmaat van die kerk te wees. En die volgende stap is dat die katkisant aan ***dié feite onderworpe*** moet wees; dit moet ***gehoorsaam***. Op dié manier is die eindresultaat van die kategese, ten minste in hierdie opsig, voor die hand liggend: Lidmaatskap van die kerk en eventueel burgerskap van die Koninkryk van God word gewaarborg deur ***gehoorsaamheid aan die ewige waarhede*** van die Woord.[36] Dit klink dalk so reg en waar, maar die hart hiervan is blatante ***moralisme.***

Want hiermee is die tafel gedek dat die mens se verhouding met God uitgedruk word in terme van ***gehoorsaamheid aan die ewige waarhede*** in die Bybel. En só word die bose kringloop in die mens se geloofslewe aan die gang gesit: ***Die strewe om elke dag beter te vaar in gehoorsaamheid aan die ewige waarhede van die Bybel omdat groter gehoorsaamheid jou nader bring [vir die eerste keer of by vernuwing] aan God***. Die bose kringloop is voltooi wanneer dit, dalk heeltemal onbedoel, in 'n ***verdienstelikheidsleer*** oor geloof eindig; net soos of dalk erger as dit waarvan die

---

[35]. *Vergelyk in dié verband wat DL van Niekerk reeds oor die lesinhoude van die kategese in die Bylae, paragraaf 2.11 opgemerk het: ' Uit die Evangelie ontvang ons geen blote informasie oor God nie, uit die mond van God word geen spekulatiewe leer oorgelewer nie, maar doctrina wat die koers van ons lewe bepaal' [Lêer 'Predikantekursusse', SKAE-Kantoor Noord-Kaapland, Referaat 2, DL van Niekerk:4].*

[36]. *Die verskynsel van bibliolatrie is een van die uitwasse van die rasionalisme en moralisme. Die Bybel met sy ewige waarhede neem die plek van die lewende God in. So lank ek net getrou bly aan dit wat in die Bybel geskryf staan. Geloof in God verskuif na geloof in die Bybel self. ' In de Christendom dreigt ook altijd het gevaar van b., zodra men de H. Schrift losmaakt van het komen God in Christus Jesus en voor dit boek als het Woord Gods ijvert, zonder perzoonl.ijk Christus daarin ontmoet te hebben' [Polman 1956:616].*

Gereformeerdes tradisionele Roomskatolisme vir baie jare beskuldig het.[37] Van Niekerk haal Huyser aan wat in direkte verband hiermee reeds in 1941 gesê het: 'Moralistic preaching [resp. 'teaching' MHH] is legalistic; it issues ***imperatives*** [ewige waarhede wat gehoorsaam word MHH] without the divine indicative; it makes of the gospel a moral law; it seeks to accomplish by works what can only be accomplished ***by grace***' [Lêer 'Predikante Kursusse' SKAE Kantoor Noord-Kaapland, DL van Niekerk:4].

2.2.4 Intellektualistiese geloof en legalisme

As Bybel-stories vir katkisante hoofsaaklik in terme van reekse ***intellektuele waarhede*** voorgehou word [vgl. die voorbeelde hierbo uit die Kategese handboeke], word hierdie waarhede eintlik vanselfsprekend ***geloofswette***. En op hierdie wyse word die katkisant se lewe van vroeg reeds in 'n wettiese gees, 'n wetties-gebonde lewe. Twee dinge is in die verband ter sake:

2.2.4.1 Die evangelie word ***radikaal*** aangetas.

Die vryheid waarmee Christus die mens ***vrygemaak*** het, word met 'n wettiese lewensbenadering totaal ondergrawe. Mense word op hierdie wyse in die naam van Christus weer slawe van net nog 'n nuwe godsdiens-sisteem. En omdat dit in die naam van Christus geskied, word dit haas onmoontlik om van hierdie nuwe 'Christus'-slawerny bevry te word. CR Swindoll het breedvoerig hieroor geskryf. Ek haal slegs die volgende aan:

> 'Scarcely a day passes when I am not reminded of the need for a book emphasizing the full extent of grace, giving people permission to be free, absolutely free in Christ. Why? Because so few are! Bound and shackled by

[37] *Huyser het reeds in 1941 aangedui dat, indien die Bybel uiteindelik die optelsom van 'n reeks ewige waarhede of voorbeelde [wat rasionalisties as die dieper betekenis van die Bybel aangedui word] is, moralisme en wettisisme noodwendig volg. Die rasionalisme van die 18e en 19e eeu was juis in die teologie hiervoor verantwoordelik [vgl. Lêer 'Predikante Kursusse' SKAE Kantoor Noord-Kaapland].*

> legalists' lists of do's and don'ts, ... far too many in God's family merely exist in the tight radius of bondage ... Long enough have we lived like frightened deer in a restrictive thicket of negative regulations ... Long enough have we been asleep while all around us the grace killers do their sinister nighttime work' [Swindoll 1990: xv].

In dieselfde trant skryf Peterson oor die afbrekende gevolge van legalisme in die gemeente:

> 'How does anyone get the life of faith associated with dullness, with caution, with inhibition, with stodginess? We might fairly suppose that a congregation of Christians, well stocked with freedom stories -- stories of Abraham, Moses, Dawid, Samson, Deborah, Daniel -- would not for a moment countance any teaching that would suppress freedom. We might reasonably expect that a group of people who from infancy have been told stories of Jesus setting people free and who keep this Jesus at the centre of their attention in weekly worship, would be sensitive to any encroachment on their freedom ... But in fact the community of faith, the very place where we are most likely to experience the free life, is also the very place where we are in most danger losing it.' [Peterson 1988: 57-58]

Die rede hiervoor, wat Peterson nie vermeld nie, is dat verhale van vryheid nie as sodanig in die Ned. Geref. Kerk se kategeseboeke vertel word nie. Dit het eerder verhale geword waaruit sedelesse, met die pretensie van suiwer dogmatiek, afgelei is. Sedelesse wat in die lewe voor God tot sedewette verword het.

2.2.4.2 Die evangelie word misbruik om mense se lewens volgens menslike insigte [wette] te kontroleer en te beheer.

Benewens die feit dat sogenaamde christelike legalisme die lewe van mense weer in slawerny dompel, neig dit ook om mense se lewens te kontroleer en te beheer. Dit kom op uit die vrees dat gelowiges uiteindelik nie gehoorsaam genoeg aan die eise van die wette vir hulle lewe voor God en mekaar sal handel nie. Hierdie vrees dryf die individu en die geloofsgemeenskap om al strenger aan die wette gebonde te leef. In

hierdie gesindheid misbruik leiers in die geloofsgemeenskap gewoonlik die evangelie om aanvanklik met goeie bedoelings, beheer en kontrole oor ander se lewens te kry. In die kategese kan die verhale van die Bybel dan nie meer as wonderlike verhale oorvertel word nie. Die *lesse* uit die verhale moet eerder noukeurig uitgelig word om op hierdie wyse toe te sien dat die katkisante die gekontroleerde waarhede, wat in die boeke vergestalt is, kan aanleer en in hulle lewe te internaliseer. Op hierdie wyse word kategese 'n verbloemde en gevaarlike instrument om die jeug van die kerk van bo af ten minste kerklik te beheer en te kontroleer. Taylor skryf hieroor:

> The great weapon of authoritarianism, secular or religious, is legalism: the manufacturing and manipulation of rules for the purpose of illegitimate control ... If we can ... enforce an exhaustive list of do's and don'ts (with an emphasis on external behavior), we not only can control unpredictable human beings but have God's favor as well ... [Taylor 1986:34-36]

Dit kos nie veel insig om raak te sien dat die reekse Sinode besluite en kerklike bepalings m.b.t. kategese in die Ned. Geref. Kerk absoluut die gees van kontrole en beheer adem nie. Nog 'n resultaat van 'n godsdienskultuur van intellektualisme. Dit sal interessant wees om na te vors hoe hierdie aspek van die kerk se lewe, ook in die kategese onder die vaandel van Calvinisme, verband gehou het met die politieke situasie in SA voor 1994. Dit was veral die tydperk waarin die Ned. Geref. Kerk so intens met die regering van die dag vervleg was; 'n regering wat probeer het om haas elke aspek van die lewe van bo af te beheer en te kontroleer.

2.2.5 Intellektualistiese geloof en sola gratia

Die kategesestelsel van die Ned.Geref. Kerk, wat konsekwent met 'n dualistiese geloofsvisie werk, ondergrawe eventueel die genadekarakter van die Evangelie. Na twee kante, word óf die kennisaspek óf die gevoelsaspek van die geloofsverhouding so oorbeklemtoon dat ***geloof*** óf 'n oorwegend ***gevoels***-geloof óf 'n oorwegend ***rede***-geloof word. Die resultaat hiervan is op sy beurt gevoelsgodsdiens, óf sg. dooie vormgodsdiens. In beide hierdie praktyke word die ***sola gratia***-beginsel van die

Evangelie sinergisties of deur die gevoel of deur die rede van die mens kragteloos verwater.

In die kategese hang dit direk saam met die problematiek wat sommige jongmense met hulle heilsekerheid ontwikkel. God se allesomvattende redding [pro nobis; sy heil vir ons] wat dood***eenvoudig*** geglo moet word, is vir die gevoels-geloof eers realiteit as die redding [in Christus] op een of ander manier supplementêr ***beleef*** word. 'n Bekende uitgangspunt hiervoor is: ***die noodsaaklikheid van 'n persoonlike ontmoeting met God***. In dié geval moet die gevoel dus die ***sola gratia*** aanhelp of bystaan om die redding te realiseer. Dan is dit egter nie meer ***sola gratia*** nie.

Die ander kant van die munt is tipiese vormgodsdienstigheid [vroomheidsbeginsel] wat die ***sola gratia*** aanvaar maar ***gehoorsaamheid*** aan bepaalde Skrifbeginsels voorwaardelik daaraan koppel. In praktyk is die selfgewerkte 'heil' op grond van gehoorsaamheid aan die ewige waarhede[38] van die Bybel, so dominant dat ***genade*** feitlik oorbodig word. Trouens, genade word dan 'n aanstoot vir die selfverworwe heil. Die Fariseërs wat Christus [solus Christus] volgens die Nuwe Testament verwerp het, is hiervan 'n ekstreme maar duidelike voorbeeld.

In die kategese word heilsekerheid dus in terme van die bogenoemde twee eensydighede prakties problematies: 'n Totale of wisselende ***onsekerheid*** omdat die gevoelsaspek oorbeklemtoon word en 'n uiters gevaarlike ***valse sekerheid*** omdat die kognitiewe aspek geloof oormeester.[39]

---

[38] *Vergelyk weer eens die resultate van die oorbeklemtoning soos dit in die kategesehandboeke ingebed geraak het.*

[39] *In 1986 het die Jeugkantoor van die Ned.Geref. Kerk in Natal 'n ondersoek onder matrikulante by twee skoolverlaterskampe geloods. Meer as 95% van die bywoners van die kampe is lidmate van die Ned.Geref. Kerk wat normaalweg aan die begin van hulle matriekjaar openbare belydenis van hulle verlossing in Christus gedoen het. Die doel van die ondersoek was om ter wille van 'n effektiewe bediening by skoolverlaterskampe '... 'n meer akkurate beeld te kry van die leefwêreld van vandag se matrikulante en meer bepaald die Afrikaanssprekende blanke Natalse matrikulante...' [Meyer 1986:2]. Die resultate van die ondersoek omtrent die geloofslewe van die matrikulante was die volgende: ' Byna al die matrikulante glo vas dat die God van die Bybel werklik bestaan [97%] en dat die Bybel die ware en foutlose Woord van God is [95%]. Byna almal glo ook vas dat Jesus Christus vir hulle sondes betaal het [98%], maar net 74% glo vas dat hulle eendag saam met*

2.2.6 Intellektualisme en die kategeseskool

Die voorafgaande uiteensetting van hoe die intellektualisme die Ned.Geref. Kerk se kategesestelsel deursuur het, verklaar dan ook waarom die ***struktuur*** waarbinne al die kategese-aktiwiteite in die gemeente dienend werksaam is, noodwendig 'n ***dwingende*** skoolsisteem is [vgl. hoofstuk 1:19]. Dit veroorsaak dat kategese in die gemoed van mense 'n organisasie is wat naas en apart van die gemeente as 'n grootheid op sigself funksioneer.

2.2.7 Intellektualisme en kategetiek

Afsonderlike aantekeninge word in verband met die gevolge van die Ned.Geref. Kerk se perspektief op geloof in die kategese gemaak m.b.t. die hantering van die Bybel in die proses van kategetiese teorievorming. Die tekste oor teorievorming in die beskikbare kategetiek van die Ned.Geref. Kerk, toon telkens aan dat die Bybel op ***'n naïef-realistiese***[40] wyse aangewend word om die rasionele opbou van die kategetiek te staaf. Kategetiek in die Ned.Geref. Kerk word in die lig van die intellektualistiese hantering van die Bybel prakties op die volgende wyse beoefen: die kerk beroep hom op spesifieke Bybeltekste en -gedeeltes om sodoende die beredeneringe en teorieë as ***teologiese teorieë*** te begrond [vgl. Bekwaam om te leer 1, 1-45]. Die argument is derhalwe dat die plek, taak en doel van die kategese vir die kategete bo alle twyfel vasstaan [die sg. 'suprema iudex contoversiarum'-beginsel van Skrifberoep in die

---

God in die hemel sal wees, en net 65% het op hierdie stadium van die kamp vas geglo dat 'n mens kan seker wees dat jy hemel toe gaan. Die mees onstellende bevinding van die ondersoek is egter dat 'n volle 78% vas glo dat die Here eendag sal besluit of hulle goed genoeg gelewe het om hemel toe te gaan' [Meyer 1986:3]. Die navorsers het dit goed geag om spesifiek na aanl.eiding van hierdie bevinding die volgende as kommentaar by te voeg: 'Dit verdien dringend die aandag van die kerk en elke lidmaat wat die Blye Boodskap reg verstaan' [Meyer 1986:3]. Dit sou 'n wetenskaplike waagstuk wees om van hierdie ondersoek finale afleidings te maak, maar dat dit 'n baie sterk aanduiding gee van die resultaat van Ned.Geref. Kerk se kategesewerk, sal moeilik ontken kan word. Daar is in elk geval 'n opvallend sterk ooreenkoms tussen wat hierdie navorsers bevind het en wat in hierdie ondersoek, onder heeltemaal ander omstandighede, bevind word.

[40]. *Vergelyk in dié verband die paragraaf in Hoofstuk 2 wat handel oor die teorie van kategetiek soos in die dogma-geskiedenis van die Ned.Geref. Kerk i.v.m. kategese. Vergelyk veral die verwysing na DJ Viljoen se begronding van kategese uit die Bybel [Hoofstuk 4, voetnoot 22].*

teologie] omdat die betrokke Bybelgedeeltes of teksdele wat as ewige waarhede uitgelig is, die waarheid daarvan waarborg.[41]

3. SLOTOPMERKING

Dit moet uit die voorafgaande uiteensetting duidelik wees dat die aanklag dat die Ned.Geref. Kerk se kategese ***skools*** is, nie oppervlakkige en foutvinderige kritiek is nie. Kategese in die Ned.Geref. Kerk ***is skools*** omdat die ***voorteoretiese grondhouding t.o.v. geloof***, die werklikheid van geloof en in direkte verband daarmee ***die konkrete doelstellings***[42] van die kategese skools, verbuig.

Indien hierdie benadering dus reggestel wil word, sal dit om dié rede nie realiseer deur 'n regstelling van die eindprodukte van die huidige stelsel nie. Dit wil sê, 'n nuwe inrigting van die kategesestruktuur op gemeentevlak; nuwe handboeke; nuwe evalueringstelsels; nuwe kleingroepmetodes; wegdoen met die handboeke en terugkeer na die hantering van die Bybelteks met die beste Bybelstudiemetodes; aanpak van projekte; beter opgeleide kategete, ensovoorts nie. Al hierdie uiterlike regstellings sal nie kategese van sy skoolsheid genees nie. Dit sou slegs die simptome van die probleem probeer aanspreek.

Die volgende afdeling van die verhandeling wil graag 'n alternatiewe benadering tot kategese beskryf wat ten minste teoreties poog om kategese van alle moontlike valse eensydighede te bevry.

---

[41]. *Hierdie metode van teorievorming het soos ons in Hoofstuk 4 gesien het, diep wortels in die geskiedenis van die teologie en veral in die geskiedenis van die Ned.Geref. Kerk se teologie. Vergelyk in die verband die aantekeninge van Deist oor Boere-Calvinisme [Deist 1991a:369-370] en die bydrae van König en Van Deventer: 'So kan die Bybeltekste gebruik word om die rol van geldige argumente te vervul; dit beteken dat iemand die Bybel kan gebruik of misbruik om vir hom én sy standpunt te praat. Die Bybel kan dus gebruik word om jou te immuniseer teen alle teenspraak' [Deventer & König 1989 :301]. En verder: 'Vier van die vyf modelle [van Skrifgebruik MHH] wat hulle onderskei, is op die teologie van die Ned.Geref. Kerk se kategese van toepassing: ortodoksie, positivisme, fundamentalisme en biblisisme. Wat die* ***ortodoksie*** *betref, gaan dit oor die Aristoteliese denkwyse in hierdie Skrifberoep wat daarop neerkom dat sg. Bybelwaarhede uitgelig word tot logiese feite en skerp formuleringe, duidelike definisies, dwingende bewysvoeringe wat uiteindelik verwerk word tot goed inmekaargeweefde leersisteme. Die Bybel word teoreties verobjektiveer [Deventer & König 1989 :302].*

[42]. *Vergelyk in dié verband die inleidende opmerkings van hoofstuk 4.*

HOOFSTUK 6

TEORIEVORMING EN TEOLOGIESE TEORIEVORMING

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Hierdie hoofstuk wil 'n bepaalde vorm van teorievorming uiteensit, wat ook op teologiese teorievorming van toepassing is en wat uiteindelik bepalend sal wees vir Prakties Teologiese teorievorming. Dit is my oortuiging dat hierdie spesifieke benadering die potensiaal het om die visie op kategese te bevry van valse teenstellings en uiteindelik kan resulteer in 'n meer geïntegreerde geloofsopvoedingsproses.

Hierdie spesifieke posisiekeuse wil nie beweer dat daar nie ook ander paradigmas bestaan wat uiteindelik op dieselfde werklikheid stuit en tot dieselfde resultate mag lei nie. Ek gaan egter nie eklekties te werk deur uit 'n verskeidenheid van benaderings 'n eie benadering saam te flans nie. Dit is m.i. onmoontlik om só eklekties te werk te gaan omdat elke benadering/standpunt uit verskillende filosofiese voorveronderstellings opkom, wat 'n sameflansing oppervlakkig en ongenuanseerd maak.

2. TEORIEVORMING

2.1. Agtergrond-inligting oor teorievorming

Voordat ons kan vasstel wat teorievorming behels, verreken ons eers die volgende agtergrond in dié verband:

2.1.1 Die sg. 'objek' van wetenskaplike denke.

'n Bepalende kwessie in die beoefening van wetenskap en daarom ook van teologie, [resp: teologie van die kategese] wat eerste ter sprake behoort te kom, is die vraag na die ***sg. objek*** van wetenskaplike ondersoek.

Vanuit die perspektief van die Reformatoriese Wysbegeerte[43] is dit, ooreenkomstig die beperkte aard van teoretiese denke, nie moontlik om ***dinge [entiteite], handelinge of gebeurtenisse*** as sulks tot ***objek van wetenskaplike navorsing*** te maak nie. Die rede hiervoor is dat só 'n benadering in teorievorming die menslike ***rede*** [logiese denkaktiwiteit] heeltemal oorspan. Só 'n benadering veronderstel dat die menslike rede daartoe instaat is om 'n hele saak of ding, in sy totaliteit, logies-denkend te bemeester of te omvat. Aristoteles het al opgemerk [so teken Strauss aan], dat só iets onmoontlik is omdat die individualiteit van dinge en sake d.w.s., die 'dit' of 'dat' daarvan, bokant die mens se begripsvermoë is. In die laaste instansie is dit 'n irrasionalistiese wetenskapsbenadering wat nie ***wetenskaplike begripsvorming*** sinvol dien nie. Daarom skryf Strauss: 'Irrasionalism leaves nou room for real conceptual knowledge' [Strauss 1984a:37].

Indien 'n bepaalde wetenskap 'n volledige entiteit wetenskaplik ***sou kon omvat***, sou dit verder logies beteken dat alle ander vakwetenskappe uitgesluit word om

---

[43] . *Dit mag vreemd voorkom dat ek vir die beantwoording van die vraag wat teologie is, nie die teologie self inroep om die vraag te beantwoord nie. Inteendeel, ek maak onmiddellik daarvan 'n wysgerige probleem. Hierdie posisie-keuse is 'n stuk wetenskapsrefleksie op sigself en kan nie in die studie volledig behandel word nie. Ek volstaan met die volgende: As 'n teoloog die vraag sou vra, wat is teologie? is die vraag en antwoord tog logies nie 'n teologiese vraag en antwoord nie. So iemand vra juis die vraag om sy studieveld 'n plek te gee naas al die ander vakgebiede wat ook bestaan. Die vraag na die afgrensing en verband wat een vakgebied met ander het, handel tog nie oor die inhoud van die vakgebied self nie. Hierdie vrae en antwoorde lê op die terrein van 'n ander 'vakgebied' wat spesifiek tot sy terrein het om die samehang van die werklikheid te bestudeer. Hierdie vak heet wysbegeerte of filosofie. Ten opsigte van die teologie skryf Strauss:' Selfs die teologie ontkom nie aan hierdie waarheid nie. Hoewel elke teologiese student tydens sy teologiese studie kennis maak met die dissipline:* ***ensiklopedie van die teologie*** *(wat die taak besit om die verskillende teologiese sub-dissiplines te identifiseer en te begrens), word die ensiklopedie van die teologie nooit sélf geklassifiseer as 'n teologiese sub-dissipline nie (naas deel-dissiplines soos die Bibliologiese, Dogmatologiese, Ekklesiologiese e.a. groepe). Daarmee erken die teologie dat die vraag: wat is teologie? nie 'n teologie-vraag is nie!' [Strauss 1979:6].*
Ten slotte: Ek verantwoord my nie waarom ek juis die Reformatoriese Wysbegeerte as uitgangspunt in die onderhawige kwessies kies nie. Dit is ewe-eens 'n diskussie op sigself. Ek wil dit slegs baie duidelik stel dat ek baie positief vanuit dié perspektief dink wat dit soveel makliker maak om te verstaan en te beoordeel wat die resulate van die studie uiteindelik is. Ek gee dadelik toe dat kennis van die Reformatoriese Wysbegeerte dus hiermee veronderstel word. Vir 'n vinnige maar deeglike kennisname hiervan is die werk van Strauss, 'Inl eiding tot die Kosmologie' Sacum Beperk Bloemfontein 1979, 'n standaard-werk.

wetenskaplik oor die betrokke aangeleentheid/entiteit te kon dink [vgl. Strauss 1971:2-3].

Dit moet dus uit die bogenoemde duidelik wees dat elke vakwetenskap nie 'n ding of saak as 'n geheel tot objek van die denke kan hê nie. Teorievorming kan alleen 'n bepaalde ***aspek*** van 'n entiteit wetenskaplik ondersoek omdat 'n entiteit, soos byvoorbeeld kategese, te veel kante of aspekte het om net vanuit een vakwetenskaplike gesigshoek te benader. Hierdie benadering waarborg dan ook dat een vakwetenskap nie die grense van ander vakwetenskappe in die universiteit van wetenskaplike benaderings oorskry nie. Dit alles vereis egter verantwoording oor nog meer agtergrond-inligting.

2.1.2 Die verskillende gesigshoeke van die werklikheid

Strauss gebruik 'n voorbeeld van 'n alledaagse gebeurtenis [1971:3-5] om die kwessie van die verskillende gesigshoeke van waaruit na die werklikheid gekyk kan word, te verduidelik. Hy gaan van die volgende veronderstellings uit:

* Enige saak, aktiwiteit, gebeurtenis of entiteit, trouens die ganse werklikheid as 'n sinvolle eenheid, vertoon altyd 'n ryke verskeidenheid aspekte.
* Die verskeidenheid aspekte het egter ook weer 'n onderlinge betrokkenheid op mekaar sodat die entiteit 'n sinvolle eenheid in die samehang van die aspekte-rykdom gewaarborg het.
* Die aspekte-verskeidenheid dien as die 'invalspoorte' vir die onderskeie vakwetenskappe om langs hierdie weg hoegenaamd 'n begrip van die entiteit te kan vorm. Die beklemtoninge hieronder is my eie met die oog daarop om die aspekte duidelik te onderskei.

> 'n Vader van drie kinders doen die middag na werk by 'n kafee aan en koop vir sy gesin genoeg lekker piesangs. In beginsel kan ons nou álle bestaande vakwetenskappe uitnooi om elk op sy eie wyse en vanuit sy eie vakwetenskaplike gesigshoek hierdie eenvoudige gebeurtenis te benader.

Hoeveel piesangs het die vader gekoop? Saam met die drie kinders is daar 5 gesinslede en om elkeen 2 piesangs te laat kry, moes die vader dus 10 piesangs gekoop het. Die vraag hoeveel? appelleer onmiskenbaar op die ***getalsaspek*** van die werklikheid en juis daarmee hou die wiskundige getalleleer hom besig. Spreek dit nie vanself dat die ***klein*** piesang aan die punt van die tros aan die kleinste kind gegee sal word nie? Die begrippe klein en groot verwys egter na ruimte-verhoudinge en die **ruimte**-aspek interesseer in die eerste plek die wiskundige ruimte-leer[geometrie, hetsy euklidies of nie-eukledies]. Toe die vader by die kafee stilgehou het, moes hy rem trap, want volgens Galilei se bekende traagheidsbeginsel(inersia), sou die motor in sy beweging volhard het, tensy daarop ingewerk word (byvoorbeeld deur die wrywing van die remvoerings). Die suiwere bewegingsleer(kinematika) ondersoek die werklikheid vanuit die ***bewegingsaspek*** daarvan en sal daarom eweneens(vakwetenskaplike) belang by ons onderhawige konkrete gebeurtenis hê. Piesangs verskaf voorts lewens-energie aan die eters daarvan.

Bowendien vereis dit reeds liggaamsenergie om die ekstra draai na die kafee toe te ry en om die piesangs te koop en die motor verbruik petrol! Die ***fisies-chemiese*** aspek van die energie-werking begrens die vakwetenskaplike gesigsveld van die fisika en chemie en ook hierdie vakwetenskappe het vanuit hierdie gesigshoek belang by ons piesang-koop-gebeure. Dié gesinslid wat 'n slegte piesang eet, moet ligloop vir die probleem van slegte spysvertering en maagpyn! Verteringsprosesse is noodsaaklik vir die normale lewe van die verskillende menslike organe waarop die fisiologie vanuit ***biotiese*** gesigshoek sy aandag vakwetenskaplik vestig, terwyl pyn en ander gevoelens van die mens se bewuste (of selfs onbewuste) lewe appelleer op die ***gevoelige bewussynsaspek*** van die werklikheid wat steeds teenwoordig is in menslike handelinge en wat deur die sielkunde nader ondersoek word.

Gedagtig daaraan hoe lief sy kinders vir piesangs is, het die vader besluit om by die kafee langs te ry. Die menslike gedagtes (denke) verwys na die ***logiese***

aspek van die werklikheid, wat die begrensde gesigshoek van die logika as vakwetenskap vorm. Vanselfsprekend behoort die gebruik van motors tot ons moderne (tegnies-presterende) kultuurtyd -- in die 'verligte' 18de eeu was motors nog totaal onbekend. Verskillende kultuurtydperke word histories ingedeel, wat aantoon dat die geskiedenis-wetenskap, wat konkrete gebeurtenisse van die werklikheid vanuit die ***historiese*** aspek ondersoek, óók belang het by ons piesang-gebeure. Alles wat betrek is by ons verhaal, die piesangs, motor, vader, kinders, kafee e.s.m. besit name wat simbolies-betekenend die betrokke entiteite aandui. Die piesang-gebeure kan gevolglik nooit losgemaak word van die linguale (***simbolies***, betekenings) -aspek daarvan nie -- hoé sou die vader immers kon verduidelik wat hy wou hê? (Opmerking: Gebare-taal is ook 'n tipies simboliese betekenings-handeling). Die taalkunde as vakwetenskap besit die taak om die werklikheid vanuit linguale gesigshoek te ondersoek. Dat verskillende lewensvorme waarin mense met mekaar omgaan en verkeer in ons voorbeeld aanwesig is, is ook nie te ontken nie. Die koper is tewens die vader van 'n huisgesin en koop by die kafee wat 'n ekonomiese bedryf is.

Die ***sosiale*** omgang en verkeer van mense in allerlei lewensvorme bepaal die hoek van waaruit die sosiologie as vakwetenskap die werklikheid bestudeer en daarom sal die sosioloog ook belang by ons konkrete gebeurtenis hê. Op die ***ekonomiese*** aspek van die gebeure hoef ons beswaarlik te wys, want die ekonomiese koophandeling vorm die sentrum van ons verhaal. Die ekonomie as vakwetenskap, wat die werklikheid vanuit ekonomiese gesigshoek bestudeer, sal gevolglik met ewe veel belangstelling ons gebeurtenis besigtig.

Die opregte bedoelings van die vader veroorsaak balans en liefdes-harmonie in sy gesinslewe -- en die estetika bestudeer die werklikheid vanuit die aspek van die ***skone harmonie.***

Aangesien 'n ekonomiese koopkontrak gesluit is, is die gebeure ook relevant vir die ***regswetenskap***, onder meer omdat bepaalde burgerregtelike beginsels

kontraksluiting normeer. Die vader se liefdes-bedagsaamheid weerspieël die ***etiese*** sy van die gebeure wat die hoek vorm van waaruit die etiek vakwetenskaplik na die gebeure kan kyk. Hoewel die vader seker was dat sy gesin die piesangs sal geniet, het hy ook vertrou dat die kafee-eienaar nie slegte piesangs aan hom sal gee nie. Sekerheid (vastigheid van vertroue) stempel die eie aard van die ***geloofsaspek*** van die werklikheid wat hier op 'n eie wyse verbonde is aan ons gebeurtenis. Die vader se vertroue is wel geen saligheidsvertroue nie, maar refereer nogtans steeds na die geloofsaspek van die werklikheid. En die geloofsaspek van die werklikheid vorm die begrensende gesigshoek van die teologie as vakwetenskap [Strauss 1971:3-5]. [44]

2.2 Wat is die spesifieke aard van teorievorming? [45]

Gedagtig dat elke gebeurtenis 'n ryke verskeidenheid van aspekte vertoon, het teorievorming ***basies*** te doen met ***analise en abstrahering*** betreffende die onderskeie aspekte. Analise en abstrahering is egter wisselterme vir dieselfde saak. [vgl. Strauss 1991a:10]. Maar wat is analise?

2.2.1 Analise

Ons almal analiseer voortdurend sonder om logies daarvan rekenskap te gee. Dit gebeur daagliks soos volg:

* Ons ervaar die lewe as 'n menigvuldige ***verskeidenheid van dinge, gebeure en entiteite,*** wat ons oral en te alle tye teëkom. Om dié rede kan ons van kleins af elke keer weer nuwe dinge ontdek.

---

[44] . *Dit moet uit die voorbeeld van Strauss duidelik wees dat die vakwetenskappe hulle nie met die of daardie objek of saak besig kan hou nie, maar met die verskillende gesigshoeke van waaruit so 'n saak of ding teoreties bekyk kan word.*

[45]. *In die uiteensetting van hierdie kenteorie maak ek hoofsaaklik gebruik van die uiteensetting van Strauss wat verskeie artikels spesifiek in die verband geskryf het en dit ook in sy hoof werk waarna verwys word, in diepte behandel het.*

* Maar om ***die nuwe*** [ander] dinge te kan ontdek, moet ons die nuwe dinge wat ons ontdek het van dié wat reeds bekend is, kan ***onderskei***.
* Om hierdie ***onderskeiding*** te kan maak, moet ons die ***eenderse trekke*** van die dinge wat ons reeds ken, kan ***identifiseer*** en dit dan ***onderskei*** van al die ander nuwe trekke. Die rääksien van ***eenderse*** trekke, laat ons die ***ander*** trekke van die nuwe, ander dinge ontdek.
* By wyse van voorbeeld die volgende: Vir die ontdekkende kind in die huisgesin, wat naas sussie se twee huiskatte skielik ook haar papegaai ontdek het, moes kleinboet ten minste kon ***identifiseer*** dat huisdiere soos katte, vier bene het. Alle vierbeen diere, met skerp naels, soos sussie se katte, sou voortaan vir kleinboet 'katte' wees, maar onmiddellik in ***onderskeiding van*** die katte, sou hy die nuwe huisdier ontdek, wat twee bene het en met vlerke kan vlieg. Al sulke diere sou voortaan vir kleinboet papegaaie wees, al was hulle dalk ook wilde voëls, net omdat hulle twee bene het en met vlerke kan vlieg.

Analise/abstraksie [abstrakte, denke of begripsvorming] beteken dus om in 'n entiteit bepaalde eienskappe [aspekte] wat ***universeel*** is, ***te identifiseer***; hierdie universele kenmerke saam te vat in 'n eenheidsbegrip [bv. die begrip mens, perd, motor ens.] en dan tegelyk van die ander eienskappe te ***onderskei*** [bv. of dit 'n mooi mens, groot perd, vinnige motor is] [vgl. Strauss 1989:52-53,126-127].

Die proses van analise soos hierbo beskryf, kan egter nie in die ware sin van die woord, wetenskaplike teorievorming, wat uitloop op wetenskaplike kennis, wees nie aangesien analise en abstrahering, in hierdie sin, elke dag deur alle mense bedryf word. Die proses van wetenskaplike teorievorming sal dus nog nader onderskei en omskryf moet word om die unieke aard van wetenskaplike denke aan te toon.

*2.2.2 Unieke **wetenskaplike** teorievorming*

Wetenskaplike teorievorming vind plaas as ons ***die identifiserings- en onderskeidingsfunksie***, in die proses van abstrahering/analise, 'verdiep' deur eerstens

af te sien van die ***konkrete*** trekke of eienskappe van entiteite, en dit in die tweede plek, te laat 'verdiep' tot die identifisering en onderskeiding van ***aspekte [nie-konkreet]*** van entiteite. Strauss lig hierdie 'verdieping' [resp. aspekte-verdieping] van die proses van analise tot unieke wetenskaplike begripsvorming toe met die voorbeeld van hoe 'n kind op 'n telraam leer ***reken***.

Fisiese [konkrete] krale wat heen en weer gestoot kan word [bewegingsaspek], met verskillende kleure, word in 'n telraam [ruimtelike aspek] gebruik om die kind se aandag op die verwerwing van 'n getalsbegrip te konsentreer. Maar, sê Strauss [1989:127] gaandeweg moet die kind, in sy vormingsproses oor *byvoorbeeld* getalle, begin afsien van die fisiese kleur, die fisiese beweging en die fisiese vorm en die volle aandag toespits op die hoeveelhede [getalsaspek van die piesang-verhaal] wat van belang is. Dit beteken die kind moet die getalsaspek uitlig [abstraheer] en tegelyk, nie-konkreet, afsien van die fisiese konkreethede van ruimte, beweging en kleur om sodoende in die afgrensing [onderskeiding] van die ***nie-getalsaspekte***, teoretiese begrip van ***hoeveelhede*** te kry.

In hierdie proses van teorievorming kom nog twee ander begrippe, wat wetenskaplike begripsvorming verhelderend omskryf, in noue aansluiting by die voorafgaande, na vore. Hierdie begrippe verdien ook ons aandag.

2.2.3 Wetenskaplike analise, analogieë en metafore

Wanneer iemand, in die proses van wetenskaplike analise, die konkrete aspekte van 'n entiteit uitlig [abstraheer] en tegelyk afsien [onderskei] van die ander aspekte van die entiteit, beteken die funksie van afsien-van-ander-aspekte nie ***'afskeiding'*** van die aspekte nie. Die afsien-van-funksie druk eerder ***die noue verhouding tussen die uitgeligte aspek en die ander aspekte uit***.[46] . Hierdie verhouding word in die proses van begripsvorming, 'n ***analogiese verhouding*** genoem of kortweg 'n ***modale***

---

[46]. *Dit korrespondeer met ons konklusie vroeër, dat die werklikheid 'n eenheid in verskeidenheid is, wat in sy totale samehang op God die Oorsprong in afhanklikheid betrek is. Vergelyk ook Strauss [1989:136].*

analogie. Die woord 'modaal' verwys na die ***gesigshoeke*** of die aspekte van 'n entiteit, soos in die voorbeeld van piesangkoop hierbo uiteengesit. Mens sou ook van die aspekte as modaliteite kon praat. Die volgende voorbeeld verduidelik vervolgens dié genoemde analogiese verhouding tussen die aspekte van die werklikheid.

> Wanneer *byvoorbeeld* vanuit die ***sosiale*** aspek van die werklikheid na 'n bepaalde entiteit gekyk word, sal die sosiale aspek in die proses van begripsvorming uitgelig word en *byvoorbeeld* van die ***ruimte-aspek*** onderskei word. Die ***analogiese verhouding*** wat in dié proses ontdek word, is dié van ***sosiale-ruimte of -afstand***. Hierdie verhouding [analogie] tussen die sosiale- en ruimte-aspekte verklaar [gee ***begrip***] waarom iemand *byvoorbeeld* met 'n oorsese besoek in Londen nie een middag besluit het om gou 'n koppie tee by die Koningin van Engeland te gaan drink nie. En dit het te make met die feit dat die koningin en hierdie persoon ***sosiaal*** nie op ***dieselfde vlak*** beweeg nie. Vandaar die ***'afstand'*** tussen die koningin en die persoon, wat so iemand verhoed het om sosiaal rondom 'n koppie tee met die koningin te verkeer. Van belang in hierdie verduideliking, is dat sonder die aspek van ***ruimtelikheid***, niemand regtig ***begrip sal kan vorm*** van die nou onderskeie ***sosiale omgangskwessie***, wat ons ***as 'sosiale afstand'*** beskryf het nie. Begryplik, het die ***afstand*** wat hier ter sprake gekom het, niks met ***fisiese*** afstande of ruimte te doen nie. In dié sin is die woord 'afstand' ***analogies*** in sosiale verband gebruik en het dié ***analogie*** ons inderdaad gehelp om ***begrip*** [wetenskaplik] vir, en insig in 'n bepaalde sosiale gebeurtenis [entiteit] te kry [vgl. Strauss 1991a:14]

Om die proses van begripvorming nog meer te verdiep of genuanseerd te maak, onderskei die Reformatoriese Wysbegeerte naas modale analogieë ook entiteits-analogieë. Strauss skryf in dié verband: 'Naas dergelike modale analogieë dui ons taalgebruik ook talle ooreenkomste en [gelyktydig MHH] verskille [analogieë] tussen alle moontlike soorte entiteite aan. Hierdie ***entiteitsanalogieë*** is aanwesig in alle

taalgebruik en het reeds in die klassieke Griekse denke die benaming ***metafoor*** ontvang [Strauss 1991a:14]. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die pa wat sy sterkgeboude seuntjie 'my klein ***bulletjie***' noem. Die gelyktydige ***ooreenskomste*** [algemene] en ***verskille*** [onderskeiding] tussen sy seuntjie en 'n bul, is voor die hand liggend.

2.2.4 Begrip en idee.

'n Aangeleentheid wat in die laaste plek in ons beskrywing van 'n alternatiewe perspektief op teorievorming, in verband met die bogenoemde, aandag verdien, is die onderskeiding wat die Reformatoriese Wysbegeerte tussen ***begrip en idee*** maak. Hierdie onderskeiding verdiep die gebruik van analogieë en metafore om ons wetenskaplike begripsvermoë nog meer uit te bou. Strauss [1989:137] teken aan dat hierdie verdieping veral die vakgebied van die teologie positief dien.

Die onderskeiding behels dat alle terme [resp. wetenskaplike terme] ***begripsmatig of ideë-matig*** gebruik kan word. 'n Term word in die eerste plek ***begripsmatig*** gebruik, as dit binne die grense van 'n bepaalde aspek gebruik word. Wanneer ons bv sê: Die klaviervirtuoos het besondere ***lang*** vingers word die term 'lank' *begripsmatig* gebruik omdat ons verwys na sy fisiese [***ruimtelike***] lang vingers. Maar wanneer ons na die kleptomaan in ons gemeenskap verwys as iemand met ***lang*** vingers, word die term 'lank' buite die grense van die ruimtelike aspek in die ***etiese aspek*** gebruik en dan het ons die term 'lank,' *ideë-matig* gebruik.

Omdat God nie Self skepsel is nie, maar Skepper en daarom die grense van die skepping transendeer, is dit logies dat alle spreke oor God ***ideë-matig*** is. As iemand *byvoorbeeld* na God verwys as die ***Drie-enige*** God, behoort ons dus nie aan ***begripsmatige getalle*** te dink nie, want die getalsterm ***drie-enig*** word hier ***ideë-matig*** in die ***geloofsaspek*** van die werklikheid gebruik om sodoende iets oor God wat Hom as Vader, Seun en Heilige Gees openbaar het, gelowig na te sê.[47]

---

[47]. *Strauss verwys na 'n reeks voorbeelde hoe die Bybel elke keer ideë-matig oor God praat bv.die **lewende God, die almagtige God** [vgl. Strauss 1988:149-150].*

Hierdie stand van sake het belangrike konsekwensies vir die teologie, aangesien dit hieruit duidelik moet wees dat ons in die teologie slegs met ***ideë-matige*** begrippe, wetenskaplik oor God kan teoretiseer [vgl. Strauss 1988:150 en 1991b:32].

3. TEOLOGIESE TEORIEVORMING

Die voorafgaande perspektief op wetenskaplike teorievorming, sal noodwendig daartoe lei dat daar afgesien sal moet word van die tradisionele beskouing oor teologie, veral soos in die geledere van die Ned. Geref. Kerk daaroor besin word. Die standpunt wat Jonker, gesiene teoloog by een van die Ned.Geref. Kerk se Teologiese Fakulteite *byvoorbeeld* nog so laat as 1977, oor die posisie van teologie ingeneem het, hou in die lig van die bogenoemde net nie meer steek nie. Jonker handhaaf hiervolgens die tradisie dat teologie die Bybel as sg.'studie-objek' vir teologies-wetenskplike denke het. Hy skryf hieroor soos volg:

> Ten slotte merk ons nog op dat die teologie moeilik as 'n vakwetenskap beskou kan word. Dit bestudeer immers nie, soos die ander vakwetenskappe, 'n aspek van die kosmiese werklikheid nie, maar die ***openbaring van God.*** Hoe seer dié openbaring ook kosmies 'aangeklee' tot ons kom, dit gaan in die teologie tog nie om die kosmiese aankleding nie, maar om die openbaring self ... Die wetenskap wat hom met dié openbaring besig hou, beklee dus noodwendig 'n ander posisie as die vakwetenskappe [Jonker 1977:46].

3.1 Teologie 'n vakwetenskap wat die hele werklikheid bestudeer

Indien die grondhouding van die wetenskaplike kenteorie hierbo beide die ***eenheid en die verskeidenheid*** van die werklikheid honoreer, kan die standpunt oor 'n vakwetenskap [resp. teologie], soos Jonker hierbo, nie meer as geldig aanvaar word nie. Want volgens Jonker, word die werklikheid onvermydelik, op voetspoor van die eeu-oue skolastiek, verdeel in 'n bonatuurlike en natuurlike verskeurdheid. Gevolglik word die teologie, wat met God te make het, aan die bonatuurlike toegewys en die res

van die wetenskappe aan die natuur. Vandaar dat die openbaring van God die objek van teologiese studie word [vgl. Strauss 1988:137].

Hierteenoor sien die Reformatoriese tradisie af van die verskeuring van die werklikheid en gee elke vakwetenskap geleentheid om die ***hele werklikheid***, soos dit in enige entiteit manifesteer, wetenskaplik te ondersoek.[48] Die logiese gevolg hiervan is dat alle vakwetenskappe op dieselfde vlak toegang tot die ***volle werklikheid*** het en teologie noodwendig sy plek as 'n tipiese ondermaanse vakwetenskap in die gewone ry van al die ander vakwetenskappe inneem.[49] Die grense van die vakwetenskappe word derhalwe nie deur hulle studievelde bepaal nie [so 'n afgrensing is onmoontlik en kan net tot grens*oorskry*ding in die wetenskap lei], maar wel deur die bepaalde ***gesigshoek*** waaruit die volle werklikheid wetenskaplik benader word [vgl. Strauss 1989:127].

Teologie bestudeer dus soos elke ander wetenskap ook die volle werklikheid, met die enkele kwalifikasie dat die studie uit die gesigshoek van die teologie gedoen word. En hierdie gesigshoek is die geloofsaspek.

'Indien die onderskeidende kenmerk van wetenskaplike denke ***modale abstrahering*** is, beteken dit dat ons die teologie inderdaad moet sien as 'n vakwetenskap wat die ***werklikheid*** [alles MHH] vanuit die gesigshoek van die geloofsaspek [kenteoreties soos hierbo uiteengesit MHH] ondersoek' [Strauss 1991a:15].

---

[48]. *Vergelyk in dié verband die volgende opmerking van Strauss: 'Die effek van hierdie tradisionele tweedeling -- wat ons onder meer in teenstellinge soos teologie en filosofie, geloof en rede ... was steeds daarvoor verantwoordelik dat die opvattinge oor die aard van die teologie uitgeloop het op 'n apartstelling van die teologie '[Strauss 1991a:2].*

[49]. *De Graaff skryf in dieselfde trant: 'This also means that theology must renounce any claims to an independent, autonomous place among the other disciplines at the (Christian) university and acknowledge the inter-dependence of all (special) sciences' [De Graaff 1968:62].*

3.2 Praktiese teologie

Uit die voorafgaande omskrywing van teorievorming [resp. teologiese teorievorming] en in pas met die wetenskaplike paradigma waarmee ek werk, is dit logies om die volgende omskrywing van sogenaamde Praktiese Teologie te gee.

> ***Praktiese teologie*** is, as een van die onderskeie afdelings in die ensiklopedie van die teologie, ***teologiese teorievorming*** [soos hierbo uiteengesit], let wel, afgegrens vanuit die ***gesigsveld*** van die ***geloofsaspek***, oor ***tipies praktiese geloofs-entiteite*** wat binne die ***ganse werklikheid*** funksioneer.

3.3 Gesprek met praktiese teoloë

3.3.1 Gerber

Die bogenoemde standpunt oor teologie [resp. teologie van die kategese of algemene sg. praktiese teologie] wil graag met die verskeidenheid standpunte oor wat Praktiese Teologie is, hopelik krities opbouend kommunikeer.

'n Resente doktorale proefskrif van Gerber [Gerber 1994] maak 'n opsomming van 'n groot groep praktiese teoloë se standpunte oor wat Praktiese Teologie is [Gerber 1994:23-28]. Hyself formuleer dan oor praktiese teologie soos volg:

'Praktiese teologie, as kritiese teorie van Christelike-kommunikatiewe geloofshandelinge, is 'n hermeneuties-empiriese handelingswetenskap gerig op die handelingsisteme wat, in diens van die evangelie, die kommunikasiegebeure tussen God en mens dien en waarbinne geloof gefasiliteer word met die oog op realisering van die Koninkryk van God' [Gerber 1994:29].

Hierdie formulering oor wat Praktiese Teologie is, is volgens homself 'n sameflansing van standpunte van 'n reeks van onder meer dertien praktiese teoloë wat min of meer met dieselfde paradigma werk [vgl. Gerber 1994:29].

My formulering van wat teologie [resp. praktiese teologie] is, wil graag krities-solidêr met hierdie saamgeflansde formulering kommunikeer.

3.3.1.1 Winspunte

Dit verteenwoordig die huidige standpunte oor Praktiese Teologie goed en verwoord sodoende die huidige [min of meer] algemene wetenskaplike benadering tot Praktiese Teologie.

* Gerber se omskrywing van Praktiese Teologie verwoord ook die huidige verhelderende insigte op hierdie gebied, *nl.*. dat die sogenaamde ***objek*** van die teologie die volle werklikheid is. Dit is ' ... gerig op die handelingsisteme wat, in diens van die evangelie ...' is [sien formulering hierbo]. Hierdie formulering vermy dus die onnoukeurige en verwarrende benadering van teologie, wat die eenheid van die werklikheid rasionalisties-skolasties verskeur deur dit 'n bo-natuurlike wetenskap, wat met die sg. bo-natuurlike God en sy dinge te make het, te verklaar.
* Die omskrywing van Praktiese Teologie het ook die sinvolle verdienste dat dit teologie in die kader van die ***toegepaste wetenskappe,*** soos *byvoorbeeld* die mediese studieveld, plaas. Vandaar die formulering dat hierdie teologie die ***praktiese geloof*** van mense dien sodat die Koninkryk van God alledaags verwerklik kan word [vgl. Brueggemann 1989:28-59]. Dit was nog altyd my oortuiging dat teologie te maklik in 'n ivoortoring bedryf kan word en nie genoeg toepaslik met die ganse wêreld kommunikeer nie.

3.3.1.2 Kritiek

* Dit slaag nie daarin om die sogenaamde objek van die praktiese teologie, *nl.*. ***handelingsisteme*** in onderskeiding van alle ander handelingsisteme ***duidelik af te grens*** nie.

In dié verband het ek dieselfde probleem met Heitink se definisie en sy verdere verduideliking van wat Praktiese Teologie is. Volgens hom word onder Praktiese Teologie verstaan '... de empirisch-georiënteerde theologische theorie van die bemiddeling van het christelijke geloof in de praxis van de moderne samenleving' [Heitink 1993:18]. Die afgrensing van Praktiese

Teologie van alle ander wetenskappe, lê vir Heitink en vir Gerber dan veral in die kwessie van die bemiddeling van die geloof [vgl. Heitink 1993:19] of soos Gerber dit stel: in diens van die evangelie.

As Heitink 'n verduideliking hiervan gee, word die vae en verwarrende afgrensing nog meer pertinent. 'Hiermee word tot uitdrukking gebracht dat de voortgang van het christelijk geloof in het leven van mensen en binnen die kerken, afhankelijk is van "overlevering", het doorgeven van de traditie via uiteenlopendende kanalen. Er is sprake van bemiddeling in die opvoedingsituatie tussen ouders en kinderen, via leerprocessen tussen leerkrachten en leerlingen, in vieringen en uiteenlopende vormen van kerklijk werk tussen pastores en gemeenteleden. Ook via kranten en tijdschriften, radio en TV en allerlei organisaties treffen we dergelijke bemiddeling aan. ... Zij heeft plaas binnen bepaalde strukturen van kerk, gezin en school. Wanneer we spreken van bemiddeling gaat het om vormen van communicatief handelen, d.w.z. om communicatieprocessen die zich binnen bepaalde strukturen afspelen ' [Heitink 1993:20]

Hiervolgens is die proses waarin *byvoorbeeld* die gesin, die koerant, die skool en die kerk die evangelie vormend uitdra, alles 'n teologiese [resp. Prakties Teologiese] aangeleentheid. Maar logies gesproke is dit dan ***die evangelie of die Koninkryk of God*** wat uiteindelik die afgrensingsprinsiep van die ander wetenskappe vorm. Dit kan tog nie, want dan word God en evangelie bedoeld of onbedoel net vir die teologie opgeëis. Dit sou prakties beteken dat, in die geval van die koerant wat die evangelie 'bemiddel', die gewone kommunikasiekunde nie werklik 'n sê oor hierdie proses van bemiddeling het nie. In terme van die Koninkryk van God, sou ek eerder wou sê dat die 'bemiddeling' van die evangelie deur byvoorbeeld die kommunikasiehandeling van die koerant, nie in die eerste plek 'n teologiese aangeleentheid is nie, maar 'n koerant-aangeleentheid [kommunikasiekundig], wat as tipiese koerant-aangeleentheid, in die kommunikasie-wêreld christelik wil dien. Die

afgrensingsprinsiep is nie die evangelie nie, maar kosmologies die geloofsaspek van die werklikheid.

* Die bogenoemde omskrywing van Praktiese Teologie gaan verder, ten spyte van die baie winspunte daarvan, ongelukkig ook mank daaraan om duidelik uit te spel wat ***teorievorming*** [wetenskaplikheid] self is. Gerber se lywige beredenering van sy eie kenteorie [Gerber 1994:4-14], is ewe-eens nie duidelik hieroor nie. Dit is m.i. te wyte daaraan dat Gerber en saam met hom die meeste teoloë, hierdie vraagstuk nie genoegsaam in samewerking met wysgerige wetenskaplikes deurdink nie. Teorievorming, en daarmee saam die vraagstelling wat teologie [resp. Praktiese Teologie] is, is nie in die eerste plek 'n teologiese nie, maar wel 'n uit en uit filosofiese aangeleentheid [vgl. voetnota 43 in hierdie hoofstuk].
* Gerber stuit in die standpunte van die skrywers oor ***kenteorie***, wat hy aanhaal, op helder momente in dié verband, maar faal m.i. om genuanseerd te formuleer wat hyself daarmee bedoel. Ek gee 'n kort oorsig hiervan met die doel om dié momente uit te lig en hopelik verhelderend daaroor te kommentariëer.

Gerber beskryf sy kenteorie deur na die volgende komponente daarvan te verwys [vgl. Gerber 1994:4-14]:

3.3.1.2.1 Wat is wetenskap? Wetenskaplike werksaamheid bou op ' ... die alledaagse ervaringsproses ...' van die mens [Gerber 1994:5]. Maar dit moet ook duidelik daarvan onderskei word om wetenskaplike werksaamheid te wees. In dié verband gee hy die drie belangrikste komponente wat Babbie [vgl. Babbie 1990:9] oor wetenskaplike denke uitlig, weer, *nl.*. dat dit ***beskrywing*** van 'n entiteit, ***ontdekking van reëlmaat*** en die daarstelling van ***teorieë en wetmatighede*** in verband met entiteite is. Voorts teken Gerber ses onderskeidende kenmerke van 'n wetenskaplike aksie aan, soos wat Smit dit beskryf:

- Wetenskap soek na feitlike gegewens wat betrekking het op verskynsels wat binne die betrokke studieveld val.
- Wetenskap wil die ingesamelde feite sistematiseer en verklaar en dit integreer met reeds bestaande kennis.
- Elke wetenskap moet oor betroubare metodes beskik waardeur dit objektiewe en betroubare feite kan versamel.
- Die wetenskap poog om so ver moontlik by feitlike gegewens te bly wat beskrywend eerder as evaluerend van aard is.
- Die wetenskap wil die begrip van gestelde informasie vergemaklik deur presiese terminologië en definisies daar te stel.
- Die wetenskap soek na verklarings wat sistematiese toetsing suksesvol kan weerstaan, dit wil sê aannames, teorieë en gevolgtrekkings moet toetsbaar wees [Smit 1991:2].

3.3.1.2.2 Wetenskap het voorts betrekking op wetenskaplike navorsing. Nadat Gerber *weer eens* Smit [1991] se vyf kenmerke vir ***wetenskaplike*** navorsing, wat volgens Gerber 'n belangrike komponent van elke kenteorie behoort te wees, aanhaal, maak hy die volgende stelling: 'Wetenskap probeer die wêreld opvang en reproduseer in 'n netwerk van begrippe, hipoteses en teorieë wat in verskillende niveau's geformuleer word. Dit word gedoen deur noukeurige waarnemings, kontrole van gegewens en die lê van verbande [interpretasies] en die opstel van hipoteses en teorieë in metataal om so te kom tot groter netwerke en vervlegting van kennis ... Boonop is dit moontlik om die hele wetenskaplike onderneming wetenskapsteoreties te toets deur logiese refleksie' [Gerber 1994:7].

3.3.1.2.3 Geesteswetenskaplike navorsing. Hierdie komponent van Gerber se kenteorie veronderstel dat algemene wetenskaplike navorsing in die aksie van wetenskapsbeoefening onderskei moet word van geesteswetenskaplike navorsing. In dié verband maak Gerber gebruik van Mouton en Marais [1988] se onderskeidings wat geesteswetenskaplike navorsing stempel. Volgens Gerber onderskei Mouton en Marais [1988] in die verband 'n sosiologiese , 'n ontologiese, 'n teleologiese, 'n epistemologiese en metodologiese dimensie in hierdie soort navorsing [Gerber 1994:8]. Gerber benadruk dit dat hierdie

onderskeie aspekte van navorsing gemeengoedere is vir alle geesteswetenspalike werksaamheid. Hy vervolg in dié verband met die volgende: 'Daar is net metodes in die sosiologie of metodes in die praktiese teologie. Metodes is met ander woorde algemene en gemeenskaplike instrumente wat almal kan gebruik ...' [Gerber 1994:9].

3.3.1.2.4 Wetenskap en paradigma. Wetenskapsbeoefening geskied altyd vanuit 'n bepaalde paradigma en het daarom direk te make met bepaalde voorveronderstellings wat wetenskaps-resultate direk sal beïnvloed [vgl. Gerber 1994:9].

3.3.1.2.5 Teorieë. Teorievorming is nog 'n dimensie van wetenskapsbeoefening. In dié verband sê Gerber: ' 'n Teorie veralgemeen spesifieke gebeure op 'n wetenskaplike wyse ... en is 'n abstraksie om die werklikheid beter te begryp en te interpreteer ...' [Gerber 1994:10].

Gerber beklemtoon voorts dat teorievorming afskeid behoort te neem van die meganistiese en reduksionistiese Newtoniaanse denkwyse [vgl.. ook Heitink 1993:149]. Ek sou dit onder een noemer doodgewoon ***rasionalisme*** wou noem. Gerber verkies vir sy kenteorie wetenskapsbeoefening [vgl. Gerber 1994:10] wat [a] in 'n groter mate besef dat die wetenskap voorlopig en relatief met die waarheid omgaan. Niks is vas en seker nie. [b] Wetenskapsbeoefening wat daarmee rekening hou dat kennis van 'n entiteit nie sonder die verhouding wat dit met ander entiteite het, sinvol kan wees nie; [c] dat wetenskaplike waarheid ook paradoksaal kan wees; [d] dat wetenskap in watter vorm ookal nie dualisties na die werklikheid behoort te kyk nie; [e] dat wetenskap dus 'n holistiese visie op sake moet hê en [f] dat determinisme in die wetenskap plek moet maak vir waarskynlikhede [vgl. ook De Jong van Arkel 1988:228-238].

3.3.1.3 Opsommenderwys

* Gerber, wat in die paradigma van die moderne praktiese teologie

teologiseer, neem in sy wetenskapsbeskouing standpunt in teen die verabsolutering van wetenskaplike kennis ten koste van naïewe ervaring; hy beklemtoon daarom ook die relatiwiteit en beperktheid van wetenskaplike kennis.

* Daarom wil hy in dieselfde asem afskeid neem van die tipiese rasionalistiese model in sy kenteorie [resp. wetenskapsbeskouing]. Hoewel hy dit pertinent in aansluiting veral by De Jongh van Arkel [1988] noem, maak hy kontradiktoriese stellings wat verklap dat hy nie werklik in sy kenteorie aan die rasionalisme ontsnap het nie. Met die volgende stelling: 'Wetenskap probeer die wêreld opvang en reproduseer in 'n netwerk van begrippe, hipoteses en teorieë', val hy in die slaggat van die rasionalisme wat reken dat entiteite [objekte] met die menslike rede ***begripsmatig*** omvat kan word. Dieselfde geld een van die stellings van Smit [1991] waarmee Gerber hom kritiekloos vereenselwig, *nl.*. 'Elke wetenskap moet oor betroubare metodes beskik waardeur dit objektiewe en betroubare feite kan versamel.' Die daarstelling van 'objektiewe feite' word bewerkstellig deur niks anders as die ou reduksie-model van die rasionalisme waarteen Gerber juis wil betoog nie. Die Praktiese Teologie wat in die Ned. Geref. Kerk beoefen word, werk juis met hierdie verouderde model waarin ewige objektiewe waarhede uit die Bybel rasioneel afgelei word en byvoorbeeld op die kategese van toepassing gemaak word [vgl. my opmerkings in die verband in hoofstuk 5, paragraaf 2.2.2]. In sy onderskrywing van De Jongh van Arkel se opmerkings i.v.m. teorievorming [De Jongh van Arkel 1988:233 vv] stuit Gerber op sekere anti-rasionalistiese waarheidsmomente *nl.*. dat teorievorming te make het met interaksie en '... interafhanklikheid van die dele tot die geheel... ' [Gerber 1994:10]. Nòg Gerber nòg De Jongh van Arkel bou verhelderend op hierdie belangrike aspek van teorievorming voort [vgl. paragrawe 2.2.3 en 2.2.4 in hierdie hoofstuk]. In gesprek met Gerber wil ek opmerk dat indien wetenskaplike werksaamheid nie ernstig

kennis neem van die insig dat die werklikheid 'n eenheid is en dat ons in naïewe en wetenskaplike betrekking daarby slegs aspekte van die een werklikheid kan onderskei wat voortdurend in sinsamehang in verhouding met mekaar is nie [vgl. die voorbeeld van die piesangkoop-gebeure hierbo] ons nooit van die rasionalisme sal kan vrykom nie. Die oorbeklemtoning van die menslike rede in wetenskapsbeoefening bly vandag nog net so 'n gevaar as in die tyd van die opbloei van die rasionalisme.

* Gerber se kenteorie stuit verder op 'n belangrike kenmerk van wetenskapsbeoefening, *nl.*. die proses van begripsvorming deur ***onderskeiding en analise***, as hy saam met ander wetenskaplikes konstateer dat die unieke aard van wetenskapsbeoefening betrekking het op die ontdekking van reëlmaat, d.w.s. die reëlmaat van uniekhede in entiteite wat op sy beurt weer in relasie met mekaar staan. Hy bou egter *weer eens* niks verhelderend hiervan uit nie [vgl. paragraaf 2.2.3 van hierdie hoofstuk].
* Gerber stuit nogeens op 'n belangrike kenmerk van wetenskaplike werksaamheid as hy beweer dat dit betrekking het op die gebruik van ***metataal*** in die beskrywing van die netwerk van vervlegtinge en relasies tussen entiteit wanneer hipoteses en teorieë hieroor geformuleer word. Hierdie werksaamheid verwys na wat ek noem analogieë en die verskil tussen begrip en idee in die proses van wetenskapsbeoefening [vgl. paragraaf 2.2.4]. Ek moet ongelukkig weer opmerk dat die detail van hierdie belangrike aspek van wetenskapsbeoefening nie genuanseerd deur Gerber deurgedink is nie.
* Gerber beklemtoon die kwessie dat elke wetenskapswerksaamheid met 'n bepaalde paradigma en voorteoretiese instelling werk en dat dit belangrik is om dit op die tafel te kry in die gesprek tussen wetenskaplikes. Hierdie voorteoretiese ingesteldheid van die wetenskaplike kan nie genoeg beklemtoon word nie en dit is 'n winspunt dat moderne wetenskaplikes dit omtrent oral honoreer. Dit sluit aan by die kwessie dat wetenskaplike

denke relatief en altyd voorlopig bly. Ons stuit hier saam op die kwessie dat wetenskaplikes eensydig net in terme van vaste begrippe kan dink en nie rekening hou met die idee-kant van begripsvorming nie [vgl. die standpunt oor rasionalisme en irrasionalisme hieronder in par. 3.3.2.2.2]. Die gevaar van 'n oorbeklemtoning van hierdie aspek, as reaksie-verskynsel teen die rasionalisme, is natuurlik dat wetenskaplikes in die ander teenpool van ***irrasionalisme/relativisme*** kan verval.

* Gerber se onderskeiding tussen geesteswetenskaplike navorsing, met 'n ander stel kenmerke [vgl. Gerber 1994:8], en aan die ander kant blykbaar algemeen [natuur?] wetenskaplike navorsing in die proses van wetenskapsbeoefening, kom my verdag voor. Dit ondermyn m.i. sy onderskrywing van wat De Jongh van Arkel juis die ***nie-dualistiese*** [organies *vs.* an-organies; gees *vs.* liggaam/materie] kenmerk van die moderne wetenskapsbeoefening noem [De Jongh van Arkel 1988:225].
* Ten slotte wil ek opmerk dat dit vir my 'n verstommende ontdekking sal bly [dit bewerk terselfdertyd 'n besef van menslike nietigheid] dat hoewel Gerber en die reekse ander praktiese teoloë, wat met 'n totaal ander paradigma as ek opereer, uiteindelik onvermydelik op dieselfde werklikhede in God se wonderlike skepping vasloop.

3.3.2 De Jongh van Arkel en Pieterse op eie bodem: Refleksie op die mode van sisteme-teorieë en praktiese teologie.[50]

3.3.2.1 Uiteensetting

Die onderbou van Gerber se kenteorie hou direk verband met die kenteorie [resp. sisteem-teorie] wat onder meer deur De Jongh van Arkel en Pieterse vir die praktiese

[50]. *Dat hierdie benadering werklik mode vir al die wetenskappe geword het, word onder meer ook bevestig deur 'n filosoof uit Toronto, Kanada, Henk Hart. Hy skryf: 'In the world of science we can also find a prominent example of signifance of the part-whole relation. **Gestalt** thinking, holistic thinking, and systems thinking are recently in vogue. This partly is a result of earlier analysis of wholes that did not take the point of view of the whole in analyzing the parts, and which to certain scholars has proven to be misleading [Hart 1984:212].*

as wetenskap van toepassing gemaak is. Om die gesprek meer in detail as in die geval van Gerber te voer, sal die onderhawige diskussie meer omlynd gemaak word.

In 'n taamlik resente artikel verreken De Jongh van Arkel[51] hierdie aangeleentheid soos dit op die terrein van die wetenskap [resp. teorievorming] en veral op die praktiese teologie van toepassing gemaak kan word [vgl. De Jongh van Arkel 1991:61-75]. De Jongh van Arkel voer aan dat die Westerse wetenskaplike denke veral onder beïnvloeding van die *meganiese filosofie* van Isaac Newton, verval het in 'n paradigma wat die werklikheid gefragmenteer en reduseer het tot samestellende dele wat uiteindelik atomisties, onafhanklik van mekaar probeer dink is. As aanduiding hiervan noem hy die volgende:

> ... eenvoudige oorsaak en gevolg idees, onafgebroke en gladde verandering; materie as passiewe substansie; die idee van onafhanklike en objektiewe waarnemers; naïewe realisme; eksklusiewe óf-óf konseptualisering; dualisme tussen lewende en nie-lewende, organies en anorganies en gees en materie; 'n struktuur opgebou uit onafhanklik funksionerende analiseerbare entiteite; ...'n vaste absolute, universele, onafhanklike ... konsep van tyd [De Jongh van Arkel 1991:65].

In praktyk het dit onder meer beteken dat die verskillende vakwetenskappe elk net met sy eie vakrigting en spesialisasie besig was en in 'n tonnelvisie die verband met die werklikheid en ander vakrigtings heeltemal verloor het. Dieselfde het ook met die sogenaamde deel-dissiplines in dieselfde vakwetenskap gebeur.

De Jongh van Arkel is daarvan oortuig dat hierdie tipe denksisteem so oorheersend geword het dat dit ook die teologie oorgeneem het en sonder dat ons dit besef dit die

---

[51]. *Ek sluit juis by hierdie artikel aan omdat dit baie resent is en verteenwoordigend is van 'n nuwe benadering in die praktiese teologie wat ook in Suid-Afrika besig is om te ontwikkel. Ek reken dat die Departement Praktiese Teologie by Unisa langs hierdie weg weer eens 'n leidende rol speel.*

'... meta-teoretiese voorveronderstellings [is] ... waarmee daar gewoonlik (met ander woorde vandag nog) in die teologie gewerk word' [De Jongh van Arkel 1991:65].

Hy toon aan dat in reaksie op dié vereensydiginge en uitmekaarskeur van wetenskap en werklikheid, Von Bertalanffy egter reeds in 1930 vanuit die biologie begin worstel het om die eenheid van die wetenskap en werklikheid te probeer uitbou en handhaaf.

Von Bertalanffy het reageer teen die meganistiese wêreldbeeld wat veral op sy vakgebied, *nl.*. biologie, lewende dinge 'n fisies-chemiese identiteit wou gee. Dit wil sê die lewe is verklaar in terme van 'n verabsolutering van die fisiese.

Hy het egter duidelik aangetoon dat die fisika in 'n doodloopstraat sou beland, as dit nie volledig rekening sou hou met die biotiese funksie van lewensprosesse nie.[52] Op dié manier wou hy ten minste die interafhanklikheid van die fisika en die biologie aantoon [vgl. Strauss 1989:99]. Von Bertalanffy wou uiteindelik 'n algemene 'sisteemteorie' ontwikkel wat as ***interdissiplinêre 'leer'*** die interafhanklikheid van die wetenskap moes aantoon [De Jongh van Arkel 1991:66]. De Jongh van Arkel toon voorts aan dat Von Bertalanffy as voorloper van die moderne sisteemteorie egter nie regtig in sy ideaal kon slaag nie.

> Die navorsing in die verskillende vakrigtings was hoogs tegnies, eng en met 'n spesifieke gerigtheid ... Daar was met ander woorde 'n probleem dat die toepassing van teorieë en die taal in verskillende gebiede so tegnies geraak het dat dit nie meer toeganklik vir ander gebiede was nie. Heel waarskynlik het die feit dat die *sisteem* verskillende dinge vir verskillende vakke beteken het, tot hierdie probleem bygedra. Verskeie tekortkomings het geleidelik aan die lig gekom wat dit nodig gemaak het ... om te begin onderskei tussen ***'hard'***

---

[52]. *Von Bertalanffy skryf in die verband: 'These processes [fisies-chemiese prosesse MHH], it is true, are different in a living, sick or dead dog; but the laws of physics do not tell a difference, they are not interested in whether dogs are alive or dead. This remains the same even if we take into account the latest results of molecul biology. One DNA molecule, protein, enzyme or hormonal process is as good as another; each is determined by physical and chemical laws, none is better, healthier or more normal than the other' [Von Bertalanffy 1973:146].*

> ***system theory*** en ***'soft' system theory*** om so voorsiening te probeer maak vir die nie-fisiese wêreld [De Jongh van Arkel 1991:68].
>
> Hoewel die praktiese teologie nie direk by die Algemene Sisteem Teorie wat ontwikkel is, aangesluit het nie, is dit tog duidelik dat sisteemdenke vir die beoefening van wetenskap, gekom het om te bly [De Jongh van Arkel 1991:69].

Daarom is dit nie vreemd dat J Firet, een van die bekendste en 'n gerespekteerde praktiese teoloog, hierdie benadering ook volledig in sy beoefening van die praktiese teologie, verreken het. Hy toon aan dat hierdie benadering eintlik vanselfsprekend op die praktiese teologie pas omdat laasgenoemde sigself in die eerste plek '... bezig [houdt] met handelen (zowel door woorden als daden) door enkelingeen groepen. Ze houdt zich ook bezig met organisatievormen van handelen van de meest uiteenlopende soort: ... Al die verschillende verschijnselen zijn met de term "handelingssysteem" te vatten' [Firet 1987:40].

Dit hou verband met die feit dat daar nog altyd 'n baie duidelike interafhanklikheid tussen praktiese teologie en bv. die retorika [homiletiese handelinge], opvoeding en onderwys [kategetiese take], onderafdelings van die sielkunde [poimeniek], die kubernetiek [gemeentebou en administrasie] ens was.

In die tweede plek het praktiese teologie met tipiese probleme te make wat '... gekarakteriseerd kunnen worden als "problems of organized complexity, that is, interaction of a large but not infinite number of variables"... ' [Firet 1987:41]. Firet meen dat juis hierdie 'probleme' die praktiese teoloog noop om nie meer in kompartemente te dink nie, maar eerder te soek na 'n meer universele wetenskaplike teorie.

Hy is egter daarvan oortuig dat hoe logies hierdie benadering ookal is, dit uiteindelik maar niks anders is as 'n spesifieke manier van dink nie [vgl. Firet 1987:41].

Firet haal vir Keuning in sy 'Algemene systeemtheorie, systeembenadering en organisatietheorie', Leiden 1973, aan wat ten opsigte van hierdie saak uitgewys het

dat alle omskrywinge van sisteme teorie twee gemeenskaplike aspekte raakgevat het: *die totaliteitsgedagte en die inter-relasie gedagte.* 'Onder ***"systeem"*** is te verstaan: ***een arrangement van delen tot een te onderscheiden, typisch geheel.*** Voor de systeembenadering is het van belang te letten op de noties "geheel" en "arrangement": een willekeurige verzameling van elementen mag men niet "een systeem" noemen, de coördinatie van delen tot een begrensd geheel is kenmerkend voor "systeem" ' [Firet 1987:41].

De Jongh van Arkel gaan verder en kies in sy eie sisteem-benadering van die werklikheid en wetenskap [resp. praktiese teologie] vir die term 'ekosisteem'. Hy wil die gevaar wat veral die ouere sisteem-denke ingehou het, *nl.*. om alle vakwetenskappe in een 'sisteem-patroon' in te dwing, vermy. Daarom kies hy vir 'n tipe sisteemdenke wat voorsiening maak vir die *totaliteitsgedagte* en vir die *onderskeie-dele-gedagte.* Die erkenning van die 'onderskeie-dele-fokus' in onderskeiding van die geheel-fokus, is volgens De Jongh van Arkel veral deur die nuwe ontwikkeling op die gebied van die kubernetika[53] na vore gebring.

Hy verduidelik sy keuse vir 'ekosisteem' as die oorkoepelende begrip vir sisteemdenke, wat dan kuberneties en sistemies verstaan moet word, in 'n voetnota soos volg:

> Die sistemiese element beklemtoon dat 'n skuif van die dele na die geheel gemaak word. Dit beteken dat die dele [byvoorbeeld individuele persone] nie belangrik is nie, maar wil juis die dele ernstig neem, ook as deel van die groter geheel [eerder as 'n geïsoleerde geheel in sigself] Die byvoeging van sistemiese en kubernetiese perspektiewe as kwalifikasie van 'n ekosistemiese meta-teorie bied 'n dubbele kontrole: die sisteemperspektief beklemtoon die

---

[53]. *Kubernetiek het volgens Van Arkel wat op sy beurt aansluit by Keeney in sy 'Aesthetics of change', New York:The Guilford Press 1983, te make met die wetenskap van patrone en organiasie. 'n Kubernetiese kenteorie probeer dus die wyse waarop* ***patrone*** *enige gebeure organiseer en onderskei, beskrywe. Dit staan teenoor die Newtoniaanse paradigma wat objekte [dinge] opsigself logies wil omvat en beklemtoon eerder die organisasievorm of patroon van die dinge.*

> belang van die geheel of 'n holistiese perspektief [waardeur die dele beter verstaan kan word] terwyl die kubernetiese perspektief die geleentheid bied dat beide die dele en die geheel in terme van hulle patrone van organisasie ondersoek kan word ... [De Jongh van Arkel 1991:69].

Uiteindelik konkludeer Van Arkel dat hy vir die term 'ekosisteem' kies omdat hierdie term direk aansluit by die kwessie van die bewaring van die skepping, en hierin word juis die fundamentele beginsel van 'n komplekse interafhanklikheid van alle dinge en mense in die natuur gehonoreer. In die verband skryf hy: ' 'n Ekologiese perspektief bied die wydste moontlike kyk na sisteme, ordes van sisteme en verhoudings tussen sisteme. Ekologie wil sê dat alle dinge in die natuur planmatig onderling verbonde is ... [en daarom] ... ... [verhoed] ...'n Ekosistemiese metateorie dat ons in geatomiseerde navorsing verval waarin wat heel behoort te wees, gereduseer word tot die somtotaal van hulle dele. 'n Eksosisteemteorie is immers radikaal anti-reduksionisties ' [1991:70].

Een van die konsekwensies wat Van Arkel uit die voorafgaande t.o.v. ons onderwerp, *nl.*. kategetiek trek, is dat enige studie wat van bv. die ***kerkjeug*** gemaak word, volledig rekening sal moet hou met die ekosisteem van die ***jeug self***.

Dieselfde beginsel geld indien iemand byvoorbeeld oor ***kerkmusiek*** besin. So iemand sal bv. in hierdie besinning ook deeglik rekening moet hou met die ***musiekkultuur*** of die ekosisteem van ***musiek self***. [De Jongh van Arkel 1991:70]. Ons het reeds in die voorafgaande besinning oor die kategese dieselfde saak aangeroer deurdat ons in die besinning oor die ***kerklike opvoedingsproses*** [kategese] uitvoerig gaan kyk het na die proses van ***opvoeding self***.

De Jongh van Arkel aanvaar dus dat indien enige saak wat bv. vir die praktiese teoloog van belang mag wees, wetenskaplik ondersoek wil word, die ***ekosisteem*** daarvan eers vasgestel sal moet word.

Hy wys egter op nog 'n ander interessante ontwikkeling in die veld van die sisteemdenke wat nie slegs fokus op sisteme [resp. handelingsisteme] nie, maar wel op ***betekenissisteme;*** ook genoem semantiese sisteme [vgl. De Jongh van Arkel 1991:71].

Hierin val die klem nie bloot op gedrag in die sisteem nie, maar op die betekenis wat aan die gedragsisteem deur middel van die magtige invloed van 'taal' gegee word. Van Arkel sluit hierby aan en maak dan die volgende belangrike stelling:

> Wat egter vir die praktiese teologie van groter waarde kan wees, is om menslike sisteme te sien as bestaande slegs in die domein van betekenis of 'n intersubjektiewe linguistiese realiteit.
>
> Ons werk met kommunikatiewe netwerke wat onderskei word in en deur taal, met die gevolg dat die betekenisdomein as 'n linguistiese of dialogiese kommunikatiewe domein beskryf kan word. Betekenis en verstaan word sosiaal en intersubjektief gekonstrueer [De Jongh van Arkel 1991:71].

Dit is belangrik om De Jongh van Arkel se gedagtegang verder te volg. Omdat hy ekosistemies dink, moet ons 'n verdere stap in sy benadering raaklees. Die noodwendige implikasie van hierdie soort benadering tot wetenskap en werklikheid, raak die navorser se resultate direk en dit kom op die volgende neer:

Omdat betekenis alleen op 'n dialogiese, kommunikatiewe, d.w.s. in sosiale verband, verkry kan word en hierdie proses 'n geweldige dinamiese een is [vgl. 1991: 70], kan daar nie ***instruktiewe*** beïnvloeding van die denke van die navorser op die navorsingsprojek binne 'n bepaalde eksosisteem wees nie. Wat Van Arkel hiermee bedoel, word duideliker as hy sê: 'Hier kan geen instruktiewe interaksie wees nie, maar eerder net 'n beroering van 'n sisteem wat in terme van sy eie struktuur daarop sal reageer ... Ekologiese navorsing wat gerig is op tweede-orde patrone mag ons dalk daarvan bewaar van die soort van oplossings waaraan ons al so gewoond geraak het, naamlik dat die oplossing wat aangebied word, en dikwels teen groot koste geïmplementeer word, net "more of the same" is en tot gevolg het dat ons kort voor lank uitvind dat "the solution became the problem" ...' De Jongh van Arkel 1991:72].

'n Laaste opmerking oor die ekosistemiese benadering van die werklikheid, is die verdraagsaamheidsbeginsel t.o.v. van ander standpunte. De Jongh van Arkel stel dit baie duidelik dat hierdie benadering impliseer dat in plaas van 'n ***óf-óf standpunt*** oor

sake daar eerder plek gemaak moet word vir 'n epistemologie wat aanvaar dat ***beide standpunte eintlik 'n plek het*** en eintlik nie teenoor mekaar gestel moet word nie. [De Jongh van Arkel 1991:72]

3.3.2.2. Beoordeling en moontlike verheldering oor ekosistemiese denke in die wetenskap [resp. praktiese teologie] vanuit 'n ander hoek bekyk.

Sonder om hoegenaamd afbreuk te doen aan die belangrike perspektiewe wat ons uit die bogenoemde sogenaamde 'moderne' benadering in die praktiese teologie ontdek het, wil ek die volgende kritiese refleksie daarop aanteken:

3.3.2.2.1 Dit is duidelik dat die sisteembenaderings-paradigma in die wetenskap en daarom ook in die praktiese teologie 'n ***verblydende reaksiepatroon*** is op die tipiese ***rasionalistiese*** en ***positivistiese*** denkrigtings wat die wetenskapsbeoefening so lank oorheers het[54] en wat verseker nou nog sy invloed in al die vakwetenskappe baie sterk laat geld. Deur die geskiedenis heen was daar nog maar altyd in die wetenskap en in die volle lewe wipplank-gery tussen die ***rasionalisme en die irrasionalisme.*** Uit die aard van die saak wil mens ten alle koste vermy om wat ookal jou standpunt is, in hierdie uitgediende eensydighede te beland.

3.3.2.2.2 Noodsaaklike refleksie op die sieninge oor rasionalisme en irrasionalisme. Sonder om in detail in te gaan op hierdie verabsoluteringe in die benadering tot die wetenskap, moet die volgende daaromtrent verduidelik word, aangesien dit begrippe is wat nie altyd eendersduidend deur navorsers hanteer en gebruik word nie. Rasionalisme en irrasionalisme wat eersgenoemde eensydigheid se direkte teendeel is, het algemeen gesproke, te make met respektiewelik 'n oorbeklemtoning of onderbeklemtoning van wetmatighede en/of ordelikhede in die werklikheid. Om dit te verduidelik die volgende:

Wetenskaplike denke het altyd direk te make met die feit dat daar ***begrip*** vir 'n saak kom deurdat die denker die saak ***onderskei*** van ander sake. Maar in die proses om

---

[54]. *Vergelyk in die verband die artikels van Pieterse en Van Arkel in Praktiese Teologie SA 6[1] 1991:38-51;61-75. Hierdie twee skrywers beskryf elk in kort die geskiedenis van hierdie denkrigtings m.b.t. hulle invloed op die wetenskap en daarom ook op die praktiese teologie.*

een saak van 'n ander te onderskei, moet daar sekere gemeenskaplike kenmerke in albei die sake voorkom. Kom ons bekyk die volgende voorbeeld om die kwessie duideliker te stel: Om Piet Rossouw te ***identifiseer*** as 'n ***mens*** moet ek die algemene verskynsel [universele] 'mens' in Piet Rossouw kan raaksien. Piet Rossouw het dus ten minste twee kante wat ek ten opsigte van hom kan onderskei: Hy het 'n ***universele*** kant wat 'mens' is en dan het hy ook 'n ***individuele*** kant wat hom 'n spesifieke mens, 'Piet Rossouw' maak. 'Piet Rossouw' het derhalwe met sy ***individualiteit*** te make, d.w.s. met ***hoe 'n soort*** mens hy is.

Hy is by voorbeeld Piet Rossouw en nie Daan Kompaan nie. Maar om 'n begrip van Piet Rossouw te vorm; om hom derhalwe uit die volle werklikheid van baie ander dinge wat ook daarin teenwoordig is, as mens te lig [te abstraheer] en hom bv. nie as klip te ***identifiseer*** nie, moet ek my 'vasloop' teen sy ***mensheid***.

Hierdie 'iets' waarteen ek my 'vasloop' kan ook genoem word die 'struktuur' wat Piet Rossouw bepaal.

Hierdie struktuur of algemene [universele] trek van Piet Rossouw is verseker 'n bepaalde ***wetmatigheid/ordelikheid*** in die skepping en dit moet tog duidelik wees dat dit die enigste manier is om begrippe [in hierdie geval van iemand, 'n persoon] te kan vorm en om sodoende wetenskap te kan bedryf.

Ons kan dit dus ook só formuleer: Piet Rossouw het 'n struktuur-, wetmatige, of orde-kant [sy mens-kant] maar Piet Rossouw het ook 'n feitelike, individuele, ook genoem 'n subjektiewe kant. [Subjektief beteken ten diepste onderwerp aan die wet, d.w.s. 'subjected to'] Feit [daarom feitelike kant] is, sy menswees manifesteer/vertoon 'n ***tipiese*** 'Piet Rossouw'-menswees. Dit is ***hoe*** Piet Rossouw op sy ***menswees*** [wetmatigheid] reageer. Hy het nie op 'n 'Daan Kompaan' ***manier*** op sy menswees reageer nie, maar op 'n 'Piet Rossouw' ***manier.***

Dit is egter belangrik om nog verder raak te sien dat hoewel ek duidelik kan onderskei dat Piet Rossouw 'n mens is en nie 'n klip nie, dit aan die ander kant onmoontlik is om sommer dadelik raak te vat ***hoe*** 'n soort mens Piet werklik is.

Hy kan tog goed of sleg, mooi of lelik, ryk of arm, groot of klein, getroud of ongetroud, en noem maar op, wees. Dit is dus duidelik: sy 'Piet Rossouw-wees' is groter as ons begrip deur onderskeiding en analise. Ons het vroeër reeds daarna verwys dat dit onmoontlik is om 'n begrip van die feitelike dinge te vorm. ***Dit ontglip elke keer ons begrip,*** net soos ons Piet Rossouw nie in een begrip kan raakvat nie. Van belang is dat ons wel van Piet Rossouw 'n ***idee*** kan vorm.

Dit is verhelderend vir die interpretasie van die geestestrominge wat ons rasionalisme of irrasionalisme noem om in dié verband in te sien dat hierdie twee kante wat ons ten opsigte van Piet Rossouw onderskei het [begrip-kant en idee-kant] ***nooit teenoor mekaar mag staan nie***. Dié twee kante is tog direk op mekaar betrek. Die ***begrip*** wat ek van Piet Rossouw as ***mens*** kon gevorm het, en die ***idee*** wat ek van hom as ***Piet Rossouw*** het, mag nooit teenoor mekaar te staan kom ***sonder om in verabsoluteringe*** te verval nie. Sodra ek my ***idee*** van Piet Rossouw ***oorbeklemtoon***, gaan ek hom kort voor lank dalk ***irrasionalisties*** tipeer as bv. 'n 'vrek' [suinige] ou terwyl dit dalk maar net my verabsoluteerde ***idee*** van hom is.[55]

Langs hierdie weg het ons byna vanself by die verklaring en verduideliking van die terme hierbo genoem, gekom. ***Irrasionalisme*** is in die lig van die voorafgaande, niks anders nie as 'n verabsolutering van die ***idee-kant*** [feitelike kant, subjektiewe kant] van die werklikheid, terwyl ***rasionalisme*** die verabsolutering van die ***begrips-kant*** van die werklikheid is. Rasionalisme wil alles in die lewe in begrippe indwing en skeep die idee oor dinge totaal af. Dit ignoreer op die ou einde die ***hoe*** van die dinge. In dié verband word die menslike ***rede*** die magtige god [natuurlik--afgod] wat alles uiteindelik in pas-klaar terme en begrippe wil beheer. Alles wat daarbuite val en nie ***begryp*** kan word nie, bestaan eintlik nie meer nie.

Irrasionalisme aan die ander kant, kyk so vas teen die feitelike kant van die werklikheid dat dit verhoed dat iemand werklik begrip daarvan kan vorm.

---

[55]. *Dit is bv. teen hierdie agtergrond dat Paulus waarsku dat 'n kind van die Here nie sy **mede-mens** moet veroordeel nie. Veroordeling is niks anders as om iemand anders se menswees irrasionalisties skeef te trek deurdat jy jou **idee** van hom/haar totaal oorbeklemtoon.*

Irrasionalisme speel altyd met die werklikheid 'n raai-raai speletjie waarin niemand ooit kan weet wat vir wat gaan nie. Dan land ons in al-ewige onsekerhede waarin alles drywend en vloeiend is. Niks mag meer omlyn en duidelik omskryf word nie want dan plaas ons 'n beperking op die werklikheid en laat nie werklik plek vir die potensiaal daarin opgesluit nie. Om altyd onder mekaar saam te wonder oor sake, word dan ons lewenshouding teenoor die werklikheid.

3.3.2.2.3 Pieterse se bydrae.

Om beter insig in die ekosistemiese wetenskapsbenadering van onder meer De Jongh van Arkel te verkry, is dit noodsaaklik om te verstaan dat dit met 'n sekere kenteorie werk. As ons in gedagte hou wat De Jongh van Arkel met sy ekosistemiese benadering tot die praktiese teologie gesê het, is dit duidelik waar hierdie betrokke kenteorie wat in reaksie teen die rasionalisme gekom het, vandaan kom.

Pieterse help ons baie pertinent in sy artikel in dieselfde tydskrifuitgawe waarin De Jongh van Arkel geskryf het, om die wortel van De Jongh van Arkel se ekosistemiese benadering te verstaan. Pieterse handel in die artikel oor die wetenskapsteoretiese grondslag van die praktiese teologie. Hy handel dus baie pertinent oor 'n bepaalde kenteorie vir die praktiese teologie [Pieterse 1991:38-51]. Hy toon, net soos De Jongh van Arkel, aan dat die moderne wetenskapsbenadering wil wegdoen met die 'smal' ***rasionalisme*** en in die plek daarvan 'n breëre rasionaliteitsopvatting wil stel. In die verband toon Pieterse eers aan dat KR Popper uit die humanistiese wysgerige skool, in aansluiting by T. Huhn se geskrifte [vgl. Strauss 1979:314] die weg begin berei het vir 'n nuwe wyse van kennisverwerwing. Volgens Pieterse kon hy egter nie wegbreek van die versmalde rasionaliteitsopvatting nie.

Dit was egter die invloed van HG Gadamer wat die finale breuk met die rasionalistiese wetenskapsideaal van die verlede geslaan het [vgl. Pieterse 1991:40]. Volgens Gadamer het ware kennis nie net betrekking op kognitiewe insigte nie, maar ook op die geldigheid van normatiewe en subjektiewe gesigpunte. 'Hierdie insig is gebaseer op die besef dat die vergader van ware kennis nie primêr afhanklik is van die

toepassing van skerp geformuleerde metodiese reëls nie, maar van die simmétriese uitwisseling tussen gelykwaardige deelnemers aan kommunikasie' [De Jongh van Arkel 1991:40].

Volgens Pieterse is die 'volbloed, breë rasionaliteitsopvatting' egter uitgewerk deur ***Jürgen Habermas*** uit die neo-marxistiese skool [vgl. Strauss 1989:141]. Dit is dan ook by hom wat Pieterse aansluit om sy eie kenteorie as 'n ***meta-teorie*** vir die praktiese teologie, uit te werk. Sonder om volledig in te gaan op die omskrywing van Habermas se kenteorie stip ek die volgende aan:

- Die menslike samelewing word georden deur gemeenskaplike werklikheidsdefinisies.
- Hierdie werklikheidsdefinisies kom tot stand deur kommunikatiewe handelinge tussen mense wat gerig is op die ***intersubjektiewe gedeelde begrip*** oor die werklikheid.
- Die waarheid van uitsprake oor ervaringsobjekte, die juistheid van normatiewe uitgangspunte en die waaragtigheid van subjektiewe ervaringe is alles 'n saak van ***intersubjektiewe konsensusvorming***.
- Habermas verplaas die werklikheidsbenadering en die waarheidsopvatting tot 'n subjek-subjek relasie.
- Op grond van hierdie gedagtes van Habermas kan wetenskaplike denke as 'n kommunikatief-rasionele leerproses waarin mense in 'n intersubjektiewe gesprek tot ooreenstemming oor geldigheidsaansprake kan kom, beskryf word [vgl. Pieterse 1991:42-43].

Pieterse verklaar hierop dat dié kenteorie inderdaad op meta-teoretiese vlak die grondslag van die praktiese teologie kan vorm [vgl. 1991:42]. Hy aanvaar Habermas op hierdie meta-teoretiese vlak egter nie kritiekloos nie. Sy kritiek op Habermas se teorie kom daarop neer dat dit nie ruimte laat vir God nie en bloot op intermenslike handelinge konsentreer. Hy stel dit soos volg: Hierdie '... handelingswetenskaplike benadering [neig] om te veel klem op die menslike handelinge te plaas en handelinge

van God in Christus deur sy Gees op die agtergrond te skuif. Dan word dit 'n praxeologie ...' [Pieterse 1991:44]. En daarom kan hierdie kenteorie weliswaar diensbaar gemaak word aan die praktiese teologie, maar slegs dan as dit as kommunikatiewe handelingswetenskapteorie gerig word op die werklikheid en die praxis van God.

Dit is duidelik dat hierdie kenteoretiese benadering tot die werklikheid presies dieselfde inhou as wat Van Arkel met sy ekosistemiese benadering op die oog het.

Sonder om hier weer vergelykend daarop in te gaan, maak ek bloot die stelling dat die ekosistemiese benadering niks anders is as onder meer 'n verwerkte vorm van Habermas se kenteorie wat vrugbaar vir die praktiese teolgie gemaak wil word nie. Trouens as ons die ekosistemiese benadering met dié van Habermas vergelyk, is dit duidelik dat hulle selfs van dieselfde terme gebruik maak om hulle teorieë te omskrywe.

3.3.2.2.4 Sisteemteorie vry van rasionalisme?

Al wat ons dus te doen staan, is om krities na hierdie kenteorie te kyk en veral vas te stel of dit in der waarheid die gewraakte ***versmalde rasionalisme*** wat dit wou deurbreek, te bowe gekom het.

* Daar is in die eerste plek geen twyfel daaroor dat hierdie kenteoretiese benadering 'n bevryding van die starre rasionalisme is nie en dat dit veral ruimte laat en volledig erkenning gee aan die feit dat alle teorievorming nie neutraal is nie, maar vasgevang sit in 'n bepaalde paradigma. Die moontlikheid om teorieë op hierdie wyse werklik te laat kommunikeer is baie groter as in die geval van die starre rasionalisme. 'n Ekosistemiese benadering laat die ruimte vir ***openlike diskussie*** ; dit neem die ***werklikheid ernstig*** en dit probeer veral soos De Jongh van Arkel dit stel, om ***weg te doen met 'n dualistiese benadering*** van die werklikheid. Die navorser hou hom, wat byvoorbeeld die praktiese teologie betref, besig met die

werklikheid van menslike handelinge en gebeure wat in allerlei relasies tot mekaar en die werklikheid staan en verwerk dan die geldigheidsaansprake [begrippe] wat gevorm word in intersubjektiewe konsensusvorming. Dit is 'n winspunt dat in dié sin ook rekening gehou word met die ***subjektiewe [feitelike] kant van die werklikheid/sake*** en dat standpunte juis in die verband ***nie finaal en 'van bo-af' as ewige waarhede op ons toesak nie.*** Hierdie benadering veronderstel natuurlik vir die teoloog 'n bepaalde siening van die Skrif. Hieroor het De Jongh van Arkel hom egter nie in die artikel waarna ons verwys het, uitgelaat nie.[56]

- Of die praktiese teologie met hierdie wetenskapsbenadering werklik vrygekom het van die rasionalisme in teenstelling met 'n ***breë rasionaliteitsopvatting***, moet egter van nader bekyk word. De Jongh van Arkel is blykbaar self lugtig hiervoor as hy sê:

  Die gevaar bestaan dat iemand beweer dat hy/sy 'n sisteemteoretiese meta-teorie gebruik maar nog die ***koseptuele raamwerk*** van 'n hoofsaaklik Westerse/Cartesiaanse/Newtoniaanse epistemologie gebruik' [De Jongh van Arkel 1991:73].

---

[56]. *Van Arkel laat hom in sy proefskrif, **'A paradigm for pastoral diagnosing'**, ook nie spesifiek uit oor hoe die Bybel in teologiese teorie-vorming of in die tegniek van diagnose hanteer word nie. Hy wil hom egter tog verantwoord oor hoe diagnose van pasiënte in terme van die pastoraat verstaan moet word. D.w.s. hy wil diagnose ook teologies begrond om dit 'pastorale' diagnose te laat wees. Dit is egter bevrydend om raak te lees dat Van Arkel hom nie beroep op sogenaamde Bybelse waarhede om algemene diagnose, sodoende pastorale diagnose te laat word nie. Hoewel hy hom dus nie spesifiek uitspreek oor hoe hy pastorale diagnose teologies begrond nie, kom sy beskouing van die Bybel tog hierin na vore. Hy wil nie met die Bybel in terme van 'n boek wat objektiewe waarheidsuitsprake gee, werk nie. Wanneer hy oor die teologiese fokus van die pastorale teologie en -diagnose handel, is die inter-dissiplinêre aksie tussen teologie en al die sogenaamde 'hulpvakke' sy vertrekpunt. D.w.s. wanneer pastoraal standpunt ingeneem word, moet die 'interesse' [vgl. Pieterse **Skrif en Kerk** 7[1] 1986:68] van teologie en die ander vakke op die tafel in gesprek kom.[vgl. ook Pieterse in Praktiese Teologie in SA 6[1] 1991:44] Oor wat hierdie fokus van die teologie is, laat hy hom duidelik soos volg uit: Hy verwys na verskillende metodes om die teologiese fokus te vind maar sluit uiteindelik aan by Christof Bäumler se idee dat die Koninkryk van God die fokuspunt bv. diagnose is, om dit 'pastorale' diagnose te maak [vgl. Van Arkel 1987:195-196].*

As ons krities na die kenteorie van Habermas kyk, is dit duidelik dat hy in al sy pogings om weg te kom van die rasionalisme, op die ou einde tog nie werklik daarin slaag nie. Ek verantwoord hierdie stelling soos volg:

Die tipiese rasionalisme waarteen Habermas in die besonder te velde trek, 'tregter', om die woord van Pieterse te gebruik [Pieterse 1991:39], die werklikheid deur die ***logies-analitiese*** sy van die werklikheid. In terme van ons ontleding van die begrippe rasionalisme/irrasionalisme, verabsoluteer die tipiese rasionalis die ***struktuur-kant*** van dinge teenoor die ***idee-kant*** en ***versmal*** die lewe in eng ***logies-analitiese begrippe*** sodat alles netjies in 'n logiese begrippe-lyn agtermekaar gesit word en orals kan inpas. Habermas werk ongelukkig met presies dieselfde 'rasionaliteit'. Al wat hy doen is om die 'individuele' verabsolutering van die ***begrippe-kant*** van die werklikheid te verskuif na die ***'sosiale'*** klem op begrippe.[57] Vandaar sy geweldige klem op ***kommunikasie en die sosiale interaksie van denke in 'n intersubjektiewe konsensus***. Hierdie oorbeklemtoning van die sosiale aspek van die werklikheid, d.w.s. Habermas se ***sosiale tregter***, hou natuurlik weer direk verband met die historiese konteks waarin sy denke en menswees ontsluit het, *nl.*. die sosialistiese raamwerk van die marxisme. Op die ou einde sit ons in sy denke maar weer met 'n 'rasionalistiese' beheersing van die werklikheid. Al wat Habermas en sy volgelinge gedoen het, is om die klem te verskuif na 'n ***kollektiewe-of sosiale REDE*** wat uiteindelik regter speel oor wat waar en onwaar is; wat gedoen moet word en wat gelaat moet word. Die grondfout is myns insiens dat Habermas probeer om ***balans*** in wetenskaplik denke te kry deur die klem van sg. ***smal*** rasionalistiese denke op 'n ***breë-sosiale*** rasionalisme te laat val. Op die

[57]. *Hierdie verbreding van die individuele na die sosiale; van die enkeling na die gemeenskap in die sin van interaksie tussen denke en uiteindelike konsensus, met die verrekening van die subjektiewe, is natuurlik baie meer bevrydend. Dit los egter nie die werklike probleem op nie.*

oog af klink dit amper of dit reg kan wees dat balans gevind kan word as daar kontrole uitgeoefen word deur ***gemeenskaplike*** konsensus-denke.

Dit is ongelukkig naïef gedink. Die beklemtoning [oorbeklemtoning] van die sosiale aspek sal geen uitkoms vir die wetenskap waarborg nie. Dit is slegs as die volle aspekte rykdom van die werklikheid wat in elke denk-akt funksioneer, verreken word, dat ware kosmologiese ***balans*** gevind kan word. Om een aspek-verabsolutering ter wille van 'n ander te verruil, beteken om die satan met 'n mooier klinkende ou 'duiweltjie' te vervang.

* In hoeverre Van Arkel en sy ekosistemiese benadering hom van die bogenoende verabsolutering van die grondhouding van Habermas se denke afgegrens het, is eintlik moeilik om te bepaal.

  Hyself doen dit nêrens eksplisiet nie. Wat eerder waar lyk, is dat hy eklekties van verskeie denkers[58] in hierdie denkkader wat nie noodwendig oral dieselfde klem plaas nie, gebruik gemaak het [De Jongh van Arkel 1991:68-71].

  Sy denkgenoot, Pieterse, grens hom ook nie van die kenteorie van Habermas as 'n sogenaamde meta-teorie, af nie. Trouens hy aanvaar dit as werkbare meta-teorie vir die praktiese teologie [Pieterse 1991:43]. Hy grens hom wel af van die sogenaamde uitsigloosheid van Habermas se denke [Pieterse 1991:43-44] en probeer om dit in 'n ***teo***-logiese raamwerk te plaas.

  Myns insiens doen hy dit egter op 'n tipiese skolastieke, dualistiese wyse deur doodgewoon vir God van bo-af by te bring om sodoende 'n sg. teologiese perspektief te verkry. Dit kom daarop neer dat ek met my ***natuurlike*** denke [rede] tot op 'n punt vorder en waar ek my dan al denkende, sonder God vasloop omdat ek God tog volledig wil erken, gerieflik oor die dualistiese deling van die werklikheid vanuit die natuurlike

[58]. *Hy sluit aan by Keeney; Von Foester; Hoffman, Simon, Stierlin & Wynne; Lines; Boscolo om maar net 'n paar te noem [De Jong van Arkel 1991:68-71].*

in die bo-natuurlike kader van God spring [vgl. Pieterse 1991:44 vv]. Dit lyk my ook die probleem van Van Arkel as hy die pastorale diagnose, teologies wil dui, deur gewone diagnose net op die 'koninkryk van God' te rig [vgl. De Jongh van Arkel 1987:195].

Die implikasie hiervan is natuurlik dat gewone diagnose nie op die Koninkryk van God gerig kan wees nie. Of anders is daar geen verskil tussen gewone diagnose en pastorale diagnose nie. Myns insiens lê die oplossing van die dilemma nie in die *bysleep* van God waar ek nie meer sg. 'natuurlik' verder kan nie, maar in 'n radikale en integrale denke vanuit die Wortel van alle dinge, God in Christus deur die Heilige Gees, sodat ek Hom nie later hoef by te sleep nie, maar dat Hy my hele denkvermoë of watter vermoë ookal, vanuit my hart, in die gerigtheid op Sy skeppingswerklikheid, radikaal en integraal bepaal. Dan is teologiese handelinge in elk geval doodgewone menslike handelinge wat vanuit die Wortel wel Christelik gekleur is en hoef God nie bygesit te word om dit sodanig te kleur nie.

Dit is noodsaaklik om 'n laaste opmerking te maak oor die benadering van Van Arkel as eksponent van die moderne ekosistemiese benadering in die praktiese teologie.

In sy reaksie teen die rasionalisme doen hy alles in sy vermoë om 'n sisteem te ontwikkel wat nie weer in die slaggat van die rasionalisme met sy 'fixed ideas' hoef te beland nie. Hy beklemtoon dat die resultate van so 'n benadering die volgende behoort te wees en druk dit in die volgende terme uit: ***Geen instruktiewe interaksie maar eerder slegs 'n beroering van 'n sisteem wat in terme van sy eie struktuur sal reageer; dit gaan in die benadering oor proses-navorsing waarin die resultaat om betekenisvol te kan wees, begaan is oor as, hoe, wanneer en onder watter***

omstandighede; die waarheid moet heuristies[59] ***gesien word wat beteken dat die navorser vir elke standpunt plek moet laat, selfs ook die rasionalisme; die perspektief op die waarheid is eerder 'n 'beide en..' as 'n ' of-of' benadering*** [vgl. Pieterse 1991:72]. Hiervoor kan alleen waardering wees veral omdat dit myns insiens probeer voorsiening maak vir die volle aspekte rykdom waarbinne 'n navorsingsaksie funksioneer.

Spesifiek die verwysing na die kwessie van navorsingsresultate wat vrae soos: ***as, hoe, wanneer en onder watter omstandighede*** moet verreken, appelleer op die verskillende aspekte van die werklikheid wat in die navorsingsaksie inspeel en sorgdra dat 'n saak nie net vanuit een hoek skeef vetrek word nie.

Ek kan egter nie nalaat om op te merk dat sekere terme waarmee Van Arkel die ekosistemiese benadering beskryf, ongekwalifiseerd na die ander uiterste van die rasionalisme, *nl.*. die irrasionalisme kan oorval nie. As dit waar is dat daar geen instruktiewe bydrae in navorsing van een of ander sisteem gemaak kan word nie, maar slegs 'n 'beroering' in die ***pot van denke*** gebring kan word, en dat ons só *heuristies* oor die waarheid moet ***woel*** dat almal se standpunt uiteindelik tog seker ook maar reg is, dan begin dit my voorkom of om begrippe te vorm en duidelik te stel, wetenskaplike *sonde* is. In terme van die onderskeidinge wat ons oor die kwessie van irrasionalisme versus rasionalisme gemaak het, lyk dit my De Jongh van Arkel loop hier die baie pertinente gevaar van die irrasionalisme [resp. relativisme]. Die terme wat De Jongh van Arkel gebruik, wil die klem myns insiens te veel laat val op die ***idee-kant*** van die werklikheid en die ***struktuur-kant*** as ongewens uitwys. 'n Waarskuwende woord van Strauss is hier vir almal wat die ou bedeling van denke wil afskud, ter sake: 'Die

---

[59]. *Heuristies verwys in die verband na die metode wat tot die ontdekking van antwoorde kom deur stelselmatig vrae te vra en al vraende en antwoordende die waarheid te probeer ontdek.*

> irrasionalistiese kant van die nominalisme bied eweseer "vrugbare" teelaarde. In aansluiting daarby sien ons tewens al die irrasionalistiese strominge van die moderne wysbegeerte verrys: die latere ontwikkeling van die na-Kantiaanse vryheidsidealisme; ... die opkoms van die eksistensie-filosofie, die pragmatisme, die personalisme, die neo-Marxisme ...; die historisme en die eksistensieel-fenomenologiese denke - waarin telkens op een of ander wyse alle eer gebring word aan die uniek-individuele ['kontingente']' [Strauss 1989:141].

3.3.2.2.5 Alternatiewe siening

Die regstelling van 'n uitsiglose denkraamwerk is 'n perspektief vanuit die ***geloofshoek*** van die werklikheid. Dit gaan derhalwe om 'n ***kosmologiese onderskeiding*** wat blykbaar nie gemaak kan word nie. In die beskrywing van praktiese teologie as sg. handelingswetenskap soek ek ook aanmekaar na 'n bepaalde afgrensing wat hierdie handelinge tot teologie kan stempel. Trouens sosiologie, estetika, die regte, etiek, kan ook tog as handelingswetenskappe beskryf word. Maar wat maak hierdie handelinge tot ***teologiese*** handelinge wat sistemies verreken moet word? Hierop antwoord ek: Verseker is dit nie God nie. Indien dit God is of die 'praxis van God' soos Pieterse dit stel, beteken dit onmiddellik dat al die ander wetenskappe van God uitgesluit is. Want dan word God net vir die teologie opgeëis.

Die afgrensing kan dus nie God wees nie, ten minste as Hy die God van my hele lewe is nie, maar wel die ***geloofswerklikheid***. En geloof is nie iets van bo-af nie. Geloof is 'n aspek van die werklikheid, soos die reg, soos die sosiale en die morele en die estetiese en die linguïstiese ens.[60] Vir volledigheid moet die resultate van my

[60]. *Van Wyk wat oor dieselfde onderwerp gedoktoreer.het, het ook die aanvoeling dat praktiese teologie wel as handelingswetenskap beskryf kan word, maar dan vanuit die geloofshoek benader. LW Dit gaan nie oor geloofshandelinge nie, maar kerklike handelinge wat vanuit die geloofshoek van die werklikheid wetenskaplik benader moet word. Dat Van Wyk m.i. nie die volle kensekwensies van hierdie beskrywing verstaan nie, is duidelik uit sy finale opmerking aan die einde van sy artikel waarin hy gewag maak van die feit dat so 'n benadering tog maar die veld van die praktiese teologie grensloos maak [Van Wyk 1991:80-84].*

ondersoek in hoofstukke 5 en 7 in verband met die siening van teologie en kerkwees hier bygelees word.

In dié verband bly dit vir my verstommend, en ek wil ook sê aangrypend, dat die wetenskap en by name die teologie nou reeds vir meer as vyftig jaar in 'n pendulum-aksie tussen uiterstes vasgevang sit en dit terwyl die Reformatoriese Wysbegeerte reeds in die dertiger jare vers en kapittel aangetoon het waar die hart van die probleem lê.

Dooyeweerd het in lynregte reaksie teen die tipiese Cartesiaanse en Newtoniaanse denkklimaat en teen die ekstreme rasionalistiese uitloper daarvan, soos dit gestalte gevind het in die denke van Immanuel Kant, reeds sy 'Wijsbegeerte der Wetsidee' in 1935 die lig laat sien. In dié verband staan in die voorwoord van hierdie werk hierdie betekenisvolle woorde wat direk op ons gesprek betrekking het:

> Aanvanklijk sterk onder den invloed eerst van de Neo-Kantiaansche wijsbegeerte, later Husserl's phaenomenologie, beteekende het groote keerpunt in mijn denken de ontdekking van den religieuzen wortel van het denken zelve, waardoor mijn een nieuw licht opging over de doorloopende mislukking van alle, aanvankelijk ook door mijzelf ondernomen, pogingen een innerlijke verbinding tot stand te brengen tusschen het Christelijk geloof en een wijsbegeerte, ***die geworteld is in het geloof in de zelfgenoegzaamheid der menslijke rede*** [Klem MHH] ... Vanuit dit centrale Christelijk gezichtspunt bleek mij een omwenteling in het wijsgeerig denken ***noodzaaklijk van zoo radicaal karakter,*** [Klem MHH] dat Kant's 'Copernicusdaad' daartegenover slechts als een *periphere* kan worden gequalificeerd [Dooyeweerd Vol 1,1935:V-VI].

Van nog groter belang in hierdie verband, is die inleidende gedeelte van Dooyeweerd se ***Wysbegeerte der Wetsidee***. By die lees hiervan klink presies dieselfde instelling/benadering t.o.v. die werklikheid en die wetenskap as wat die sg. moderne sisteemteorieë beoog. Ek haal hom ruimskoots aan:

> Wanneer ik mij rekenschap geef van die werkelijkheid, gelijk zij zich in de naïve, vóór-theoretische instelling geeft, en haar confronteer met de theoretische wetenschappelijke ***uit-eenstelling***, waardoor zij in verschillende zijden uit elkander schijnt te wijken, dan is het eerste wat mijn treft, de oorspronkelijk ***onverbrekelijke verbondenheid*** van al hare verschillende zijden, welke eerst in de ***wetenschappelijke instelling*** gearticuleerd onderskeiden worden. ***Een doorgaande onderlinge afhankelijkheid*** [Klem MHH] verbindt de getalszijde [van die werklikheid MHH] met de ruimtelijke zijde, de ruimtelijke met de bewegingszijde, de bewegingszijde met de organische levenszijde, de organische levenszijde met de psychische gevoelszijde, dese met die analitisch-logische sijde, deze met die historische zijde, de taalzijde, de omgangszijde, de economische zijde, de aesthetische zijde, de rechtzijde, de morele zijde, de geloofszijde. Niets bestaat in den wereldsamenhang op zichzelve, alles wijst ***in en buiten zichzelve heen*** naar al het andere in ***den onderling samenhang.*** In iedere zijde van onzen kosmos ***drukt zich uit*** de ***samenhang*** aller zijden en ook deze samenhang ***wijst*** boven zichzelve uit naar een diepere ***totaliteit***, die zich in dien samenhang ***uitdrukt***...Onze zelfheid, onze ik-heid drukt zich als totaliteit uit in den samenhang van al hare functies in alle zijde der kosmische werkelijkheid [Dooyeweerd Vol 1 1935:5-6].

Dit is my oortuiging dat die ontwikkeling in die wetenskapsteoretiese debat veral binne die sosiale wetenskappe in die jongste jare in die rigting van 'n sogenaamde 'breë rasionaliteitsopvatting' teenoor die vorige 'versmalde rasionaliteitsopvatting' [vgl. Pieterse 1991:38-39] op niks anders gestuit het as dit wat Dooyeweerd reeds in die dertiger jare baie helder raakgesien het nie. En dit moet vir ons duidelik wees dat hierdie benadering niks anders beoog as om uitdrukking te gee aan dit wat die Reformatoriese Wysbegeerte as die ***sinsamehang van die ryke aspekte verskeidenheid van die werklikheid*** uitgewys het nie.

In die tradisie van die Reformatoriese Wysbegeerte vind ons die volgende beskrywing wat prof Henk Hart gee, om aan te toon hoe die werklikheid volgens hom in mekaar steek. Hierdie beskrywing toon duidelik aan dat die werklikheid altyd 'n bepaalde drietal van entiteite, eienskappe en verhoudinge vertoon:

> Our universe, the empirical world of time and space, is populated by little girls, white-tailed deer, yellow slippers, planets and many other things.
> We can attribute what may be called qualities or functions, or properties to all of these entities in our world and we can say that they related to each other. Little girls are cute and have mothers. White-tailed deer are fast and eet leaves. Yellow lady slippers have brown spots on their betals and need light. Planets move aroud the sun. We can record countless situations that always have these three elements: ***things, with attributes in relation*** [Hart 1984:1].

Die werklikheid dien hom dus in die eerste plek aan as 'n geweldige ***verskeidenheid*** van dinge, entiteite en gebeurtenisse. Miskien is dit so dat dit juis die verskeidenheid in die werklikheid is wat die eerste indruk op die mens maak. 'n Kind leer juis van kleinsaf dat daar 'n groot klomp verskillende dinge in sy wêreld is. Die moontlikheid is daarom ook baie groot dat vanweë dié geweldige verskeidenheid wat van kleinsaf in die lewe op ons mense afkom, ons maklik in voorwetenskaplike en teoretiese sin, die wonderlike ***eenheid*** van die werklikheid kan miskyk. Dit is juis die hart van die probleem waarmee navorsers voortdurend stoei en ook juis in die voorafgaande aangeraak is. Die geweldige winspunt van die Reformatoriese Wysbegeerte was myns insiens in dié verband onder meer die volgende:

* 'n Unieke duidelike *wat* op die werklikheid deur die aspekte- onderskeidinge wat Dooyeweerd[61] gemaak het en wat die navorser 'n ***omlynde toegang*** tot die

[61]. *Ek verwys hieroor weer eens na Dooyeweerd se standaard werk, "De Wijsbegeerte der Wetsidee" 1935 en na die Engelse vertaling en uitbreiding daarvan, "A new Critique of Theoretical Thought", wat in 1969 verskyn het en verskeie herdrukke beleef het. Die nuuste herdruk, is 1984] Vergelyk in verband met die aspekte onderskeiding Volume 1, p. 1.*

komplekse eenheid-in-verskeidenheid van die ganse skepping bied. Hierdie basiese ***kosmologiese***[62] ***onderskeidinge*** dien as 'n eenvoudige sleutel om dinge, entiteite, gebeurtenisse, gemeenskappe, verbande en die oorstelpende relasie-moontlikhede wat tussen alles bestaan [eenheid], soveel makliker te ontleed en te probeer verstaan.

- Wat die kwessie van die sisteemteoretiese benadering van die werklikheid, in reaksie teen die rasionalistiese-individualsitiese denke van die verlede betref, bied die kosmologiese onderskeidinge wat ek kan maak, 'n verhelderende alternatiewe oplossing.

Wat was nou eintlik die grondfout van die sogenaamde ***atomistiese*** denkpatroon waarna hierbo verwys is en hoe kan ons bewaar word om nie weer in sulke of ander uiterstes, ook in die teologie, te verval nie? Wat dadelik ten opsigte van die atomistiese denke opval, is dat dit die hele lewe wil ***opdeel of afbreek in onderskeie fragmente.*** In die woorde van De Jongh van Arkel, beteken dit dat '... alle komplekse verskynsels alleenlik verstaan word deur dit te reduseer tot hulle samestellende dele' [De Jongh van Arkel 1991:65]. As ons nou in terme hiervan aan 'n reeks onverdeelbare onderdele dink en ons moet bepaal watter aspek van die lewe [in terme van die aspekte-onderskeiding] in so 'n benadering ter sake is, is dit nie moeilik om agter te kom dat ***'hoeveelheid onderskeie dele'*** waarin die lewe opgedeel word [Newtoniaanse konsepsuele denke], duidelik net met een saak te make het en wel die getalsaspek van die werklikheid nie. Die lewe word hiervolgens slegs bedink as 'n ***losse optelsom*** [getalsaspek] van onderskeie dele. Hiermee word die ware eenheid

---

[62] *Die woord 'kosmologie' kan baie betekenisse hê. Ek gebruik dit deurgaans as die teoretiese geheelbeeld wat van die volle lewe probeer gee word. Dit is in die woorde van Strauss 'n '...totaliteitsvisie wat rekenskap moet gee van die grondleggende* ***verskeidenheid*** *binne die skepping soos wat dit in 'n onl.osmaaklike* ***samehang*** *bestaan' [Strauss 1979:1]. As voorbeeld hiervan het ek in die voorafgaande 'n paar keer verwys na die piesang-koop-gebeurtenis [entiteit] en hoe die verskillende aspekte van die gebeurtenis ons toegang gee om die gebeurtenis van verskeie kante te bekyk in terme van eenheid en verskeidenheid. Elke saak onder die son kan in terme hiervan in sy eenheid en in sy samehang bekyk word om sodoende te probeer om altyd gebalanseerd na die werklikheid te kyk. Die balans bestaan juis daarin dat nie een van die aspekte wat onderskei kan word nie, eensydig beklemtoon mag word nie.*

daarvan totaal uit die oog verloor. Die punt is: hierdie wyse van dink bekyk die lewe bloot vanuit een hoek, *nl.*. die getalshoek. Dit is 'n verabsolutering van die getalsaspek van die werklikheid.

In reaksie hierteen loop teoretiese denke natuurlik weer onmiddellik die gevaar om te oorreageer en alle klem te plaas op die 'geheel-heid' van die lewe. Alle dinge word dan weer verstaan in terme van die geheel.

Niks wat individueel is, het langs hierdie weg 'n plek in die lewe nie. Jy kan dinge slegs verstaan in terme van die geheel. Hierdie manier van dink, oorbeklemtoon weer die ***ruimte-aspek*** van die werklikheid, want die tipiese aard van die ruimte aspek is juis sy ***aaneenlopende samegehang in sy geheel*** [vgl. Strauss 1979:26]. Ons ontmoet in hierdie sieninge natuurlik ook die twee uiterstes in die wetenskaplike benadering tot die werklikheid wat deur die eeue heen pendulum geswaai het tussen wat bekend staan as ***individualisme en universalisme***. Dit is weer eens een duiwel wat met 'n ander een besweer wil word sonder om regtig beter uitsig op die werklikheid te bied[63]. Die sosioloog, Parsons wat 'n baie groot invloed op die moderne sosiologie gehad het en 'n tipiese sisteem denker is, het juis in reaksie teen die atomistiese denke volledig in die slaggat van die ander uiterste, *nl.*. die ***universalisme*** verval. Hy verkrag vanuit 'n oorbeklemtoning van die ruimte-aspek die 'onderdele' as hy skryf: 'The starting point must be the concept of a society, defined as a collectivity, i.e., a system of concrete interacting human individuals, which is the primary bearer of a distinctive institutionalized culture and which cannot be said to be a differentiated subsystem of higher-order collectivity oriented to most of the exigencies of a social system' [vgl. Strauss 1979:193]. Hierdie standpunt word bevestig in Parsons se standpunt oor 'The cybernetic hierachy' waaroor onder meer die volgende geskryf staan: 'Within society, the economy directs personalities by allocating resources for gratifying some desires but not others. The policy is subordinate to the economy in the cybernetic hierarchy because ***collective goals must***

[63]. *Vergelyk vir 'n volledige beskrywing van hierdie tendens in wetenskaplike denke vir Strauss 1979:113ev.*

take precedence in a society over idividual goals' [Klem MHH] [Parsons 1977:8-9]. Hierdie opmerkings oor die sisteem-denke in die algemeen, wys op die gevaar wanneer kosmologiese onderskeidinge in die denkproses nie duidelik gemaak word nie of as navorsers nie oor die moontlikhede van 'n goed uitgewerkte kosmologie in hulle vakfilosoifie beskik nie. Die hele sisteem-denke, ten spyte van die baie positiewe bydraes wat uit die hoek kom, moet daarom in terme hiervan nooit resloos aanvaar word nie.

3.4 Teologie se status as wetenskap

'n Laaste opmerking i.v.m. teologiese teorievorming:

In die lig van die voorafgaande moet dit duidelik wees dat teologie soos die Reformatoriese Wysbegeerte dit omlyn het, ***teoretiese denke*** in die volle sin van die woord is. Wat hier op die teologie toegepas is, is presies net so van toepassing op enige ander teorievorming, afhangende vanuit watter aspek dit benader word. De Graaff sê in die verband: 'As systematic discipline, theology is bound to the theoretical attitude of thought', [De Graaff 1968:53] en sou ek wil byvoeg: soos dit vir elke ander vakwetenskap in presies dieselfde sin geld.

HOOFSTUK 7

BYBELSE TEOLOGIE [PRAKTIESE TEOLOGIE]

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

In hierdie hoofstuk moet die begronding van die spesifieke teologiese teorieë wat in die vorige hoofstuk ter sprake is, Skriftuurlik verantwoordbaar wees. Die verband tussen teologie [resp. Praktiese Teologie en Kategetiek as onderafdeling daarvan] en die Bybel moet derhalwe duidelik aangetoon word.

2. SKRIFGETROUHEID EN TEORIEVORMING IN DIE TEOLOGIE [RESP. KATEGETIEK]

Een van die eerste kwessies wat gewoonlik in die reformatoriese teologie ter sprake kom, is die Skrifgetrouheid van teologiese teorievorming. Dit wil sê die eerste voorvraag wat hierdeur aan die orde kom, is ***hoe funksioneer die Bybel*** in teologiese teorie-vorming.[64] Dit is om twee redes belangrik om in hierdie konteks duidelik op die vraag te antwoord.

In die eerste plek omdat ek graag as Gereformeerde teoloog Bybelse teologie wil beoefen. In die tweede plek is dit belangrik vir die gesprek binne die struktuur van die Ned. Geref. Kerk. 'n ***Deeglik begronde*** alternatiewe visie oor kategese moet in die verband gestel word. Kategete in die Ned. Geref. Kerk, wat by wyse van voorbeeld, hierdie verhandeling lees, moenie twyfel oor die praktiese Skriftuurlikheid [Gereformeerdheid] van die standpunt wat hierin gehandhaaf word nie.

---

[64] . *Vergelyk in die verband die inl.eidende opmerkings van A König en L van Deventer oor Skrifbeskouing en Skrifgebruik, [Van Deventer & König:300]. 'In die tradisie van die Gereformeerde teologie word ons steeds gestel voor die blywende eis van Skriftuurlikheid.' Die skrywers verwys dan na Kelsey wat daarop gewys dat Protestantse teoloë oor die hele spektrum van opinies steeds gepoog het om die teologie* ***volgens die Skrif of in ooreenstemming met die Skrif*** *te bedryf. Met betrekking tot die kategese word die bogenoemde bevestig deur die poging van JMG Prins om 'n nuwe metode van katgese, Skriftuurlik te begrond. In sy begronding van 'n nuwe rigting wat die kategese moet inslaan met die doel om weg te breek van die eensydige kognitiewe benadering van kategese in die verlede, beroep Prins hom op Paulus. Paulus sou dan die beginsel van* ***sosialisering,*** *wat die affektiewe kant van onderrig teenoor die kognitiewe instelling beklemtoon het. 'n Ontleding van Skrifgedeeltes word in die verband oor Paulus gedoen. [Van Deventer & König 1989:250-254]].*

2.1 Standpunte

2.1.1 Kuitert

HM Kuitert was seker die eerste teoloog in die Gereformeerde tradisie wat die moed gehad het om teen die tradisionele Skrifbeskouing en Skrifhantering in die Gereformeerde teologiese wêreld te reageer.[65] Kuitert het hierdie teologiese debat by hernuwing aan die gang gesit. Dit is 'n debat wat in elk geval nooit uitgepraat sal kan raak nie. Hy het ook daarin geslaag om aan te toon dat hierdie aangeleentheid met groot omsigtigheid hanteer behoort te word. Olthuis skryf in sy kritiek op Kuitert se Skrifbeskouing: 'In general Kuitert is to be applauded, not only for sensing the need for re-thinking reformed theology, but more particularly because he has set his shoulders to the task' [Olthuis 1969:1].

2.1.2 Jonker

In dieselfde verband skryf Jonker in dieselfde jaar waarin Kuitert se boek verskyn het onder die titel, 'Eksegese en Dogmatiek', in baie meer versigtige trant:

> Dit is duidelik dat hierdie vraag te make het met die rol wat die Heilige Skrif ... in die beoefening van die dogmatiek [resp. die teologie] moet speel. Dit is nie so eenvoudig om 'n goeie antwoord op hierdie vraag te gee nie. Duidelik is in elk geval dat bepaalde antwoorde wat in hierdie verband gegee is, nie altyd die saak op 'n bevredigende manier opgelos het nie. So het byvoorbeeld in die geskiedenis geblyk dat die heerskappy van die Woord van God in die dogmatiek nog nie gewaarborg is wanneer alleen maar die eis gestel word dat alle leerstukke [teorieë] uit die Heilige Skrif bewys moet word nie. Dit kan

---

[65] . *Ek verwys na sy bekende werk wat in 1970 verskyn het, 'Anders gezegd.' waarin hy spesifiek skryf oor die probleem van die sg. Gereformeerde Skrifberoep om teologiese maar veral etiese keuses te regverdig en vir die waarheid aan te dien. In 1986 het HG Stoker hom t.o.v. die Gereformeerde Kerke in die RSA hieroor aangevat in sy werkie: 'Direk of indirek, 'n antwoord op HM Kuitert se siening van Skrifberoep in die etiek.' Dit is 'n uitgawe van die PU vir CHO Potchefstroom.*

met name geleer word uit die geskiedenis van die skolastieke teologie.[Jonker 1970:163].

2.1.3 Berkouwer

Dit is raadsaam om meer breedvoerig stil te staan by Berkouwer se standpunt in dié verband. Hy bespreek die kwessie van hoe die Bybel in die teologie hanteer word, in verband met die sg. ***duidelikheid*** van die Skrif. Die kwessie van Skrifhantering in die teologie staan, volgens hom, in direkte verband met 'n bepaalde Skrifbeskouing [vgl. Berkouwer 1967:274].

Berkouwer begin met die vraag: as die Bybel in homself duidelik is, dan is dit logies dat voor die handliggende, duidelike uitsprake daarin, ter stawing van byvoorbeeld teologiese argumente gebruik kan word. Trouens, dit is presies die wyse waarop die baie 'bewysplase' in die Heidelbergse Kategismus later aangebring is [vgl. Ons glo 1982:32-65]. Die vraag is verder: is dit nie ook wat in byna elke dogmatiek wat geskryf word, gebeur nie? Is die kritiek op die soort naïef-realistiese Skrifberoep nie dalk te gou gemaak nie?

Berkouwer verreken die probleem deur verhelderend tussen verskillende soorte 'Skrifbewyse' in teologie en praktyk te onderskei: 'Men moet in alle bezinning over het Schriftbewys steeds voorzichtig zijn en niet elk gebruik van het woord 'bewijs' onder één noemer brengen' [vgl. Berkouwer 1967:277].

Aan die een kant laat hy dus nie ruimte vir die standpunt dat 'bewyse' uit die Bybel kan funksioneer soos bewyse in die ander vakwetenskappe nie, '... waarin men dan vooral opmerkt het dwingende van een logische evidentie, die wel iedereen zonder intellectueel manco moet overtuigen. Het is de sfeer van bepaalde axioma's en daaruit afgeleide stellingen, waaraan men bij het bewijs denkt' [Berkouwer, 1967: 275].

Hy het dit dus daarteen dat ***logiese*** konsekwensies op hierdie wyse op rasionele wyse uit die Bybel getrek word.

Sy argument teen so 'n benadering van die Bybel is dat die Bybel dan nie meer 'n boek van die ***'geloof'*** [66] is nie. Die duidelikheid van die Bybel appelleer dan nie meer op die gelowige se hart nie, maar op sy intellek. Dan gaan dit nie meer oor kinderlike [in die lig van die *duidelikheid* van die Bybel] vertroue in God nie. Op dié manier is die teoloog se verhouding met die Skrif nie meer 'n totaal-aangeleentheid nie, maar eerder 'n *eensydige verstaan* [logiese aspek] van die inhoud daarvan. Sy argument is dat wanneer die teoloog met 'bewyse' uit die Bybel werk, die '... onthullende en verrassende van de openbaring, van wat niet aan wijzen en verstandigen, maar aan kinderen is geopenbaard,' verlore gaan [Berkouwer, 1967:275].

Aan die ander kant is daar in die positiewe sin van die woord wel sprake van 'bewyse' in die Bybel. Berkouwer verwys hiermee na uitsprake wat in die Bybel self staan. Trouens die bekende sinsnede wat lui: 'Hierin ***bewys*** God sy liefde vir ons ...', [Romeine 5:8] toon duidelik 'n ander gebruik van die woord 'bewys' vir ons aan. Die argument is egter dat hierdie gebruik en nog baie soortgelyke gevalle, niks met 'n ***intellektualistiese*** verstaan van hierdie saak nie te make het nie. Dit is duidelik dat met die woord 'bewys' in Rom 5:8 bedoel word: '... manifesteerd, aan het licht brengt in een werkelijkheid des heils' [Berkouwer 1967:277].

Hierdie 'bewys' vra nie in die eerste plek na **intellektuele begrip** nie, maar dit bring rus in die hart van die Here se kind; mens kan nie daaroor redeneer en dit dalk logies verkeerd bewys nie. Jy kan net kies om dit met jou hele hart te glo of dit ongelowig te verwerp.

Berkouwer haal verskeie voorbeelde van 'bewyse' uit die Bybel en uit die kerkgeskiedenis aan wat in sommige gevalle selfs baie naby aan 'n intellektuele bewysvoering kom [vgl. Berkouwer 1967:277-285]. In al die gevalle toon hy egter verhelderend aan dat selfs hierdie tipe 'bewyse' niks met 'n rasionalistiese stawing van argumente te make het nie.

---

[66]. *Hierdie opmerking van Berkouwer hou verband met die feit dat geloof nie slegs in terme van een of enkele aspekte van die werklikheid uitgedruk kan word sonder om in eensydighede te beland nie. Dit is daarom van belang dat hierdie opmerking van Berkouwer later meer aandag sal kry.*

Uit die voorafgaande is dit egter duidelik dat Berkouwer met sy weerstand teen alle vorme van die ***intellektualisme*** in die teoloog se Skrifhantering, tog nie aan die ander kant weer in die uiterste van die ***intuïsionisme*** wil verval nie. Berkouwer hou deeglik rekening daarmee dat ons geloofsrelasie met die Bybel 'n definitiewe en legitieme 'redelike' [logiese] kant het. Dit gaan dus nie vir hom daaroor dat die inhoud van die Bybel totaal irrasioneel is nie en dat ons dit '... blindelings moet aanvaarden, zonder echt menselijke affiniteit en verwerking, zonder gelovige ***beaming***' nie [Berkouwer, 1967:281]. Dit wil sê, Berkouwer wil glad nie die rasionele of logiese aspek van die werklikheid van geloof en die Bybel eensydig ignoreer nie.

Berkouwer toon in sy betoog oor die kwessie van die Skrifbewys dat hy 'n intuïtiewe aanvoeling vir 'n ***totaalvisie*** van die teoloog se geloofsrelasie tot die Bybel het. ***Hy probeer ten alle koste verhoed dat die verhouding Skrif en teologie t.o.v. die Skrifberoep eensydig uitgedruk word òf in terme van die logiese [intellektualisme] óf in terme van die psigologiese [irrasionalistiese piëtisme] aspekte van geloof.*** Hy probeer ook om ten alle koste die dwaling van die Thomistiese Skolastiek, wat die werklikheid in 'n dualisme verskeur, te vermy.

Dit is en bly die verdienste van Berkouwer dat hy oor hierdie fundamentele aangeleenthede in die teologie; ook oor die teorie betreffende die vraagstuk van die Skrifberoep, duidelik onderskeidend teologiseer [vgl. Basson 1986:138-140]. Die volgende opmerkings is ten slotte ter sake:

> Berkouwer is baie versigtig om vir die problematiek van die Skrifberoep 'n soort finale resep voor te skryf. Hy vra ook nie verskoning daarvoor nie dat hy wat hy noem, geen 'therapie' hiervoor kan aanbied nie. Maar, só vervolg hy, juis om die eenheid van die verhouding Skrif en teologie te probeer bewaar, '... het is juist een zaak van diepe erns, dat dit niet mogelijk is en dat de weg naar het zuiwere ontwaren een weg is, waarop de ***vermaning*** klinkt tot onbevangenheid, tot zwijgen en luisteren, tot ontvangende aandacht, tot

onderzoek, respect en verwachting, tot geloof en gebed' [Berkouwer 1967: 285].

2.1.4. Reformatoriese Filosofie

Die verband tussen die Bybel in die teologie is ook vanuit die Reformatoriese Filosofie probeer beantwoord.

Die Reformatoriese Wysbegeerte, en by name Dooyeweerd maak in die eerste plek in dié verband 'n duidelike onderskeiding, wat in die teologie en ander vakwetenskappe nie altyd so genuanseerd teoreties beskryf word nie. Hy onderskei aan die een kant tussen die Woord van God wat in alle opsigte voor-teoreties op die mens se hele lewe beslag neem deur die werk van die Heilige Gees in sy spreekwoordelike 'hart' -- die sentrum van ons bestaan, en aan die ander kant die Bybel soos ons dit alledaags ken en gebruik.

Die eersgenoemde 'oorweldigende' werk van die Woord van God in die mens se hart, omskryf Dooyeweerd as ware kennis van God en van onsself. Hy stel dit so: 'We wish to establish at the outset that the true knowledge of God and ourselves (Deum et animam scire) in the Augustinian sense surpasses all teoretical thought' [Dooyeweerd 1968: 120].

Hierdie kennis is 'religieuse' kennis wat hoegenaamd nie met die term 'godsdiens' verwar moet word nie. Religie het, volgens Dooyeweerd, te make met die mens se ***totale betrokkendheid*** by die ware God of by 'n vermeende god of afgod. Dit het verder te make met 'n totale oorgawe wat in Engels bekendstaan as 'a total commitment'.

Die mens se religieuse gegrepenheid in die hart van sy bestaan, óf deur God self óf deur enige ander afvallige namaaksel van God, bepaal jou ganse lewe. 'Centered in the heart of man, religion concerns man's entire being and not merely one of his aspects. The direction of his heart expresses itself in all his functions and is decisive for all his activities, including his theologizing ... Therefore with respect to its inner essence, religion can never be described 'phenomenologically' [De Graaff 1968:44].

Dooyeweerd verduidelik verder hoe die Woord van God in religieuse sin werksaam is: Die radikale dryfkrag van die Woord gewerk deur die Heilige Gees '... has a radical unity of meaning, which is related to the central unity of our human existence. It effects the true knowledge of God and ourselves, if our heart is really opened by the Holy Spirit so that it finds itself in the grip of God's Word and has become the prisoner of Jesus Christ. So long as this central meaning of the Word-revelation is at issue we are beyond the scientific problems ... of theology ... Its acceptance or rejection is a matter of life or death to us and not a question of theoretical reflection. In this sense the ***central motive of the Holy Scripture*** [klem MHH] is the common supra-scientific starting point of a really biblical theology ... It is the key of knowledge of which Jesus spoke in his discussion with the Scribes and lawyers. It is the religious presupposition of any theoretical thought ... [Dooyeweerd 1968:125].

Dit moet hieruit duidelik wees dat die Woord van God in 'religieuse' sin inderdaad die ganse teologiese werksaamheid van die teoloog ***radikaal*** bepaal. Hierdie greep van die Woord het egter dieselfde werking vir alle wetenskaplikes.

Die gerigtheid van die teologie deur die Woord, soos hierbo bedoel, kom egter nie deur die bestudering van die Bybel en die aanhaal van so veel as moontlik teksgedeeltes om die teologiese teorieë sogenaamd 'Bybels' te staaf nie -- dit het ons reeds afgewys as onmoontlik -- maar die teendeel is eintlik waar. Dit is juis dié radikale greep op die hart van die mens deur die Woord van God wat die Bybel vir jou laat oopgaan en veroorsaak dat die teoloog en elke ander mens dit sinvol wil ondersoek en bestudeer. Radikale Bybelse teologie het dus bo alles te make met die teoloog se ***religie*** wat alles en daarom ook sy teologiese teorieë sal bepaal.

Die konsekwensie van hierdie standpunt is dat nie net die teologie nie, maar elke ander vakwetenskap nou ook radikaal Bybels kan wees. Die skolastiese fundering van teologie wat die openbaring van God as 'objek' met 'n eie kennis-prinsiep vir die teologie alleen opeis, dra dus in homself die kiem wat Koninkryks-verarmend al die ander vakwetenskappe in humanistiese sin, sonder die Bybel, sogenaamd op hulle eie

neutrale terrein wetenskap laat beoefen. Dit is 'n ongevraagde ondiens wat kerk en teologie aan die Here se mense en sy wêreld bewys.

2.1.5 Die Ned.Geref.Kerk se Skrifbeskouing en Skrifhantering

Groter openheid en verdraagsaamheid het binne die geledere van die Ned.Geref.Kerk oor dié kerk se Skrifbeskouing en Skrifhantering gekom.[67] Ten minste op akademiese vlak is die gesprek openlik aan die gang sonder die vrees dat leertug toegepas sal word op persone, wat by wyse van voorbeeld, sou beweer dat Jona nie noodwendig in die vis hoef te gewees het om die boodskap van die Bybel eg en gesagvol te maak nie.

2.1.5.1 Die sinode van die Ned.Geref.Kerk in 1986

In 1986 het die Algemene Sinode van die Ned.Geref.Kerk 'n bepaalde standpunt oor Skrifgesag en Skrifgebruik ingeneem wat as riglyn vir lidmate en ampsdraers moes dien [vgl. Handelinge Algemene Sinode 1986: 592-594]. Hierdie standpunt is versigtig verwoord en bied ruimte vir diskussie. Die volgende is van toepassing:

* Die feit dat die ***volle menslikheid van die Bybel*** erken word. Dit word soos volg verwoord: dat die Bybelskrywers destyds uit alle gegewens tot

---

[67]. *Die standpunt van die Ned.Geref.Kerk i.v.m. die Bybel het vroeër vanweë eksplisiete fundamentalisme min ruimte vir dié soort diskussie gehad. Die Sinode van die Ned.Geref.Kerk in die Vrystaat het byvoorbeeld besluit dat predikante wat in die gebied bevestig wou word, 'n aparte verklaring i.v.m. hulle Skrifbeskouing moes teken. Die verklaring het predikante in die gebied soos volg laat sweer: '1. Dat die Bybel Gods Woord is. 2. Dat die Bybel in al sy dele van God ingegee, en daarom in al sy dele onfeilbaar is. 3. Dat die wonders van die Bybel nie deur die menslike rede kan verklaar word nie, maar alleen met kinderlike geloof moet aanvaar word. 4. Dat die verhaal van die skepping en sondeval, soos vervat in Genesis, onfeilbaar geïnspireerde heilsgeskiedenis is. 5. Dat die geskiedenis, soos die Ou Testament self ons dit voorhou, tot ons heil moet gehandhaaf word teenoor die ewolusionistiese rekonstruksieteorie van die Hoër Kritiek. 6. Dat Jesus Christus nie alleen in etiese sin heilig en sonder sonde is nie, maar dat Hy ook intellektueel sonder dwaling, leuen en bedrog is. 7. Dat die leer van Jesus Christus oor Moses as die skrywer van die Pentateug, oor Jona en die vis, oor Dawid as skrywer van Ps 110, oor die ganse Skrif, onfeilbaar is. Dat Jesus Christus altyd die waarheid is.' [Deist 1990b:110-111] Deist toon aan dat hierdie besluit nie net op die Sinode van die OVS van toepassing was nie, maar in ander vorme ook in die Kaapse Sinode en dat die gees hiervan nog sterker geword het met die ontwikkeling van die Boere Kalvinisme later [vgl. Deist 1990b:111vv].*

hulle beskikking geput het, '... dit self geïnterpreteer en uiteindelik op hulle eie manier weergegee ...' het [vgl. Handelinge Algemene Sinode 1986:592].

* Verder word erken dat die Bybel ***geen handboek*** vir die wetenskap is nie en '... nie aan ons gegee is as 'n bron van openbaring oor allerlei aangeleenthede wat oor die breë terrein van ons kennis lê nie. Dit het 'n bepaalde ***religieuse skopus of doel*** [Handelinge Algemene Sinode 1986:592].
* Die gebruik van die Bybel moet dus in dié verband rekening hou met die genoemde ***religieuse bedoeling*** daarvan, sodat die gebruiker bewaar kan bly van 'n ***objektiwistiese en positiwistiese*** hantering van die waarheid. Biblisisme en fundamentalisme word langs hierdie weg prinsipieel teengestaan [vgl. Handelinge Algemene Sinode 1986: 593].
* Daar word egter verder erken dat, hoewel die Bybel geen handboek vir die wetenskap is nie, dit wel vir die wetenskap, en daarom ook vir die teologie, ***bepaalde norme*** bied. Trouens hierdie norme is op die hele lewe van toepassing en stel ons derhalwe in staat stel om ***genormeerde beslissing vir ons hele lewe daaruit te maak*** [klem MHH] [vgl. Handelinge Algemene Sinode 1986:593,594].
* Die ***gesag van die Skrif*** word op verskeie maniere gehandhaaf: In die eerste plek word die gesag van die Skrif gewaarborg deur die Drieënige God self [vgl. Handelinge Algemene Sinode 1986:593]. In die tweede plek mag die 'skopusbeginsel', wat die gevaar van fundamentalisme teenwerk, nie die gesagsbeginsel bedreig nie. Laasgenoemde kom in gevaar omdat 'Dit moontlik [is] dat dit [Die skopusbeginsel, MHH] die invalspoort kan vorm vir 'n dualistiese inspirasie-opvatting wat begin werk met 'n onderskeiding binne die Skrif tussen wat werklik van God afkomstig sou wees en wat maar net die historiese en menslike "verpakking" sou wees ...' [Handelinge Algemene Sinode, 1986:593,594]. Die gesag van die Bybel word in die derde plek gehandhaaf deur te wys op die gevaar van die

wysgerige, relasionele-waarheidsbegrip, wat veronderstel dat die waarheid van die Bybel mede-bepaal word deur die geloofsbetrokkenheid van die Skrifgebruiker by die Bybel. Die onfeilbare waarheid van die Skrif sou op dié manier deur die subjektiewe [menslik feilbare] betrokkenheid van die Skrifgebruiker ondermyn word. Die dokument bevestig: '***Elke vorm van subjektivering*** [klem MHH] van die waarheid van die Skrif moet van die hand gewys word, omdat dit die ***"objektiewe"*** [klem MHH] karakter van die Skrifopenbaring ... misken ...' [Handelinge Algemene Sinode, 1986:593].

2.1.5.2 PC Potgieter

PC Potgieter [1989] begrond die bogenoemde standpunt van die Ned.Geref.Kerk deeglik in sy boek, 'Skrif, dogma en verkondiging'.[68]

Potgieter verdedig, soos die Ned.Geref. Kerk hierbo, in die eerste plek die gesag van die Bybel omdat hierdie gesag aan kerk en teologie bykans onfeilbare vastigheid in 'n onsekere wêreld kan waarborg.[69] Die volgende voorbeelde toon aan hoe die ***gesag van die Bybel*** in dié konteks 'n sleutelkonsep in Potgieter se Skrifbeskouing is.

* 'n Kerk wat op 'n twyfelagtige *gesagsbasis* [klem MHH] funksioneer, moet reeds by voorbaat verwag om irrelevant te word. [Potgieter 1989: 5]
* Die handhawing van *gesag* [klem MHH] is onontbeerlik vir die bestaan en voortbestaan van goeie orde [Potgieter 1989:7].
* ...die grondslae en geestesmerk van die liberale rigting--waarvan die huidige modernistiese teologie sy wortels het--[is] te vinde in die

[68]. *Potgieter het 'n direkte hand in die opstel van die Ned.Geref. Kerk se dokument oor die gesag van die Bybel gehad.*

[69] . *Hierdie aangeleentheid is belangrik vir die argument dat die kategese soos dit tans bedryf word, Skriftuurlik begrond moet wees. Die wyse waarop Viljoen dit doen, wil juis aanspraak maak op 'n min of meer onaantasbare standpunt wat alle kritiek eintlik maklik met een woord van die tafel vee: 'Dit is tog wat die Woord sê, en wie kan daarteen argumenteer'. [Vgl. Viljoen 1985: 3].*

verwerping van *gesag* [klem MHH] [Potgieter 1989:11].

* Die gesag waarmee hulle [predikante in die prediking] spreek, is die ***gesag*** [klem MHH] van die handelende en sprekende God self [Potgieter 1989:12].
* Daar is net een grond vir die gesag van die Heilige Skrif, naamlik sy ***Goddelike oorsprong*** [klem MHH] [Potgieter 1989:17].

Potgieter argumenteer soos volg: Die Woord van God het verskillende gestaltes: Die geopenbaarde Woord, Jesus Christus; die geskrewe Woord, d.w.s. die Bybel; en die verkondigde Woord d.w.s., die kerklike prediking. En om sorg te dra dat die mens 'n onfeilbare 'instrument' [Bybel] het om die geopenbaarde Woord van God te kan 'ken', het God [die Heilige Gees] skrywers [mense] geïnspireer wat oor baie jare heen hierdie 'instrument' 'n onfeilbare gestalte laat kry het. Dit het uiteindelik sorg gedra dat die Bybel in heiligheid bewaar gebly het [vgl. Potgieter 1989:15-24].

Om toe te sien dat die ***Bybelskywers*** 'n onfeilbare 'Eindproduk' sou lewer, het God, die ***ewige Woord*** aan die skrywers ***gegee*** en hulle het dit as sodanig ***ontvang***. Negatief gestel, beteken 'Gegee' en 'ontvang' vir Potgieter [1989:34-35] dat die Bybel-Woord ***nie in die skrywers deur inspirasie ervaar is nie***. Hy argumenteer dat indien hulle die Woord deur inspirasie sou ervaar, die moontlikheid oopgelaat sou wees dat hulle eie menslike ervarings [wat feilbaar is] in die Eindproduk sou beland het. Juis op hierdie manier, sou die gesag van die Bybel ondergrawe word. Potgieter wil dus die ***gesag van die Bybel*** in die ***'objektiewe waarheid'*** daarvan [omdat dit vry van menslike ***subjektiwiteit*** is] grond.

Potgieter [1989:28] gaan voort om te verduidelik hoe dié onfeilbare Bybel-Woord ook ***suiwer*** by die mens van vandag kan uitkom. Hiervoor beroep hy hom op die ***verligtende*** werking van die Heilige Gees, wat die verdorwe hart van die mens ombuig om die Bybel reg te ***interpreteer***. Dit is slegs wanneer die korrekte

interpretasie van die Bybel gemaak word dat daar gesaghebbende Skrifuitsprake gemaak kan word.

Om dié korrekte interpretasies van die Bybel te kan maak, is die kerk aangewese op die regte ***metodes en reëls van Skrifuitleg*** en hierdie regte metodes van Skrifuitleg moet op hulle beurt weer ***Skriftuurlik gegrond*** word [vgl. Potgieter, 1989:29-33]. Hy erken egter dat daar geen onfeilbare metode van en daarom geen onfeilbare uitleg self bestaan nie. In hierdie verband moet die ***skopus van die Bybel*** egter in berekening gebring word, want in die lig van die skopus van die Bybel, sal die verklaarder leer dat dit nie in die Bybel gaan om 'n 'histories korrekte, letterlike weergawe van [byvoorbeeld] Jesus se woorde ... nie, maar om 'n bepaalde Goddelike waarheid ...' wat by ons tuisgebring wil word [Potgieter, 1989:30]. Tot sover die hooflyn van Potgieter se argument.

2.2 Beoordeling van standpunte met die oog op 'n eie standpunt

Die beoordeling van die bogenoemde standpunte begin by dié van die Ned.Geref. Kerk, soos deur Potgieter verwoord, omdat dit ter sake is vir die teorie vir die kategese van die Ned.Geref. Kerk. In die bespreking hiervan sal my eie Skrifbeskouing en Skrifhantering dus aan die lig kom. Die volgende kritiese opmerkings is hier ter sake:

2.2.1 Die gesag en objektiwiteit van die Bybel

Deist het die bogenoemde aangeleentheid reeds vir 'n geruime tyd skerp, en wat my betref, bevrydend aangespreek.[70] Hy laat hom soos volg oor die standpunt van

---

[70] . *Ek sluit by Deist aan omdat sy insigte in die verband ook historiese verband het met die studie oor kategesevernuwing deur die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland. Deist het in opvolging van die predikante-kursusse wat onder meer gelei het tot totaal nuwe insigte en praktyke rondom die kategese, twee predikante-kursusse aangebied. Dit het gehandel oor die Bybel en hoe ons die boodskap daarvan op die mees sinvolle manier in prediking en kategese kan realiseer [Lêer 'Predikante Kursusse, SKAE Kantoor, Noord-Kaapland]. Ek sluit egter ook by Deist aan, wat saam met JWV van Huyssteen veral m.b.t. die voor-vrae in die hermeneutiek en teologie ten minste in Suid-Afrika reeds van die sewentiger jare baie nuut voor-gedink het. Die volgende artikels en geskrifte bevestig dit: Van Deist:'Ou Testamentiese eksegese en algemene literatuurwetenskap', NGTT 1973 14/2;*

Potgieter, en daarom ook van die Ned.Geref. Kerk, uit: 'In order to uphold this premise he [Potgieter,MHH] has to "objectivise" the Word of God and truth, limit ***human*** activity in the inscripturation and interpretation of the Bible to an absolute minimum and to treat the term "Word of God" not as a functional term ... but in purely ***abstract*** terms' [Deist 1991b:937].

Immanente kritiek op hierdie standpunt van Potgieter en ook van die Ned.Geref. Kerk, toon egter dat dit nie water hou nie. Potgieter bedoel immers wat hy skryf as hy sê: 'Hy [God] het mense gebruik as Bybelskrywers om sy boodskap aan die kerk oor te dra ... En ... Hy [het] hulle gebruik net soos hulle was, elkeen met sy eie stel herinneringe en bronne ...' [Potgieter 1989:30].[71] En in die dokument van die sinode in 1986 stel Potgieter en sy medewerkers die inwerking van die menslike faktor in die

---

'Historiese heuristiek, teologiese hermeneutiek en Skrifgesag' 1976, Port Elizabeth:UPE; 'Gedagtes oor die aard en moraliteit van wetenskaplike kennis' 1979, Theologica Evangelica 12/2-3; 'Idealistic Theologiegeschichte, ideology critique and the dating of oracles of salvation' 1979/80, Ou Testamentiese Werkgemeenskap 22/23; 'Bibelinterpretation und/als Ideologiekritiek' 1983, Old Testament Essays 1; 'Relatiwisme en absolutisme:kan dit oorkom word? oor 'Bybelse' en 'dogmatiese' teologie' 1987, in Prinsloo & Vosloo 1987; ' 'Gekontroleerde' eksegese en/of 'kreatiewe' uitleg', Hervormde Teologiese Tydskrif 44/1; 'Naïewe realisme en Ou Testamentiese wetenskap in die Ned.Geref.Kerk' 1988, in Prinsloo & Vosloo 1988; 'Notes on the context and hermeneutic of Afrikaner civil religion' in Kritzinger, JNJ & Saayman, WA 1990. Mission in creative tension. A dialogue with David Bosch' 1990, Pretoria:SA Missiological Society. Wat Van Huyssteen betref die volgende: 'Geloof en gesag' 1982, NG Kerkboekhandel; 'Teologie van die rede. Die funksie van die rasionele in die denke van Wolfhart Pannenberg' 1971, Kok en Kampen; 'God en werklikheid', 1973, NGTT 14/2; 'Bybelkunde,teologie en die Bybel' 1975, NGTT 16/2; 'Teologie as kritiese geloofsverantwoording' 1986, Pretoria RGN; 'Evolution, Knowledge and faith: Gerd Theissen and the credibility of theology' 1988, Hervormde Teologiese Tydskrif 44/1; 'Beyond dogmatism: Rationality in theology and science' 1988, Hervormde Teologiese Tydskrif 44/4.
Om nie met 'n gewete te sit nie en om te vermy dat ek dalk van plagiaat beskuldig te word, is dit baie belangrik om t.o.v. my aansluiting by hierdie denkers van formaat, te bevestig dat my kennismaking met die Reformatoriese Wysbegeerte, veral soos deur Herman Dooyeweerd uitgewerk [1939] reeds in 1964, met die begin van my voorgraadse studies te Bloemfontein, my laat begin insien het dat ek totaal anders oor die Bybel moet dink as wat ek as kind van die Ned.Geref.Kerk geleer was. Ek kon ten minste toe al insien en met die jare het die insigte in kontak met vriende en kollegas nog meer verskerp, nl.. dat die Bybel as religieuse Boek nie 'objektiewe' waar kan wees nie en alles wat daarmee saamhang.

[71]. *Vergelyk in die verband omtrent presies dieselfde bewoording in die dokument van die sinode [vgl. Handelinge 1986: 592].*

Bybel selfs nog sterker. Hy skryf as finale verwerker van die dokument soos volg: [72]

> Die Bybelskrywers het klaarblyklik dikwels gebruik gemaak van gegewens wat hulle beskikbaar gehad het. Soms was dit persoonlike herinneringe, soms mededelinge van ander mense ... soms selfs skriftelike bronne wat hulle kon raadpleeg. Uit al hierdie gegewens het hulle geput, ***dit selfs geïnterpreteer*** [klem MHH] en uiteindelik op hulle eie manier weergegee [Handelinge Algemene Sinode, 1986:592].

Hierdie uitsprake bring Potgieter en die Ned.Geref.Kerk egter met hulleself in teëspraak. In die woorde van Deist: 'All these assertions imply ***full*** [klem MHH] human involvement in the writing of the Bible. But if this is true and if words have meaning, how can the product of their writing remain "objective" ' [Deist, 1991b:937].

Potgieter se probleem word nog groter as dit kom by sy siening van die ***interpretasie*** van die Bybel. Die volgende stellings hou weer eens nie steek nie; trouens dit bevestig dat Potgieter die onmoontlike probeer bewys.

* Dit is natuurlik so dat die waarheid relasionele aspekte het, maar as sodanig is dit nie relasioneel nie.
* Die Skrif word nie maar eers waar as die mens dit hoor en gelowig ken nie, maar is waar omdat dit die Woord van God is.
* Objektiewe duidelikheid as eienskap van die Skrif volg noodwendig uit die volkomenheid van God se werk.
* Die Skrif is nie op sigself onduidelik nie, maar die leser se gebrekkige insig veroorsaak dat hy nie altyd begryp wat bedoel word nie.
* Die diepste oorsaak van verskillende Skrifvertolkings is die verduistering van die mens se verstand as gevolg van die sondeval. Die probleem lê dus

---

[72]. *Vergelyk in die verband die Agenda van die betrokke sinode in 1986: ' Toe die drie stukke [verwysende na die drie persone wat daaraan gewerk het] ontvang is (opgestel aan die hand van 'n eenvormige skema) was daar verbasende eenstemmigheid. Prof PC Potgieter is toe versoek om dit tot een stuk te verwerk.' [Agenda Algemene Sinode 1986:55]*

beslis nie by die Skrif nie. As Woord van God is dit volkome duidelik...

* Maar al moet ons steeds sê: 'By die lig wat ons tans het, verklaar ons dit so', relativeer ons nie daarmee die waarheid as sodanig nie [vgl. Potgieter 1989:51]

Eenvoudige logika toon aan dat Potgieter met hierdie stellings oor die Skrif onmoontlik die sg. 'objektiwiteit' van die Skrif kan bly handhaaf, sonder om direk met homself in teëspraak te wees. Hy probeer die onmoontlike bewerkstellig, *nl.*. om 'n ***valse teenstelling in die werklikheid nl.. subjektief vs. objektief met mekaar te versoen***. Hierdie onopgeloste, teenstrydigheid in sy denkpatroon, bewys dat Potgieter die Skrif ***onbewus*** [blykbaar] met 'n ***valse voorveronderstelling*** hanteer. Strauss skryf in 'n ander verband hieroor, dat omdat die hantering van die Skrif in die teologie 'n tipies menslike aktiwiteit is, '... sal die ***grondmotief*** wat die mens vanuit sy sentrum, die hart van sy bestaan beheers, deurslaggewend wees vir die wyse waarop hy hom selfs in die teologie op die Bybel sal beroep. Met ander woorde, Skrifberoep as sodanig is nie deurslaggewend nie -- maar wél die sentrale motief van waaruit 'n beroep op die Skrif gedoen word!' [Strauss 1991:5]

Deist skryf in dié verband oor Potgieter se standpunt: 'In spite of Potgieter's [1989:34] rejection of a 'philosophical' view of truth these statements reflect a presupposed naive realist or positivist view of truth' [Deist, 1991b:939]. Ten slotte die volgende:

* Dit is duidelik dat Potgieter nie vrygekom het van 'n dualistiese werklikheidsbeskouing waarmee hy ***voorwetenskaplik*** beide die Bybel en die hermeneutiek hanteer nie. Die valse spanning tussen die kognitiewe en affektiewe aspekte van die werklikheid, soos in die kategetiek van die Ned.Geref.Kerk geopenbaar is, manifesteer slegs by Potgieter in ander terme, *nl.*. 'n valse subjektiewe-objektiewe verskeuring van die werklikheid. Vandaar ook sy geweldige klem op die 'objektiewe' waarheid van die Bybel. Maar hierdie vereensydiging roep uiteindelik ook vir Potgieter 'n

ander overmydelike vereensydiging op, *nl.* sy subjektief-piëtistiese en daarom onrealistiese vertroue op die leiding van die Heilige Gees. Dit kom veral ter sprake in die interpretasieproses van die Bybel, waarmee hy tog weer die sg. objektiewe gesag van die Woord wil probeer handhaaf [vgl. Potgieter 1989:38 en Deist 1991b:939].

* Potgieter en die Ned.Geref.Kerk se dualistiese benadering van die Skrif manifesteer ten slotte ook in die uitspraak dat die Bybel aan almal wat dit gebruik, '... bepaalde norme bied wat van toepassing is op ons totale lewe ...' [Handelinge Algemene Sinode 1986:594]. Die logiese vraag in dié verband is, hoe word die 'norme' wat die Skrif bied, vasgestel? Hoe kan die 'norme' ***objektief*** wees as die menslike rede, wat feilbaar is, die norme moet ***aflei*** of ten minste moet uitlig? Op watter manier gaan bepaal word, watter gedeeltes van die Bybel normatief is m.b.t. die skopus en watter gedeeltes nie? En hoe word die gesag van die Skrif hierdeur geraak? Die beantwoording van hierdie vrae ontbloot, na watter kant ook al geredeneer word, die innerlike en onvermydelike spanning tussen subjektivisme en objektiwisme in die genoemde Skrifbeskouing.

2.2.2 Die Bybel is nie ***objektief*** waar nie en het daarom ook geen ***objektiewe*** gesag nie

2.2.2.1 Standpunt oor Bybelse gesag en normatiwiteit

Teenoor hierdie beskouing en gebruik van die Bybel handhaaf Deist en andere[73] die standpunt dat die Bybel nie oor ***objektiewe waarhede*** en daarom oor ***objektiewe gesag*** hoef te beskik om wel nog ***gesagvol*** te wees nie. Trouens dit is volgens Deist

[73] . *DFM Strauss het hom ook in die verband onder meer soos volg uitgespreek: 'Hiermee word onbedoeld nog voluit gestaan in die strakke tradisie van 'n rasionalistiese natuurregleer wat eweseer uitgegaan het van klaar toegepaste beinsels wat 'n universele gelding vir alle tye en plekke besit ... Juis omdat 'n beginsel egter op die **mens** aangewese is vir nadere vormgewing (positivering) en veral in uiteenl opende unieke historiese situasies, kan geen enkele beginsel ooit gepositiveerd as maatstaf dien vir alle tye en plekke nie' [Strauss 1984b:125-126].*

onmoontlik dat die Bybel oor 'objektiewe' waarheid en gesag kan beskik. Die volgende argumente is ter sake:

* Alle uitsprake óór of uit die Skrif ***kan nie anders as om subjektief*** [menslik] te wees nie, omdat dit ten diepste deur die gebruiker of die teoloog se ***subjektiwiteit*** beïnvloed word.[74] Om, in terme van Potgieter se standpunt, die ***objektiewe Woord*** aan die 'praat' te kry, moet dié objektiewe Woord deur die mens [***subjek***] 'verwerk' [interpreteer] word tot menslik beleefbare uitdrukkings. Maar die oomblik as dit deur die mens gegaan het, met watter objektiewe, kliniese handskoene ookal, kan dit nie meer objektief wees nie.[75]
* Die bogenoemde is ook op die Bybelskrywers van toepassing. Die skrywers van die Bybel was as volle mense betrokke toe hulle geïnspireer deur die Gees in hulle tyd en vir hulle tyd van die groot dade van God in die wêreld, waarin hul gewoon en gewerk het, vertel het. Indien subjektiwiteit nie vir hulle sou geld nie, kon die Bybelskrywers nie ware mense, met tipies menslike voorveronderstellings gewees het nie en daarom sou ons noodwendig 'n ***meganiese inspirasieleer*** moes voorstaan [vgl. Deist 1991b:939].
* Die vraag kan ten slotte gevra word: Indien die tipies menslike hantering [subjektiwiteit] van die Bybel op een of ander manier ontken sou kon word, sou dit dan wel nog moontlik kon wees om 'n sg. 'objektiewe' Woord van God in hierdie wêreld te vind en te hoor? Die antwoord hierop is negatief! Die probleem is dat so 'n objektiewe 'Woord' vir die subjektiewe mens ontoeganklik sou wees om ten minste menslik beleef te word. In die lig hiervan word 'n sogenaamde objektiewe Godsopenbaring 'n blote

---

[74]. *Net ter wille van logika in die verhandeling die volgende: DJ Viljoen se afleidings is in terme hiervan niks anders as subjektiewe denke beïnvloed deur 'n dualistiese wêreld-beeld nie.*

[75]. *Iemand wat byvoorbeeld 'n Bybelgedeelte woord vir woord lees, kan bloot deur die intonasie van sy stem 'n eie interpretasie aan die teks gee.*

denkkonstruksie, wat die tipiese aard van OPENBARING summier verydel. Of dit sou 'n Godsopenbaring wees, wat verhoed was om MENSLIK bekend te word.

Hierdie argumente van Deist en andere toon die ***onhoudbaarheid*** van Potgieter en die Ned. Geref. Kerk se standpunt oor die Bybel aan. Die volgende moet egter in dié verband nog verder oorweeg word:

* Vanuit wysgerige hoek gesien, is die voorafgaande benadering tot die Bybel 'n tipiese voorbeeld van die dilemma waarin 'n ***verskeurde grondhouding*** t.o.v. die werklikheid die mens laat. Dit berus op die valse ***voorveronderstelling*** dat die werklikheid 'n sogenaamde ***objektiewe én subjektiewe*** kant het. En vanweë hierdie verdeeldheid ontwikkel daar onvermydelik 'n wedywering en spanning in die werklikheid tussen die sg objektiewe vaste en subjektiewe veranderlike kant daarvan.
* Maar so 'n benadering tot die werklikheid verloor uit die oog dat die werklikheid fundamenteel net ÉÉN kan wees. Die lewe kan doodeenvoudig nie in twee of hoeveel dele ookal uiteenval nie. Dit is na sy oorsprong nie 'n verdeeldheid nie.
* Hierdie absolute eenheid van die werklikheid ontken egter nie die geweldige ryke verskeidenheid van dinge, gebeure in, en aspekte daarvan, wat voorwetenskaplik en wetenskaplik ervaar en blootgelê kan word nie.
* Die onberekenbare baie verhoudinge waarin die genoemde verskeidenheid dinge en aspekte van die werklikheid met mekaar het, betrek egter altyd weer alle dinge op mekaar; dit laat alles met mekaar saamhang en waarborg sodoende dat die verskeidenheid in eenheid vasgehou word.
* En die waarborg dat dié rykgeskakeerde werklikheid tog ten alle tye in absolute eenheid bewaar bly, is natuurlik vanuit Christelike perspektief, niemand anders nie as God die Skepper-Oorsprong, Herskepper en Onderhouer van alle dinge; Hy wat alles van oomblik tot oomblik in die

sintotaliteit daarvan op Hom betrek en spreekwoordelik in totale afhanklikheid van Hom *in sy hand vashou* [vgl. Hart 1984:1].

* Die bogenoemde grondhouding of radikale [na die wortel daarvan] lewensbenadering, wat nie uitgedink of op goeie eksegese van Bybelgedeeltes gegrond is nie, maar ***religieus bepaal is***,[76] bewerk die volgende perspektief op die totale werklikheid:
  - Hiervolgens bestaan alles [elke ding] in die skepping ***sinvol***, maar dan alleen ***in totale afhanklikheid van en in betrokkenheid op God***, die enigste Oorsprong ***[Skepper]*** van alles.
  - Afhanklikheid van God ***konkretiseer*** rondom die ***wil van God*** wat ***vir alles*** in die skepping daarvan gegee is.
  - God se ***gesag*** oor alles, sentreer rondom die feit dat Hy sy wil [Skeppers-wil] tot versorging en instandhouding genadiglik self handhaaf en hierdie gesag word net ondermyn in die mate wat sy wil nie gehoorsaam word nie.
  - Die ***ken en die uitvoering van sy wil*** behels 'n voortdurende ***soeke*** daarna [en dit bly altyd voorlopig] deur ons ***betrokkenheid by die skepping*** [die volle lewe rondom en in ons met sy verskeidenheid en eenheid in onderlinge verhoudinge] wat deur sy wil onderhou word.

* Vanuit hierdie grondhouding, is die Bybel, in terme van die voorafgaande soos volg te beskryf:

  die Bybel is die ***betroubare, opskrifgestelde 'voorbeeld'*** van hoe God se mense, met wie Hy Hom genadiglik bemoei het, sy wil in hulle betrokke tyd, deur daaglikse betrokkenheid by die skepping [werklikheid], gesoek het. Hieruit moet ons aflei dat die Bybel inderdaad volledig ***menslik*** is. Maar 'menslik' beteken in dié verband nie ***subjektiwisme*** nie omdat dit

---

[76] *'Religieus' verwys nie na die term 'religion' nie, maar na die 'total commitment'; die ganse skepping se betrokkenheid by sy ware Oorsprong of vermeende oorsprong.*

niks anders as die konkrete gestalte van ***God se wil*** in 'n bepaalde historiese situasie is nie. Strauss skryf in dié verband verhelderend: God se wil is universeel die enigste norm vir die ganse skepping [dit is die gesagsbeginsel], maar dit beteken nie dat sy wil in abstracto, '... vanself geld nie. Om tot gelding te kom, dit wil sê om van krag gemaak te word, word die tussenkoms en die optrede van die méns benodig aangesien alleen die méns bevoeg en by magte is om enige beginsel [God se wil, MHH] konkrete gestalte te gee in 'n bepaalde unieke historiese situasie [Strauss 1989:82].

* Die honorering van God se ***gesagvolle verhouding*** met die ganse skepping, beteken dus om God te soek en aan Hom oorgegee te wees ***deur sy wil wat alles onderhou***, in alles waarmee ons besig is, ***te soek en te gehoorsaam***.
* Die volgende voorbeeld verduidelik my alternatiewe perspektief op die Bybel [resp. Skrifhantering en Skrifgesag]: Die ***soeke na die wil van God*** in ons lewe, juis om God se gesag oor ons konkreet te erken, beteken ***om die 'orde'***, waarvolgens God die ganse skepping versorg en handhaaf, ***te ondersoek***. En die ***motivering*** hiervoor, ***werk God*** deur ***sy Gees*** en die geskrewe ***Woord***, waarin ons voortdurend ontdek hoe Hy Hom met sy mense in die verlede in hul soeke na die Waarheid, ***betroubaar/onfeilbaar*** bemoei het.[77]

2.2.2.2 Standpunt inname in die lig van die hermeneutiek-geskiedenis van die Ned.Geref.Kerk

In 'n artikel, 'Objektiewe Skrifuitleg? bespreek Deist [1991a] 'n greep uit die geskiedenis van die hermeneutiek soos dit in die Ned.Geref. Kerk oor die jare bedryf is. ***Die verwysing na dié genoemde artikel, dien om die voorafgaande standpunt***

[77]. *Vergelyk die die volgende opmerking van G Spykman in die verband: 'Indien ons die taak besit om God se Wet-Woord [wil MHH] vir die ontwikkeling van 'n kind op te spoor, sal dit nie help om bepaalde Bybelgedeeltes te ondersoek nie. Wat gedoen moet word, is om die ordelikheid van kinders-in-ontwikkeling na te gaan, want alleen langs hierdie weg sal ons insig kan verwerf in die wet wat God gestel het vir kinder-ontwikkeling' [Strauss 1989:5].*

vanuit 'n ander hoek te belig.

Deist illustreer die praktiese onhoudbaarheid van die beginsel van die sg. objektiewe waarheid van die Bybel, soos die Ned.Geref. Kerk dit hanteer, deur by wyse van voorbeeld, na dié kerk se sogenaamde beginseluitsprake oor die veelbesproke apartheidspraktyk in die R.S.A. te verwys. Die volgende is ter sake:

* Voor 1990 het die Ned.Geref.Kerk apartheid tussen rasse as 'n ***ewige waarheid*** [objektief] uit die Bybel bewys [78]
* By die sinode van Ned.Geref.Kerk in 1990 het dieselfde kerk, met dieselfde 'objektiewe' gesag, dieselfde apartheid egter ***as sonde voor God, verwerp*** [Handelinge van die Sinode].
* Hierdie ***totale omkeer*** wat die kerk t.o.v. ***'n Goddelike beginsel*** vir die sosio-politieke omstandighede in die land gemaak het, kan net op een manier verklaar word. Sosio-politieke omstandighede en geformuleerde standpunte daaroor, ***voor*** 1990 het die kerk se ***interpretasie van die Skrif só beïnvloed*** dat die kerk ***apartheid*** tussen mense en selfs tussen kerke Skriftuurlik [sg. objektief] bewys het. Aan die ander, kant het totaal ander sosio-politieke omstandighede en enorme druk van oor die wêreld teen hierdie apartheidsiening, dieselfde kerk in 1990 'n ***teenoorgestelde Goddelike besluit*** oor dieselfde saak laat neem.
* Hierdie geboekstaafde handelinge van die Ned.Geref. Kerk toon dat die kerk die standpunt oor sg. ***objektiewe*** Skrifgesag [vgl. Handelinge Algemene Sinode 1986:592-594] self in praktyk nie glo en kan toepas nie.

---

[78]. *Vergelyk in dié verband Kinghorn 1986. 'n Aanhaling uit 'n Ned.Geref.Kerk kommissieverslag:'Die beleid van die kerk is gegrond op die beginsel van rasse-apartheid en voogdyskap soos in Gods Woord vasgelê.' [1986:103] En dan weer die destydse Redakteur van die Kerkbode en latere professore van die Kweekskool op Stellenbosch: 'Egter wil ons ten stelligste verklaar dat maatskaplike gelykstelling tussen blank en gekleurd ... nóg uit Skriftuurlike nòg uit Christelike oorwegings voortspruit. Dis hierheen oorgebring deur....mense wat die* ***gesag*** *[klem MHH] van die Heilige Skrif op elke terrein van die lewe verwerp het.' [Kinghorn 1986:106]. Ander groot kerkleiers het in die Kerkbode in 1957 geskryf: 'Ons apartheidsbeleid op kerklike en staatkundige gebied...is 'n lewensbeginsel wat die groot Skepper volgens die Skrif en die natuur ingestel het, en hierdie beginsel moet die Afrikanervolk en die Boerekerk handhaaf tot die uiterste toe...' [Deist 1991a:372vv].*

> Hiérdie is maar een praktiese bewys dat die Bybel, met watter ernstige beroep op objektiwiteit ook al, altyd ***subjektief*** verklaar en toegepas word.[79]

Deist [1991a:372-375] maak uiteindelik die gevolgtrekking dat, vanweë verskeie invloede in ons land, die debat veral in Bybelwetenskaplike geledere, die afgelope twee dekades noodwendig begin wentel het om die vraag na die invloed van ***menslike voorveronderstellings*** en hoe hierdie subjektiwiteit die interpretasie van die Bybel en die boodskap van die Bybel raak. Bybelwetenskaplikes/teoloë is hierdeur genoop om vandag die volgende insigte te erken:

* dat die Bybel nie letterlike Godsuitsprake bevat nie, maar menslike taal wat beeldend heenwys na 'n ander dimensie en dat dit juis die metaforiese meerduidigheid van die Bybel is wat ruimte gee aan die Gees om te waai waar Hy wil.
* dat die primêre betekenis van 'n teksgedeelte uit die tekstuele konteks afgelei moet word en nie primêr uit die leser se verwysingsraamwerk nie [vgl. Deist 1991a:377].[80]

---

[79]. *Sonder om daarop in te gaan, toon Deist verder op voetspoor van die Afrikaner se kerk- en volksgeskiedenis duidelik aan dat die sg. 'objektiewe' Skrifbeskouing en -uitlegkunde van die Ned.Geref.Kerk net maar 'n — wat hy noem 'Boere-Calvinistiese' — sleutel was waarmee die Bybel verklaar is. Uit die aard van die saak het hierdie verskuilde hermeneutiese denkmodel bewustelik of onbewustlik die Bybel op hierdie manier gesagvol laat spreek waar hy moes. In kort kom dié bepalende dryfkrag, wat Deist 'Boere-Calvinsme' noem, hierop neer: Dit is gegrond op die oortuiging dat die mens twee kenbronne vir die vasstelling van die waarheid het, nl. die natuur en die Bybel. Met my rede en elke ander vaardigheid waaroor die mens beskik, maak hy gevolgtrekkings uit dit wat hy 'natuurlik' kan begryp en verklaar. Met dieselfde rede kry hy egter ook ewige waarhede in die Bybel en as die waarhede wat in die natuur ontdek is, klop met dié wat in die Bybel ontdek is, het hy 'n ewige waarheid. Hierdie siening van die werklikheid berus op die tipiese natuur-genade dryfkrag wat in baie verskillende nuanseringe op ons lewens invloed uitoefen. Dit is 'n dualistiese werklikheidsopvatting wat veroorsaak dat die natuur teenoor die genade [Skrif] te staan kom soos ons duidelik in die doelformulering van die kategetiek raakgeloop het of waarin daar soos by Kuyper getrag is om met behulp van die 'rede' versoening tussen die twee pole te bewerkstellig [vgl. Deist 1991a:368-372].*

[80]. *Ook hierdie insigte in die hermeneutiek is natuurlik nie vry van voorveronderstellings nie. Elke keuse wat gemaak word, word ten diepste bepaal deur die voorveronderstelling wat my vooraf in die hart gegryp het. Wat die saak*

In die lig van die voorafgaande is die ***valse sekerheid*** van 'n vaste, 'objektiewe' Woord van God, wat iewers in ***abstracto*** sou bestaan, ons almal, ook die teologie ontneem. In dié verband sê Deist: Teologie is nie meer die argief van sekerhede nie want God is nie meer in die Bybel 'beskikbaar' nie. Teologie moes van voor af leer dat die waarheid oor God en sy wil ***gesoek moet word***. Die era van *contra principia negantem, non est disputandum* is vir goed verby, omdat ons juis die alternatief op ons opinie nodig het as ons nader aan die waarheid wil kom [vgl. Deist 1991a:379].

Die volgende stellings vat, in die lig van die bogenoemde, Deist se perspektief op die Bybel saam en toon hoe die Bybel sonder objektiewe gesag, inderdaad die gesagvolle Woord van God in 'n ***swakke menslike*** kleed is:

* God se openbaring in die Bybel moet prinsipieel vanuit die ***INKARNASIE*** begryp word. Dit is juis God se Inkarnasie wat ***sy tipiese gesagstyl waarborg*** sodat niemand ooit die gesag van die Woord hoef te betyfel nie.
* In terme van hierdie uitgangspunt, is God se openbaring in die eerste plek net vir die ***geloof*** toeganklik. Want in Jesus van Nasaret het God só deel van die geskiedenis van die wêreld geword dat die blote oog [d.w.s. ***enige menslike vermoë***] hom nie as God kon 'erken' nie. Daarom is dit lewensgevaarlik om die ***gawe van die geloof te weier***. Dit laat jou die openbaring van God, met die Bybel selfs in jou Skrifgeleerde hande, mis; en daarom die Seun van God aan die kruis ophang in die waan dat jy aan God 'n diens bewys het [vgl. Deist 1991a:380].
* Die wyse waarop God Homself aan die skepping bekendmaak, vertoon in die tweede plek, in terme van die tydelike werklikheid, 'n ***uiterlike***

---

ernstig bemoeilik, is die feit dat voorveronderstellings 'religieus' [nie gelyk aan godsdienstig] van aard is en daarom nie uitgedink en wetenskaplik bepaal kan word nie. Strauss toon aan hoedat die denkskommelinge in die wêreld van die filosofie bietjie later dieselfde denkskommelinge in die teologie en Bybelwetenskappe getoon het. Hy skryf: Die algemene **hermeneutiese** *prominensie asook die oplewende belangstelling in die vermeende* **metaforiese aard** *van alle taalgebruik ... hou sonder meer verband met dié mate waarin die moderne filosofie ook in bepaalde strominge begin weg beweeg het van die klemme van die gemelde vroeëre logisisme en rasionalisme [Strauss 1991:4].*

swakheid en magteloosheid. God maak Homself nie deur enige uiterlike magsmiddel, wat ***dwingend*** inwerk, bekend nie. Hy maak Homself in en deur ***die alledaagse, verskeidenheid, soms onverstaanbare en teenstrydige gebeure in die gewone lewe*** bekend. Dit was presies hoe Jesus van Nasaret was, en dit is juis hierdie faset van sy openbaring, wat ***vereis*** dat ons dit **net kan *glo***.[81]

* ***Die Bybel*** met sy ryke verskeidenheid verhale en literatuursoorte oor God, vertel ons ***skriftelik*** hoe sy mense lank gelede, in die verloop van húlle geskiedenis, God in die ***totaliteit van hulle lewe beleef het.*** Die Bybel is ***dus ons erfstuk*** wat God ons deur ons ***geloofsfamilie*** [die Kerk] geskenk het. God help ons hiermee, om in die daaglikse verloop van ons lewe, betroubaar te weet hoe Hy onder ons; vir ons en tot ons heil bekend is. Deist [1991a] noem die Bybel in dié verband ons ***Roetekaart*** vir vandag en môre.
* Omdat God verkies om Hom só, in die normale verloop van die geskiedenis, bekend te maak, sal ons ***totale verhouding met Hom*** noodwendig ***deur die omstandighede waarin ons leef beïnvloed*** word. Hiermee erken ons dat die neerslag van hierdie ***totale*** openbaringsverhouding, wat ons in die vorm van die Bybel geërf het, enersyds ***volledig menslik*** is. Andersyds bied dit ons 'n ***volle en ryke*** perspektief op Hom.[82] Dit verhoed ons, byvoorbeeld om God net redelik te ervaar -- dit waartoe die intellektualisme ons voortdurend wil verlei![83]

---

[81]. *Sien voetnoot 3.*

[82]. *Deist [1991a] skryf hieroor: 'In elke nuwe omstandigheid is 'n ander faset van die Godheid openbaar gemaak. Uit die slawekerk van Egipte lyk die gesig van God anders as vanaf die goue troon van Salomo in Jerusalem en vanaf die ivoorbeddens in Samaria anders as uit die kleinboerkrotte op die platteland van Efraim. Maar in die kontradiksies tussen slawekerkers en goue trone, ivoorbeddens en kleinboerkrotte en in die alledaagse van stene te maak in Egipte en 'n land uit Jerusalem te administreer, van geld te maak in Samaria en in Efraim te wag vir die reën om te kom, is God besig om Homself bekend te maak. In die kontradiksie tussen vertroostende priester en vermanende profeet neem God se gesig gestalte aan. Wie God slegs in die goue troon van Salomo raaksien, sal saam met Israel hulle liere aan die wilgerbome ophang en klaagliedere sing as die gety draai. Wie God slegs met die kerkers van Egipte identifiseer, sal Hom soos Israel, verloor as die dag van*

* Die openbaring van God, ook soos dit in die Bybel neerslag gevind het, bied ons in die lig van die voorafgaande ***geen finale sekerheid oor hoe ons God in ons eie tydsomstanighede ondervind nie.***[84] Ons het slegs die ryke verskeidenheid van ons eie lewensverloop waarin God teenwoordig is. En dat Hy onder ons teenwoordig is, ***'glo'*** ons opgrond van ons Erfstuk -- die Erfstuk van ons geloofsfamilie, wat Hom ook só ervaar het, *nl.*. die Bybel. Intussen het ons ook vir mekaar, ons huidige geloofsfamilie, wat ons help om saam te ontdek wie God vir ons is. En let wel, onder hulle het ons almal, '... ryk én arm, slaaf én vryman, man én vrou, Jood én Griek nodig, as ons Hom in hierdie maalstroom [van die lewe al meer MHH] wil herken' [Deist 1991a:380].

3. GEVOLGTREKKINGS

Die voorafgaande bespreking van Skrifbeskouings en -hantering, veral in verband met die sogenaamde Bybelse begronding van teologie, word vervolgens in 'n paar gevolgtrekkings geknoop:

3.1 Dit is nie 'n eenvoudig saak om die verband tussen teorievorming [resp. teologie] en die Bybel aan te toon en te beskryf nie.

---

voorspoed kom en Hom eers weer ontdek as die koning in boeie is, die tempel verbrand, die profete dood en die priesters verban. God maak Homself in die kontradiksies van die geskiedenis bekend'[Deist 1991a:380].

[83]. 'n Refor*matoriese Skrifbeskouing sal altyd moet waak dat die beskrywing van die geloofsverhouding waarin die mens tot die Bybel staan nie irrasionalisties begryp word nie. Indien die volle menslikheid van die Bybel in reaksie op die verobjektivering van die Bybel só verstaan word, het ons nie uit die oorspronklike dilemma van objektiwisme vs. subjektiwisme ontsnap nie. 'n Reformatoriese Skrifbeskouing bedoel met die* **geloofs***verhouding, waarin die mens tot die Bybel staan, ons* **totale verhouding** *met die Bybel, wat* **alle aspekte van die werklikheid insluit**.

[84]. *Dié beskrywing van ons visie op die Bybel mag nie verstaan word as sou ons altyd in twyfel oor God moet wees nie. Dit sou beteken dat ons die geloofsaspek van ons verhouding met God nie verreken nie. Dit is juis die aspek van ons verhouding wat beklemtoon dat ons sekerheid vind in God, die laaste ruspunt van ons hart.*

3.2 Die tradisionele standpunt in verband met die hantering van die Skrif in teorievorming [teologie] probeer m.i. juis om die saak te oorvereenvoudig. Dit poneer dat die Skrif sogenaamde objektiewe waarheid besit en dat norme uit die Bybel afgelei kan word wat teologiese uitsprake dan met Goddellike gesag begrond. Hiervolgens sou die Praktiese Teologie byvoorbeeld uit die Skrif sekere norme vir byvoorbeeld die kategese kon aflei, wat gesagvol waar is en sodoende sekere standpunte en stelsels in die verband Skriftuurlik begrond.

3.3 Hierdie benadering waarborg in die lig van die bogenoemde uiteensetting egter hoegenaamd nie die gesindheid van Bybelse teologie nie. Dié soort beroep op die Skrif, met die doel om teologiese uitsprake te begrond en met Goddelike gesag te beklee, misbruik slegs die naam van God om tipies ***menslike interpretasies*** van die Bybel en van bepaalde situasies of sake, meerderwaardig [gesagvol] te sanksioneer. Dit is niks anders nie as 'n verafgoding van die ***menslike rede*** met 'n Goddelike sous daaroor nie. Daarom behoort hierdie standpunt oor Skrifhantering uiters omsigtig benader te word.

3.4 Die Bybel is vir niemand, ook nie vir die teoloog, 'n bron van vaste sekerhede, waaruit gerieflik vir elke situasie en standpunt, soos uit 'n databasis inl.igting gehaal kan word nie. Hierdie sekerheid lê net in God [of enige vermeende god] en is slegs toeganklik deur die geloof en nie deur die menslike rede nie. Daarom moet die waarheid, ook vir die teologie, steeds gesoek word.

3.5 'n Bybelse soeke na ***TEOLOGIESE*** [resp. Prakties Teologiese] waarhede behels die volgende:

3.5.1 Dit verg 'n teoretiese ondersoek na die ***werklikheid*** vanuit die geloofshoek. Vergelyk in dié verband die beskrywing van die kenteorie, ook vir teologie, in hoofstuk 6. Dit wil sê, Bybelse teologie ondersoek by wyse

van voorbeeld in die eerste plek die struktuur van die bediening van kategese soos dit veranker lê in die skeppingsordening wat op alle dinge van toepassing is. In die proses oorweeg dit so ver moontlik alle moontlike inl.igting wat beskikbaar is.

3.5.2 Die verordeninge van God, vir alle dinge ook vir die kategese-bediening, is egter vir niemand volledig in teoretiese begrippe omvatbaar nie. Daarom stel 'n Bybelse teologie sigself oop vir alle insigte en standpunte oor enige onderhawige navorsing. Hierdie benadering bring openheid en vryheid in die wetenskaplike gesprek en grens wetenskaplikes nie met absolute waarheidsuitsprake van mekaar af nie. Dit veroorsaak dat wetenskaplikes [resp. teoloë] van mekaar afhanklik is omdat almal saam na die waarheid soek. Daarom is hierdie verhandeling ***slegs maar een stem*** tussen die baie ander wat onder meer ook saam soek na 'n meer duidelike antwoord oor die kategese-bediening van die kerk. As Bybelse teologie kom dit, ook nog meer vereng, uit die kader van Gereformeerdheid. Die bronne waaruit ek gewerk het, sal ook hierdie spesifieke uitgangspunt bevestig.

3.5.3 Die Bybel self verhaal konkrete ervarings van God deur sy mense in bepaalde omstandighede. Niemand weet ook presies wat dié omstandighede presies behels het nie. Nietemin is hierdie ervaringe betroubare ervaringe van God, deur God se mense en behoort daarom as konkrete gebeurtenisse [nie as geabstraheerde wetenskaplike feite nie] in gesprek gebring te word in ons eie ervaringe van God in ons bepaalde omstandighede. Elke Bybelse teoloog behoort noodwendig hiervan kennis te neem. By wyse van voorbeeld sal die Praktiese Teoloog iewers in sy navorsing oor kategese ernstig moet kennis neem daarvan dat God se mense in die Bybelse tye en deur die eeue heen, erns daarvan gemaak het om hulle kinders gedurig van God en sy volgehoue bemoeienis met mense te vertel. Hoe hierdie vertellings [onderrig] presies in Bybelse tye binne hulle kultuurkonteks gedoen is, is interessante inligting, maar kan nooit as normatief [gesagvol] vir vandag afgelei word nie. ***DAT***

God se mense egter erns gemaak het met die oorvertel aan hulle kinders wie God vir hulle is, moet deur alle kerkmense vir vandag geglo en verreken word. ***HOE*** die gesin, die kerk, die teologie en alle ander instansies hiermee te werk gaan, kan egter nie Bybels afgelei en beantwoord word nie.

3.5.4 Van groter belang vir Bybelse teologie [resp. Praktiese Teologie] is die RELIGIEUSE inpak van die Bybel op die totale mens en daarom ook op die hart van die teoloog. Bybelse teologie hou direk daarmee rekening dat dié religieuse invloed van die Bybelboodskap van skepping, sondeval en verlossing deur die werking van die Gees van God, in gemeenskap met al die gelowiges, 'n direkte voorteoretiese invloed op die teorie van die teoloog sal uitoefen. Daarom dat ***BYBELSE*** teologie nooit in 'n ivoortoring los van die gemeenskap van die gelowiges en die tradisie van die KERK, in die breedste sin van die woord, beoefen kan word nie. Hierdie laaste gevolgtrekking is m.i. die enigste waarborg vir werklik Reformatoriese teologie [resp. Praktiese Teologie].

HOOFSTUK 8

TEOLOGIE EN KERK

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Teologiese [resp. Praktiese Teologiese] teorievorming fokus prinsipieel, vanuit die geloofshoek van die werklikheid, op die werklikheid van die kerk se ***kategesebediening***. Hierdie fokus kan egter nie die ***kerk*** as samelewingsverband self miskyk nie. Kategese, veral binne die raamwerk van die Ned. Geref. Kerk, is tog in die eerste plek 'n tipiese ***kerklike*** werksaamheid. In die verskillende teorieë oor kategese word 'n bepaalde visie oor die kerk dan ook altyd op een of ander manier verreken.

De Graaff [1968] behandel sy visie oor die kerk breedvoerig in sy proefskrif oor die kategese. Trouens hy beweer onomwonde, in aansluiting by 'n paar Nederlandse teoloë op die terrein van die Praktiese Teologie, 'In order to determine the nature and place of the church's educational ministry, we must first of all seek to gain an understanding of the structure and the functions of the church in general. Without a fundamental insight into the unique character of the church ***it is impossible to determine the nature and scope*** [klem MHH] of its educational program' [De Graaff 1968:56]. [85]

In die lywige werk van Dingemans oor die kategese is dit ewe eens opmerklik dat noodsaaklike agtergronde vir die besinning oor die onderwerp nie 'n 'ecclesiologische bezinning' en 'n 'Theologische bezinning' in 'n hele aantal bladsye mis nie [vgl. Dingemans 1986:41-64].

---

[85] . *Dieselfde word ook uitvoerig deur LO Richards in sy standaardwerk oor die kategese gedoen. Hy wy omtrent 130 bladsye aan hierie grondvraag in die kategese. In sy kort voorwoord op hierdie werk, maak hy die volgende belangrike stelling: 'The classroom, which once was our whole vision of Christian education, is now recognized to be onl y a part - and not even the most important part. That's why this book begins with an examination of the Church. What is said throughout is rooted in the conviction that ecclesiology must be the source of our educational understanding and that Christian education is truly a theological discipline [vgl. Richards 1975:7].*

Alhoewel Thomas H.Groome in sy omvangryke werk, 'Christian Religious Education' [CRE], nêrens eksplisiet en in diepte aandag gee aan die voorvrae oor die kerk nie, kan ook hy nie die bepalende verhouding tussen kategese en kerk vermy nie. Uit sy *Rooms-Katolieke* agtergrond is dit onder meer vir hom belangrik dat die 'belydenis' van die kerk bepalend moet wees vir die keuses en gevolgtrekkings wat gelowiges in die hede moet maak en waarmee hulle in die onderrig gehelp moet word. Hieroor skryf hy na aanleiding van een van die besluite van Vatikaan II oor die vryheid van godsdiens, '... the small community constituted by a shared praxis group must be informed by and measure its decisions against the belief and practice of the whole Church' [Groome 1980:199]. Hierop vervolg Groome: 'This raises the question, however, of what is meant by ***Church*** [klem MHH] in this teaching context. [resp:praxis group]' [Groome 1980:199]. Met hierdie opmerking is ook Groome midde in die problematiek van 'n bepaalde kerkbeskouing. Want só redeneer hy, as 'kerk' sou beteken die *Rooms-Katolieke* Kerk, het dit sekere gevolge vir kategese en as dit sou verwys na die wat hy noem die 'community-like model' het dit weer ander konsekwensies vir die kategese. Groome kies dan ook vir laasgenoemde siening van die kerk [vgl. Groome 1980 :199] en dit bepaal inderdaad sy hele benadering tot die kategese.

2. VERSKILLENDE VISIES OP DIE KERK

2.1 Verwarrende terme vir die kerk

Die term 'kerk' word in wetenskaplike kringe en in die alledaagse spraakgebruik baie keer verwarrend gebruik. Dit is byna onmoontlik om die begrip op sigwaarde eenduidig te verstaan. Selfs al sou iemand die begrip omskryf, moet uit die konteks waarin dit gebruik word, afgelei word wat die term op die oog het. Die term 'kerk' kan na 'n kerkgebou verwys. Dit kan netso goed die erediens bedoel soos, in 'ons gaan vanoggend kerk toe.' Dit kan ewe eens na die plaaslike gemeente verwys. Die term 'kerk' het ook betrekking op die kerkgenootskap waaraan 'n lidmaat behoort.

Die term 'kerk' lei egter tot grootskaalse verwarring as dit na die Christendom verwys, soos *byvoorbeeld* in 'Die kerk het 'n groot taak om in ons huidige situasie in die RSA 'n instrument van God se vrede te wees'. Die kerk word, in terme hiervan, met die nuwe mensheid in Christus geïdentifiseer.

2.2 Agtergrond van die verwarring

Hoewel bogenoemde dalk nie na ernstige teologie klink nie, is dit baie keer juis die kwessie wat veroorsaak dat teoloë totaal by mekaar verby praat. Die volgende verduideliking dien om die verwarring oor die term 'kerk' te probeer opklaar.

2.2.1 Die mens se basiese verhoudinge

Elke mens leef basies in drie verhoudinge, tw. die verhouding met God [Oorsprong van alles] of 'n vermeende god [afgod]; die verhouding met ander mense en die verhouding met die res van die geskape werklikheid. Hoewel dié drie verhoudinge direk met mekaar verband hou, is dit noodsaaklik om in te sien dat die mens se verhouding met God nie op dieselfde vlak as sy ander verhoudings in die werklikheid funksioneer nie.

In die voorafgaande besinning is onder meer na die eersgenoemde verhouding as 'n ***religieuse*** verhouding verwys, om sodoende uitdrukking daaraan te gee dat hierdie verhouding die mens se ***'total commitment'*** omskryf. Hierdie verhouding bepaal dus die mens se ***hele tydelike*** lewe in die werklikheid. Gevolglik sal hierdie genoemde 'religieuse' verhouding, in terme van die aard daarvan, al die ander verhoudinge waarin die mens tot ander mense en tot die res van die geskape werklikheid staan, volledig bepaal. [86]

---

[86]. *Strauss verwys na hierdie onderskeiding as die verskil tussen 'n sg. RST-verbintenis en 'n GPG-verbintenis. RST verwys dan na '... daardie één allesbeheersende verbintenis in die lewe van elke Christen wat alleen! ik bestempel kan word as radikaal [R], sentraal [S] en totaal [T] ... Elke ánder verbintenis waaraan die mens kan deelhê, is hoeseer verwortel in hierdie sentrale RST-verbintenis, steeds* ***gedifferensieerd*** *['n vertakking van die wortel] [G], periferaal [staande op die rand en nie in die sentrum van die lewe nie [P] en gedeeltelik [parsieel] [G]. Teenoor die een primêre RST-verbintenis van mens-wees [Christen-wees of nie-christen-wees] staan derhalwe 'n veelheid GPG-verbintenisse [Christen-*

Dit is dus logies dat hierdie alles-bepalende verhouding nie, op watter wyse ook al, met enige van die ander verhoudings waarin die mens staan, ***geïdentifiseer*** kan word nie. By wyse van voorbeeld, dit is net só onmoontlik as óm die ***takke*** van 'n boom [alle tydelike mens-mens- en mens-skepppingsverhoudinge] met die ***boomstam*** [religieus] te identifiseer [vgl. Strauss 1989:13].

2.2.2 'Religie' en kerk

Pas ons nou die bogenoemde beginsel toe op die term 'kerk', wat reeds nie eenduidig gebruik word nie, verstaan ons onmiddellik waarom daar soveel verwarring en misverstand hieroor kan ontstaan.

Die rede hiervoor is dat omskrywinge in die Bybel, wat normaalweg onder die noemer 'kerk' gebring word, in sommige gevalle na die mens se religieuse verhouding met God verwys maar in ander gevalle weer na die mens se ander verhoudinge in die skeppingswerklikheid.[87] Indien die duidelike onderskeiding, wat die genoemde beginsel hierbo ons help maak, egter nie toegepas word nie, word, in terme van die voorbeeld hierbo, die takke met die boomstam geïdentifiseer en word ons visie op die kerk direk skeef daardeur beïnvloed.

---

eggenoot, geloofsgenoot, student-wees e.s.m. ...' [Strauss 1989:15]. Vergelyk ook die uitvoerige behandeling van hierdie onderwerp by Schrotenboer 1971:110.

[87]. *'n Goeie voorbeeld [daar is talle ander voorbeelde te vind] van hoe verwarrend die term 'kerk' gebruik kan word, vind ons by JA Heyns in sy boek oor die kerk. Heyns handhaaf die standpunt dat die mens se wedergeboorte 'n allesomvattende, 'boomstam-verhouding' is, maar verwar al die ander beskrywings van hierdie allesomvattende verhouding, andersins met die kerk as tydelike struktuur. Vergelyk in die verband Heyns 1977:4-65,51. Dieselfde probleem is aan die orde wanneer Burger, uit die nuwe geslag praktiese teoloë, oor die kerk skryf. Dat Burger ondeurdag die Religieuse Gemeenskap met die tydelike kerkverband verwar, spreek uit die volgende aanhaling: **'Ten eerste** lê hierdie waarheid [Die geheim van die kerk - 'n skepping van die Gees, MHH] ten grondslag aan ons geloof dat die kerk 'n totaal unieke gemeenskap is. Dit is belangrik om te verstaan dat dit nie die mense is of die byeenkomste of die prosesse van die kerk wat dit uniek maak nie, maar die feit dat dit bestaan in die krag van die Heilige Gees' [Burger 1991a:27]. Ek sou wou vra: Beteken dit dat byvoorbeeld die skoolgemeenskap uit sy eie krag bestaan? Of dat die huwelik [gemeenskap tussen man en vrou] ook sonder die Heilige Gees instand gehou word en daarom nie op die uniekheid wat die kerk het, aanspraak kan maak nie? Burger sal dit tog nie wou toegee nie! Vergelyk ook Strauss 1978:256-259.*

Op hierdie manier word beelde in die Bybel soos 'die liggaam van Christus', 'die nuwe mensheid in Christus', 'burgers van die Koninkryk', die gemeenskap van die gelowiges, selfs die term 'ekklesia', wat 'uitgeroepenes' beteken, eenvoudig vereenselwig met en toegepas op wat ons in die samelewing as die gemeente of kerk ervaar.

In 1959 het FH von Meyenfeldt [tot in 1968 die enigste teoloog wat die kwessie aangeroer het] [vgl. De Graaf 1968:60], reeds duidelik ingesien dat die kerk soos ons dit vandag ken, hoegenaamd nie met die 'kerk' waarvan daar in die Bybel sprake is, te identifiseer is nie. Sy argument is dat die kerk waarvan die Bybel praat 'n oervorm van die kerk was 'waarin de latere verscheidenheid van het christelijk leven nog niet tot volle ontplooiing gekomen was. Tot de kerk werd veel gerekend wat nu zelfstandig is geworden: onderwijs was kerklijk onderwijs, kunst was kerklijke kunst, omgang was kerklijke omgang' [Von Meyenfeldt, ongedateer:60-61]. Hierdie bedrywighede het intussen uit hul oer-kerklike dop, a.g.v. die kultuur-historiese ontwikkeling van die hele samelewing, gekruip. Selfstandige aksies en organisasies het ontplooi om menslike aktiwiteite te ontwikkel en te rig '... de sameleving ... heeft vele vormen gevonden om zich uit te drukken. De wetenschap, het onderwijs, handel en bedrijf, de kunst en het ontspanningsleven, allerlei verenigingen en organisaties kwamen tot ontplooiing buiten de overkoepeling door de kerklijk instituut [Von Meyenfeldt, ongedateer:60-61].

Die konsekwensies van Von Meyenfeldt se insigte is dat dit onmoontlik is om die Bybel se verwysings na 'kerk' net so op die huidige gestalte van die kerk toe te pas. Dit is volgens hom logies omdat die tipiese karakter en al die eienskappe van die kerk soos die Bybel dit uitspel, te doen het met 'n ***ongedifferensieerde*** werklikheid, wat iets totaal anders is as die kerk soos ons dit vandag ervaar en ken. Trouens, dit is onmoontlik om, in terme van die beginsel-onderskeiding hierbo, selfs 'n logiese begrip van die mens se religieuse verhouding met God te vorm. De Graaff sê hiervan: dit [hierdie alles omvattende religieuse verhouding] ontwyk ['elude']; ontglip elke keer die mens se logiese begrip daarvan [vgl. De Graaff 1968:57].

In aansluiting by Von Meyenveld maak Olthuis ook 'n verhelderende onderskeiding i.v.m. kerk en Koninkryk. Oltuis skryf:

> At the outset I must honestly state that I believe we have generally misread the scriptures in regard to the Church. Today we know the church as a distinct institution with its own building on the street corner, with its own organization of pastors, elders, deacons, and with its own church meetings and agencies. Today we recognize the church as something different from the family, or a school ... With this idea of church we go to the scriptures and assume that they mean the same thing by the church. But they don't. They do not -- because churches as we know them today did not exist in the first century A.D. when the New Testament was written.
>
> Church in the scriptures is the *ecclesia*, those called out. Those who are members of the Church are called out of the kingdom of darkness into the Kingdom of light [as Colossians 1 puts it]. And this Kingdom of light is as wide as creation [Olthuis 1972:3].

2.3 Gevolge van verwarring in kerkbegrip

Indien die onderskeiding tussen kerk en religie nie voortdurend genuanseerd gemaak word nie, sal die volgende stuikelblokke in ons visie oor die kerk en sy aktiwiteite nooit vermy word nie:

* In die eerste plek word die allesomvattende verhouding van die mens met God, en wat dit alles meebring, ***verarm en verskraal*** tot die terrein, lidmaatskap en taak van die kerklike instituut [gemeente]. Op dié manier word die mens se verantwoordelikheid om oral en altyd Godgerig te leef [die sg. Koninkryksperspektief] terreingebonde. Godgerigtheid word 'n skrale kerkgerigtheid. 'n Klassieke voorbeeld hiervan was die tradisionele *Rooms-Katolieke* Kerk wat agter kloostermure mense se lewens totaal wou omvat.

* Die keersy van die problematiek, *nl.*. as die takke-verhouding en die stam-verhouding vereenselwig word, is dat die kerklike instituut op aarde [die gemeente] 'n bonatuurlike, direk van God gegewe, feitlik onaantasbare struktuur word. Hierdie struktuur kom uiteindelik teenoor die res van die werklikheid in 'n werklikheidsvreemde kerk-wêreld spanning te staan. Dit verhoed dat die tydelike kerkinstituut toeganklik is vir wetenskaplike ontleding omdat die gereedskap van die [wêreldse] wetenskap nie op die bo-natuurlik struktuur, wat eintlik direk van God gegee is, pas nie.
* 'n Volgende struikelblok, wat uit die bogenoemde voortvloei, is dat die kerk dubbelslagtig d.w.s., tegelyk bonatuurlik en aards beskou word. Dit is die tipiese dualistiese benadering van die werklikheid wat die beskouing oor die kerk laat wipplank ry tussen hemels en aards. Burger is 'n eksponent van hierdie dubbelslagtige denke as hy in sy ekklesiologie twee basiese begrondings vir die kerk gee: 'Die geheim van die kerk -'n skepping van die Gees' en die werklikheid van die kerk - ook 'n menslike instansie', met 'n skets van die kerk daarby, wat ondubbelsinnig die dualistiese siening teken [Burger 1991a:27-29].

  Gevolglik verhoed hierdie benadering dat die aard van die kerk wetenskaplik noukeurig ontleed kan word. Dit word inderdaad problematies om enige sinvolle uitspraak oor 'n struktuur, wat tegelyk aards en hemels is, te maak. Die dilemma van *byvoorbeeld* die kategese wat inhoudelik en metodologies skools *vs.* affektief wipplank ry, het direk met hierdie dualistiese benadering van die kerk te maak. Skoolse kategese hou, in terme hiervan verband met die tipiese ***aardse karakter*** van die kerk en die affektiewe, wat klem lê op die belewenis van die kind se verhouding met God, verteenwoordig die ***bonatuurlike, Goddelike karakter*** van die kerk.

3. DIE BEGRIP 'KERK'

3.1 Agtergrond vir standpunt-formulering

Die volgende sake is die ***samevattende agtergrond*** vir my visie op die kerk:

* Die vertrekpunt van my siening oor die kerk, in aansluiting by die prinsipiële onderskeiding tussen religie en kerk, is dat die nuwe mensheid in Christus op aarde 'n ***ondefinieerbare religieuse werklikheid*** is wat met geen ander lewensvorm in die werklikheid geïdentifiseer mag word nie. In terme van die boomstam- en takkevoorbeeld is die nuwe mensheid wat in Christus herbore is, die religieuse wortel-gemeenskap wat in Christus in 'total commitment' op die Oorsprong van die lewe gerig is [Vergelyk die voorafgaande veral 2.2.1, 2.2.2 en 2.3].
* Alle ander lewensvorme, strukture, gemeenskappe, verbande is die takke wat dinamies uit die Wortelgemeenskap uitspruit. Hierdie 'takke' is weliswaar, 'n ryke verskeidenheid wat nie eenders vertoon nie, maar hulle is almal gelykwaardige takke want hulle dra in hulle dieselfde lewensap wat uit die Wortel in hulle opgestoot word. Tot so ver die beeld.
* Die kerk is, in terme van die bogenoemde, dus slegs maar een van die vertakkinge van die volheid van die religieuse gemeenskap in Christus. Daar is derhalwe volgens hierdie siening geen ***prinsipiële*** moontlikheid om die werklikheid [resp. werklikheid van die kerk] dualisties in 'n natuurlike- en bo-natuurlike sfeer te verskeur nie.
* By wyse van voorbeeld beteken dit dat, ***presies*** soos ***die kerk*** 'n eiesoortige roeping, in gerigtheid op God het, om te preek, sakramente te bedien, lidmate in hulle geloof, soos die kerk dit bely, te onderrig en te versterk, ***die skool*** 'n eiesoortige roeping, in gerigtheid op God het, om kinders skolasties te leer en op te voed. En die skoolvertakking van die Liggaam van Christus put net soos die kerkvertakking uit dieselfde 'Wortel' die krag om sy taak vir God te doen. Elke ander organisasie, verband of

samelewingsaangeleentheid pas dus op hierdie manier in die werklikheid waarin ons leef in.

* Om heilig, d.w.s. om vir God te wil leef, is derhalwe nie net vir sekere sektore van die samelewing beskore nie. Die antitetiese lyn loop dus nie ***tussen die verskillende lewensterreine deur nie***. Dit sal juis die werklikheid dualisties verskeur. Die antitese loop ***deur elke terrein self*** in die keuse wat vir God of teen God, die Oorsprong van alles, gemaak word.
* 'n Volgende kwessie wat vermeld moet word, sluit aan by die opmerking van Von Meyenfeldt oor kultuur-ontplooiing en die kerk [Von Meyenfeldt, ongedateer:59]. Sy siening kom daarop neer dat die nuwe mensheid in Christus, wat in die Bybel die *ecclesia* genoem word, aanvanklik as 'n ongedifferensieerde grootheid, met al hulle aktiwiteite rondom die kultusbedrywighede ongekompliseerd geleef het. Uit hierdie ongedifferensieerde gemeenskap of *ecclesia* het egter die verskillende lewensvorme en organisasies, in 'n kultuur-histories proses, aan die hand van die skeppingsnorme soos God dit in sy Skepping gegee het,[88] een vir een ontplooi. Dit beteken verseker nie dat daar nog geen ontplooiing van die samelewing in die Nuwe Testamentiese tydvak bestaan het nie. Hieroor skryf Von Meyenfeldt: 'Wel laat de Bijbel duidelijk merken, dat het genoemde differentiatieproces reeds aan de gang was. En dat niet alleen, het evangelie maakt de doorbraak van dit ontwikkelingsverschijnsel in de geschiedenis der christenheid tot een van de essentiële elementen van de Pinksterboodskap' [Von Meyenfeldt, ongedateer: 61].
* Saam met Von Meyenfeldt word dus aanvaar dat al die verskillende organisasies, lewensvorme ensovoorts die resultaat is van tipiese menslike ontwikkeling. In dié verband merk De Graaff op dat die teoloog, vir die verstaan van die begrip 'kerk', noodwendig, bewus of onbewus, moet

[88]. *Vergelyk in dié verband my opmerkinge in Hoofstuk 7, paragraaf 2.2.2.1 oor grondhouding en perspektief op die hele werklikheid.*

aanleun op insigte i.v.m. die samelewingstrukture. Hy skryf: 'The theologian simply cannot speak meaningfully about the nature and the function of today's church without a basic understanding of the development of Western society. The theologian, therefore, should not be chided for making use of a certain [philosophical] conception of the development of Western civilization, for he cannot do without such theory, whether he knows it or not' [De Graaff 1968:62].

* Vanuit my perspektief op teologie, is die volgende dus van toepassing:

Vir 'n deeglike verstaan van wat die kerk is, fokus die teoloog nie in die eerste plek op die Bybel nie, maar op ***die sosiologiese verband waarin die kerk in die samelewing ingebed is***. Dit wil sê die teoloog wend hom tot die ***werklikheid*** waaruit die kerk as verband ontwikkel het [vgl. gevolgtrekkings, punt 3, hoofstuk 7].

Hierdie stelling hou steek as ingedagte gehou word wat Strauss in sy 'Inleiding tot die Kosmologie' oor die kerk, na aanleiding van die algemene spraakgebruik onder lidmate, wat na die plaaslike kerk as die gemeente van Christus verwys, vra: 'Beteken dit dat Christus die kerk *gestig* het? 'n Ondersoek van die evangelies leer die teendeel' [Strauss 1979:238].

* Die eerste reaksie op so 'n radikale stelling, is gewoonlik dat die kerk op dié manier 'n blote stuk mense-werk is. Soortgelyke reaksies sal elke keer weer die ***dualistiese vertrekpunt*** van die vraagsteller openbaar omdat die kerk ***inderdaad volledig aards*** is.
* Hierdie standpunt veronderstel derhalwe dat ek op die kenteoretiese beginsels in Hoofstuk 5, wat vir alle vakwetenskappe geld, aangewys is, om 'n verantwoorde omskrywing [wetenskaplik] van die kerk in die samelewing te gee.

Voordat ek dit vanuit my siening bespreek, betrek ek egter eers vir Van der Ven [1993], wat in dieselfde verband, oor die ***kerk in konteks*** op dieselfde werklikheid as ek stuit [Vergelyk punt 2.3 hierbo].

Hoewel Van der Ven sy kerkbegrip heeltemal vanuit 'n ander hoek benader en nie noodwendig by dieselfde siening van die kerk as ek uitkom nie, wil hy teenoor die tradisionele *Rooms-Katolieke* dualistiese opvatting van kerk en samelewing, waarin hyself grootgeword het, juis met die 'beginsel van non-concurrentie' [Van der Ven 1993:46] die teendeel aantoon.

Sy argument is dat die kerk se 'verenigingstyl', met die normale strukture van bestuur, indiensgeneemdes, lede ensovoorts, juis die tipies ***sosiale*** ingebed-wees in die sosiale struktuur van die werklikheid bevestig [vgl. Van der Ven 1993:35-46]. Hierdie 'aardse' ingebed-wees van die kerk as lewensverband staan egter nie dualisties teenoor die werklikheid van God nie [Vergelyk ook in dié verband vir Dingemans 1987:104-105]. Hy stel dit duidelik: 'Daartegenover dient het beginsel van non-concurrentie te worden geplaats ... In algemene zin luidt dit beginsel dat God en mens niet concurreren. Hun beider activiteiten komen niet in mindering op elkaar. Wat God doet, behoeft niet te worden afgetrokken van wat de mens doet. Noch andersom: wat de mens doet, behoeft niet te worden afgetrokken van wat God doet ... Toegepast op het verenigingsbegrip [kerk as sosiale werklikheid, MHH] betekent dit het volgende: God brengt mensen samen [Goddelikheid van die kerk, MHH] doordat mensen zelf samenkomen [aardse struktuur van die kerk] ... God werkt in en door het samenwerken van mensen [Van der Ven 1993:46-47].

3.2. Die kerk as lewensverband

'n Ondersoek na die kerk as hierdie genoemde tydelike lewensverband met 'n eie taak en bevoegdheid soos ons dit elke dag in die samelewing ervaar, kan alleen in terme van die tydelike skeppingswerklikheid uitgedruk word. Ons het juis gesê die kerk is

volledig deel van die tydelike werklikheid omdat ons posisie ingeneem het teen die skolastiese, dualistiese siening van die werklikheid.

Die vraag is nou: presies wat is hierdie instelling waaraan 'n groep mense vrywillig behoort:

Die groep mense is op 'n sekere wyse aan mekaar verbind en dra onderlinge sorg vir mekaar; hulle kom gereeld in verskillende soorte byeenkomste by mekaar; die instelling kan nie sonder finansies en 'n fisiese infrastruktuur funksioneer nie; dit het ampsdraers wat leiding neem; daar vind ook gereeld inlywing van nuwe lede plaas en daar is voortdurend 'n proses van opbou en vernuwing onder die lede van die instelling aan die gang; die organisasie is ingestel om diens aan die samelewing op verskeie fronte te lewer. Dit het sy eie simbole en embleem wat dit onderskei van ander instellings; vir ordelike beheer het dit ook 'n eie stel orde-reëls; dit opereer nie onafhanklik van gemeenskap tot gemeenskap nie, maar vorm 'n eenheid in kleiner en groter verbande met 'n taamlik eenduidige karakter op alle plekke waar dit voorkom.

3.2.1 Inset van Dingemans

Dingemans benader die kerk in sy ekklesiologiese begronding van die kategese, op dieselfde wyse. Hy meen dat dit eintlik moeilik is om die kerk tussen al die ander organisasies en verbande te tipeer maar in terme van die sosiologie is die kerk volgens hom geskoei op die lees van 'n verenigingstruktuur. 'Vooral de protestantse kerken hebben gekosen voor die 'verenigings-structuur' bij die vormgewing van de gemeente' [Dingemans 1986:59]. Hy merk egter vreemd genoeg op dat hierdie sosiologiese benadering tot die kerk eintlik die alleenreg van die praktiese teologie is terwyl die dogmatiese teologie meer ingaan op die *notae ecclesiae* [vgl. Dingemans 1986: 58].

Die vreemde standpunt van Dingemans word egter duidelik as mens ontdek dat hy egter ook nog nie kon loskom uit die valse natuur-genade dualisme waarvan vroeër verwys is nie. Sy argument is: Die kerk kan nie volstaan met 'n sosiologiese duiding nie, maar om kerk te wees moet die sg. 'verenigings-struktuur' met die genade oorgeblaas word om dit tot kerk te stempel.

Op sigself is Dingemans se soeke na 'n eie stempel wat die kerk tot kerk maak, natuurlik prinsipieel nie fout nie. Die wyse waarop hy dit doen, verraai egter sy voorveronderstellings. Hy sê van die kerk: 'Zij bestaan niet uit mensen met een speciale hobby of een speciale [religieuze] behoefte ... zij staat in voortdurende relatie tot de Heer ... Op dit punt onderscheidt de gemeente zich van alle ander sociale organizatievormen ...' [Dingemans 1986:59].

Die logiese afleiding uit hierdie stellings van Dingemans, is dat alle ander organisasies nie in voortdurende verhouding tot die Here staan nie. Dit beteken dat die kerk alleen hierop aanspraak maak en kerk en wêreld op die manier dualisties teenoor mekaar te staan kom. Ons het hierbo aangetoon dat dit juis die verarmende voorteoretiese posisiekeuse van die skolastiek is wat die teologie, ook vir Dingemans, in die slaggat laat val om die nie-kerklike terreine van die samelewing sonder religieuse gerigtheid op God humanisties te laat verdor. Hy slaag egter nie daarin om, op hierdie wyse, 'n eie stempel aan die kerk as lewensvorm tussen ander te gee nie.

3.2.2 Die posisie vanuit 'n Reformatoriese kenteorie

3.2.2.1 Op soek na 'n onderskeidende stempel

Die kerk as samelewingsverband, soos enige ander entiteit, funksioneer binne alle aspekte wat in die werklikheid onderskei kan word. Dit wil sê, die kerk het 'n sosiale kant, 'n estetiese kant, 'n juridiese kant, 'n historiese kant, enige ander kant wat benoem kan word. In die teoretiese besinning oor die kerk vanuit my kenteorie, is dit egter belangrik om struktuuranalities vas te stel wat die kerk as samelewingsverband werklik tot 'kerk-wees' stempel. Die teoretiese vraag is derhalwe: Wat is die onderskeidende stempel wat die kerk tot kerk maak?

Die beskrywing van 'n instelling [entiteit] soos hierbo in 3.2, is *sonder duidelike onderskeiding* byna op enige organisasie in die samelewing van toepassing. Die skoolstruktuur vertoon bv. presies dieselfde patroon.

Die skool het ook verkose ampsdraers wat leiding neem; die proses van inlywing en voortdurende opbou en opvoeding gaan dag vir dag aan; elke skool het sy eie orde-

reëlings; geen skool kan sonder finansies en 'n fisiese infrastruktuur funksioneer nie; elke skool het 'n onderlinge verbondenheid van leerlinge en onderwysers met 'n eie 'etos'. Elke skool het sy trotse simbole en embleem wat hom van ander onderskei ensovoorts.

Hierdie eenvoudige observasie klop ook met die stelling van Strauss in sy omskrywing van die besondere entiteitstrukturele aard van samelewingsvorme. Hy skryf: 'In terme van die onderskeiding[89] wat ons getref het tussen verbande, gemeenskappe en maatskapsverhoudinnge kan geensins aangedui word wat verskillende verbande, gemeenskappe of maatskapsrelasies onderling van mekaar onderskei nie. Om daartoe te kom, moet immers oorgegaan word tot die aanduiding van eenduidige (d.i. gedifferensieerde) funderings-en kwalifiseringsfunksies van die betrokke lewensvorme want eers daardeur word 'n ***tipiese*** spesifikasie daaraan verleen [Strauss 1979:196].

Dit is dus belangrik dat ons die kerkverband op só 'n wyse van ander samelewingsvorme moet onderskei dat ons tegelyk die *eie aard* daarvan aandui sonder om in die teologiese slaggat, wat die kerk uiteindelik 'doseties' vreemd in die werklikheid maak, laat val en buitendien ook nie daarin slaag om die kerk se spesifieke plek en taak aan te dui nie. Vae en valse onderskeidinge rondom die kerkbegrip, sal juis daartoe lei dat die kerk nie sy roeping in die wêreld na behore kan nakom nie en meewerk dat die kerk spesifieke take verkeerd omlyn en uitvoer. Die kategesetaak van die kerk kom vanselfsprekend hierdeur in die gedrang.

3.2.2.2 Die Woord-mag en ontwikkeling van 'n eie bestemmingsfunksie

Histories gesien, het die instelling, wat ons vandag 'kerk' noem, orent gekom as gevolg van die feit dat mense in 'n bepaalde gemeenskap, die boodskap van die Bybel op een of ander wyse gehoor het, en sommige van hulle die Boodskap daarvan

---

[89] . *Die wysgerige onderskeiding wat tussen verbande, gemeenskappe en maatskapsverhoudinge gemaak word, is belangrik maar ek reken dat dit onnodig is om daarop in te gaan. In die verband verwys ek na Strauss 1979:189-195. Dooyeweerd het dit volledig uitgewerk in sy standaardwerk, Dooyeweerd III 1969:176-190. Vergelyk ook Kalsbeek 1970:189 vv.*

kinderlik aanvaar/geglo het. Gaandeweg het hierdie groep 'kinderlik-gelowiges' 'n hegte gemeenskap van mense, wat met mekaar in 'n vaste verbandstruktuur getree het, gevorm. Hieruit is die volgende duidelik:

* Die basiese of funderende ***onderskeiding*** van die kerkverband is die ***vormende invloed*** [krag] ***van die Bybelboodskap*** wat 'n groep mense in die samelewing se lewens radikaal beïnvloed het.
* In die tweede plek stempel die kenmerkende ***geloof*** van die lede van die organisasie, as die oorkoepelende [dak] ***onderskeidende*** kenmerk daarvan, dié struktuur of instelling wat orent gekom het tot 'n ***geloofsverband.***

Om die eie aard van die kerkverband nog duideliker te besien, kan dieselfde beginsel op bv. die skool, toegepas word. Hoekom kan 'n instelling soos die skool nie ook 'kerk' wees nie? In baie gevalle is dit presies dieselfde mense wat Sondag in die kerkgenootskap se georganiseerde erediens sit wat van Maandag tot Vrydag op die skoolbanke sit. Die ***Bybel*** word, tans nog byna in alle gevalle, in Afrikaanse skole, elke dag vir die skoolgangers -- kinders en onderwysers -- voorgelees met 'n kort boodskap daarby en wie sou dit wou waag om te beweer dat die grootste gros van hierdie mense nie die boodskap ***glo*** nie?

Indien ons egter onderskeidend na die skool in vergelyking met die kerk kyk, sal ons agterkom dat die skool tog nie 'n kerk kan wees nie. Hoewel die Bybel verseker 'n invloed op die skoollewe het, is dit tog duidelik dat dit nie ***primêr*** die oorvertel van die boodskap van die Bybel is wat leerlinge en onderwysers elke môre laat opstaan om skool toe te gaan nie. In die geval van die kerk is dit wel so wanneer die kerkklok Sondagoggend lui. Hoewel dit ook waar is dat baie of dalk die meeste van die kinders en onderwysers die boodskap van die Bybel glo en selfs ook nog op grond van dieselfde belydenisskrifte, dit eweneens nie waar is dat die 'hoof-aktwiteit', die 'oorkoepelende kwalifikasie', van die skool is om die Bybelboodskap te glo en

liturgies-seremonieel te beleef nie. Die hoof-aktiwiteit van die skool is tog sekerlik onderrig, opvoeding en kennisvermeerdering.

Hiermee is die onderskeidende kenmerke van die kerk voorlopig duidelik genoeg aangedui.

3.2.2.3 Kerkbegrip en aspekte-verskeidenheid

Gedagtig aan die 'piesang-koop verhaal' wat die verskillende aspekte van die werklikheid waarin ons elke dag leef, helder uiteengesit het, moet ons voorts die struktuur van die kerk nóg duideliker omlyn.

Ons het in die eerste plek in die 'piesang-gebeurtenis' ten minste ***vyftien aspekte*** van die werklikheid, soos God dit gemaak het, kon onderskei.[90] Elke aspek, so kon ons agterkom, is onherleibaar en eintlik op sigself ondefinieerbaar.[91]

Van belang is dat die kerk as entiteit, net soos dié piesang-gebeure, ook net in terme van hierdie verskillende, onherleibare aspekte van die werklikheid verstaan/begryp kan word. Ons het bv. hierbo, onderskeidend aangedui dat die basis of fundering van die kerk as samelewingsverband die ***vormende invloed*** van die boodskap van die Bybel [vgl. Zylstra 1972:153vv], wat gereeld 'gepreek' word, is en dat die onderskeidende 'dak' van die struktuur die ***geloof*** van die lidmate is. Met hierdie aanduidinge het ons onvermydelik op, onderskeidelik die ***historiese- en die geloofsaspek*** van die werklikheid, gestuit.

---

[90]. *Let wel, as ek die aspekte- onderskeiding op hierdie wyse aan die Skepping van God verbind, beteken dit nie dat iemand iewers 'n bloudruk van God ontvang het waarin Hy verklaar het dat Hy die aspekte van die werklikheid presies so inmekaar gesit het nie. Die onderskeiding van die aspekte van die werklikheid is maar ons menslike refleksie op dit wat ons van God se handewerke ervaar. Iemand met meer insig as Dooyeweerd, kan dit dalk anders verwoord, maar sedert hy in die dertiger jare hierdie onderskeidinge gemaak het, kon niemand nog regtig aan hierdie basiese onderskeidinge 'n beduidende verandering aanbring nie.*

[91]. *Elke poging om die sinkern van een van die aspekte van die werklikheid te omskryf, stuit daarop dat so 'n definisie terme sal moet gebruik wat in die ander aspekte van die werklikheid funksioneer. Die volgende voorbeeld bevestig dit. Die sinkern van die geloofsaspek kan kortweg omskryf word as vastigheid van vertroue en dié van die etiese aspek is onderlinge liefde. Indien iemand liefde wil definieer, sal mens normaalweg opmerk dat liefde nie sonder vertroue kan bestaan nie. Maar sodra dit gesê word, is liefde onmiddellik in terme van die geloofsaspek uitgedruk.*

3.2.2.3.1 Die geloofsaspek as grensaspek

Die getals- en geloofsaspekte van die werklikheid vorm, in terme van die kosmologie soos deur die Reformatoriese Wysbegeerte gereflekteer, die grensaspekte van die werklikheid. Dit beteken dat die verskillende aspekte soos in 'n spesifieke volgorde van die getalsaspek, as die 'onderste' grens, tot by die geloofsaspek, die 'boonste' grens gerangskik is. Die argument vir hierdie orde is dat die mees ongekompliseerde faset van enige saak in die werklikheid, sy getalskant is. Elke ander aspek wat hierop volg word meer gekompliseerd aangesien dit die vorige een veronderstel.

By wyse van voorbeeld kan die spesifieke volgorde van die aspekte só verduidelik word. Dooyeweerd plaas bv. die biotiese aspek, d.w.s. lewe in volgorde onder die gevoelsaspek [vgl. Dooyeweerd 1969/1:3]. Die rede hiervoor is soos volg: 'n ***plant*** wat 'n getalsaspek [een of meer plante], 'n ruimte aspek [groot of klein plante], 'n kinematiese aspek [plante kan verseker beweeg], 'n fisiese [plant kan nie sonder energie-werking bestaan nie] en 'n biotiese aspek ['n plant lewe tog] het, kan bestaan sonder die gevoelsaspek. [plante kan nie voel nie] Dié feit op opsigself bewys tog duidelik dat die gevoelsaspek 'hoër' in orde is. Verder is dit duidelik dat hoe 'hoër' ons op die ordelys styg, bou die een aspek in orde op die ander [veronderstel dit].

'n Plant wat lewe, veronderstel nie die gevoelsaspek nie, maar die lewe, veronderstel in afnemende orde die fisiese-, dan die kinematiese-, dan die ruimtelike- en ten laaste die getalsaspekte[92] [vgl. Kalsbeek 1970:93].

Die geloofsaspek wat die kerkverband soos ons reeds gesien het, kwalifiseer, het as ***grensaspek*** egter geen ander aspek waarheen dit vooruit kan verwys of waardeur dit verdiep kan word nie. Die teendeel is egter van bv. die gevoelsaspek van die

---

[92] . *Ek volstaan met hierdie verduideliking maar vir 'n baie volledige uiteensetting van hierdie kwessie, sien Strauss 1979:26-36 en ook Kalsbeek 1970:92 vv. Vir beter begrip skryf ek die volgorde van die aspekte met hulle onherleibare beskrywing [kern] tussen die twee grensaspekte neer: Geloof [vastigheid van vertroue]; etiese [liefde]; juridiese [regverdigheid(vergelding)]; estetiese [skoonheid]; ekonomiese [spaarsaamheid] ;sosiale [omgang en verkeer]; teken-aspek [betekening]; historiese [beheersende vorming(mag)]; logiese [analise]; sensitiewe [gevoel]; biotiese [lewe]; fisiese [energie-werking]; kinematiese [beweging-kontinuering]; ruimte [uitgebreidheid]; getal [onderskeie hoeveelheid].*

werklikheid, waar. 'n Mens kan met sy vingers voel, wat bloot na die fisiese aspek van die mens se gevoel verwys. Dit is die gevoelsaspek wat terugverwys [saamhang met] na die fisiese aspek van die werklikheid. Die sensitiewe aspek van die werklikheid, kan egter ook vooruitwys [saamhang met] na die regsaspek van die werklikheid en so kry ons by iemand 'n regs-***gevoel***, ['n sensitiwiteit by iemand dat dinge nie verkeerd nie maar reg moet wees] wat tog meer is [dieper is] as iemand wat bloot met sy vingers fisies voel.

In die geloofsaspek, het die werklikheid egter sy limiete bereik. Waarna kan die geloofsaspek samehangend vooruitwys en verdiep? Wat kan vastigheid van vertroue waarborg soos bv. die liefdesaspek, van 'n verhouding in die geloofsaspek verdiep word in ***liefdestrou,*** wat uiteindelik in ***huwelikstrou*** bevestiging kry? By wyse van spreke, het geloof egter in hierdie wêreld [werklikheid] geen heenkome nie. Daarom dat die geloofsaspek, wat kerk tot kerk kwalifiseer, bo ditself uitwys na IETS groter as die werklikheid. In hierdie opsig wys geloof *byvoorbeeld* vir die christen-gelowige uit na die Oorsprong van die werklikheid, *nl.*. God ons Skepper en Verlosser in Christus deur die Heilige Gees.

Omdat die geloofaspek die tydelike kerkverband kwalifiseer, het ons onmiddellik bepaal wat die 'agenda' van die kerk in die samelewing is. Dit beteken die volgende:

* Omdat die geloofsaspek van die werklikheid met elke ander moontlike kant van die werklikheid saamhang, behoort die kerk, as ***geloofsgekwalifiseerde*** struktuur, sonder voorbehoud by alles in die werklikheid betrokke te wees. Alleen in die sin kan die kerk werklikheidsgetrou wees.
* Die kerk se betrokkenheid is egter nie algemeen, vaag en onomlynd nie. Die feit dat hierdie struktuur deur die ***geloof*** gekwalifiseerd is, bepaal onmiddellik ook die grense daarvan. Die kerk is voluit by alles in die lewe betrokke, maar slegs m.b.t. die geloofskant daarvan.
* Hiermee is dit ook duidelik dat die kerk aan die een kant, 'n beperkte en miskien oënskynlik beskeie terrein het waarbinne dit funksioneer. Aan die

ander kant, bied hierdie perspektief juis die moontlikheid dat die kerk ***toesgepits*** funksioneer op die terrein waartoe dit geroep is.

Laasgenoemde opmerking vereis dat ons moet vasstel wat dit beteken dat die kerk die geloofselement van enige saak, as bewys van sy geloofsbegrensheid, moet aanspreek of bedien.

3.2.2.3.2 Troost en die geloofsbegrensing van die tydelik kerkverband

A Troost [1958:117-133] het breedvoerig aan die bogenoemde kwessie uit die hoek van die etiek aandag gegee. Troost spreek die begrensing van die kerk deur die geloofsaspek, vanuit die probleemsituasie dat die kerk Bybelse beginsels vir die hele lewe moet kan bied, aan. Die kwessie hoe mens Bybelse beginsels vir die lewe vind, is reeds in Hoofstuk 4 deeglik verreken. Gevolglik word die toepassing hiervan betrek op die kwessie van die begrensing van die taak van die kerk vanuit die geloofsaspek.

In lyn met die Reformatoriese tradisie, waarna ons telkens verwys, reken Troost dat die kerk, wat gehoorsaamheid aan die wil van God op alle gebiede van die lewe wil predik, die volgende moet verreken:

* Die aanspreek van konkrete aangeleenthede verlei die kerk maklik om skuldig te wees aan grensoorskryding omdat die kerk nie bevoeg is om beginsel-leiding op alle terreine van die lewe te gee nie. Indien die kerk dit kon doen, sou dit beteken dat die kerk, wat vir enige verband onmoontlik is, 'n ekspert op elke gebied van die lewe moes wees.
* God se wil is nie net in die Bybel openbaar nie, maar in die ganse Skepping omdat die ganse skepping deur die wil van God vir alles gehandhaaf word. Hiermee breek hy '... met elke idealistische of waarden-theoretische isolering van Gods Woord [die Bybel, MHH] uit het geheel van Gods werk' [1958:126, 130]. Dit beteken prakties dat gelowiges die wil van God in hul besig-wees met die werklikheid, op watter terrein dit ookal mag wees, self

soek en vind. Die kerk is nie hiervoor 'n middelaar nie. Dit is die werk van Christus deur die Gees.

* Wat die kerk wel doen, en hierin is tegelyk die kerk se ***roeping en begrensing*** gegee, is om die Woord van God te verkondig, waardeur die gelowige se hele lewe, ook sy soeke na die wil van God op alle terreine, al meer op God, die Oorsprong van alles ***gelowig*** betrek word. Troost bevestig hierdie benadering deur twee stellings: In die eerste plek onderstreep hy dat in die gelowige se soeke na en gehoorsaamheid aan die beginsels vir 'n verantwoordelike lewe voor God, die kerk se taak die verkondiging van die Woord is waarin 'De goddelijke Woord-openbaring ... alleen het 'pistisch' *element vormt* [Troost 1958:129]. En dié geloofs-element wat deur die Bybelse openbaring gevorm word, is van '... *trancendentaal* karakter, daar het bij gelovig aanvaarding van Gods Woord de ***concrete handeling*** [klem MHH] religieus beheerst in de betrekking op Christus en zijn koninkrijk' [Troost 1958:129]. In dieselfde verband skryf hy ook: 'Door de geloofs-functie die als modaal levensaspect in directe zin is toegeordend aan het Woord Gods als de 'wet' voor het geloof, vind de religieus bepaalde volle levenswerklijkheid haar bewust betrekking op God en zijn openbaring in Christus Jezus, alsmede op zijn koninkrijk' [Troost 1958:126].

Dit is in terme van die bogenoemde *byvoorbeeld* nie die kerk se bevoegdheid en taak om beginsels aan ouers i.v.m. kinderopvoeding voor te skryf nie. Gelowige ouers wat in die praktyk van die opvoeding van hulle kinders leef, moet hierdie beginsels self soek. Dit is egter die kerk se taak om hierdie ouers deur die Woord op te roep om hulle hele lewe en daarom ook die opvoeding van hul kinders, in ooreenstemming met die beginsels wat hulle self biddend en worstelend gesoek het, ***gelowig*** aan God te wy. Dit is die verdieping van 'n mens se ***geloof*** wat veroorsaak dat so iemand in plaas van om sy medemens te haat, gerig word om eerder lief te hê; in plaas van om te

veroordeel, eerder te begryp; in plaas van te vergeld, liewers te vergewe en dan byna in retrospek ***gelowig*** te bely: Dit alles is God se werk, in Christus deur die Heilige Gees. Dit is met hierdie geloofswerklikheid waarmee die kerk hom moet besig hou. Dit is tegelyk sy grens maar ook sy taak. De Graaff skryf hieroor: Die kerk se taak is ' ... [to] relate all of life to the faith of the believers, which is to say, relate every experience to the fundamental relationship of the believers to Christ and place every situation in the light of the Word of God' [De Graaff 1968:83].[93]

Hierbenewens kan die kerk, juis omdat sy terrein in die lig hiervan afgebaken is, sy taak met soveel meer effektiwiteit uitvoer. Die kerk word altyd lamgelê deur 'n gebrek aan insig in sy tipiese begrensdheid omdat die kerk op die manier grensloos te veel dinge wil aanpak. De Graaf waarsku in dieselfde rigting as hy beweer: '... the church need not to do anything else but administer the Word of God and the sacraments and from this administration we may expect a reformation of all of live' [De Graaff 1968:78].

3.3 Die resultaat van 'n kosmologiese visie op die kerkverband

Die feit dat die kerk 'n eiesoortige samelewingstruktuur het, wat deur die geloofsaspek gekwalifiseer is, bepaal dus dat alles wat die kerk, ook t.o.v. sy eie terrein doen, deur geloof bepaal moet wees. Maar die kerk funksioneer soos enige ander entiteit, binne al die aspekte van die werklikheid omdat dit 'n aardse [skeppings]

---

[93] . *In verband met die taak van die kerk om die verhouding tussen die werklikheid en God geloofsmatig voortdurend op te skerp, skryf Ferdinant Deist die volgende aangrypenmde verhaal. Hiermee illustreer hy eintlik dat 'n kind spontaan in die relasie leef. Seker daarom dat Jesus gesê het ons moet soos kinders voor Hom word. 'Een oggend het [sy] knapie met sy kaskar op die sementstrook agter die huis gery. Elke keer as hy in die kaskar inklim, het hy heeltemal in die regterkantse hoekie van die sitbank gaan sit, sodat hy kwalik die stuurwiel kon bykom. Ná 'n rukkie in dié ongemaklike posisie, raak hy effens vererg. 'Ag nee, Liewe Jesus man, sit bietjie soontoe!' vermaan hy sy Reisgenoot en skuif nader aan die middel van die bank. Jesus was vir hom 'n werklikheid ... Hierin steek 'n belangrike waarheid: 'n klein kind aanvaar vanselfsprekend dat die wêreld 'n ander, onsigbare kant het. Sy wereld staan spontaan oop na 'n groter werklikheid toe. Naas sy stoel en sy bed en sy beker is daar 'n groter werklikheid wat net so werklik is as sy stoel en sy bed en sy beker' [Deist 1990:6-7]. Hierdie oopstaan na die ander werklikheid is geloof en dit is waarmee die kerk kinderlik besig behoort te wees.*

werklikheid is.[94] Ter wille van die rykdom van ***insig*** [begrip] in die struktuur van die tydelike kerkverband, wat hieruit voortvloei en ter wille van die aanduiding van die kerk se sinvolle geloofsbegrensheid, lig ek dit soos volg toe:

* Soos enige ander organisasie funksioneer die kerk kosmologies gesien ook binne die ***getalsaspek*** van die werklikheid. Ons kan bv. gou bekommerd raak oor die getal lidmate wat betrokke is by die kerk. Neem die kerk toe in getalle of neem die getal lidmate af. Word die invloed van die kerk in die samelewing regtig bepaal deur sy getal lidmate? Hoe belangrik is die getal lidmate bv. om die kerkverband plaaslik te regverdig. Idee-matig kom die ***eenheid*** van die kerk ook dadelik in verband met die getalsaspek in die oog. Die gevaar van twee uiterstes in die kerk is hier baie groot. Wanneer die kerk net vanuit die getalshoek bekyk word, kan in ***individualistiese*** sin elke lidmaat en plaaslike kerkverband slegs op sy eie wil funksioneer sonder om die samehang met ander lidmate raak te sien. Wat die Ned.Geref. Kerk betref, sal die klem dan bv. net op dit wat in die plaaslike gemeente moet gebeur, val en die belang van die Rings- en Sinodalewerksaamhede sal van minder belang geag word. Die hele kwessie van die eenheid van die kerkverbande wat op dieselfde belydenisgrondslag rus, afgesien van kultuurverskille is ook aan die orde. Die eenheid van die kerk word in dié verband deur ander faktore bedreig en oorheers. Die sg. pluriformiteitsbeginsel van die dogmatici was 'n poging om die probleem te omseil.[95]

  Aan die ander kant kan die getalsaspek oorbeklemtoon word en verval ons weer in die ***universalisme.*** Dan word die eenheid van die kerkverband

---

[94]. *Vergelyk weer eens die piesang-koop verhaal wat as 'n enkele gebeurtenis binne al die aspekte van die werklikheid funksioneer.*

[95]. *Berkouwer het uitvoerig hieroor geskryf en uiteindelik aangetoon dat die beginsel nie werklik 'n oplossing vir die probleem van die verdeeldheid van die kerk is nie [vgl. Berkouwer 1970:61-93].*

weer skeef vertrek en net vanuit die ruimte aspek oorbeklemtoon. 'n Uitstekende voorbeeld van hoe die Bybel vir hierdie ***universalistiese*** benadering misbruik word, is wanneer die 'liggaamsmetafoor' wat na die een mensheid in Christus verwys, op die kerkverband toegepas word om aan te toon dat ons net een kerk moet hê wat alle gelowiges onder een dak moet huisves. Hierdie oorbeklemtoning van die idee van eenheid hou ook nie rekening met die onderskeid tussen religie en kerk nie. Hieroor skryf De Graaf duidelik: 'No single institution or organization can or may encompass all communual relationships and exercise absolute control over man's life. Christ alone may demand total obedience ... The identification of the institutional church with the fullness of the body of Christ, ... must necessarily lead to a universalitic absolutization ... of the empirical church [De Graaff 1968:73].

* Die samehang tussen die geloofs- en ***ruimte aspekte*** van die kerk, bied die volgende perspektiewe. Benewens die belang wat kerklike ruimte bv. in die liturgie en ander byeenkomste [kategese] het en hoe dit in verband met die sosiale aspek belangrike konsekwensies vir die moderne mens het, raak hierdie analogie idee-matig ook die kwessie van kerklike uitbreiding. Die feit dat die Ned.Geref. Kerk in die lig van sensusopnamens nie ***uitbrei*** nie, maar stagneer en agteruit gaan, wys op die onderbeklemtoning van die ruimte-aspek van die werklikheid. Die vraag kan gevra word, in watter mate gaan die onderrig-en opbouprogramme van die Ned.Geref. Kerk mank aan 'n visie op ***uitbreiding***?
* Die kerkverband funksioneer ook in die ***fisiese*** aspek van die werklikheid. Soos daar bv. in 'n lewende organisme energie aan die werk is wat onder meer veroorsaak dat die plant leef, so is daar in die kerk 'n dinamiese werking aan die gang wat sorg dra dat die kerk lewe. Die ***dinamiese kragwerking*** in die kerk, word primêr veroorsaak deur die onsigbare werking van die Heilige Gees. Dit is in elk geval uit en uit 'n geloofsaak

omdat die Here dit in die Bybel so aan ons bekendmaak. Kerklike ***dinamika*** kan derhalwe primêr nie vanself deur allerlei 'metodetjies' bewerkstellig word nie. Daarom dat die Reformatoriese kerke nog altyd 'n aversie teen enige vorm van ***metodisme*** gehad het, wat niks anders as 'n oorbeklemtoning van die fisiese aspek van die kerkverband is nie.

* Die ***biotiese aspek*** het ook spesifieke plek in die kerklike lewe. Dit beteken dat die kerk moet ***lewe*** en dat liturgiese dienste en alle ander byeenkomste moet getuig van vitaliteit. Is baie van die beskuldigings wat teen die Ned. Geref. Kerk gemaak word nie juis dat die kerk dood is nie? Niemand kan bv. dooie voordrag in die prediking verduur nie. Ook die reformatoriese kerke se bedieningstyl sal hierdeur 'n bepaalde kleur van 'lewe' moet hê en voortdurend moet inbou.
* Die Kerk funksioneer ook in die ***sensitiewe aspek***. Dit beteken dat geloof verseker nie sonder gevoel kan wees nie en dat hierdie gevoelsaspek van die kerk se geloof nooit in spanning met enige ander faset van die kerk se geloof mag staan nie. Die affektiewe in die geloofslewe word baie keer verwerp as sektaries of geopponeer deur bv. eredienste wat hoegenaamd niks beleefbaar het en daarom dood is. Die kerk moet ook 'n fyn sensitiwiteit vir die lidmate en die omstandighede in die samelewing openbaar en mag nie onverskillig by die behoeftes van die wêreld verbyleef nie.
* Al die aktiwiteite van die kerk moet ook ***logies*** verantwoordbaar wees en wie ookal met die kerk te doen kry, moet altyd duidelik kan ***verstaan*** waarmee die kerk besig is. Sonder die logiese aspek sou dit vir die kerk onder normale omstandighede totaal onmoontlik wees om die Bybelboodskap van God se onbaatsugtige liefde vir die mens oor te dra. Indien iemand bv. nie ***logies kan onderskei*** [tipiese analitiese funksie] tussen God se genade en werkheiligheid nie, sal hy nooit rus vir sy hart kan vind nie en dit is juis wat die evangelie vir elkeen wil bring. Die gevaar is

weer eens baie groot dat die kerk vanuit hierdie analitiese gesigshoek op die kerk, ***verrasionaliseer*** kan word. Dit geskied gewoonlik vanuit dualistiese voorteoretiese hartskeuses wat die logiese aspek oorbeklemtoon en in spanning plaas teenoor bv. die geloofsaspek. Op die manier word die kognitiewe en affektiewe in die geloofslewe van die kerk teen mekaar afgespeel. Die ***logiese*** is egter maar net een van die aspekte van geloof en staan nie daarteenoor nie.[96]

* Die kerkverband is ***histories*** gefundeer en daarom funksioneer die kerk ook volledig in dié aspek van die werklikheid, met baie belangrike konsekwensies vir kerkwees in praktyk. Die historiese ontwikkeling van die kerk geskied natuurlik onder die vormende krag van die Woord van God, wat op vaste basis amptelik in die erediens en elders verkondig word. Dit neem nie weg dat die kerk vanweë sy historiese gefundeerdheid direk verweef is in die historiese omstandighede waarin die kerkverband ontwikkel en bestaan nie. Die kerk sou dus totaal werklikheidsvreemd wees indien dit nie baie deeglik kennis neem van die historiese omstandighede waarin dit kerk is nie. Die neiging van die kerk om aan die een kant totaal op te gaan in bv. die politiek van die dag of om aan die ander kant apaties daarteenoor te staan, is of 'n oorbeklemtoning of onderbeklemtoning van die historiese aspek waarbinne die kerk funksioneer. Elke kerkgenootskap het 'n eie kultuur en vormende magte in die samelewing het kerkwees deur die eeue heen in verskillende rigtings laat ontwikkel. Dat die kerk direk betrokke is by bv. die huidige politiek van ons land, die armoede vraagstuk en dat hierdie sake ook prioriteit moet kry, bewys dat die kerk histories gebonde is. Die ***geloofsgekwalifiseerdheid*** van die kerk sal egter soos ons reeds gesien het, bepaal op watter wyse die kerk by al die sake betrokke moet wees.

---

[96] . *Ons kom weer volledig hierop terug by die behandeling van die kategese as die onderrig in geloofskennis wat teenoor die intellektualisme afgegrens moet word.*

* * Gemeentes en kerke het name en op die wyse is die kerk gebonde aan die ***taalaspek*** van die werklikheid. Die kerk kan ook nie sonder ***simbole*** nie. Hy kan ook nie die boodskap van genade sonder hierdie simboolkant van die werklikheid verkondig nie. Sonder simbole sou daar ook nie iets soos sakramente kon bestaan nie en sou die kerk ook geen belydeniskerk kon wees nie. Die belydenisskrifte is juis die simbole van bv. die Geref Kerke waaraan hulle erken word as gereformeerd en nie metodisties nie. Die kwessie wanneer lidmate van die kerk toegelaat word om Nagmaal te gebruik en hoe dikwels lidmate Nagmaal moet gebruik, hang saam met 'n onder- of oor-waardering van die simboliese aspek van die werklikheid. Die hele simboliese drama [liturgie] wat hom Sondag na Sondag in 'n kerkgebou afspeel waarin die gemeente beleef dat God onder ons teenwoordig is; met ons praat en ons met Hom, sou ook nie sonder die simboliese aspek kon plaasvind nie. Hierdie ontdekking maak egter onmiddellik duidelik dat die erediens 'n simbole-spel is wat feestelik geniet behoort te word. Die oor- of onderbeklemtoning van alle moontlike simboliek in die liturgie kan enersyds resulteer in eensydighede. Die erediens kan *byvoorbeeld* oorwoeker word deur woorde-simboliek [rasionalisme] of mank daaraan gaan wanneer te min onderskeidende begrippe in die diens mense se geloofslewe moet help verdiep.

  Hoewel onontbeerlik vir ons geloofslewe, is hierdie simboliese viering van ons geloof nie heiliger as ander aktiwiteite wat ons ook voor die aangesig van die Here bv. in die werklokaal doen nie.

* Die kerk maak juis aanspraak daarop dat hy 'n eie styl van omgang met mekaar as lidmate beleef wat daarop dui dat die kerk ook in die sosiale aspek funksioneer. Hierdie omgang is weliswaar nie dieselfde as die sosiale verkeer op 'n dansbaan nie, nie dat dit noodwendig heiliger is nie, maar slegs anders gestempel vanuit die geloof. Sonder die sosiale aspek sou daar egter nie in die kerk sprake van omgang en verkeer en intimiteit onder

kerkmense wees nie. Die kerk bied juis die wonderlike geleentheid dat mense uit verskillende sfere van die samelewing in warmte met mekaar kan sosialiseer en sosiale afstande wat mense van mekaar kan vervreem kerklik oorbrug kan word.

* Die kerk funksioneer ook volledig in die ekonomiese aspek en hiersonder sou dit onmoontlik wees om in die werklikheid te bestaan. Hoe anders sou die kerk 'n kerkgebou en ander fasiliteite kon *bekostig*. Wat wel waar is, is die feit dat die kerk nie 'n besigheid is wat soos 'n sakeonderneming finansies hanteer nie. Dit in bv. nie fondse op die basis van wins-en-verlies rekeninge nie, maar maak staat op dankoffers wat lidmate vanuit hulle geloofsverbondenheid gee. Die hele kwessie van basaars wat gehou word om geld in te samel en wat op 'n uit-en-uit handeldryf-beginsel geskoei is, bly 'n seeroog in bv. die Ned.Geref. Kerk. Idee-matig funksioneer die ekonomiese aspek in die kerklike lewe, in terme van die die vraag hoe ekonomies gebruik die kerk die tyd en kragte tot sy beskikking. Dit geld vir die eredienste, byeenkomste en vergaderings wat gehou word. Die kwessie dat lidmate vandag van eredienste tot katkisasie nie meer tyd vind vir die kerk nie, dui daarop dat hulle die ekonomiese aspek in hulle geloofslewe heeltemal uit verband geruk het.
* Dit kan nie anders beskryf word as 'mooi' en aangrypend as lidmate uit vrye keuse Sondag na Sondag erediens toe stap en die kerkgebou volpak en op hierdie wyse erkenning gee aan die feit dat daar werklik harmonie onder die lidmate leef nie. Wie sal ook ontken dat as die gemeente met orrelspel begelei, uit volle bors die Here met 'n loflied prys, dat dit esteties skoon is nie. Aan die ander kant gaan alles ten gronde as die mede-leraars nie harmonies saamwerk en elkeen sy eie koers opgaan nie. Dan word die harmonie in die gemeente versteur met onberekenbare skade vir die gemeente, bloot omdat dié aspek van die werklikheid nie sinvol gerespekteer word nie.

* Die kerk funksioneer ook in die regsaspek van die werklikheid en daarom het die kerk 'n eie manier om ordelik diensbaar te wees en te organiseer. Hierdie orde is nie wette en bepalings nie, maar is juis betitel as 'n eiesoortige 'kerkorde'. Hoewel basiese reg, is die kerkorde ***kerk***-reg wat iets heeltemal anders op die oog het as staatsreg. Hoe lywiger kerklike bepalings in kerkordes neergepen word, hoe ernstiger sal die kerk moet besin of dit die regsaspek van die werklikheid verkeerdelik oorbeklemtoon.
* Die kerkverband vertoon ook 'n eiesoortige liefdesband wat veroorsaak dat lidmate mekaar versorg en daadwerklik help in nood en onder normale omstandighede. Die onderlinge liefde wat gehandhaaf word, nie soos in die gesin waar natuurlike bande mekaar aantrek nie, maar liefde wat gehandhaaf word omdat die kerkkmens *glo* hy moet dit doen. Die kerk sou inderdaad nie kon bestaan sonder die liefdesaspek nie. En dit moet baie duidelik onderskei word van die sentrale liefdesgebod wat voorteoreties en religieus van aard is en wat slegs maar as een van sy uitinge die onderlinge liefde behels.

* Ten slotte word beklemtoon dat die andersheid van die kerk as geloofsverband, wat sg. 'gewone' handelinge tot 'kerklike' handelinge stempel, nie 'hoër' of heiliger of meer 'goddelike' handelinge is omdat dit geloofsmatig en religieus op God betrek word nie. Dit hang eerder saam met die ***aard*** van die geloofsaspek van die werklikheid. Hierdie aspek is in die eerste plek soos ons gesien het, deel van die geskape werklikheid wat ons maar net wysgerig so onderskei het. In die tweede plek is dit die aard van die geloofsaspek om as die 'oop venster' op God gerig te wees, wat die indruk kan wek dat dié 'venster' self Goddellik of bonatuurlik is. Daar is in dié benadering, ook weer van hierdie kant belig, geen moontlikheid vir die verlammende dualistiese lewenshouding wat kerk/geloof op een of ander manier teenoor die res van die skepping te staan laat kom nie.

4. SLOTOPMERKING

Hierdie omskrywing van die kerkverband is gedoen om kursories aan te dui wat die kerk eintlik is.

Hierdie siening van die kerk sal bepalend wees vir die aard van sy funksies en in die besonder die aard van sy onderrig funksie. Die volgende hoofstuk wat spesifiek oor kategetiek handel, sal dit verder uitwerk.

Hieroor skryf De Graaff:

> As a concrete communal relationship the church functions in all the aspects of creation, but always as church, that is, in its own typical manner. Its exceptional character as a community of belief, therefore, should come to expression in all its activities and not only in the administration of the Word of God and the sacraments. Its buildings must in ever greater measure become church-buildings, its music church-music, ***its instruction catechetical instruction*** [klem MHH], its aid and care an expression of the compassion and love of faith, its fellowship a fellowship of believers, and its counsel and admonition a ministry of the Word [De Graaff 1968:79].

HOOFSTUK 9

KATEGETIEK

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Die voorafgaande uiteensetting van teologiese teorievorming, wat veral my kenteorie en teorie oor die kerk insluit, bepaal dat die ***teorie oor kategese***, d.w.s die teorie oor die kerk se kategesebediening, slegs vanuit een gesigshoek van die werklikheid op 'n keer, teoreties ondersoek kan instel en resultate in dié verband uiteen kan sit.

Die teorie oor ***kerklike*** kategese, behoort derhalwe vanuit kerklike gesigshoek benader te word.

Die strukturele ontleding van die kerk in die vorige hoofstuk het op sy beurt reeds vasgestel dat die kerk 'n geloofstruktuur is en daarom sal hierdie konklusie noodwendig bepaal dat kerklike kategese vanuit die geloofshoek van die totale werklikheid teoreties bestudeer behoort te word. Ek beredeneer dus vanuit 'n geloofsperspektief op die kerk se kategesebediening, teoreties 'n bepaalde kategetiek.[97]

In dié verband verreken ek dat kerklike kategese raakvlakke met ander vorms van ***godsdienstige*** opvoeding soos *byvoorbeeld* in die gesinslewe en onder andere op skoolvlak het. Ek laat egter die laasgenoemde kwessie, wat tans ook een van die

---

[97]. *Die meeste teoretiese beskouinge oor kategese het op een of ander manier vir die begronding daarvan, 'n verwysing na Bybeltekste, om kategese sodoende wetenskaplik te beskryf. Ek het reeds aangetoon dat hierdie metode nie verantwoordbaar is nie. Trouens Bybelse gegewens word op dié manier misbruik om klaar gevormde teorieë sg. Skriftuurlik te stut. Ek wil dus nie 'n ontleding van die skrywers hieronder en andere se teorieë maak nie, maar eerder my eie standpunt probeer formuleer. Groome doen dit op dié wyse in min of meer agt bladsye [vgl. Groome 1980:20-28. Dingemans doen dit min of meer so in 'n Bybels-historiese perspektief [vgl. Dingemans 1986:159-168 Bijlsma doen dieselfde [vgl. Bijlsma 1969:37vv]. Uit die ou skool, Veldhuizen. [vgl. Veldhuizen 1925:4-5]. Die lywige werk van Berkelbach van der Sprenkel doen dit ook deeglik [vgl. Berkelbach van der Sprenkel 1951:127vv]. In Suid-Afrika is dit onder meer De Villiers [vgl. De Villiers 1957:20-23]. Die feit dat ek nie intensief ingaan op die teorieë van onder meer hierdie persone oor die begronding van kategese nie, beteken dat ek eintlik 'n kenteoretiese keuse gemaak het, wat myns insiens te regverdig is. Dit kan egter voorkom asof ek hulle standpunte op on-wetenskaplik wyse nie wil verreken nie. Dit is egter nie die geval nie.*

omstrede raakvlakke van kategese in ons Suid-Afrikaanse samelewing is, vanweë die omvangrykheid daarvan buite rekening.

2. TEORIE OOR KATEGESE [Kategetiek]

2.1 Die onderskeidende kenmerke van kategese

Die argument is dat die kerk, en daarom ook kategese, as een van die bedieninge van die kerk, ***skeppingsgegewene*** is., Daarom is ek verplig om in die teorie hieroor ***kosmologies*** oor kategese te besin en te onderskei.

Kategese funksioneer in dié verband soos enige ander entiteit binne al die aspekte van die werklikheid.[98] En as ***kerklike*** bediening kan dit nie anders as om histories, in die Woord-mag ***gefundeer***, en pisties, in gerigtheid op die Oorsprong van alles, ***gekwalifiseer*** te wees nie [vgl. my kerkbeskouing hiervoor in hoofstuk 8]. Dit wil sê die aard van kategese het betrekking op dit wat lidmate se ***geloof*** voortdurend deur die kragtige invloed van die ***Woord van God*** laat ***ontsluit*** [vorm]. In kort sou ons, op grond van hierdie struktuurafgrensing voorlopig van kategese, kon sê:

Kategese is ***geloofsontsluiting onder leiding van die Woord van God.***[99]

Die Woord van God verwys natuurlik in dié verband nie net na die Bybel nie. Hoewel die Bybel 'n uiters belangrike rol as betroubare getuie van die Woord van God speel, is die Woord van God in die gestalte van die Lewende Christus wat deur die Heilige Gees onder en in ons woon en werk baie wyer as die blaaie van die Bybelboek. Van belang is dat ons sal onderskei dat die Woord van God in al sy moontlike onderskeie

---

[98] *Vergelyk weer eens die piesang-koop gebeure wat ons as voorbeeld hiervoor gebruik het.*

[99]. *Dit verduidelik byvoorbeeld waarom kategese nie in die eerste plek 'n bekeringsveldtog is nie. Die geleentheid vir belydenisaflegging van jong lidmate is nie die geleenteheid waarby hulle hul geloof vir die eerste keer bely nie. Dit kan slegs beskou word as een van die onderskeie stadia in 'n lidmaat se geloofsontsluiting en daarom hoef dit nie net een keer in jou geloofslewe te geskied nie.*

gestaltes die vormende krag in die mens se geloofslewe is.

2.2 Teorie oor die begrensingsaspekte van kategese met die doel om kategese teoreties nog meer genuanseerd te onderskei

*2.2.1 Die ontsluitingsproses as **funderende aspek** van kategese*

Kerklike kategese is, ***in terme van die kerkbeskouing*** in die vorige hoofstuk, en die uiteensetting hierbo, die ***kultivering*** [resp. ontsluiting] ***van lidmate se geloof***. Dit gee egter nog nie genoegsaam teoretiese onderskeiding aan kategese as entiteit self nie. Bogenoemde afgrensing het ewe eens betrekking op die ***tydelike kerkverband as geheel***. Prediking, pastoraat, diakonaat, sendingwerk en kategese, om maar 'n paar werksterreine van die kerk te noem, wil lidmate net soos die kategese ***gelowig*** betrokke by hulle hele lewe **maak** [al meer ontsluit] en hou. Die kerk wil lidmate voortdurend ***vorm*** om ***geloofsmatig*** by God, en sy skepping betrokke te wees; om op Hom as die Oorsprong van alles, volgens sy orde vir alles, gerig te wees. Ons het reeds in verskeie verbande daarna verwys dat hierdie doelformulering van die kerkverband direk te make het met die ***kosmologiese fundering*** daarvan in die ***historiese aspek*** van die werklikheid.

Om dus tot 'n nog duideliker onderskeiding van wat kategese self is, te kom, sal ons meer genuanseerd op die aard van die bogenoemde ontsluitingsproses self moet ingaan.

2.2.1.1 Die verband algemene geloofsontsluiting [kerklik] en kultuur-ontsluiting.

Die eerste opmerking in dié verband is dat naïewe ervaring ons leer dat die genoemde ontsluitingsproses wat op die kerklike terrein as geheel vormend op mense se geloofslewe inwerk, deel moet wees van 'n veel groter ontsluitingsproses wat die ganse lewe in sy ryke geskakeerdheid vormend betrek. Daarom word die aard van dié genoemde ontsluitingsproses voorts van nader bekyk.

2.2.1.2 Ontsluiting as kultuuropdrag en opvoeding

Die algemene ontsluitingsproses in die werklikheid hou direk verband met die

kultuuropdrag van die mens.[100] Vanuit Christelike perspektief is die mens geroep om die ganse skepping van God in verantwoordelikheid teenoor God uit te bou. God het nie alles pasklaar vir die mens gegee nie. As verantwoordelike wese, wat dus verantwoordelike 'keuses' in verhouding met God, mens en skepping moet maak, ***ontsluit*** die mens die skatkamers van God, wat as potensiële 'boustowwe' vir ons oral in die volle skepping gebêre is.

In dié sin kan die hele bestaan van die mens en al sy aktiwiteite gesien word as 'n ***ontsluitingsproses*** om die skepping te laat ontluik. Die doel hiervan is dat almal kan sien en ontdek hoe groot God die ***Skepper*** eintlik is. Hierdie ontsluitingsproses is daarom fundamenteel religieus [nie godsdienstig nie] van aard want dit is in laaste instansie altyd ontsluiting; uitbouing en verdieping as antwoord op God se basiese opdrag as die Skepper van alles. Dit het betrekkking op die handhawing van die **wortel-eenheid van die werklikheid** wat in sy ryke verskeidenheid altyd weer op God die Oorsprong van alles betrek is en betrek behoort te wees. In kerklike- of geloofstaal heet dit: die **verheerliking-van-God-in-alles**.

Die voorafgaande beteken prakties die volgende: God se skepping werk nie só dat Hy *byvoorbeeld* pasklaar 'n winkel, 'n motor, 'n huis, 'n bewerkte stuk landbougrond, 'n skool, 'n kerkverband uit die lug in ons skote reeds met sy skepping laat val het nie. Daarom het Hy eerder die 'potensiaal' vir hierdie dinge gemaak en ons is verantwoordelik om die 'potensiaal' van *byvoorbeeld* handeldryf uit te bou tot 'n 'supermark' en die 'potensiaal' om God te aanbid tot 'n kultus-seremonie en die 'potensiaal' van klei, om daarmee stene te maak en huise te bou, ensovoorts.

---

100. *De Graaff spreek hom baie duidelik hieroor uit in 'n taamlik volledige behandeling van die onderwerp 'The nature of Education.' In dié verband kom hy tot die gevolgtrekking dat die mens in al sy medemens-verhoudings op een of ander manier ondervindings opdoen wat jou sekere houdings, gesindhede ensovoorts in die lewe laat aankweek ['nurture'] maar dat ons nie al hierdie verhoudings as opvoeding ['pedagogical relationship'] kan bestempel nie. 'Not every kind of influence, not all exercise of authority, not all information, and not every activity can be considered educational ... Onl.y when there is a conscious attempt to guide a person with regard to his calling in life, leading him in a particular direction according to certain norms, can we speak of a typical educational relationship' [De Graaff 1968:120].*

Wat die mens betref, het God ook nie mondige mense in een moment op die aarde geskep sodat hulle onmiddellik hulle opdrag tot ***ontsluiting*** sommer korrek sou kon uitvoer nie. Daarom dat die mens van 'n primitiewe bestaan, wat ***onontslote*** was, stelselmatig onder leiding van bepaalde dryfvere in sy hart, gereformeer [ontsluit] het of gedeformeer [onontslote gebly] het.[101]

Dit is duidelik dat hierdie ***ontsluitingsproses*** die grond vir alle vorme van ***opvoeding*** is. Elke mens is in mindere of meerdere mate ontsluit. Dit geld vir minder mondige- en sg. meer mondige mense. Geen mens kan dus hierdie ontsluitingsproses [historiese aspek] mis nie en diegene wat wel daarsonder wil, staar deformasie en 'geslotenheid' van alle fasette van hulle lewe in die gesig. Op hierdie wyse het ons vanself op die aard van wat die entiteit ***opvoeding*** is, uitgekom.

2.2.1.3 'n Duideliker omskrywing van die struktuur van opvoeding

Dit is nie nodig om in diepte ondersoek te doen na die ***funderingsfunksie*** van opvoeding nie. Uit die voorafgaande bespreking van ontsluiting as kultuuropdrag, is dit duidelik dat enige opvoedingstruktuur, hetsy skool, universiteit, tegnikon, gesin, kerk ensovoorts se fundering in die ***historiese*** aspek van die werklikheid geleë is. Om enige faset van iemand se lewe te ontsluit, veronderstel 'n ***kragtige werking of magswerking.*** Laasgenoemde is die onherleibare [unieke] ***sinkern*** van die historiese aspek van die werklikheid. Daarom is dit byvoorbeeld so dat die opvoeder deur sy opvoeding 'n sekere opvoedings-***mag*** oor die een wat opgevoed word, verkry. By wyse van spreke sê ons dat kinders soos klei in die hande van hulle onderwysers is. Die onderwyser het die **'mag'** om die kind te **'vorm'** na sy smaak. Ons het reeds vroeër aangedui dat die kern van die historiese aspek ***magsvorming*** is. Daarmee is dit

---

[101]. *Die term 'ontsluiting' word gekies bo 'vormgewing' omdat vormgewing baie sterk herinner aan die dualistiese siening van die werklikheid soos deur die antieke Grieke uitgewerk is. Die Grieke het die werklikheid gesien as aan die een kant 'n ongevormde klomp materie wat deur 'n ander mag, veral die kennis[goddelik] van die mens ['nous'] beheers en gevorm moes word. Opvoeding is dan direk hieruit verklaar nl..die vorming van die onontwikkelde 'natuurlike' mens. Vir 'n baie sinvolle beskrywing van die hele problematiek, sien Strauss 1979:100vv en Strauss 1989:135. Sien ook NGTT 31/1 1990:82vv.*

duidelik dat opvoeding histories gefundeer is[102] [vgl. Strauss 1989:135].

*2.2.2 Opsoek na 'n formulering van die **kwalifiserende aspek** van die entiteit opvoeding/ontsluitingsproses [resp. kerklike 'opvoeding'].*

Die ***kwalifiseringsfunksie van enige ontsluitingsproses*** [voortaan genoem opvoeding of ontsluiting], is nie so eenvoudig om te onderskei nie. Die probleem hang direk saam met die rykdom funksies wat die mens in die werklikheid vervul ten einde sy kultuur-roeping na te kom en waarin hy noodwendig ontsluiting moet vind [resp. opgevoed moet word].

Voordat ons dus finaal sal kan onderskei wat die kwalifiserende aspek[te] van opvoeding is, sal ons nader moet ingaan op 'n beskouing van die mens self. Dit is inderdaad so, dat opvoeding nie met dinge te doen het nie, maar met die kroon van die skepping, die mens. Die verhouding opvoeding en antropologie behoort dus verreken word.

2.2.2.1 Opvoeding en antropologie

De Graaff stuit in sy behandeling van die struktuur van opvoeding in sy siening van kategetiek reeds op die antropologie as hy beweer dat die mens inderdaad opvoedbaar is, maar dat vanweë die tipiese aard van die mens, daar ook beperkinge is vir opvoeding. Nie alles van 'n mens is opvoedbaar nie. Dit is *byvoorbeeld* nie moontlik om die fisies-chemiese prosesse in die werking van my liggaam ***op-te-voed*** nie. De Graaff sê byvoorbeeld: 'It is the *'formative object side'* of life which makes education possible and it is this same 'cultural' objectivity of all human acts which determines the boundaries of our leading. Our forming can direct itself lawfully only to the *'formative'* object side of a person's life [De Graaff 1968:129].

In Strauss se poging om die kwalifiserende funksie van opvoeding te onderskei, verreken hy ook 'n bepaalde siening van die mens. Hy sê hiervan: '**Opvoeding** besit 'n gedifferensieerde ... normatief-strukturele ... stempel, wat uit hoofde van die

---

[102]. *Schoeman in sy werk oor die pedagogiek maak 'n ontleding van die struktuur van onderwys-opvoeding en kom tot presies dieselfde gevolgtrekking [vgl. Schoeman 1983:96vv]. Sien ook in die verband die slotsom van De Graaff [1968:129].*

normatiewe ... variasierykdom ... daarvan in sigself ongekwalifiseerd ... is' [Strauss 1989:132].

Met die term ***normatief-strukturele*** stempel, bedoel Strauss die '... vierde liggaamstruktuur van die mens wat alle liggaamlike substrukture stempel' [kwalifiseer] [vgl. Strauss 1989:133], en wat op sy beurt 'n spesifieke antropologie veronderstel.

Sy siening van die mens is direk gebaseer op die siening van Dooyeweerd[103] en verdien ons aandag. In kort kom dit hierop neer:

* Omdat die mens deel het aan al die dimensies van die skeppingswerklikheid kan ons sonder enige probleme verwys na al die ooreenkomste wat die mens het met alle ander entiteite in die lewe. Al die stoflike dinge behoort tot die 'ryk' van die fisiese en die mens kan uiteraard in terme hiervan gestempel word. Die mens se liggaam is gebonde aan dieselfde fisiese dinge as wat op ander tipies tydelike entiteite van toepassing is. Dit moet nog sterker gestel word. Die menslike liggaam is gefundeer in hierdie fisies-chemiese onderbou. Wysgerig gestel, kan ons sê dat die mens in die genoemde ***fisies-chemiese substruktuur gefundeer is***.
* Die mens het verder baie duidelike ooreenkomste met alle ander ***lewende*** dinge. Die hart, longe, brein ensovoorts van die mens kom treffend ooreen met dié van *byvoorbeeld* diere. Die mens is derhalwe ook bioties gestempel, wat wysgerig 'n ***biotiese substruktuur*** genoem word. Dit is belangrik om te verstaan dat die biotiese substruktuur ook nie sommer maar in die lug hang nie, maar op sy beurt weer gebou is op die fisies-chemiese struktuur. Want lewe kan nie lewe wees sonder bepaalde ***fisiese*** funksies en werklikhede nie.

---

[103]. *Die siening van Dooyeweerd kom voor in een van sy voordragte in die VSA in 1960 en ons het dit in Afrikaans vertaal deur HJ Strauss onder die titel 'Wat is die mens'. Dit is 'n ongedateerde uitgawe van Sacum Beperk Bloemfontein.*

* Maar daar is nog verdere ooreenkomste met ander lewe. Die mens vertoon merkwaardige ooreenkomste met die sensitiewe struktuur van *byvoorbeeld* die diere-ryk. Hierdie struktuur huisves die baie ingewikkelde sintuiglike toerusting van lewende wesens. Dit het betrekking op die ingewikkelde senuweestelsel en daarbenewens ook nog ingewikkelde ***emosionele*** gedraginge van diere. Wat die mens betref weet die psigiater maar al te goed hoe ingewikkeld die emosies van mense kan wees. Dit is natuurlik in onderskeiding van die diere. Hierdie struktuur heet uit die aard van die saak die ***sensitief-psigiese substruktuur*** van die mens.
* Die mens is egter ondubbelsinnig meer as die dier, d.w.s. uniek menslik.[104] Die mens het nie net ingewikkelde emosies nie, maar die mens kan *byvoorbeeld* dink, sosiaal, ekonomies, liefdevol, gelowig ensovoorts optree. Indien daar beweer sou word dat van hierdie 'handelinge' tog ook by diere ter sprake is, is die finale toetsteen wat die mens as mens onderskei, die feit dat die mens t.o.v. die genoemde ook on-logies, a-sosiaal, verkwistend [on-ekonomies], met haat [on-eties] ensovoorts kan optree. Dit wil sê die mens kan ***beide normatief en anti-normatief*** handel en dit maak die mens juis ***tipies menslik***. Die dier hierteenoor is egter geprogrammeerd [sensitief bepaald] geskape. 'n Voëltjie kan wel 'n nessie bou, maar dan net op één manier, vir daardie bepaalde soort voëltjie, presies soos die Here dit vir dié tipe voël skeppingsmatig [wetmatig] vasgelê het.

  Die argument is dat die ander drie substrukture wat ook by ander vorme van lewe voorkom, in die geval van die mens nie in 'n vaste patroon gebind

---

[104]. *Vooraanstaande wetenskaplikes in die vakgebied van biologie begin al meer, byna teen hulle wil in erken dat die mens heeltemal uniek is. Vergelyk in die verband die volgende uitspraak van Simpson: 'Man has certain basic diagnostic features which set off most sharply from any other animal and which have involved other developments not only increasing this sharp distinction but also making it an absolute difference in kind and not only a relative difference of degree' [Simpson 1971:270].*

is soos *byvoorbeeld* die voëltjie nie, maar dat hierdie substrukture verdiep is in wat Dooyeweerd noem, die ***akt-struktuur***. Antropologies gesien, het die mens dus 'n ander diepte wat veral te doen het met die feit dat die drie substrukture van sy bestaan ***normatief*** gelei en verdiep moet word. Daarom kan hierdie struktuur soos ons gesien het, die ***normatiewe aktstruktuur*** van die mens genoem word. Strauss stel dit duidelik in die volgende terme: Die mens as persoon en nie as dier nie omvat die tipiese tempo [gebonde aan die fisiese substruktuur], die aanleg van die mens [ook bekend as die biotiese disposisies, gebonde aan die biotiese substruktuur], die temperament [gebonde aan die emosioneel-psigiese substruktuur] en die karakter [gebonde aan die stempelende normatiewe struktuur van die mens] [vgl. Strauss 1989:45-46]. De Kock beweer dat die kenmerkende van die menslike aktstruktuur daarin bestaan dat dit verdiep en verruim kan word. Hy illustreer hierdie stelling aan die hand van die logies-analitiese vermoë van die mens. Die mens se logies-analitiese vermoë kan verdiep word tot ***sistematiese*** denke. In verband met die linguistiese aspek, word dit dan onderskeidende en duidelike ***wetenskaplike begrippe*** en/of wetenskaplike taalgebruike. In verband met die historiese aspek van die werklikheid word die mens se denke verdiep in ***denkkontak*** met die denkpatrone van byvoorbeeld wetenskaplikes wat deur die eeue besig is om te dink. Daar bestaan ook so iets soos ***denk-ekonomie*** en gebalanseerde denke wat verband hou met die ekonomiese aspek van die werklikheid. Die mens se denke moet ook 'n sekere ***betroubaarheid*** handhaaf wat die verband aanwys tussen denke en geloof. De Kock skryf: 'Al die moontlikhede wat in die normatief-georiënteerde, religieus-gedrae en geloofsgeleide mens is, moet ontplooi word, moet tot volle en volwaardige menslikheid uitbot. Die mens moet gehelp word om die benedestrukture [die eerste drie strukture hierbo onderskei MHH] onder leiding te plaas en te laat normeer deur die hoëre menswees, deur dit in

laaste instansie te stel onder leiding van die ***Christelike geloof*** [Klem MHH] op die wortel van 'n wedergebore, deur God begenadigde hart waarin die Gees van God sy woning gevind het [Kock 1974:10]. Strauss voeg die volgende hierby: 'Omdat die verskeidenheid lewensuitinge en liggaamlike strukture as't ware saamtrek -- gekonsentreer is -- in die menslike hart [wat tot die sentraal-religieuse dimensie van die skepping behoort], kan ons die mens ten slotte samevattend tipeer as 'n ***'religieuse persoonlikheid'*** [Strauss 1989:47].

2.2.2.2 Konsekwensies van die antropologie vir die visie op opvoeding of ontsluiting. Vir die opvoeding [ontsluitingsproses] en die onderskeiding van die ***ongekwalifiseerde*** kwalifiserende funksie daarvan, het hierdie visie van die mens, veral m.b.t. die normatiewe-struktuur, wat hom juis as mens onderskei, belangrike konsekwensies. Die eerste belangrike insig en onderskeiding wat ons hieruit moet maak, is die volgende:

* Die mens is nie gebonde aan sekere wetmatighede soos 'n dier nie , d.w.s. die mens mag nooit deur slegs een aspek van die werklikheid gestempel word nie. Die voorbeeld van die voëltjie wat sy nes altyd op dieselfde patroon bou, bewys dat die dier in die ***psigies-sensitiewe aspek*** gekwalifiseer is. Die mens kan hierteenoor nie in terme van een van die aspekte van die werklikheid vasgepen word nie. Indien iemand *byvoorbeeld* in die lig van wetenskaplike navorsing sou beweer dat die mens a.g.v. die alles oorheersende en talle inter-persoonlike verhoudings waarin die mens betrek is, as 'n ***sosiale wese*** gestempel sou kon word, sou iemand anders met ander bevindinge ewe-eens kon aantoon dat die mens ook 'n ***etiese wese*** is. Sulke ondersoeke sou uiteindelik aantoon dat die mens eenvoudig nie in een van die aspekte van die werklikheid vasgevang kan word nie.

Naïewe ervaring leer ons dat die mens se persoonlikheid [sy karakter, aktstruktuur] in die lig van die voorafgaande van só 'n aard is dat 'n man *byvoorbeeld* in onderskeiding van alle nie menslike skepsels, in een oomblik in ***geloofs***-afhanklikheid van God op sy knieë kan bid en oomblikke daarna opstaan en sy vrou en kinders in 'n tipiese ***liefdes***-gebaar vasdruk en hulle goeie wense vir die dag se werk toewens. Op pad na die werk kan dieselfde man weer eens oomblikke daarna, omdat hy laat is, wede-***reg***-telik [juridiese] die verkeersreëls ignoreer en uiteindelik in onaangename regsproses beland.

By die werk aangekom, kan dieselfde man op aanbeveling van sy vennote kontrakte teken wat miljoene rande se investering veronderstel en wat op die ou einde 'n ***ekonomiese of dalk on-ekonomiese*** besigheid kan wees. Hieroor skryf Schoeman: 'Vanweë die uiterste gedifferensieerdheid van die menslike normatiewe [resp. anti-normatiewe MHH] handelswyses, moet dit vanuit die staanspoor duidelik wees dat die menslike aktstruktuur besonder buigsaam, soepel en plooibaar van aard is' [Schoeman 1983:174; Verboom 1989: 86-88].

* Vanweë hierdie ryk gedifferensieerdheid van die karaktervolle menslike persoonlikheid, waarop die opvoeding gerig is, moet opvoeding self dus ***'gedifferensieerd gekwalifiseerd'*** wees. Slegs langs hierdie weg kan dit vir die volle mens se lewe in sy ryke verskeidenheid eienskappe voorsiening maak. Indien die mens net 'n sosiale 'wese' was, sou opvoeding heel gemaklik sosiaal gekwalifiseerd kon wees. Maar nou doem hier 'n hele aspekte rykdom in die menslike karakter voor ons op, wat opvoeding voor dieselfde ryk gedifferensieerde taak plaas. Hieroor skryf Strauss: 'Juis omdat opvoeding appelleer op die stempelende normatiewe struktuur [eie gedifferensieerde karakter, MHH] van die mens, en die normatiewe struktuur nooit ***afgesluit*** kan word in één bepaalde aspek nie ... is opvoeding sélf ook ongekwalifiseerd ... Opvoeding appelleer op élkeen van

[die] normatiewe moontlikhede van die mens en kan daarom net so min soos die menslike normatiewe struktuur modaal-eenduidig gekwalifiseer word' [Strauss 1989:133].

* Die mens, in onderskeiding van die dier, funksioneer as volle ***subjek*** in die werklikheid. Die mens kan nooit 'n objek wees nie. Elke keer as die mens tot 'n objek gemaak word, word sy tipiese menslikheid hom onmiddellik ontneem. Vergelyk in dié verband *byvoorbeeld* die tydperk van die industriële revolusie in Engeland, toe kinders tot werks-***objekte*** vermink is en ekonomies misbruik is, en eintlik tot slawe en daarom werks-'diere' gedegradeer is. Opvoeding van enige aard, werk derhalwe nooit met die mens as objek nie, maar moet voortdurend met die mens rekening hou as normatiewe subjek wat saam besluite oor sy opvoeding/ontsluiting neem. De Graaff skryf verhelderend hieroor: 'When man's human nature [resp. die antropologie MHH], ... is not respected, nurture invariably turns into a pure demonstration of power and domination, or it becomes mental persecution, manipulation, mechanical training, or it is reduced to over-protection, doting or a mere laissez-faire attitude. Such anti-normative guidance can only result in stubborn rebellion, obstinacy, aggression, fearful submission, immaturity, neurotic tendencies, disharmony ... confusion, and uncertainty' [De Graaff 1968:112].

  Hierdie belangrike konsekwensie van wat die mens is, sal aandag moet kry in die opvoeding in die algemeen en spesifiek ook in die kategetiek.[105]

Ons het dus langs hierdie weg aangetoon dat die struktuur van opvoeding, wat sy ***ongekwalifiseerde*** kwalifikasie betref, volledig afhang van ons siening van die mens. Dit het ons op sy beurt, in die lig van die insigte van die Reformatoriese Wysbegeerte,

---

[105]. *Twee werke wat hierdie saak nog verder baie goed toelig, is dié van Schouls, 'Insight, authority and power' [Schouls 1972] en 'Hope for the Family' [1971], vyf opstelle oor die krisis van opvoeding in die familie. Die werk van Schouls toon baie skerp die misbruik van mag [ontsluiting] in die kerk [1971:31 vv] en in die gesin [1971:.35 vv] asook in die skool [1971:39 vv].*

laat besluit dat opvoeding nie onder een noemer gekwalifiseer kan word nie. Die omskrywing van die kwalifikasie van opvoeding deur Strauss hierbo, bevestig dit met die term ***gedifferensieerdheid***. 'Die term ***gedifferensieerd*** wil 'n verdere aksent plaas op die in sigself ***ongekwalifiseerde*** aard van opvoeding, want juis omdat opvoeding in sigself ***ongekwalifiseerd*** is, moet dit 'n ***modaal-gedifferensieerde*** verwerklikingstruktuur besit' [Strauss 1989:133].

2.2.3 Konklusies i.v.m. die vasstelling van die 'kwalifiserende' funksie van opvoeding/ontsluitingsprose en die verband wat dit met kategese het.

Ons het reeds vasgestel dat die funderende aspek van die kerkverband, kategese en opvoeding dieselfde is. Kerk, kategese en opvoeding kan derhalwe nie van mekaar losgemaak word nie. As deel van die werklikheid is hulle met mekaar vervleg in 'n sinvolle samehang van aspekte en strukture.

Die genoemde vervlegtheid tas egter nie die eiesoortigheid [integriteit] van óf die kerk òf opvoeding óf dan kategese aan nie.

Die gedifferensieerde kwalifikasie van die struktuur van opvoeding/ontsluiting soos hierbo aangetoon, maak dit juis moontlik om verskillende soorte opvoeding of ontsluitingsprosesse, soos in die gesins-, in die tydelike kerkverband, in die huwelik as huwelik-skoling, ensovoorts te praktiseer.

Langs hierdie weg word ook prinsipieel voorsiening gemaak vir die ryke variasie van indiensopleiding, wat oor die hele spektrum van die samelewing bedryf word [vgl. Strauss 1989:136].

Die volgende konklusies i.v.m. die bogenoemde is vir kerklike opvoeding [resp. kategese] ter sake:

2.2.3.1 Hoewel kerklike opvoeding volledig 'opvoeding' bly, is dit tipiese [na eie aard] ***geloofsopvoeding*** in duidelike onderskeiding van ander vorme van opvoeding en ook geloofsopvoeding /ontsluiting.

Hierdie stellingname het belangrike konsekwensies wat help dat daar duidelik tussen

byvoorbeeld gesinsopvoeding [gesins-godsdiens] en kerklike opvoeding onderskei kan word en verhoed word dat terrein*oorskryding* en verwarring plaasvind.

2.2.3.2 Die kwalifikasie van kerklike opvoeding as geloofsopvoeding, beteken nie dat hierdie vorming net een aspek van die verhouding met God ontsluit nie.[106]

Kerklike opvoeding moet altyd volgens die kwalifiserende funksie van opvoeding gedifferensieerd bly. By wyse van vergelyking word kinders in gesinsopvoeding, onder leiding van die ***liefdesaspek***, nie net ontsluit om liefdevol te wees nie. Die kinders word gedifferensieerd geleer om ook spaarsamig te lewe en sosiaal te verkeer, ensovoorts. Die ontsluiting van hulle hele lewe geskied weliswaar onder leiding van die ***liefdesaspek***.

Daarom het kategese as kerklike opvoedingswerksaamheid met al die aspekte van die geloofsverhouding wat ons met God het en wat ontsluit behoort te word, te make [vgl. Strauss 1989:136].

Osmer stuit heeltemal vanuit 'n ander paradigma op dieselfde werklikheid. Hy skryf onder die opskrif 'The many sides of faith' na aanleiding van die verhaal van Niebuhr[107] oor geloof, soos volg: 'Faith ... being like a cube. It is a many-sided reality. It is not possible te see all sides of a cube at the same time ... At any given time, one dimension of our relationship of trust in God [geloof MHH] can be described, but other aspects of this relationship need to be kept in mind' [Osmer 1992:16]. Rutledge beklemtoon dieselfde kwessie in sy ondervinding met die ontwikkeling van geloof in die besondere geval van 'n studente-bediening [vgl. Rutledge 1992:354].

---

[106]. *AJ Combrink het in sy MTh-verhandeling 'Kategese - en sy verhouding tot die Christelike Opvoedkunde' in sy slothoofstuk in terme van die kosmologie 'n paar riglyne in die verband aangetoon. Hy skryf onder meer: 'Opvoeding is altyd die ontsluiting van die volle menslike potensiaal soos dit in al die onderskeie kaders van die bestaansmoontlikheid tot uiting kom. As volwaardige opvoeder sal die kategeet die verruiming van al hierdie aspekte in die oog hê, maar gekwalifiseer deur sy primêre belangstelling in die geloofslewe van die katkisant [Combrink 1977:144-146].*

[107]. *Vergelyk in die verband die bekende werk van Niebuhr [1989] oor geloof:* ***Faith on earth.*** *New Haven: Yale University Press. Beide Niebuhr en Osmer stuit in hulle onderskeiding van geloof op die kosmiese aspekte onderskeiding. Osmer kies om in dié verband slegs met vier onderskeidinge van geloof te werk [vgl. Osmer 1992:17].*

Die kerkverband [in die besonder kategese] behoort derhalwe lidmate se geloof te help ontsluit sodat hulle as ***gelowiges*** op ekonomiese, etiese, juridiese en alle ander terreine in geloofsgehoorsaamheid kan antwoord op die wil van God soos dit vir elke ding in die skepping gegee is.[108] Die sogenaamde koninkryksperspektief van kerklike opvoeding kom hier ter sprake.[109]

---

[108]. *Troost het in hierdie verband baie duidelik uitgewys dat die Bybel nie die volle Woord van God omvat nie. Maar dat ons moet rekening hou met die 'Woord' of wet van God soos dit vir alle dinge skeppingsgewys vasgelê is. Deur die geloof word op die manier die volle lewenswerklikeid* ***normatief*** *op God in religieuse sin betrek [vgl. Troost 1958:126]. Lategan verwys na presies dieselfde saak as hy beweer dat ons moet oppas om nie ongekwalifiseerd na die Bybel as die Woord van God te verwys nie. Hy onderskei in die Woord van God volgens hom ten minste sewe gestaltes van die Woord: Die Skeppings-, Voorsienigheids-, Verlossings, Vleesgeworde-, Skrifgeworde-, Verkondigde-en Wet-Woord [Lategan & Brits 1990:84-85]. Laasgenoemde onderskeiding het betrekking veral ook op dit waarna Troost verwys.*

[109]. *In 'n artikel skryf TM Snyman onder meer hieroor. Hy beklemtoon eers dat die* ***doel*** *van die kategese deur 'n verskeidenheid skrywers as 'mondigheid' getipeer word maar dat nie een van die sewe wat hy aanhaal dieselfde onder die begrip 'mondigheid' verstaan nie. Daarom beskou hy hierdie omskrywing van die doel van kategese om verskillende redes as onduidelik, eensydig en gevaarlik [Snyman 1991:137-138]. Uiteindelik kies Snyman vir die term* ***'Realisering van die Koninkryk'*** *[Snyman 1991:139]. In die uitwerk hiervan toon hy met 'n diagram aan presies wat hy bedoel [vgl Snyman 1991:140]. Die realisering van die Koninkryk val uit in twee hoofmomente [doelstellings], nl.. binding aan die Koning en sy eer en aan die ander kant binding aan die Godsvolk en sy roeping. Die Bybel is volgens Snyman [1991: 140] se eie verduideliking die derde doelstelling, wat dien as die fondament waarop die ander twee doelstellings rus. Hy bedoel daarmee dat as die doelstelling om die katkisant aan die Bybel te bind, bereik word, die ander twee doelstellings ook sal realiseer. Onder die een sub-doelstelling, nl.. die koning en sy eer beklemtoon hy die kennis en vertroue aspek van geloof in God en vreemd genoeg, as 'n aparte deel-doelstelling die bekering tot God en dan ook nog die diens aan God wat hy self weer aandui as gebod en gebed. Dit is nie duidelik wat hy met gebod bedoel nie omdat hy dit nêrens in die kort artikel omskryf nie. Onder die ander sub-doelstelling verdeel hy die deel-doelstellings wat die geïnstituteerde kerk raak en kom hy uit by die gewone take van die kerkverband van ampsbediening tot sending ensovoorts Dit is jammer dat Snyman, wat dit goed bedoel om 'n wyer perspektief op die doel van kategese te stel, ongelukkig uit hierdie gegewens, die Koninkryk van God wat in die kategese gerealiseer moet word, uiteindelik ook maar weer tot tipiese 'kerklike' dinge beperk. Uit die artikel is dit duidelik dat Snyman nie werklik 'n oog het vir die skeppingswerklikheid nie omdat hy hy die tipiese dualistiese spanning tussen kerk en wêreld in terme van die tradisionele skolastiek bly handhaaf. Een opmerking verraai hierdie dualistiese siening duidelik as hy m.b.t. die term 'mondigheid' as doelstelling vir die kategese aanteken: 'Die klem val te veel op die mens' [Snyman 1991:140]. Dit gaan om wat met die kind bereik wil word; hetsy as enkeling, hetsy as deel van die gemeente. Sake soos die eer van God en die Koninkryk van God kom nouliks ter sprake' [Snyman 1991:138]. Mens sou net in kort wou vra: staan die belangstelling in die 'opvoeding' van die kind en wat met hom bereik wil word dan teenoor die eer van God en hoekom? In 'n eenheidsperspektief op die werklikheid, is so 'n teenstelling heeltemal onmoontlik.*
In 'n ander nog meer resente artikel van PJ Robinson, word i.v.m. dieselfde aangeleentheid 'n beter klank gehoor. Dit gaan hierin weliswaar nie oor die kategese

2.2.3.3 Opvoeding is voorts histories gefundeerd en dit beteken dat die doel van die opvoeding direk verband hou en beïnvloed word deur die historiese omstandighede waarbinne dit help om ontsluiting te bewerkstellig.

Die historiese omstandighede [ook genoem ***die konteks***] in enige omgewing 'kleef' in 'n sekere sin só aan die opvoedingsproses vas dat dit die praktiese gerigtheid van opvoeding mede-bepaal.[110] Omdat die kerkverband ook histories ontwikkel het en steeds besig is om histories te ontsluit, is dieselfde ook op kerklike opvoeding van toepassing. Dit beteken dat opvoeding [resp. kerklike opvoeding] alleen tot sy reg kan kom indien dit ten volle rekening hou met die milieu en kultuur waarbinne dit voltrek word. Snyman stuit in sy navorsing op dieselfde werklikheid en het breedvoerig hieroor geskryf. Ek haal net die volgende aan: 'Een van die grootste tekortkominge van die tradisionele jeugbedieningsmodel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is te vinde in die ondergeskikte rol wat die jeugsub***kultuur*** [MMH] speel in die gestaltegewing van jeugbediening binne die kerk' [Snyman 1993:148]. Indien kerklike opvoeding nie vir hierdie historiese gedifferensieerdheid voorsiening maak nie, sal dit werklikheidsvreemd word [vgl. ook die bevindinge van Snyman 1993:162].

Die histories-bepaalde omstandighede [kultuurontwikkeling] van 'n tipies plattelandse, afgesonderde, klein dorpie is totaal anders as dié van 'n groot metropool. Daarom is

---

*nie, maar vanuit sendingperspektief heet die tema: **Integrity of creation and Christian Mission**. Die skrywer wil hiermee die taakgerigtheid van die kerk op die skepping onderstreep. Dit gaan uiteindelik oor die doel van die kerkverband op aarde vanuit missionêre hoek gesien. En as ons praat van die doel van die kerk, het ons reeds gesien, is ons onmiddellik by die fundering van die kerk. Die skrywer wil uiteindelik niks anders beklemtoon as die opvoedende taak van die kerk t.o.v. die skepping nie. In aansluiting by Verkuyl in sy werk, 'Contemporary missiology: An introduction' Grand Rapids: Eerdmans 1978:198, is hierdie einddoel ook soos Snyman, die Koninkryk van God of dan die realisering daarvan. Robinson het egter duidelik 'n oog vir die totale gerigtheid van die kerk op mens en wêreld sonder om 'n spanning tussen kerk en wêreld iewers in sy benadering in te bou. Robinson skryf: 'The Kingdom message implies nothing less than the restoration of all humankind's relations, including its relationship to nature ... It is from the kingdom message that the church's mission agenda is to receive its focus and orientation. Mission in this new community is the service of God's salvific purpose for all of creation' [Robinson 1991: 151].*

[110]. *In wysgerige terme gestel, beteken dit dat die wet-kant van die werklikheid en die subjek-kant [dit wat aan die wet onderworpe is] direk op mekaar betrek is en nooit in spanning ten opsigte van mekaar mag staan nie. Die subjektiewe reaksie op die ontsluitingsproses sal dus noodwendig die gestalte wat die proses aanneem, kleur.*

Die histories-bepaalde omstandighede [kultuurontwikkeling] van 'n tipies plattelandse, afgesonderde, klein dorpie is totaal anders as dié van 'n groot metropool. Daarom is dit ondenkbaar dat kerklike opvoeding in 'n ***klein-dorp-kultuur*** en in 'n ***groot-metropool-kultuur*** dieselfde kan wees. Dit is doodeenvoudig ondenkbaar dat die lewensvrae; die vlak van kulturele ontwikkeling ensovoorts van die kinders in die kategese in albei die genoemde gevalle dieselfde kan wees en daarom sal dit *byvoorbeeld* doodgewoon verantwoord wees dat die kategetiese opvoeding voorsiening moet maak vir hierdie histories bepaalde werklikhede. De Graaf verwys na presies dieselfde kwessie as hy skryf: 'In certain situations the church may judge it necessary to provide special training for children, the younger adults or the older people as well ... In many instances there will be no need to organize such special study groups ... If, for example, the children receive adequate training at home, attend a Christian day school ... there is no reason for the church to arrange for additional instruction periods [Sunday school] ... in other instances, however, when the children receive very little regular training in the Christian faith, the church may feel obligated to provide special instruction [De Graaff 1968:150].

2.2.3.4 Die feit dat beide die kerkverband en kategese, i.v.m. die proses van opvoeding histories gefundeerd is, noodsaak ons om vas te stel wat die onderskeid tussen kategese en die ander vormingshandelinge [ontsluiting] van die tydelike kerkverband is.

Die resultaat hiervan is eweneens bepalend vir ons visie op die praktyk van kategese. Elke werksaamheid van die tydelike kerkverband wat die ontsluiting [resp. vorming] van die lidmate se geloof in die oog het, kan nie net op een aspek van die volle geloofsverhouding van die mens konsentreer nie omdat alle kerklike werksaamhede onderskeidelik binne al die aspekte van die werklikheid funksioneer. By wyse van voorbeeld die volgende: Die erediens as geloofsvormende gebeure funksioneer in alle aspekte van die werklikheid [dit verreken op die manier die kosmologie]. Dit beteken prakties dat elke erediens byvoorbeeld ten doel behoort te hê dat lidmate se ***geloofsvertroue*** verdiep word. Dit wil sê, dit help lidmate in hulle worstelinge met onsekerheid en twyfel wat oor enige kwessie in hulle lewe mag opduik. So behoort

die erediens ook ***elke keer vanuit die geloofshoek*** die element van ***liefdestoewyding*** in lidmate se lewe te verdiep. Dit wil sê, dit help lidmate om gelowig te ontdek om nie net van ander mense te hou nie, maar om hulle gelowig opofferend lief te hê ***ten spyte van*** enige menslike voorkeure. Dieselfde geld die element van ***ordelikheid*** [bv. liturgiese orde], van die ***ekonomiese*** ensovoorts. Die erediens het ook 'n ***kennis-element***, wat beteken dat lidmate in die erediens geloofsbegrippe in die liturgiese gebeure hoor en sodoende leer om dié begrippe van mekaar te onderskei en geloofsvorming [-verdieping] langs die weg te beleef. Hulle leer *byvoorbeeld* algaande wat die geloofsbegrip ***genade van God*** beteken, in onderskeiding van *byvoorbeeld* die geloofsbegrip ***werkheiligheid***. Die element van die ***sosiale*** behoort voorts ook in die erediens gelowig verdiep te word. Daar is immers koinonia en 'n feestelike stemming in die erediens want in **omgang** [sosiale omgang] met mekaar deel ons die vreugde van ons verlossing as nuwe mense wat geroep is om saam nuut vir God en sy Koninkryk te leef. En as die historiese omstandighede van 'n betrokke gemeente sodanig is dat die erediens [liturgie] *byvoorbeeld* deur die jare heeltemal verstar het, behoort die kerkraad toe te sien dat die ***sosiale aspek*** van die erediens meer ontsluit word en sal die klem in die erediens, miskien as 'n spesiale projek, 'n aantal jare of maande meer op hierdie faset van ontsluiting val, terwyl die ander aspekte natuurlik nie heeltemal uit die oog verloor sal word nie.

Ek volstaan met hierdie paar kosmologiese onderskeidinge. Die argument is dat die erediens, as voorbeeld van 'n kerklike bediening, al die aspekte van lidmate se geloofslewe uit ***die geloofshoek*** behoort te ontsluit en opvoedend behoort te help vorm.

Wat van die bogenoemde voorbeeld oor die erediens geld, sal egter presies net so op elke ander funksie van die tydelike kerkverband van toepassing wees. Daarom moet ons aanvaar dat die kategesebediening van die kerk presies op dieselfde wyse binne al die onderskeie aspekte van die werklikheid behoort te funksioneer. Dit is in die lig hiervan dus deursigtig dat daar prinsipieel geen onderskeid is tussen die

ontsluitingstaak [doel] van al die verskillende aksies van die tydelike kerkverband nie.

Wat hier bevind is, word vanuit 'n heeltemal ander perspektief volledig ondersteun. 'Liturgy [erediens en die ritme van die hele lewe MHH] and learning have been linked since the birth of the Christian era, but of late they have become estranged. Regretfully, religious educators and liturgists have gone their separate ways ...' [Kennedy & Westerhoff 1978:91]. En dan voeg Westerhoff later by: 'Perhaps the best way to differentiate between them [liturgie en kategese MHH] is this: Liturgy is the actions and cathechesis the reflections of the community of faith. Together they form the praxis [reflective action] by which the community is made aware of who and whose it is ... Liturgy nutures the community of faith through celebrative symbolic acts of faith. Cathechesis nutures the community of faith through ***mindful*** [Klem MHH] attempts to communicate and reflect upon the story [myth] which underlies and informs these acts of faith. One is not the other. But ... faithful life implies their integration [Kennedy & Westerhoff 1978:92].

Dieselfde geld ook die volgende standpunte:

* Reeds in 1956 het Berkelbach van der Sprenkel in sy lywige verhaal oor die kategetiek dieselfde aanvoeling, alhoewel vanuit 'n heeltemal ander hoek, gehad. Hoewel hy kategese te eensydig tot die jeug beperk het, wil hy dit ten minste nie aan die ander kant net tot 'lesse' aan kinders vereng nie. Sy wyer perspektief blyk uit die volgende: 'Wel moet de concentratie op de catechese in engere zin gelden, maar de grenzen van dit terrein zijn zo open, dat de contacten ervan naar buiten van invloed zijn op de wijze, waarop dit werk zal moeten worden verricht en dus telkens bij de bespreking in aanmerking zullen moeten worden genomen' [vgl. Berkelbach van der Sprenkel 1956:15].
* Meer resent, stuit Adolf Exeler, uit die Duitse [Lutherse] tradisie, op presies dieselfde stande van sake. Hy sien kategese in direkte samehang

met die basiese aksies van die kerk, *nl.*. die viering van die erediens met as onderdeel die verkondiging van die Woord en die kerklike lewe in die algemeen. Hy tipeer kategese egter as één aksie van die kerk wat die ganse lewe betrek. Uit die sg. 'Lineamenta' verklaring haal hy soos volg aan, 'Mehr als je ist in unzere Zeit eine Katechese notwendig, die die Christen während ihres ***ganzen Lebens*** [klem MHH] begleitet, unter Berücksichtigung ihrer konkreten Glaubenssituation' [Exeler 1979:37-38].

* Richards, 'A Theology of Christian Education'. Dit is opvallend dat Richards in sy begronding van die kategese eweneens ook sterk klem plaas op 'n ***totaal-benadering*** van kategese. Die totaal-benadering het volgens hom, betrekking op die persoon van die kerklidmaat. Dit hou dus verband met sy siening van die mens. Hiervolgens is dit vir Richards vanselfsprekend dat kategese die skoolse benadering van onderrig wat die klem op die intellektuele plaas, heeltemal moet vermy. Daarom plaas hy alle klem op 'n nie-formele wyse van kategese wat die volle mens probeer aanspreek [vgl. Richards 1975:60-66].
* Prins pleit ook vir 'n totaalsiening van die kategese [vgl. Prins 1991b:74 vv]. Sy totaalsiening het egter nie betrekking op kategese as 'n ekklesiologiese werksaamheid nie, maar op die verband wat kategese met die samelewing [*byvoorbeeld* die gesin] buite die kerkverband het. Vanuit hierdie hoek bly hy teen sy bedoeling vasval om kategese 'n grootheid te maak wat dit nie is nie omdat hy nie prinsipieel tussen die kerkverband en ander samelewingsvorme genuanseerd onderskei nie. Myns insiens rus sy siening op die perspektiewe uit die dae van die Hervorming, toe kategese hoofsaaklik 'n onderrigtaak vervul het [vgl. Prins 1973]. Dat hy 'n aspek van kategese aan die hele kategesetaak van die kerk gelykstel, blyk uit die volgende konklusie wat hy maak: 'Samevattend wil ons dan beklemtoon dat die kategese nie in isolasie beoefen kan word nie. Dit kan alleen vrugbaar

funksioneer binne die geheel van geloofsopvoeding en -onderrig in gesin en gemeente [Rossouw 1988:299].

* Dit sal onverantwoordelik wees om nie vir Westerhoff[111] in dié verband aan die woord te stel nie. Daar is geen twyfel daaroor dat Westerhoff, uit die tradisie van die *Rooms-Katolieke* Kerk, kategese as die omvattende opvoedingstaak van die kerk sien nie. Hy het reeds omtrent twintig jaar gelede aandag gegee aan die feit dat die kerk hom opvoedend moet besig hou met wat hy genoem het, 'intentional religious socialization or enculturation', en wat hy verder omskryf het as, '... a process consisting of lifelong, intentional and unintentional, formal and informal mechanisms through which persons and communities sustain and transit their faith (world view and value system) and lifestyles' [Westerhoff 1987:578]. Westerhoff wil met hierdie omskrywing wegkom van 'n skoolse en kognitiewe klem op die opvoedingstaak van die kerk. Dit is egter baie duidelik uit sy verdere verduideliking dat hy nie hiermee op 'n eensydige manier net een faset van die proses van opvoeding wil oorbeklemtoon nie. Hy onderskei uiteindelik in hierdie totaalsiening van kategese drie fasette van die opvoedingsproses wat uitdrukking probeer gee aan die feit dat kategese inderdaad 'n totaalgebeure is. Hy noem die fasette: '... formation, education, and instruction' [Westerhoff 1987:579]. 'n Ontleding van hierdie begrippe kom daarop neer dat Westerhoff die opvoedingstaak van die kerk sien as vorming [shaping] van die lidmate se lewens deur die gemeenskap van die gelowiges as gevolg van aktiwiteite wat saam gedoen en beleef word [veral die erediens] en as gevolg van die onderlinge verhoudinge tussen lidmate wat in die proses gebou word. In die proses moet daar egter

---

[111]. *In 'n artikel oor die moderne ontwikkeling op die gebied van die praktiese teologie het Burger nadat hy vir 'n studie-reis onder meer Amerika toe was, spesiaal melding daarvan gemaak dat praktiese teologiese denke arm sal wees indien ons nie deeglik kennis neem van teoloë soos Westerhoff, C Ellis Nelson en Douglas Walrath nie [vgl. Burger 1991:275-289].*

ook voortdurend kritiese refleksie op hierdie proses wees. En in die laaste plek behels so 'n proses ook onderskeidingsvermoëns om geloofsake duideliker te omlyn en sodoende 'n verdieping in die geloofslewe te weeg te bring. Laasgenoemde faset beklemtoon die logies-analitiese aspek in die aksie, wat verseker ook teenwoordig behoort te wees in die kritiese reformasie van die geloofsgemeenskap [Westerhoff 1987:581].

Kategese is op dié manier nie meer 'n gefragmenteerde funksie van die kerk nie, maar die totale opvoedingsproses van die kerk, wat wel ruimte laat vir verskillende beklemtoninge [vanuit verskillende aksies] in die proses daarvan. Hierdie siening probeer, al is dit in heeltemal ander terme, 'n totale kosmologie verreken. Westerhoff se siening sluit aan by Tertullianus[112] wat van die veronderstelling uitgegaan het dat gelowiges nie gebore word nie, maar 'gemaak' moet word. Die proses hoe dit moes gebeur, het Tertullianus beskryf as 'kategese'. Westerhoff skryf: ' We are made *a* Christian at our baptism. We spend the rest of our lives involved in a process of becoming more Christian. That life long process is one of catechesis' [Westerhoff 1987:580]. Westerhoff voorsien 'n voorbeeld van sy beleid/praktyk van kategese.[113]

---

[112]. *Tertullianus, die bekende apologeet, het as bekeerling uit die heidendom veral te velde getrek teen die verval van die kerk. Sy ywer om die hele lewe te omskep in 'n lewe vir God in Christus het hom later in die hande van die Montaniste gedryf. [vgl. Christelijke Encyclopedie 1961:347]*

[113]. *Voorbeeld van John Westerhoff se kategese beleid/praktyk:*

CATECHISES

Three deliberate [intentional]; systematic [related]; sustained [life-long] within community of Christian faith and life processes which establish, build-up, equip, and enable it to be Christ's body or presence in the world to the end that all people are restored to unity with God and each other.

I. Christian Formation

A. Definition of the formational process:
To experience Christian faith and life
B. Outcomes of the formational process:

1. To incorporate - to induct persons into the life and spirit of a Christian faith community and to establish their identity as members of Christ's body, the church.
2. To enculturate - to shape persons into an historic community's present understanding of Christian faith, character, and consciousness.
3. To apprentice - to provide a context in which new members can observe and imitate ways of Christian living foundational to later judgement and ownership.

C. Components of the formational process:

1. Participation in its rite [rituals and ceremonials]
2. Environment [what persons see, touch, taste, smell and hear]
3. Interrelational experiences
4. Behavior observed, supported, and encouraged.
5. Role models presented [past and present]
6. Organisation [how time is structured, what programs offered]
7. Naming [how language used, what things are called]

II. Christian Education

A. Definition of the educational process:

To reflect on experience in the light of Christian faith and life.

B. Outcomes of the formational process:

1. To humanise - to aid individuation and the development of the human potential for wilful life as autonomous persons in relationship.
2. To criticize - to engage in a careful analysis, synthesis, and judgement on traditional understandings and ways of life.
3. To discover - to encourage the freedom to create the new and to produce change

C. Steps in the educational process:

1. Name and describe experience and related feelings.
2. Explore intuitively alternative interpretations, meanings and possibilities until clear understandings of the inner nature of the experience is achieved.
3. Express these initial insights, compare and contrast them with corresponding insights in Scripture and tradition and through rational processes arrive at summary convictions.
4. Express initial implications of these convictions, compare and contrast them with ethical principals and norms of Christian faith and through rational processes arrive at summary commitments to action[s].
5. Manifest these commitments in willing action[s] and evaluating their consequences.

III. Christian Instruction

A. Definition of the instructional process:

To acquire knowledge and skills considered necessary and useful to Christian life.

B. Outcomes of the instructional process:

Die noodsaaklikheid van hierdie ***totaalsiening*** van kategese word besonder helder onderstreep deur dit wat Westerhoff in 'n ander verband oor geloof [dit wat die kerkverband juis wil vorm] sê:

> At the heart of the Christian faith is a story. Indeed, at the heart of every community's life is a story -- a story that explains its understanding of the world ... One essential role of ritual is to communicate the community's story in ways that help it become internalized and acted upon. Catechises also shares a concern for making the community's story [the same story MHH] ***our*** story. Too often however, very different stories are being communicated and learned in the church. The educator's responsibility is to help the community get its story straight [Kennedy & Westerhoff:96-97].[114]

---

1. To know - to be knowledgeable of the Scriptures, the tradition, [fundamental, constructive an practical theology] and the community's social and intellectual history.
2. To use - to be able to interpret Scripture, think historically and theologically and reflect morally.
3. To do - to be able to relate to God in ever deepening and loving ways and to others, personally and socially, in caring and liberating ways.

C. Steps in the educational process:

1. Establish participants and context
2. Establish aims or goals
3. Establish behavioural and/or process objectives
4. Establish instructional activities and resources
5. Conduct these activities
6. Evaluate

[114]. *Die belangrikste aksie van die tydelike kerkverband om lidmate op te voed om te glo, is die erediens. Die erediens is in terme hiervan die geleentheid waarin die lidmate klein en groot, in 'n **seremoniële spel/drama**, God as 'n geloofswerklikheid onder mekaar teenwoordig ervaar. Hierdie stelling is hoegenaamd nie splinternuut nie. Dit word egter baie sterk bevestig deur 'n artikel van Jeff Astley wat handel oor die rol van erediens-aanbidding in die kategese van lidmate. [vgl. Astley 1984] Astley wat uit Rooms-Katolieke agtergrond skryf, maak die stelling dat die kerk vir baie jare uit die oog verloor het dat die erediens eintlik die **hartaar** van die kategese is maar dat dit weer opnuut in die laaste jare herontdek is.*
Dit is duidelik dat die RK in Amerika in hulle kategese-beleid baie pertinent hieroor standpunt ingeneem het: '...catechesis prepares people for full and active participation in liturgy (by helping them understand its nature, rituals, and symbols)

Ons sal egter móét aanvaar dat die voorafgaande, wat telkens die sinvolle samehang tussen die verskillende aksies van die kerk onderstreep, ons nog nie gehelp het om duidelik te onderskei tussen die eie aard van kategese, aan die een kant en die eie aard van al die ander aksies van die kerk, aan die ander kant nie.

Met die oog hierop tree ons eers in gesprek veral met De Graaff en Troost.[115]

* De Graaff [1968] se vertrekpunt in sy visie op die eie aard van kategese, is dat geloof nie net in een of twee aspekte van die werklikheid uitgedruk kan word sonder om in 'n eensydige visie daarvan te verval nie. Nieteenstaande hierdie uitgangspunt beskryf hy geloof tog later soos volg: 'From this reference to the modal structure of the pistical aspect it is evident that faith can never be reduced to mere feelings. Faith is not blind suggestion; on the contrary, according to its ***inner structure faith*** is always a ***certain knowledge***' [De Graaff 1968:139].

  In die lig hiervan is kategese aan die kinder-lidmate van die kerk, in die algemeen geloofsonderrig maar in die besonder, '... instruction in the (knowledge of) faith' [De Graaff 1968:138]. Dit lei geen twyfel dat De Graaff hom in sy beskrywing van geloof hierbo laat lei deur die beskrywing van die Heidelbergse Kategismus [Ons glo 1982:44], wat geloof juis uitdruk in terme van 'n 'sekere kennis' van God en sy beloftes nie.[116]

---

and at the same time flows from liturgy, in as much as, reflecting upon the community's experiences of worship, it seeks to relate them to daily life and to growth in faith...' [Astley 1984:243] Volgens Astley is die waarde van kategetiese opvoeding vanuit die erediens [resp. liturgie] daarin geleë dat dit nie 'n kognitiewe 'leer'-model is nie, maar spontaan uit die lewe [liturgiese gebeurtenis] self groei. Die punt wat Astley wil maak, al stel hy dit nie in soveel woorde nie, is dat die erediens as gebeurtenis die volle spektrum van die lewe verteenwoordig. In terme van ons kosmologiese verduideliking, funksioneer dit binne al die aspekte van die werklikheid. Die beïnvloedingseffek [ontsluiting] van so 'n volle gebeurtenis is uit die aard van die saak baie ryker in vergelyking met die situasie wanneer die lidmate slegs vanuit een aspek, bv. die kognitiewe leeraspek in 'n tipiese klassituasie kognitief ontsluit word.

[115]. *Ek verwys na hierdie skrywer omdat hy, sover bekend die enigste is wat dieselfde tradisie i.v.m. hierdie benadering tot teoretiese denke en kategetiek in die besonder deel. De Graaff [1968], Troost [1958], Strauss [1989].*

[116].*Sien De Graaff se opmerking [De Graaff 1968:139] en die voetnota waarin hy juis na die Heidelbergse Kategismus Sondag 7, vraag en antwoord 21 verwys.*

Hierna bevestig De Graaff weer eens dat geloof tog wel in al die aspekte van die werklikheid funksioneer maar dat dit, 'n analitiese element het. Die analitiese aspek is verseker 'n element van geloof wanneer iemand bely dat hy glo in God die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Hierin onderskei [en om te onderskei is tog logies-analities gestempel] die gelowige immers die Vader, Seun en Heilige Gees as die drie-enige God en as so 'n gelowige sou bid sou hy dalk kon sê, 'ek glo dat as ek bid, ek altyd die Vader moet aanspreek en nie die Heilige Gees nie.' Hierdie stelling bevestig duidelik dat geloof onmoontlik sonder die element van die analitiese kan wees. Die argument is dat geloof nie ***a-logies en daarom nie irrasioneel*** is nie [vgl. De Graaff 1968:140].

Wat egter opval is dat de Graaff in reaksie op die voorafgaande, wel in dieselfde verband waarin hy voorheen na al die aspekte van die werklikheid wat in geloof verweef lê, verwys, tog ongekwalifiseerd sê: ***'To believe is to know, and to know is to belief'*** [Klem MHH].

En 'n paar reëls verder bevestig hy my vermoede dat hy geloof veral in terme van die analitiese wil uitdruk, as hy sê: 'Faith is not 'rational', but it does have a logical ***foundation***.' [De Graaff:140] En verder 'If we are to gain a true understanding of the Word of God, we must ***first of all distinguish*** [Klem MHH] correctly' [De Graaff 1968:140].

Dit is duidelik dat De Graaff aanvoel dat hy tog hierdie siening dat geloof 'n logiese begronding ['logical foundation'] het, moet temper. En daarom sê hy daarop: 'To discern "the will of God and to know what is good" [Rom 12:2 MHH] ... is an activity of ***faith***. Faith-knowledge cannot be acquired apart from the subjective act of believing' [De Graaff 1968:140].

* De Graaff en Troost. De Graaff maak in voetnota 6 [De Graaff 1968:140] dit duidelik dat hy vir hierdie siening van hom baie sterk aanleun teen 'n soortgelyke siening van Troost i.v.m. die analitiese onderbou van die etiek. Troost gaan van die standpunt uit dat etiese aangeleenthede verseker die logiese aspek van die werklikheid veronderstel. Die morele is nie a-logies soos baie reken nie. Troost

skryf soos volg, [ons hoor hierin ook vir De Graaff]: 'In de concréte morele ken-act, waarin álle modaliteiten functioneren, is dit ***onderscheiden*** het ***basis-moment***.' [Klem MHH] [Troost 1958:175]. Dit is duidelik dat Troost in hierdie aanhaling verwys na ***teoretiese of wetenskaplike ken***-nis. Want hy verduidelik later met 'n goeie voorbeeld: 'Het morele kennen, waarmee een moeder haar kind kent, en waarmee een gezinslid de eis der momenteele gezins-situasie kent, ***berust*** op dit analitisch, onderscheidend, basis-moment, maar dit ***kennen*** is noch typisch wetenschaplijk, noch typisch economisch ... maar typisch ***moreel*** [Klem MHH] gekwalifiseerd. Het is een ervaringskennis, die niet slechts op 'empirie' berust, maar zeer bepaald op ***morele*** ervaring en zij is buiten de subjectief actuele liefde niet te bereiken' [Troost 1958:175].

Hierdie stellinge van Troost, is verhelderend. Ek lei hiervan af dat hy wil sê: dit is onmoontlik om *byvoorbeeld* iemand daadwerklik lief te hê sonder om ook hierdie persoon en sy behoeftes te kan ***onderskei*** [analiseer] wat om hierdie rede vanselfsprekend dié analitiese aspek van die liefdesdaad bevestig. Hy bevestig verder die sin hiervan deur te sê: 'De realisering van de liefde is er slechts mee gebaat, wanneer het onderscheiden, dat er in vervat is, zo goed mogelijk geschiedt. ***Zo gezien*** [Klem MHH] kan er nooit sprake zijn van een overdrijven van het logische, analitische element in het morele leven' [Troost 1958:176].

Liefde ís derhalwe ook ***saaklik*** en daarmee is niks verkeerd nie. Dit word egter ***ver***-saaklik as die klem só op die logiese onderskeidinge gelê word dat die liefde wat daardeur gedien moes wees, agterweë bly. Dan het ons nie meer met liefde te doen nie, maar met ***rasionalisme***. Hieroor merk Troost op: 'Dat kán inderdaad het logisch denken zijn [die oorbeklemtoning daarvan, MHH], wanneer men zo dwaas is de beleving der liefde slechts te wagen in ***de wapenrusting van bv. veel*** ... vakwetenschaplijke ***kennis***' [Klem MHH] [Troost 1958:176].

Wat egter van prinsipiële belang is, is dat Troost daarop wys dat wanneer dit om meer gaan as 'n blote morele ken-werksaamheid waarin die logiese verseker die 'basis-moment' is, en ons *byvoorbeeld* te doen het met 'n morele entiteit soos die

moeder wat haar kind se hart ken, die ***kennis-aspek*** in hierdie geval 'n ***totaal eiesoortigheid*** verkry.

Dit kom daarop neer dat binne 'n morele individualiteitstruktuur ['n moeder wat haar kind se hart ken] '... de ***logische analyse*** slechts een ***on***-zelfstandig ken-***element*** is ...' [Klem MHH] Dit is belangrik dat die ***logiese*** in die verweefdheid van 'n totaalstruktuur slegs 'n ***element*** is en nie meer 'n ***basis-moment*** nie [vgl. Troost 1958:187]. Die verweefdheid of samehang van aspekte in 'n saak of gebeure [entiteit] is so ryk dat die logiese 'n totaal eiesoortige 'logiese', afhangende van die kwalifiserende funksie van die gebeurtenis, word. Wat van nog groter belang is - uiteindelik met die oog op die logies-analitiese aspek van kategese - is dat Troost hieroor nog die volgende opmerk: 'Men zou met een wat ***armelijke*** [Klem MHH] terminologie kunnen spreken van vele soorten of vormen van 'kennis', bijvoorbeeld, geloofskennis ... kunstkennis, handelskennis, ... enz' [Troost 1958:187]. Die omskrywing 'armelijke terminologie' dui m.i. daarop dat dit [ken-element] geweldig maklik misverstaan kan word juis omdat ***dit*** in die verbindings,[geloofs-kennis ens.] so maklik as blote ***analitiese*** kennis geïnterpreteer kan word.

Terug by De Graaff. Ek reken dat hy teen sy bedoeling in, nie genoegsaam onderskei as hy die ***logiese*** die ***fundamentele*** of in terme van Troost, die ***basis-moment*** van geloof noem nie. Hy doen alles in sy vermoë om nie die prooi te word van die intellektualisme in die kategese nie en ek sal hom ook nie beskuldig dat hy só oor kategese wil dink nie. Ek het egter geen twyfel daaroor dat sy terminologie vir misverstand vatbaar is nie. Meer nog, dat hy heelwaarskynlik nie vrygekom het van die intellektualistiese klem op geloof soos dit in die Reformatoriese tradisie dikwels gebeur het nie [vgl. hoofstuk 5, paragraaf 2].

Hierdie moontlike misverstand is al onmiddellik ter sprake as De Graaff voortgaan om oor 'instruction in the faith' te skryf. Ek kan dit nie anders vertolk as dat hy, a.g.v. sy siening dat die logiese aspek die 'basis-moment' van geloof is, kategese as 'instruction ... in the ***knowledge*** [Klem MHH] of faith' beskryf nie [vgl. De Graaff

1968:142]. My vraag is hoekom hy nie deurgaans die baie meer eenvoudige term 'instruction in the faith' gebruik nie. Lidmate word tog in die ***geloof*** onderrig en nie in die ***kennis van geloof*** nie. Hy stel die saak egter dadelik reg as hy opmerk dat geloofskennis nie tot die analitiese aspek herlei mag word nie [De Graaff 1968:143]. Maar ongelukkig formuleer hy weer onnoukeurig as hy dadelik hierna opmerk: 'But by way of its [geloofskennis, MHH] analytical side we have real access to this knowledge' [De Graaff 1968:143].

Hiervolgens kan dit beteken dat die analitiese aspek van die werklikheid vir ons uiteindelik die toegangspoort na geloof is. Hierdie opmerking, op sigwaarde geneem, sou beteken dat ons weer in die verabsolutering van die logiese aspek van geloof vasgevang bly. Wat m.i. eerder waar is, is dat die analitiese aspek, vervleg in die geloofsdaad, ons help om ***geloofsonderskeidinge*** te maak. En hierdie geloofsonderskeidinge kan by wyse van voorbeeld my geloofsverhouding met God verdiep.

Dít is tog iets totaal anders as dat die logiese aspek my die 'toegangsleutel' tot geloof bied. En dit is presies wat Troost t.o.v. die morele opmerk. Die morele word nie deur die logiese gefundeer in die sin van 'n 'toegangspoort' nie, maar dit is wel waar dat saaklike onderskeidinge in die daad van die liefde, wat alleen deur die logiese moontlik gemaak kan word, die realisering van die liefde in die praktyk kan baat [vgl. Troost 1958:176].

Uiteindelik wil De Graaff by dieselfde punt uitkom as hy hom verder uitlaat oor die doel van, '... specific ***instruction*** in the faith.' Hiervolgens behoort die lidmaat se ***denke*** oor sy geloofsverhouding voortdurend gevorm te word. Hy sê: 'The young person's thinking about his faith-experiences must be moulded and formed, that is, his analytical distinguishing ... as it directs itself to the content of his faith, must be activated, opened up and deepend. Through instruction he must learn to ***discern*** [Klem MHH] more correctly ... most important of all, to gain a deeper understanding of the norms of faith' [De Graaff 1968:144]. Hierdie uitspraak sluit direk aan by die gedagte dat die logiese ['to discern'] slegs lei tot 'n verdieping van

ons geloof in die praktyk van ons lewe.

Ek meen egter dat die crux van de Graaff se siening van die kategese die volgende onderskeiding is, wat hy maak:

Kategese kan verstaan word as spesifieke vorming van 'n persoon se kennis van die geloof en 'kategese' ['learning'] kan verstaan word as 'n proses van geloofsopbou in geloofsbelewenisse soos *byvoorbeeld* in die erediens ervaar word [vgl. De Graaff: 1968:144].

Hy erken dat 'n persoon ook in 'geloofskennis' groei as hy *byvoorbeeld* luister na die prediking in die erediens. Maar '... this total and integral learning cannot be reduced to the partial and limited learning that takes place as a result of specific instruction' [De Graaff 1968:144]. Die laasgenoemde manier van onderrig, is volgens De Graaff, slegs een van die beperkte maniere hoe 'n persoon beter ***insig*** in die totale betekenis van die Bybel kan kry. Sy argument is dat 'n kategeet *byvoorbeeld* niemand kan leer om te glo [geloof as totaliteit van alle aspekte--verhouding] nie, maar dat hy beperk is slegs tot '... the activation, disclosure and deepening of the person's ***thinking*** [Klem MHH] about the faith' [De Graaff 1968:144].

Hiervolgens kan ek geen ander afleiding maak as dat de Graaff 'specific instruction in the faith' beperk slegs tot een aspek van kategese en dit is om lidmate te leer om verskillende geloofsinhoude logies te onderskei nie. Hy merk self oor hierdie beperkte visie van kategese op, dat dit nie net abstrakte kennisoordrag is nie, maar dat die kategeet met hierdie vorming van die lidmaat se geloofsonderskeidinge voortdurend op die lidmate se eie ervaring van geloof [as totaalbegrip] appelleer. Die lidmaat moet voortdurend hierdie nuwe insigte op sy eie geloofslewe van toepassing maak [vgl. De Graaff 1968:145]. Die vraag wat die verhouding antropologie en kategese is, kom op die manier op die tafel.

Uiteindelik maak de Graaff drie onderskeidinge met betrekking tot kategese. Hy sê: 'Faith-knowledge, reflection upon the faith and instruction in the faith are inseparably related..' en dat hierdie onderskeidinge moontlik is vanweë die

vervlegting van die geloofaspek met die analitiese aspek van die werklikheid [vgl. De Graaff 1968:145].

Dit val op dat hy uiteindelik t.o.v. 'catechetical instruction', wat verseker dieselfde is as kategese in die sin wat ons dit verstaan, die volgende glo: '... it remains instruction ... the young people must ***learn*** to confess their faith, they must be ***led*** to a deeper understanding of God's Word and they must be ***taught*** sound doctrine ... Catechetical instruction requires a pedagogical attitude... ' [De Graaff 1968:148].

Dit is duidelik dat de Graaff prinsipieel stelling inneem teen 'n valse spanning tussen die logiese en historiese aspekte in die struktuur van die kategesefunksie van die kerk. Hy wil nie dat geloof vervlugtig in irrasionele en piëtistiese sin van die woord nie. Hy waak veral daarteen dat die logiese aspek nie in spanning teenoor die geloofsaspek in die proses van kategese, te staan kom nie. Ek gee hom dit heeltemal toe. Hoewel De Graaff elke keer bevestig dat die logiese aspek in kategese, deur die geloofsaspek gekwalifiseer word, is die ongekwalifiseerde gebruik van 'leer', soos in leer jou les en 'onderrig' [teach] soos in deur iemand geleer word m.i. ongenuanseerd geformuleer [vgl. De Graaff 1968:148].

Sy baie duidelike onderskeiding tussen 'specific instruction in the faith' en *byvoorbeeld* 'onderrig' in die erediens is opsigself nie fout nie, maar in die praktyk van kategese kan 'specific instruction in the faith' so oorbeklemtoon word dat die totaalkarakter van die kategese uiteindelik weer intellektualisties gedui word. Dit is heeltemal teen die bedoeling van De Graaff. Dit hang direk saam met die gebruik in Nederland dat kategese eintlik net bedoel is vir die onderrig in die geloof met die oog op toelating tot die Nagmaal. Kategese aan kleiner kinders [by ons Sondagskool] was in sy dae nie geken nie.

Dit moet ook duidelik wees dat ek dalk oorsensitief is vir hierdie begrippe, in die lig van die feit dat die huidige stand van sake in die kategese van die Ned.Geref. Kerk geweldig intellektualisties gekleur is. Iemand wat egter nie die agtergrond van De Graaff se onderskeidinge ken nie, kan baie maklik afleidings maak wat nie

strook met sy werklike bedoelinge nie.

Hierdie breedvoerige argumentasie met De Graaf en Troost wou aantoon hoe geweldig maklik enige goeie omskrywing van kategese in die slaggat van die intellektualisme [rasionalisme] kan val. Aan die ander kant het die argumentasie ons gehelp om die eiesoortigheid van kategese as kerklike bediening nader aan te dui.

2.2.3.5 Konklusie oor kategese:

Samevattend kan uit die al die voorafgaande argumente tot die volgende konklusie oor kategese gekom word: *Kategese is die **kerklike bediening** aan **alle lidmate** van die kerk, wat slegs die **logies-analitiese ontsluiting** en **verdieping** van **alle aspekte** van die mens se **geloofsverhouding** met God op die oog het.*

Hieroor ten slotte die volgende aantekeninge:

Hoewel elke entiteit [byvoorbeeld 'n kerklike-bediening] prinsipieel gesproke, voortdurend in sinsamehang met al die aspekte van die werklikheid funksioneer, sal die komplekse en rykgeskakeerde relasies [ook genoem enkaptiese vervlegting[117]], wat dié bepaalde entiteit met die werklikheid as geheel het, 'n direkte invloed op dié bepaalde entiteit hê. Dit op sy beurt sal bepaal en meewerk watter aspek[te] van die betrokke entiteit in meerdere of mindere mate prominensie vir 'n bepaalde tydsduur in die struktuur van die entiteit sal geniet. Dit kan met 'n voorbeeld uit die geskiedenis van die kerk [resp. kategetiek] soos volg verduidelik word:

> Die tydperk voor die Reformasie met die opkoms van die Protestantisme [vgl. Bronkhorst 1960: 520-521] was gekenmerk deur onder meer 'n gebrek aan kennis in die algemeen by die gemiddelde mens op straat. Dit was spesifiek ook van toepassing op die gemiddelde lidmate van die onderskeie gemeentes. Hierdie tydperk in die geskiedenis hou verband met die Renaissance beweging

[117]. *Vergelyk in die verband die uiteensetting van hierdie relasies in Kalsbeek 1970:262.*

en die opkoms van die Humanisme [vgl. Van Itterzon en Nauta 1963:141-145]. Een van die gevolge was onder meer 'n ontploffing van kennis. Die boekdruk-kuns ontwikkel in dieselfde periode [vgl. Nauta 1956::680-681]. Verder het die kerklike reformasie van binne 'n kennisontploffing te weeg gebring. In die kerke van veral die Reformasie het dit uit die aard van die saak by baie lidmate 'n dringende soeke na meer ***kennis*** [geloofskennis] meegebring. Die kerklike bediening in sy rykgeskakeerdheid het op daardie stadium onder meer vanweë hierdie eksterne faktore onmiddellik 'n primaat aan die ***ken-aspek*** van die tydelike kerkverband begin toeken. Kategese leerboeke [vgl. Dijk 1957:117-118] het oral die lig begin sien en kinders is selfs op skool hierin onderrig; leer-dienste ook gerig op volwassenes is spesiaal in gemeentes ingerig en daar is verwag om dit stiptelik by te woon. Dit wil sê, die kerk het in sy bedieningsaksie en -styl vir hierdie betrokke tyd doodgewoon, binne hierdie konteks daarvoor gekies dat die ***logies-analitiese aspek*** van die werklikheid die leiding in die kerklike bediening en -strukture neem. Die ander aspekte het uit die aard van die saak ook aandag gekry, maar tog soort van onder leiding van die analitiese aspek funksioneer. Lidmate moes ter wille van hulle geloofsverdieping veral ***leer*** om geloofs***begrippe*** duideliker van mekaar te onderskei. Vandaar die byna vanselfsprekende klem op die ***logies-analitiese aspek*** van die bedieningshandelinge van daardie tyd.

Die diagram [p 211] stel die voorafgaande bespreking skematies voor.


KONTEKS
MIN KENNIS
LOGIESE
RUIMTE
REG
FISIESE
GELOOF
BEWEGING
HISTORIESE
JEUGWERK
EKONOMIESE
ESTETIESE
SIMBOLIESE
KONTEKS
TE KORT AAN SIMBOLE
ETIESE
GETAL
BIOTIESE
GEVOEL
KONTEKS
MIN ERVARING

2.2.3.6 Die eiesoortigheid van kerklike kategese mag nie deur enige ander opvoedingsaksie aangetas word nie.

Daar is praktiese teoloë wat meen dat kategese in ons dag meer vrugbaar in verband met veral die ouerhuis bedryf behoort te word en dat kerklike kategese oorbelaai is [vgl. Prins 1991b: 72-76].

Hierdie verskynsel neig om 'n reaksie-patroon te wees omdat die praktyk van kategese veral in die Ned. Geref. Kerk 'n grootheid geword het, wat die inisiatief van ouers om hulle kinders in die huisgesin ook godsdienstig op te voed in 'n sekere sin ontneem het [vgl. Hoofstuk 1 en Bylae 1].

Daar moet egter gewaak word dat hierdie oorreaksie nie prinsipieel miskyk dat kerklike kategese 'n eiesoortige taak het nie. Kerklike kategese is die onvervreembare verantwoordelikheid van die tydelike kerkverband en enige poging om hierdie roeping in watter opsig ookal te verskraal, probeer die werklikheid verskeur deur kosmologies een van die aspekte van die kerkverband, *nl.*: die histories-vormende [ontsluiting] weg te dink. Sulke pogings loop die gevaar om die prinsipiële onderskeid tussen kerklike en alle ander soorte van opvoeding [ook geloofsopvoeding] totaal mis te kyk. Ons het nie hier met blote balans tussen *byvoorbeeld* gesin en kerk te doen nie. Die gesin kan nie sommer so 'n bietjie met die kerk se taak of andersom help nie. As die kerk sy opvoedingstaak reg verstaan, het kerklike kategese 'n eie taak wat juis binne die volle aspekte rykdom van die werklikheid moet funksioneer om gebalanseerd te wees.

In 'n kritiese gesprek tussen TGIM Andree en JA van der Ven wat oor die bogenoemde kwessie handel, beklemtoon Van der Ven dit dat kategesevernuwing altyd en in die eerste plek 'n kerkverband [resp. kategetiese] aangeleentheid is. Die opskrif van sy artikel in reaksie op Andree lui: 'Godsdienst zonder instituut is een illusie' [Van der Ven 184:160]. Ytsma & Brokerhof merk inleidend hieroor op: 'De institutionele kant van de godsdienstigheid krijgt in Van der Vens bijdrage veel aandacht ... Godsdienstpedagogische vernieuwing vraagt om een kerksociologische en ecclesiologische vernieuwing [Ytsma & Brokerhof 1984:146-147].

Die gevaar van terreinoorskryding tussen die kerk en ander verbande/gemeenskappe moenie onderskat word nie. Die kerk se kategetiese roeping kan nooit oorbelas of

oorskat word indien dit sy plek prinsipieel suiwer afgegrens het nie. Die oorbelasting van kategese waarvan Prins by voorbeeld, melding maak, getuig m.i. van 'n onvermoë om die verhouding tussen kerk en ander lewensvorme duidelik prinsipieel af te grens. Indien ons egter die term 'oorbelasting' wou handhaaf, sou dit beteken dat alle kerklike aksies oorbelas word, juis as gevolg van die feit dat ons in 'n samelewing groot word en leef, wat byna op elke terrein nie verantwoordelik genoeg handel nie. Die probleem is nie dat kategese te veel 'temas' en verantwoordelikhede het, wat nie behartig kan word omdat die gesin en die gemeenskap nie hulle verantwoordelikheid nakom nie [vgl. Rossouw 1988:295-296]. Die teendeel is waar omdat kategese juis alle moontlike temas in die lewe behoort aan te spreek, maar dan afgegrens vanuit kerklike-/geloofshoek. Dit is die kerkverband [resp. kategese] se onvervreembare terrein en roeping.

Gerber spreek hom ook oor hierdie aangeleentheid uit. Hy onderskei egter ewe-eens nie duidelik tussen die kerk en ander lewensvorme nie. Hy sluit entoesiasties veral by White [1980] en Saris [1988] aan om plek vir 'n model van gesins-kategese te maak. Die model van Saris in dié verband [Saris 1980:132] word ook volledig weer gegee. Dit lyk of Gerber tog op die ou einde 'n voorbehoud oor hierdie vorm van sogenaamde kategese het, as hy later onder die opskrif: geloof as 'n relasionele gebeure, opmerk: 'Daar word in die literatuur baie gemaak van ander vorme van kategese, byvoorbeeld huiskategese, gesinskategese, ensovoorts (vgl. o.a. Saris 1980; Schippers 1983; Evertse 1983; de Jonge-Landheer 1983; Lalleman & Schippers 1985; Dingemans 1986:185 vv). By al die baie motiveringe en doelstellings hiervoor, moet tog duidelik die klem op en die verlange na relasies met mekaar raakgesien word waar na ideale kommunikasie gestreef en geloofsvorming/geloofsleer plaasvind' [Gerber 1994:214]. Hierdie voorbehoud laat hom egter nog nie raaksien dat die term ***gesins-kategese*** [as 'n voorbeeld van 'n relasionele opvoedingsproses] nie gebruik kan word, omdat so 'n opvoedingsproses nie duidelik onderskei tussen 'n gesinstruktuur en 'n kerkstruktuur nie.

Die gesinstruktuur funksioneer onder leiding van 'n ander kwalifiserende aspek *nl.*, die liefdesaspek. In dié sin sou daar baie moeilik van kategese in die gesin gepraat kon word. In die gesin vind daar inderdaad ook godsdienstige opvoeding plaas maar dan in die eerste plek met die bedoeling om die onderlinge *liefdesband* in die gesinsverband te dien en nie *primêr om* geloof in God te verdiep nie. *Godsdiensprosesse in gesinsverband het in die eerste plek die gesin in die oog. Kerklike kategese, gekwalifiseer deur die geloofsaspek, aan die ander kant, het met geloof as die kwalifiserende funksie, die geloofsverhaal van die kerkverband in die oog; ook nie eers die onderlinge liefde in die gemeente in eerste instansie nie.* Daarom is die begrip *gesins-kategese* insigself verwarrend. Hierdie verwarring by Gerber hou m.i.verband daarmee dat hy in sy studie oor die kategese en sy siening van Praktiese Teologie nie genoeg plek maak vir 'n duidelike kerkbegrip nie. In sy teorie oor die kategese soek ek tevergeefs na 'n aparte rubriek, wat spesifiek oor sy kerkverband-beskouing handel.

2.2.4 Die onberekenbare rykdom van geloofskwessies wat kategese behoort aan te spreek om lidmate se geloof logies-analities te help verdiep.

Niemand sal *byvoorbeeld* ontken dat 'n mens se geloof ***lewenskragtig*** in teenstelling met on-entoesiaties kan wees nie. Of dat iemand se geloof soms ***beleef***baar is en soms nie. Of dat sommige lidmate in die gemeente beter as ander tussen sekere geloofsbegrippe kan ***onderskei*** en hulle geloof op dié manier 'n erkenbare diepte het nie. Of dat sommige ***konstant*** 'n geloofstryd teen die afval in hulle lewe beleef en ander weer baie minder. Of dat die lewe van elkeen van ons vereis om te ***volhard*** [aanhoudend] in die geloof anders raak ons vervaard en koersloos. Die beklemtoonde woorde wys op die verskillende werklikheidsaspekte van die geloof wat histories ontsluit behoort te word omdat geloof binne al die aspekte van die werklikheid funksioneer om ware geloof te wees.[118]

---

[118]. *Heyns stuit in sy Dogmatiek ook op die volle rykdom van ons geloofsverhouding as hy sê: 'Sy [die mens MHH] geloof setel nie in 'n enkele menslike vermoë soos die verstand, gevoel of wil nie, en daarom is sy geloof ook nie bloot redelik of vroomheid of deugsaamheid nie, maar sy geloof is 'n daad van die hele mens ...' [Heyns 1978:309]. Burger poog ewe eens om weg te kom van 'n verengde geloofsbegrip in*

Hierdie geloofsake behoort in die kategesebediening [-opvoeding] van die kerkverband meer volledig verreken te word. Dit wil sê al die funksies [aspekte] van geloof moet logies-analities ontsluit word, sodat die volle lewe deur die mens se ***ontslote geloof*** beter op God gerig kan word.[119] Hierdie paragraaf wil dus kosmologiese onderskeidings van slegs 'n klein aantal geloofs-analogieë, in die lig van die voorafgaande, maak om sodoende die deure van God se skatkamers, slegs insoverre dit geloof as skeppingswerk raak, op 'n beskeie manier vir mekaar oop te maak.

---

sy werk: 'Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap' [Burger 1991a]. Uiteindelik onderskei hy net fasette van die geloof wat dinamies in die kerk behoort te funksioneer, nl.. visie, geloofsverbintenis, gemeenskap en diens. Hierdie aspekte van Burger se siening van 'n dinamiese geloof, wat reeds bevrydend blyk te wees, onderskei egter maar net vier uit die vyftien aspekte van geloof wat deur die Reformatoriese Wysbegeerte onderskei is. Visie stuit op die logiese wat idee-matig in die geloofsaspek funksioneer as die idee oor wat nou onderskei is as belangrike mikpunte; geloofsverbintenis stuit op die aspek van beweging [kontinuïteit] wat in die geloofsaspek funksioneer; gemeenskap stuit onmiskenbaar op die sosiale analogie en diens stuit op die ruimtelike aspek van uitgebreidheid wat in die geloofsaspek diens na buite onderskei. Gerber doen moeite om meer kante van geloof te onderskei. Hoewel hy dit nie in die terme wat ek gebruik beskryf nie, onderskei hy duidelik die historiese- [heilshistoriese,kontekstueel], die logiese- [kognitiewe], die sensitiewe- [ervaring], die kinematiese- [twyfel], die getals- [uniekheid], die biotiese- [ontwikkeling-groei], die sosiale- [relasioneel], die simboliese- [taal,metafoor-verhaal] aspekte van die werklikheid [vgl. Gerber 1994:104-161]. Dit is hierdie onderskeidinge wat hom dan ook goed te pas kom as hy die verskraalde beeld van die Ned. Geref. Kerk se kategese inhoude hierteen meet [vgl. Gerber 1994:284-289].

[119]. *Daar is in die kringe van die Reformatorie Wysbegeerte 'n diskussie aan die gang of dit korrek is om te beweer dat alle aspekte van die werklikheid onder leiding van die geloofsaspek, ontsluitend op God gerig moet word. Die gedagtes wat in die verband gewissel word, wil ten alle koste probeer vermy dat die geloofsaspek op hierdie manier oorspan word en dat Dooyeweerd in sy oorspronklike siening hieroor, teen sy bedoeling, met 'n dualisme tussen geloof en die werklikheid sit, wat hy nie kon deurbréék nie. Die gedagte is byvoorbeeld dat indien iemand sy verantwoordelikheid nakom om sy medemens barmhartig te dien, hierdie liefdesdiens [die morele funksie] direk op God gerig is en nie eers via die geloofaspek op God gerig hoef te word nie. My kritiese vraag is egter: Die moment as iemand sou beweer dat sy liefdesdiens aan sy naaste [die morele funksie] terselfdertyd ook diens aan God is, maak so iemand onmiddellik **'n geloofsuitspraak**. Sodra iemand beweer hy dien God, appelleer hy op sy geloofsfunksie. In die sin verstaan, ondervind ek geen probleme met die oorspronklike bedoeling van Dooyeweerd nie. Hierdie diskussie is sover bekend, nog nêrens gedokumenteer nie, maar is 'n kritiese refleksie na aanl eiding van gesprekke met Dr E van Niekerk by die Departement Sistematiese Teologie UNISA, Pretoria en Dr PJ Visagie, Departement Wysbegeerte, UOVS, Bloemfontein.*

nie. Ons het reeds bevestig dat die kerk deel is van die ontsluitingsgeskiedenis van die werklikheid. [vgl. Hooftuk 7 en paragraaf 2.2.1.2 van hierdie hoofstuk]

Die mens se gerigtheid [via sy ***geloofsfunksie***] op God is derhalwe ook nie klaar en volmaak in die mens gegiet nie.[120] Dit wil sê ons moet aanvaar dat geloof nie iets staties is wat ons van God in finale vorm ontvang het nie. Die volgende kosmologiese onderskeidinge waarbinne die mens se geloof funksioneer wys in die eerste plek op die tipiese ***skeppingsbepaaldheid*** van geloof; daarom ook op die 'kultiveerbaarheid' [opvoedbaarheid] daarvan en die verstommende rykgeskakeerd daarvan. Daar word ter wille van duidelikheid weer eens in navolging van die Reformatoriese Wysbegeerte, die volgende aspekte van die werklikheid met die onherleibare sinkerne daarvan onderskei:

Geloof [vastigheid van vertroue];

Etiese [liefde];

Juridiese [regverdigheid(vergelding)];

---

[120]. *Die term 'geloof' moet in dié verband duidelik onderskei word. 'Geloof' kan verwys na die mens se totale verhouding met God en in dié sin is dit 'n uit en uit religieuse aangeleentheid. 'Geloof' kan ook verwys na 'n aspek van menswees, nl.. dat die mens kan glo of nie wil glo nie. As ek hier in die biblioteek op die boonste verdieping sit en werk, 'glo' ek die gebou gaan nie ineenstort nie. Juis daarom het ek dit in die 'geloof' gewaag om hier te kom sit. Hierdie geloof kan verseker deur baie faktore versterk of afgebreek; ontsluit word of onontslote en irrasionalisties bly. In eersgenoemde sin, kan daar nie sprake wees daarvan dat 'geloof' ontwikkel kan word nie. In die eersgenoemde geval is geloof 'n gegewene, dit kom van God; dit word deur God alleen gewerk in die hart van die mens onder die kragvolle werking van die Heilige Gees. Dit is 'n werking wat onkenbaar en ondenkbaar is want dit is soos die wind wat daar waai, jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar dit kom en waarheen dit gaan nie [vgl. Joh 3:8]. Vir 'n uiteensetting van die beginsel wat* ***fundamenteel****, agter hierdie onderskeidinge lê, verwys ek na Strauss. Ek haal slegs die kern hiervan aan: 'Wanneer ons byvoorbeeld verneem van ons eenheid in Christus dui dit daarop dat herborenheid geen enkelvoudige relasie betref nie ... telkens wanneer hierdie en soortgelyke aanduidings in die Nuwe Testament gebruik word, dui dit op daardie één alles-beheersende verbintenis in die lewe van elke Christen wat alleenlik bestempel kan word as radikaal[R], sentraal[S] en totaal[T] ... RST. Elke ander verbintenis waaraan die mens kan deelhê, is hoeseer verwortel in hierdie sentrale RST-verbintenis, steeds gedifferensieerd ['n vertakking van die wortel] [G], periferaal [staande op die rand en nie in die sentrum van die lewe nie] [P] en gedeeltelik [parsieel] [P]. Teenoor die een primêre RST-verbintenis van mens-wees [Christen-wees en nie-Christen-wees] staan derhalwe 'n veelheid GPG-verbintenisse [Christen eggenoot-wees, geloofsgenoot-wees, ...e.s.m.]' In die geval 'geloof' hierbo, is die 'geloof' in die een opsig 'n RST-verbintenis en in die ander geval 'n GPG-verbintenis [Strauss 1989:15].*

Geloof [vastigheid van vertroue];

Etiese [liefde];

Juridiese [regverdigheid(vergelding)];

Estetiese [skoonheid/harmonie];

Ekonomiese [spaarsaamheid] ;

Sosiale [omgang en verkeer];

Teken-aspek [betekening];

Historiese [beheersende vorming(mag)];

Logiese [analise];

Sensitiewe [gevoel];

Biotiese [lewe];

Fisiese [energie-werking];

Kinematiese [beweging-kontinuering];

Ruimte [uitgebreidheid];

Getal [onderskeie hoeveelheid]

Elke analogie wat binne die geloofsaspek onderskei word, dui onder meer die verskillende temas wat vanuit die logies-analitiese aspek van die werklikheid geloofsverdiepend in kerklike kategese ontsluit behoort te word, aan. Die oorstelpende rykheid hiervan word aangevoel as die getal retrosipasies en antisipasies binne die aspek van geloof *byvoorbeeld* wiskundig bereken word.[121]

2.2.4.1 Die ***getals***-analogieë

Geloofsidentiteit; eenheid van geloof; uniekheid van *byvoorbeeld* die Christelike

---

[121]. *Hierdie stelling het belangrike implikasies vir die kategese. Die legio ontsluitings en verdiepingsmoontlikhede wat hierin opgesluit lê, kan slegs aangevoel word indien die volgende bedink word: Die geloofsaspek retrosipeer na al vyftien aspekte van die werklikheid. Hierbenewens hou dit ook verband met al die ander aspekte wat retrosiperend en antisiperend op mekaar betrek is. 'n Wiskundige formule [2^{15}-15] waarin 15 die aantal wetskringe verteenwoordig dui min of meer die aantal beginselrelasies wat hier ter sprake is, in die gesigsveld.*

geloof ensovoorts.

2.2.4.2 Die ***ruimtelike*** aspek van geloof

Geloofsruimte [fisiese vergaderplekke]; ruimte in die gemeente programme vir kategese; geloofsruimte wat ruimte [nie-fisies] laat vir ander se ervaringe van geloof; Belewing van geloofsafstand tussen mens en God a.g.v. sondebesef; plek [prioriteit] vir geloof in my lewe; geloofsuitreiking wat nie net na binne gekeer is nie; intimiteit [nabyheid] in jou verhouding met God; is God ruimtelik ver van my of baie naby ensovoorts.

2.2.4.3 Die ***kinematiese*** aspek en geloof

Dinamiese of statiese geloof, maar geloof kan ook nie sonder die konstante nie d.w.s., nie net nuwe dinge nie; geloofsbeweging ensovoorts. Geloofsvastigheid [-sekerheid] t.s.v. die voortdurende verandering en groei in die verhouding; die gronde vir die vastigheid [konstantheid]; kontinuïteit in geloof of soos ons dit ook ken as 'commitment'.

2.2.4.4 Die ***fisiese*** aspek van geloof

Geloofsenergie; eie geloofsprosesse; watter prosesse funksioneer in die geloof? Kan dit maklik onderskei word en is dit begripsmatig of maar idee-matig te verstaan; geloofswarmte in die gemeente/erediens; energie [fisies] om vir die kerk te werk ensovoorts.

2.2.4.5 Die ***biotiese*** aspek en geloof

Lewenskragtige geloof; lewe nie metodisties gewek, maar lewenskragtig deur genade; geloof kan nie self aan die lewe gehou word nie; hoe gesond is my geloofslewe; wat is 'n gesonde geloofslewe? watter groeikrag is daar in my verhouding met God; wat beteken dooie hout in die gemeente; verskillende stadia in geloofsgroei wat onderskei kan word; doodsheid in my verhouding met God en wat dit veroorsaak ensovoorts

2.2.4.6 Die ***sensitiewe*** aspek van geloof

Geloofsbelewenisse; belang van gevoelsgeloof vir lidmate; geloofservaringe wat lidmate [sleg en goed]; musiek skep atmosfeer [sekere gevoel] in die byeenkomste;

al die sg. affektiewe kante van geloof; hoe beïnvloed gevoels-geloof lidmate se verhouding met God; hoe sensitief is ek vir God in my lewe ensovoorts.

2.2.4.7. Die ***logiese*** aspek van geloof

Geloofsbegrippe; logika? in verhouding met God werk nie -- genade van God kan nie begryp word nie; iemand wat God logies wil verstaan, begryp nie dat mense slegs idee-matig oor God kan dink, sonder om irrasionalisties te wees; aanleer van geloofskennis of nie ensovoorts.

Die feit dat geloof dus verband hou met die analitiese aspek van die werklikheid, vereis dat geloofsanalise as een element van geloofsontsluiting verreken moet word. Geloofsanalise hou verband daarmee dat geloof, in die mate wat ons instaat is om meer ***insig en begrip daarvan*** te hê, ***ontsluit word***. Geloofsopvoeding het dus in dié verband die verantwoordelikheid om lidmate te help om verskillende ***geloofsbegrippe*** duidelik te kan onderskei. Lidmate moet *byvoorbeeld* kan onderskei tussen begrippe soos verdienstelikheid en genade in die versoeningsboodskap van die Bybel; wat beteken wedergeboorte in onderskeiding van bekering, ensovoorts. Hierdie onderskeidingsvermoë het op sy beurt weer verband met ***logiese kennis*** wat alleen in 'n leerproses opgedoen kan word.

2.2.4.8 Die ***historiese*** aspek van geloof

Geloofskrag; geloofsvorming; geloofskultuur; geloofsontsluiting; opvoedingsmetodes; verskillende geloofsvorme; konteks van geloof; geloofskontak met ander gelowe; die aard van geloofsvorming o.l.v. die magswerking van God deur die Woord; die verskeie vorme van Woord-mag; die kragte van die geloofstradisies in die vorming van geloof ensovoorts.

Dit is m.i. van belang in hierdie verband intensief aandag te gee aan die kwessie dat kategese volledig erns moet maak met die ***historiese konteks*** waarbinne dit werksaam is.

Dit moet in die eerste plek uit die bogenoemde duidelik wees dat kategese [resp. enige kerklike aksie] in 'n netwerk van relasies tot die werklikheid staan.

Trouens dit funksioneer tog binne die volle aspekte-rykdom van die werklikheid en boonop in verband met ***elke ander saak*** wat op sy beurt ook binne al die aspekte van die werklikheid moet funksioneer.

Die magdom relasies wat hieruit volg, gaan eintlik heeltemal bo die denker se begripsvermoë uit. Die feit dat historiese ontsluiting onder leiding van allerhande magte en kragte ook nog op alles van toepassing is en elke entiteit, verband, gemeenskap, individu, ensovoorts ook nog normatief of anti-normatief na die subjeksy kan reageer, laat een groot dinamiese werklikheid voor ons oopgaan. Enigeen wat realisties probeer wees, sal hieruit moet ontdek dat 'n atomistiese benadering van enige saak, net eenvoudig nie verantwoordelik en haalbaar is nie.

2.2.4.9 Die ***simboliese*** aspek van geloof

Verskillende benaminge van my geloofsverhouding; benaming van geloofsverband [kerkverband of gemeente]; die simboliek van die sakramente; die kruis; alle ander simbole wat gebruik word om die verhaal van die geloof sigbaar en beleefbaar voor te stel; die armoede aan simbole; misbruik van simbole; die geloofsbelydenisse wat simbole genoem word; die simboliek van ampsdraers; simboliek van kerklike kleredrag; wat is geloofstaal? Is daar so iets soos kanseltaal of kerktaal? Wat is gebedsvorme anders as geloofstaal; hoe belangrik is taal in die erediens en kategese; die belang van Bybelvertaling vir geloofsgroei; geloofskommunikasie-prosesse; is die erediens of ander byeenkomste eenrigting-kommunikasie of nie ensovoorts.

Hierdie faset van ons geloofslewe kan baie leer van veral die Anglikaanse en *Rooms-Katolieke* Kerk wat deur die eeue 'n geweldige skat van simbole bewaar het.

2.2.4.10 Die **sosiale** aspek van geloof

Die kerkverband gee uitdrukking aan die gemeenskap van die gelowiges; hoe gaan gelowiges met mekaar om en hoe nie; hoe en waar verkeer ons met God; wat behels ons omgang met God en die verband daarvan met ons onderlinge omgang met mekaar? In watter mate is ons gemeenskap in die gemeente blote sosiale verkeer of is dit verdiep in geloofsverkeer; die klem op kleingroepe in die kerk wat omgang tussen

gelowiges kan verdiep; die hele kwessie van die mode van huiskerk -- is dit nog kerklik of 'n oorspanning van die sosiale aspek binne die geloofsaspek?

Soos hierbo in kort uiteengesit is dit duidelik dat die kategetiese taak van die kerk ook die sosiale aspek van die werklikheid betrek. Intern beteken dit dat lidmate met mekaar moet leer kommunikeer soos gelowiges dit doen. Koinonia moet lidmate onderling aan mekaar bind en die gemeente moet beleef dat niemand in die gemeente los van mekaar kan bestaan nie. Die onderlinge verbondenheid van lidmate; hulle omgang met mekaar, d.w.s. die sosiale kant van ons geloofslewe, sal dan ook 'n atmosfeer van hartlikheid en spontaniteit skep waarin elke lidmaat klein en groot se geloof moontlik kan verdiep word.

Ekstern leef lidmate in 'n menigvuldigheid van sosiale relasies waarin die wet van God vir die sosiale talle verantwoordelikhede vereis. Die oorspanning van individualisme en universalisme wat antinormatiewe sosiale optrede tot gevolg het, sal gelowig afgesweer moet word sodat lidmate ook op die terrein van die lewe wat te groot is om hier breedvoerig te bespreek, nie braak gelaat word vir die Koninkryk van God nie.

* Sosiologiese strukture waarmee die kerklike kategese rekening moet hou.

  In 'n Reformatories-wysgerige[122] kyk op die samelewing word tussen verskillende vorme van omgang tussen mense en strukture onderskei. Hierdie verskillende vorme van omgang het direk te make met die verhoudinge tussen die sosiale aspek en al die ander aspekte van die werklikheid.

* Samelewingsverhoudinge of -strukture wat nie gebind is in 'n hegte eenheid nie.

  Lidmate wat by die kategese betrek is, leef buite die kerkverband in verskillende

---

[122] *Vir 'n volledige kosmologies-uitgewerkte analise van die samelewing en al die relasies betrokke, vergelyk DFM Strauss se 'Inl.eiding tot die Kosmologie' 1979:176-197 Sonder om hom oral aan te haal, maak ek vryelik gebruik van sy insigte. Die rede waarom ek vir hierdie beskrywing van die samelewing kies, is omdat die moderne sisteme-teorieë 'n reaksie verskynsel is en myns insiens te veel elemente van die rasionalisme en die universalisme as onderbou verteenwoordig. Die reformatoriese wysgerige benadering hou myns insien baie meer balans omdat dit die volle kosmologie voortdurend probeer verreken.*

individuele/groepe verhoudings wat nie regtig 'n hegte totaliteitskarakter vertoon nie. Dit is inderdaad meer losse verhoudings wat lank of kort kan duur. As ons so 'n struktuur analiseer is dit duidelik dat ons hier kosmologies met die verhouding tussen die sosiale-, die getals- en ruimte-aspekte te doen het. Die losse, naas mekaar staande verhoudings dui tog op meer as een naas mekaar wat te doen het met getal. Die duursaamheid van sulke* verhoudinge verwys na die kinematiese [kontinuerings] aspek. Ons sê hierdie struktuur waarby lidmate betrek is, is nie 'n hegte struktuur nie omdat die wisseling van die persone in die verhoudings, die struktuur se voortbestaan bepaal. Wisseling het weer direk te make met die fisiese aspek.

As een van die lede van *byvoorbeeld* so 'n losse vriendskapsverhouding uit die verhouding sou onttrek, bestaan die struktuur doodgewoon nie meer nie.

* Samelewingsverhoudinge wat as 'n solidêre eenheid gebind is maar nie noodwendig 'n ingeboude gesagstruktuur het nie

Hierdie soort verbintenisse het sodanige ***intergrasie*** van mense dat wisseling van lede deur onttrekking of iets anders wat mag gebeur, nie die struktuur laat verkrummel nie. Hierdie samebindende effek wat die struktuur laat bly 'leef' al wissel die lede, verwys na die ***biotiese aspek*** van die werklikheid. Sulke verbintenisse veronderstel verder dat die lede wat tot die groep wil behoort, moet kan onderskei [logiese aspek] wat die gemeenskaplike belange van die struktuur is. So 'n belange-groep wat wil bly voortbestaan vertoon ook 'n geweldige onderlinge sensitiwiteit [psigiese aspek] vir mekaar se gevoelens en belange en daarom moet die lede onderling die regte bevoegdheid hê om pro-aktief op te tree indien enige gevaar die onderlinge verbondenheid bedreig. Gemeenskaplike belange en onderlinge sensitiewe begrip vir mekaar het 'n geweldige bindende greep op sulke strukture en die kerk moet in sy kategese taak deeglik hiermee rekening hou.

* Samelewingsverhoudinge wat as solidêre eenhede met 'n permanente gesagstruktuur funksioneer

Hierdie samelewingsverhoudinge staan bekend as ***verbande*** waaronder die skool en universiteitswese, die kerk, die bedryf, die gesin, die verenigings en klubs

ensovoorts tel.

In die tradisie van die Reformatoriese Wysbegeerte word gemeenskappe van verbande in beginsel onderskei omdat een van die konstituerende elemente hierbo genoem ontbreek. In die verband sou 'n volk derhalwe 'n gemeenskapsverhouding wees aangesien dit geen permanente gesagstruktuur besit nie.

Die huwelik is ook 'n gemeenskap aangesien dit op sy beurt weer nie oor 'n solidêre eenheidskarakter beskik nie. As een van die betrokkenes in die huwelik *byvoorbeeld* te sterwe kom, d.w.s. as die lede van die verhouding wissel, hou die verhouding op om te bestaan [vgl. Dooyeweerd Vol 3,1984:304-339]; Strauss 1979:188-189].

'n Verdere onderskeiding wat in die genoemde verbandsverhoudinge gemaak moet word, is dat sekere verbande ook 'n institutêre karakter het en ander nie. Die kenmerk van 'n institutêre verband is dat dit die mens se lewe permanent beheers en dat ons eintlik onafhanklik van ons wil daarby betrokke is [vgl. Dooyeweerd Vol 3, 1984:187]. Voorbeelde hiervan is die staat, die huwelik, die gesin/familie. Dink maar aan die bekende spreuk: 'Iemand kan sy vriende kies maar ongelukkig nie sy familie nie', wat hierdie standpunt bevestig. Die kerk is derhalwe ook institutêr omdat verbondskinders as lidmate van die kerk gebore word en voor hulle kon kies, gedoop is om hulle lidmaatskap en inlywing te bevestig. Strauss merk in die verband skerp op: 'Sektes wat die kinderdoop verwerp, loon daarmee ... die institutêre aard van die kerk.' [Strauss 1979:190] en daarmee die bindende karakter wat die kerk op ons lewe het.

Wat van groot belang is, is die feit dat hierdie bindende verhoudinge waarin mense lewe nooit 'n totale greep op hulle lewe mag uitoefen nie. Naas hierdie institutêre verhoudinge waarin ons lewe gebind is, funksioneer die mens ook in talle ander 'losser' maatskaplike verhoudinge wat naas die institutêre bestaan en hoegenaamd nie in stryd daarmee nie.

Dit is byvoorbeeld baie belangrik om hieruit te ontdek dat my gesinsverbintenisse wat my lewe inderdaad ingrypend bepaal egter nooit vanweë die institutêre aard

daarvan my lewe noodwendig oorheersend hoef te bepaal nie. Iemand wat derhalwe uit 'n gebroke huis kom, is daarom nie gedetermineerd om self ook 'stukkend' te wees nie. Daar is talle ander relasies waarin so iemand betrokke kan raak wat kan bydra dat hy/sy nog altyd sinvol kan lewe.

Die hele kwessie van individualisme versus universalisme kom op die manier in die spel. Geen verband of gemeenskap het 'n oorkoepelende greep op die individu se lewe nie. Indien dit wel so sou wees, dink ons universalisties oor so 'n verband of gemeenskap. Aan die ander kant is die individu ook nie weer in alle opsigte vry om te maak soos hy/sy wil nie, d.w.s. 'n geslote eenheid wat selfgenoegsaam in interaksie met ander individue leef nie. Dan dink ons weer in terme van die individualisme wat op sy beurt die getalsaspek van die samelewing verabsoluteer. In die gesin is die enkeling uit die aard van die saak gebind en onselfgenoegsaam afhanklik en verantwoordelik. Dit maak so iemand egter nie 'n gesinslaaf wat so deur die gesinsbindinge beheers word dat ander relasies onderdruk word nie.

Die beginsel is eenvoudig: daar is geen spanning tussen die getals- en ruimteaspekte nie, die een mag net nie ten koste van die ander oorbeklemtoon word nie.

* Die onderskeiding tussen samelewingsverhoudinge en sogenaamde mode-kulture waarby mense betrokke mag wees

  In terme van die sisteemdenke, blyk dit dat mense in die samelewing in allerlei sisteme betrokke is en vanuit bepaalde sisteme funksioneer. Sisteme word in die verband onder meer gedefinieer as 'n *'...sirkulêre organisasie met 'n konsensuele domein sodat die gedragspatrone en die betekenis van die gedrag kontekstueel verstaan moet word omdat dit daar pas [fit]. Die kommunikasie [handelinge] en gedragspatrone is gevul met simbole, metafore, rituele, tradisies, sintoekennings, ensovoorts, wat kontekstueel betekenis het.'* [De Jong van Arkel 1991:71]

Die vraag is of die volgende modes [vogues] tipiese sosiale vorme of historiese spitse is van 'n bepaalde kultuurperiode en hoe grens mens dit af van wat met sisteme bedoel word. Wat is sisteme in terme van die kosmologie? Hierdie patrone het egter ongetwyfeld 'n baie sterk invloed op mense en is mede-bepalend hoe iemand die

evangelie hoor en uitleef. Daarom is dit baie belangrik om 'n duidelike begrip te hê vir die sosiale relasies waarin mense in die opsig staan.

* Musieksmaak van 'n bepaalde musiek-kultuur
* Spesifieke taalstyl en mode van taalkommunikasie
* Televisie-kultuur
* Ontspanningskultuur
* Modestyl
* Morele styl
* Logiese styl [Jongmense wil *byvoorbeeld* in 'n bepaalde ontwikkelingsfase nie logies argumenteer en oorsake vir probleme bedink nie, maar eerder doodgewoon lewe van dag na dag. Nie bekommerd oor môre nie.] Let Wel: hierdie aangeleenthede is ook ter sprake as analogieë in die historiese aspek wat verband hou met 'n analogie van die sosiale in die historiese met konsekwensies vir die geloof.

2.2.4.11 Die ekonomiese aspek van geloof

Wat is geloofseksesse [oorbodighede] on-ekonomies in die geloof; oordrewe [ongebalanseerdheid] geloofsenergie; dankoffer as geloofsgawes; ekonomies handel met geloofsgeld; oorspandering op luukse geboue en middele.

Die historiese konteks van die gemeente sal bepaal hoe almal hulle tyd en ander middele sal spandeer om maksimum daarin te slaag om lidmate se geloof te verdiep. Lidmate sal ook van jongsaf daarin geoefen moet word om hul geldelike bydrae vir die instandhouding van die gemeente se hele infrastruktuur en betrokkenheid van die kerk in wyer verband, as 'n geloofsdaad te beleef. Daar moet derhalwe geleenthede geskep word, byvoorbeeld in die erediens, dat lidmate hul sg. dankoffer [ekonomiese verantwoordelikheid teenoor die kerk] as 'n geloofsdaad na behoefte opofferend kan gee. Andersyds is die hantering van die gemeente-fondse 'n tipiese ekonomiese bedryf waarin die Skeppingswoord van God, *nl.*. dat met alles spaarsamig omgegaan moet word, in geloof gehoorsaam moet word. Die geleenthede om lidmate by geloofsprojekte in die verband te betrek, is legio en moet as uitdaging aan die

gemeente gestel word om hulle geloof ook op die wyse te versterk. Gewoonlik dien die seën wat die Here op sulke projekte gee, as 'n geweldige versterking van lidmate se geloof. Hierin word opnuut gelowig ontdek dat die Here werklik, ook op ekonomiese gebied, voorsien.

2.2.4.12 Die estetiese aspek van geloof

Geloofsharmonie -- gelowiges dien harmonies saam; die skoonheid van kerkmusiek; die harmonie in die leraar se liturgie; die skoonheid/argitektuur/estetika van die aanbiddingsplek.

2.2.4.13 Die juridiese aspek van geloof

Die tydelike kerkverband het ook 'n taak om lidmate te katkiseer in die feit dat geloof nie los staan van ordelikheid nie. Alle organisasie in die gemeente wat deur bevoegde lidmate onderneem word, ook onder leiding van ampsdraers, moet altyd stiptelik en volgens die korrekte orde van die kerk in wyer verband, maar ook volgens plaaslike ordereëls geskied. Hierdie is 'n deurlopende oefening en ontsluiting van lidmate se geloofslewe op kerklik-godsdienstige gebied. En waar lidmate of ampsdraers hulle nie by die orde hou nie, moet dissiplinêr opgetree word. Weer eens moet in die geloof gedoen word in opdrag van die Here wat in sy Woord beklemtoon dat ons mekaar nooit mag toelaat om onordelik te leef soos ons wil nie. Projekte om areas van onordelikheid in die gemeente aan te spreek, moet *weer eens* identifiseer word en alle lidmate moet daarby betrokke gemaak word. Jongmense kan langs hierdie weg in hulle geloof gebou word deur onderling vir mekaar verantwoordelikheid te aanvaar. Die kerk het ook 'n kerkorde, wat nooit 'n kerkwet mag wees nie. Wat is wettiese geloof? Geloofsvryheid? Wat is regverdiging in die geloof? Wat beteken billikheid in die verhouding met God en met mekaar? ensovoorts.

2.2.4.14 Die etiese aspek van geloof

Die kerk se opvoedingswerk sal ook te make moet hê met die ontsluiting van lidmate

se onderlinge liefde vir mekaar.

Hierdie liefde het veral betrekking op die feit dat gelowiges mekaar ***moet*** liefhê ten spyte van wie die iemand is of wat so iemand doen. Hierdie soort liefde doen 'n beroep op die Christen se geloof. Dit is liefde wat geleef word omdat die lidmaat die Here op sy Woord vat bloot omdat Hy so sê. Sulke liefdesdiens is werklik om te glo wat ek spreekwoordelik nie kan aanskou nie.

Projekte van diens van barmhartigheid waar onbaatsugtige liefdesdiens aan mense waarvan die kerk niks terug kan verwag nie, sal georganiseer en ongeorganiseerd aangepak moet word om al die lidmate te laat ontsluit in hulle geloof op die terrrein van liefdesdiens. Hoe dit georganiseer moet word is nie hier ter sprake nie, maar sal later aandag geniet. Terugvoer en bespreking van sulke projekte kan ook help om beter onderskeidinge te maak wat weer eens die analitiese aspek van die geloof in die verband beklemtoon.

Ekstern sal die kerk lidmate onder meer moet help ontdek dat liefde veral in huwelik en gesin geleef moet word. Lidmate sal gehelp moet word om te onderskei wat beteken dit vir man en vrou om mekaar in die huwelik lief te hê en te aanvaar dat hierdie eiening van wat huweliksliefde as Skeppingswoord van God vir hierdie soort gemeenskap inhou, gelowig eerbiedig moet word. Lidmate moet op die manier beleef dat geloof konkrete konsekwensies vir die manier van leef in huwelik en gesin het. Daar bestaan geen twyfel daaroor dat die kerk lidmate in die verband wat hulle geloof betref gebiedend noodsaaklik sal moet help nie. Die historiese konteks waarin hierdie strukture verword het, maak dit 'n prioriteitsaangeleentheid.

3. SLOTOPMERKING

Hierdie aantekeninge is aan die einde van hierdie hoofstuk gemaak met die doel om die omvangryke taak van kategese aan te dui. Dit moet hieruit duidelik wees dat die praktiese inrigting van die kategese bediening nie sonder deeglike beplanning sal kan funksioneer nie. Die laaste hoofstuk sal hieroor handel.

HOOFSTUK 10

KATEGESE-PRAXIS

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Die voorafgaande beskrywing van wat ek onder kategetiek verstaan, sou vrugteloos wees indien dit nie tot 'n bepaalde en meer bevryde kategese-bediening in praktyk lei nie. Omdat daar so baie teoretici in hierdie veld van die teologie deur die eeue oor hierdie onderwerp nagedink het en daar vandag nog net só baie besig is om met erns en ook kraaknuut daaroor te besin, besef ek hoe gering hierdie sogenaamde alternatiewe bydrae tot die praktyk van die kategese is en dat daar inderdaad, na luid van die spreuk, *niks nuuts onder die son is nie*. Dit neem egter niks weg van my oortuiging dat ek glo dat hierdie studie tog wel 'n bydrae tot die vernuwing van kategese, veral in die Ned. Geref. Kerk kan lewer nie.

Ek begryp verder dat die resultate van hierdie studie, hoe praktykgerig dit ookal probeer wees, nog maar altyd net op papier geskryf staan; daar is 'n baie groot verskil tussen praktiese kategese op papier en praktiese kategese wat week na week in die ritme van gemeente-wees moet gebeur.

Die konklusies wat vervolgens vir die praktyk van die kerk se kategesebediening getrek word, sal volgens my logika, na aanleiding van die ***teorie oor die basiese vertrekpunte van kategetiek*** moet wees. Kategese-vernuwing begin m.i. nie by regstellings wat uiteindelik hoofsaaklik net op alle vorme van metodiek/hulpmiddels afgestem is nie. Dit maak metodiek/hulpmiddels natuurlik nie minder belangrik as sou dit teenoor die teorie staan nie. Die argument is slegs dat vernuwing nie by metodes, vorme ensovoorts behoort te begin nie. 'Nie nuwe vorme nie, maar nuwe harte'[De Graaff 1972:95vv], was die leuse van vele hervormers deur die loop van die eeue.

2. KATEGESE IN DIE PRAKTYK VAN DIE KERKLIKE BEDIENING

2.1 Geen aparte kategese-struktuur nie.

Die eerste relatief ingrypende konsekwensie van die teorie, wat in die vorige hoofstuk

oor kategese beskryf is, en wat die praktyk van kategese in die bediening direk raak, is dat die struktuur van kategese soos ons dit in die Ned. Geref. Kerk ken [vgl. die profiel daarvan in hoofstuk 3], ***heeltemal behoort te verdwyn.***

Indien kategese ***slegs die logies-analitiese element van geloofsopvoeding is*** [vgl. hoofstuk 9 punt 2.2.3.5], kan dit prinsipieel ***nooit as 'n selfstandige aksie,*** met 'n eie struktuur naas ander kerklike aksies in die gemeente funksioneer nie. Om 'n aspek van 'n aksie tot 'n aksie self te verselfstandig, is om uiteindelik 'n aksie binne 'n aksie te ontwikkel; dit is om 'n kerk in 'n kerk te hê. Ons het dus hier met 'n ***fundamentele*** verskil ten opsigte van die bestaande kategese-stelsel te doen. Dit sal noodwendig die gemeente-bediening soos ons dit in die Ned. Geref. Kerk ken, omvangryk raak.

2.1.1 'n Praktiese voorbeeld van 'n kategese-bediening volgens my alternatiewe visie.

Elke gemeente het 'n reeks bedieninge, wat volgens die eise van die betrokke gemeente en gemeenskap waarin dit diensbaar is, histories onder leiding van die Woord ontwikkel het. Vanuit die bediening van die Woord, ontwikkel daar byvoorbeeld 'n honger na Bybelstudie en só ontstaan 'n Bybelstudiegroepbediening. Die volgende kwessies [aspekte van geloof] is by 'n model Bybelstudiegroep ter sake en die verband met die kategese-bediening sal terselfdertyd prakties aangespreek word. Die aspekte van die geloofsbediening sal telkens kursief aangedui word:

2.1.1.1 Die voorbeeld self.

* Die Bybelstudiegroep se geloofsverhouding met God [hulle eie geloofsverhaal] behoort, in die lig van 'n totaalvisie van geloof, weekliks verdiep [opvoedend ontsluit] te word, deurdat die groep in die eerste plek ervaar dat hulle 'n unieke groep ***[getalsanalogie],*** onderskeie van ander groepe in die gemeente is en elke lid daarvan met reg opbouend trots daarop kan wees om by dié spesifieke groep ingeskakel te wees.
* Die groep het voorts besluit om hulleself 'n naam te gee *nl.*., die Maria-Bybelstudiegroep ***[simboliese analogie]***. Hierdie naam simboliseer vir die groep 'n bepaalde soort identiteit wat vir elkeen iets inspirerends inhou.

* Hulle het elkeen 'n 'commitment' ***[kinematiese analogie van vastheid en beweging]*** teenoor mekaar as lede en teenoor die groep, *nl.*. om getrou na die byeenkomste te kom en elkeen van hulle ondervind die opbouende waarde daarvan as lede nie sommer ligtelik van die byeenkoms wegbly nie.
* Die meeste van hulle kom stiptelik, op die afgespreekte uur vir hulle Bybelstudie bymekaar, want hulle werk spaarsamig ***[ekonomiese analogie]*** met mekaar se geleende en kosbare tyd.
* Hulle het ook al mettertyd die afstande [***ruimtelike analogie]*** wat tussen stadsmense in hulle gejaagde lewe ontwikkel het, goed oorbrug en hulle voel al baie nader aan mekaar as toe hulle begin het; hulle is in die verband al só ver gevorder dat hulle op persoonlike vlak hulle eie geloofsverhale met mekaar deel. Hulle wil egter nie eksklusief en geslote wees nie; hulle is volwasse genoeg om grense na ander mense oor te steek en moontlike uitbreiding en afstigting van die groep indien dit te groot word, te aanvaar [***alles ruimte analogieë].***
* Hulle drink gewoonlik by die byeenkomste saam 'n koppie tee en geniet mekaar se geselskap ***[sosiale analogie]***, wat opbouend op hulle onderlinge verhoudinge inwerk. Hulle is al 'n hegte ***[fisiese analogie]*** groepie.
* Hulle word in die proses van saamwees en Bybelstudie doen, waardeur sekere geloofsbegrippe en insigte ***[analitiese analogie]*** met mekaar gedeel word al meer gevorm ***[historiese analogie]*** om in die regte spiritualiteit toegewyd voor God en mekaar te leef.
* Sommige van hulle getuig ook in die groep én na buite van groei ***[biologiese analogie]*** in hulle verhouding met God en met mekaar.
* Hulle het inderdaad 'n mooi ***[estetiese analogie]*** verhouding met mekaar wat algaande nog groter harmonie in hulle onderlinge verhoudinge bring; hulle staan bekend as 'n heel 'oulike' groep.
* Hulle het ook al geleer om mekaar ten tye van nood liefdevol en onbaatsugtig ***[etiese analogie]*** te help en te dien en nie gevoelloos te wees

[psigologiese analogie] teenoor die nood wat soms onder hulle ervaar word nie.

* Hulle groep wil nie graag leerstellings wat vreemd aan die orde van die kerk ***[juridiese analogie]*** is, verontagsaam nie en daarom stel hulle hul gewillig onder die toesig van die kerkraad.
* Elke keer word dit onder hulleself bevestig dat hulle in die Bybelstudiegroep ervaar dat hulle vertroue ***[geloofsanalogie]*** in God met groter sekerheid in hulle lewe groei.
* Daar is regtig 'n krag wat uit die groep uitstraal wat warmte ***[fisies-chemiese analogie]*** in die gemeente help skep.

Die bogenoemde is min of meer hierdie model Bybelstudiegroep se geloofsverhaal, wat op 'n spontane manier week na week in 'n sinryke eenheid en totaliteit uitgebou en verdiep word.

En let wel, nie een van die aspekte van hierdie lidmate se geloofsverdieping wat hier genoem is, is belangriker as die ander nie.

Die groep se ingesteldheid om ***stiptelik*** by die byeenkomste op te daag behoort tog nie belangriker vir die groep en vir God te wees as die feit dat hulle mekaar soms ook ***onbaatsugtig dien*** as daar nood in die gemeente en onder hulle self is nie. Net so behoort die verskeie ***insigte***, wat die groep mettertyd deur studie bekom, tog nie belangriker te wees as die feit dat hulle as groep werklik ***naby aan mekaar*** voel nie. Dit wil sê in die voorbeelde hierbo, staan die ***ekonomiese, die etiese, die logiese analities- en die ruimtelike aspekte*** van hulle geloofsverhouding nie antiteties teenoor mekaar nie. Die voortdurende wedywering tussen sogenaamde kognitiewe, konatiewe en affektiewe [almal vereensydigings] geloofshandelinge, is hiermee ten minste prinsipieel oorbrug.[123]

---

[123]. *Die onderskeiding tussen kognitief, konatief en affektief in geloofs- en ander menslike handelinge is 'n poging om 'n totaalperspektief op die werklikheid van onder meer geloof te verkry. Dit appelleer ook op die feit dat die mens se vermoë om te ken, te wil en te verbeel lank reeds onderskei is. Dit is uit die onderskeidinge*

2.1.1.2. Die verband met die kategesebediening.

Daar kan natuurlik 'n spesifieke behoefte in hierdie Bybelstudiegroep ontwikkel [konteks van die gemeente] om meer spesifiek in hulle geloof onderrig te word. Dit wil sê, sommige lede van die groep kan dalk die behoefte hê om bepaalde ***geloofsbegrippe*** duideliker genuanseerd, ter wille van hulle geloofsontwikkeling, omlyn te kry [vgl. diagram hoofstuk 9, par. 2.2.3.4]. Om meer omtrent jou geloof te verstaan, is inderdaad verdiepend en verhelderend. In dié verband kan lede uit die groep of dalk die leraar, gevra word om leiding te neem.

Wanneer dit gebeur, word die logies-analitiese element van die geloofsverhaal van die groep in die besonder beklemtoon. Hierdie proses van begripsverdieping en -verheldering impliseer dat daar praktiese kategetiese onderrig in die Bybelstudie-groep plaasgevind het.

Hierdie aspek van die geloofsopvoedingsproses sal dan vir 'n bepaalde tyd, volgens die kultuur [konteks] van die groep, mag voortduur. Onder hierdie spesifieke omstandighede vind daar 'n kategetiese bediening in die dieselfde Bybelstudie-groep plaas; onder leiding van 'n ***kategeet***, as hulle dit só verkies.

En let wel, ***al die moontlike temas*** wat in hoofstuk 9 as analogieë onderskei is [vgl. hoofstuk 9 paragraaf 2.2.4], kan en behoort in hierdie proses ***lerend*** aangespreek te word.

In die geval van die aktiwiteite van die Bybelstudiegroepbediening hierbo beskryf, kan een voorbeeld van 'n *kategeseles* soos volg aangedui word:

> Sommige lede of dalk die hele groep kan begin laks raak om stiptelik by die byeenkomste op te daag. Daarom sal dit dalk soms nodig wees dat die 'kategeet' van die groep *byvoorbeeld* 'n paar keer met hulle moet praat oor die feit dat stiptelikheid in geloofskonteks [ekonomiese analogie wat begripsmatig onderskei word] 'n belangrike element van geloofsvolwassenheid is. Die leier

---

hierbo duidelik dat hierdie onderskeidinge slegs met drie aspekte van entiteite werk en daarom noodwendig die ander verwaarloos deur eensydig te verword.

sal dalk selfs uit die Bybelverhale soortgelyke voorbeelde van stiptelikheid en verantwoordelikheid in geloofsgenote se lewens destyds kon noem, wat dan rigtinggewend in die Bybelstudiegroep se eie geloofsverhaal oorvertel en gedeel kan word. Dan het die groep oor hierdie aangeleentheid ***kategese lesse*** [selfs Bybelgetroue kategese] gehad. Die verhale en belydenisse van ons Gereformeerde voorvaders in die Ned. Geref. Kerk kan ook betrek word en dan het die Bybelstudiegroep ook ***belydenisgetroue*** kategese gehad.

Die groep sal uit die aard van die saak ook in dié genoemde onderrig-proses, dit wat hulle byvoorbeeld oor stiptelikheid ***leer*** onderskei het, moet ***onthou***; anders het die ***kategese*** nie sin gehad nie of sal dit weer oorgedoen moet word. Hulle sal egter nie nodig hê om hieroor eksamen te skryf nie, want hulle sal protesteer daarteen dat hulle nie in die ***skool*** is nie, maar ***kerklik*** betrokke is.

Wat op die genoemde Bybelstudiegroep hierbo beskryf, van toepassing is, sal presies netso op alle ander kerklike bediening/aksies [geloofshandelinge] van toepassing wees. Dit geld die erediens, die jeuggroep, die barmhartigheidsbediening, die evangelisasie-aksie ensovoorts.

Telkens sal al die analogieë binne die geloofsaspek, d.w.s. die onvermydelike sinsamehang binne die geloofsfunskie, die kerkaksies bly herinner dat alle aspekte van die werklikheid gelykmatig in hulle geloofsopvoeding aandag behoort te kry. Maar dat afhangende van omstandighede, sekere aspekte in die opvoedingsproses ook groter beklemtoning behoort te verdien.

Die uitreikgroep in die gemeente is 'n goeie voorbeeld van hoe 'n kerkaksie verskillende aspekte van geloof in dieselfde aksie kan beklemtoon. By elke geleentheid as hierdie groep bymekaar kom met die doel om na kerklose mense uit te reik, vind daar 'n verskuiwing van beklemtoning in hulle geloofsopbou plaas. Want die aksie begin eerstens met 'n beklemtoning van die ***logies-analitiese*** aspek van hulle geloofsopbou, omdat hulle vir ten minste 'n uur vir letterlike ***onderrig*** bymekaar kom

[indiensopleiding], sodat hulle beter toegerus kan wees om sekere ***geloofsbegrippe*** in hulle uitreikwerk te hanteer. Dan vind 'n ***egte*** kategese-proses [dit wil sê, hierdie kategese-proses is niks minder of meer kategese as die kategese-proses waaraan ons in die Ned. Geref. Kerk op Sondae na die erediens vir kinders gewoond is nie] in die groep plaas. Maar daarna gaan die uitreik-groep vir nog 'n uur of meer uit om hulle geloofsverhaal met die kerkvervreemdes in die gemeenskap te deel. Dan is dieselfde groep, wat sopas in 'n kategese-proses gewikkeld was, weer 'n diensgroep na buite, waarin die klem nie meer op die logies-analitiese val nie, maar op geloofsuitbreiding, dws die ***ruimtelike aspek*** van geloof. Dit is aangrypend hoe die verskillende beklemtoninge in die proses van geloofsgroei mekaar dan ook komplementeer. Want as die groep terugkom vir refleksie op die uitreikproses, getuig hulle van hul ervaring van geloofsverryking in gesprek met ander mense; geloofsverryking, wat dié keer nie logies-analities beklemtoon was soos in die proses vóór die uitreiking nie, maar spontaan ***in die uitreikproses*** na die kerkvervreemdes ***self*** gekom het.[124]

2.1.2. Kategese nie net aan 'n bepaalde groep of bediening nie.

Die gekose teorie oor kategese bepaal voorts op ***prinsipiële*** gronde dat kategese ***nooit*** slegs vir 'n bepaalde groep, soos byvoorbeeld die jeug, van toepassing mag wees nie. Die kategese-bediening ***moet***, ter wille van die totaliteit van geloof, in elke soort bediening van die jongste tot die oudste lidmate voortdurend plaasvind. Die verset van ouer lidmate om nog steeds gekatkiseer te word, is nie onbillik nie. Diesulkes verset hulle teen 'n bepaalde vorm van kategese, wat in die huidige kategese-skool heeltemal misbruik word. Niemand, selfs nie senior lidmate van oor die sewentig jaar oud, het egter probleme daarmee om *byvoorbeeld* week na week in die kategetiese-bediening van die uitreikaksie letterlik geleer [gekatkiseer] te word en entoesiasties

---

[124]. *Ek gee nie in diepte aandag aan die onderskeiding tussen ervaring en leer nie. Dit is egter belangrik om hier terloops aan te teken dat leer deur 'ervaring', soos in die geval van die uitreikgroep, 'ervaring' self in 'n totaalperspektief plaas. Ervaring het in die sin van 'leer deur ervaring' nie slegs op die psigoliese aspek betrekking nie. Hierdie tipe ervaring is 'n totale lewensaak wat alle aspekte van jou menswees raak.*

saam te werk nie.

2.1.3 Konsekwensies vir kategese-handboeke.

Die bogenoemde voorbeelde van hoe kategese behoort te geskied, bevestig eintlik vanselfsprekend dat die kategese-handboeke soos dit tans daaruitsien, heeltemal ontoereikend is om sinvol in die bediening te gebruik. Die handboeke is tans byna uitsluitlik net vir die jeug bedoel. Dit kan verder nooit vir elke onderskeie konteks, wat vir elke gemeente anders sal wees, toepaslik wees nie. Geen handboek kan so 'n bonatuurlike funksie vervul nie. Die gebruik van handboeke soos tans die geval is, sal derhalwe noodwendig behoort te staak omdat dit nie voorsiening kan maak vir die uiteenlopende en verskeidenheid eise van kategese soos hierbo verduidelik nie.

2.1.4 Kerkorde Bepalings

Die Kerkorde Bepalings vir die gebruik van kategese-materiaal sal in die lig van die voorafgaande ook heeltemal hersien moet word. [vgl. bepaling 50.1.2.4]. Hiervolgens moet kerkrade toesien dat ***slegs die voorgeskrewe handboeke*** wat die AJK aan die kategese as leerstof voorsien, by die kategese gebruik mag word [vgl. Agenda 1987, Noord-Kaap en Bepaling 50 van die Kerkorde]. Hierdie ordereëling gee voor dat elke gemeente se bediening aan verskillende groepe presies dieselfde moet wees. Dit veronderstel die onmoontlike, ***nl.***. dat die konteks van elke gemeente presies dieselfde is. Op die manier word kategese in 'n totale beperkende en verknegde posisie ingedwing.

2.1.5 Die benaming 'kategese' behoort te verdwyn.

Die woord 'kategese' verwys tans binne Ned. Geref. Kerk verband na 'n aparte aksie wat hoofsaaklik op Sondae na erediens plaasvind. Die voorafgaande argumente in die verband, maak dit prinsipieel onmoontlik om langer met hierdie benaming vir 'n bediening in die gemeente voort te gaan. Gemeentes behoort slegs verskillende bedieninge aan verskillende groepe lidmate te hê en behoort noukeurig sorg te dra

[kerkordelik bepaal] dat die kategetiese faset van elk van hierdie bediening genoegsaam aandag kry. Laasgenoemde kategetiese benadering wys op die absolute teenstrydigheid wat tans kerkordelik plaasvind, *nl.*. dat slegs die kategetiese werksaamheid aan die jeug kerkordelik bepaal word, terwyl daar geen melding daarvan in enige van die ander aksies van die kerk gemaak word nie.

2.1.6 Kategesebediening aan die jeug.

Omdat kategese tans hoofsaaklik 'n vorm van bediening aan die jeug is, is ek verplig om 'n paar riglyne in dié verband te trek. Die beginsels wat hierbo gegeld het, is egter netso op die jeugbediening van toepassing. Ons het reeds gekonkludeer dat die benaming 'kategese', wat hoofsaaklik na 'n jeugaksie verwys, heeltemal laat vaar behoort te word. Die bediening aan die jeug, as 'n aparte groep binne gemeenteverband, kan goedskiks 'Jeugbediening' heet. Dit is 'n totaalbegrip, wat die totaliteit van die bediening aan 'n bepaalde groep lidmate beskryf.

Die volgende struktuur vir 'n jeugbediening kan as riglyn geld:

2.1.6.1 Die jongmense behoort, na gelang van die omstandighede, in ***'n aparte belange-groepe*** in die gemeente bedien te word. Die jeug het binne sosiale konteks [vgl. die sosiale aspek van geloof in hoofstuk 9, paragraaf 2.2.4.10] 'n eie ***jeugkultuur*** wat onderskeie van die erediens en ander gemeentelike bedieninge kan en behoort te funksioneer.[Vgl. in dié verband die navorsing van Snyman oor die jeug as subkultuur en as kontra-kultuur [Snyman 1993:150,153]. Solank hierdie onderskeid van 'n aparte diensaksie, nie die eenheid van die gemeente-bediening [die gemeente se geloofsverhaal] ondermyn nie [vgl. Snyman 1993:204-206].

2.1.6.2 Die 'program' wat hulle volg, word volledig ***in samewerking met hulle*** opgestel [Dit geld natuurlik vir alle aksies]. Selfs die kleintjies sal inspraak kry. Laasgenoemde behoort in samewerking met hulle ouers te geskied. [LW. Hierdie benadering klop met die aard van opvoeding soos dit

in die studie geformuleer is en met die visie van die mens (antropologie). Mense is nie objekte van bedieningsaksies nie, maar subjekte wat daarom volledig inspraak het in die prosesse van hul geloofsopvoeding].

2.1.6.3 Om hierdie rede, is dit logies dat daar nie 'n vaste ***leerplan met leerboeke*** in die jeugaksie gebruik behoort te word nie.[125] Want 'n handboek-benadering loop noodwendig die gevaar om die lewensvrae wat in jongmense se harte opkom, te mis [vgl. Deist 1990a].

'n Handleiding vir gemeentes waarin slegs breë riglyne vir 'n jeugbediening, in lyn met die voorgestelde alternatiewe kategetiek, uiteengesit behoort te word, is meer van pas en behoort dus geskryf te word. En let wel, dan funksioneer hierdie handleiding nie wetties-verpligtend, deur die kerkorde met ***afdwingbare*** bepalings, in die jeugbediening nie, maar dien dit die kerk in wyer verband as 'n tipiese ***omsien-aksie*** op makro- en mini-vlak. Op ringsvlak sal die praktyk van ***Kerklike Visitasie*** terselfdertyd met so 'n handleiding tot sy reg kan kom, sodat gemeentes in ***ringsverband*** helpend na mekaar kan omsien; leraars en kerkrade en jeugkommissies mekaar kan bystaan om mee te werk dat 'n ***geïntegreerde bediening*** al verder uitgebou word.

2.1.6.4 Die konteks van die gemeente [vgl. Fowler 1992:343] en die kultuur van die gemeente se jongmense bepaal wat ***die program*** van hierdie jeugbediening, wat in samewerking met die jeug uitgewerk word, behoort te wees. Die vertrekpunt is dat die historiese aspek van die kerklike lewe, die kerk onder verskillende omstandighede verskillend laat vorm kry. Om dié rede is dit moeilik om voorskriftelik te wees oor wat presies die inhoud van die jeugbediening se programme behoort te wees.

---

[125]. *Kategese handboeke, soos dit tans beskikbaar is, kan ook onmoontlik in 'n geïntegreerde bediening soos in die hoofstuk voorgestel, werk nie. Die kerk sal dus so gou as moontlik hiervan moet afstand doen en in die proses derduisende rande aan uitgawes spaar.*

Wat wel van belang is, is dat die jongmense gehelp sal moet word om hulle vrae en programme ***in die lig van die geïntegreerde bediening van die gemeente*** [vgl. hieronder in punt 2.2.2.2] te stel en op te stel. Dieselfde geloofsverhaal moet tog geïntegreerd in die gemeente gehoor word sodat almal in hulle onderskeie lewensomstandighede en lewenstadia opgebou en verdiep kan word. [Dit geld weer eens alle aksies in die gemeente]. Snyman bevestig die bogenoemde met die volgende: 'Die integrering van die jeugprogram en die gemeenteprogram volg, uit 'n gesinkroniseerde gemeentevisie, as 'n absolute noodsaaklikheid'. [Snyman 1993:201]. Nel onderskryf die belangrikheid hiervan as hy op sy beurt uit 'n aanhaling beklemtoon: ' ... as die kerk sy jeug vir die toekoms wil behou, moet hy vandag vir hulle ruimte bied in sy program en aktiwiteite [Nel 1982:135].

2.1.6.5 Jeugprogramme, die Bybel en die Tradisie

Die funksionering van die geloofsvormende krag van die BYBEL is egter nie onderhandelbaar in enige van die bedieningshandelinge van die gemeente nie, en daarom ook nie in die jeugbediening nie [vgl. Schulz 1976:9-27].

Dit is slegs die ***Woordmag*** wat die geloofsgeskiedenis van elke mens en die kerk as geheel vorm en skryf [historiese analogie]. Die belangrikheid hiervan word teoreties onderstreep omdat die kerkverband in die historiese aspek van die werklikheid ***gefundeer*** is. En volgens hierdie kerkbegrip, wat ***geloofsmatig bepaal*** word, bepaal die historiese analogie binne die geloofsaspek, dat slegs die ***Woord van God*** die vormende krag in die kerkverband het.

Snyman stuit in sy navorsing oor jeugbediening op dieselfde werklikheid rondom geloofsgroei [vgl. Snyman 1993:190]. In dié verband werk hy 'n reeks praktyk implikasies uit waarin hy die vormende krag van die Woord op verskillende vlakke beskryf. Hy lê op die volgende klem:

* Fokus op die ***belewenisvlak*** van die Woord en ***nie op die kognitiewe***

omgang met die Woord nie.

* Die Woord moet ***prakties en interessant*** aangebied word.
* Die Woord moet ***gemodelleer*** word deur betroubare leiers.[126]
* Die Woord moet sterk gerig word op die maak van ***keuses en die eise van 'n nuwe lewe***.
* Die Woordbediening moet rekening hou met die ***ontwikkelingsfases*** van mense [resp. jeug]. [vgl. Snyman 1993:193-194]

Dit is duidelik uit die voorafgaande dat Snyman probeer om die volle [totaal] implikasie van die vormende krag van die Woord te beskryf, maar dat hy by gebrek aan 'n meer volledige kosmologiese visie, belangrike aspekte van die Woord doodgewoon weglaat. Hy beklemtoon in die voorafgaande die psigologiese [belewenis en prakties interessant], die simboliese [modelleer], die juridiese [eise] en die fisiologies-psigologiese [ontwikkeling] aspekte van die Woord. Mens sou wou vra of die ander vir hom nie belangrik is nie en of dit bloot onvolledig is. Hy trap ook in die slaggat om die kognitiewe teenoor die psigologiese aspekte te stel, wat soos ons gesien het, in 'n totaalsiening van geloof net nie lewensvatbaar is nie.

Mens sou verder vir Snyman wou vra: hoe is dit moontlik om een van die sentrale temas van die Woordmag doodgewoon te ignoreer? Geloof word tog ook, en dalk veral gevorm deur die krag van die Woord wat mense met **GENADE** vermurwe [liefdesaspek]. Osmer bevestig ook die belangrikheid hiervan met die volgende: 'If our goal is to create a context in which faith can be awakened, supported, and challenged, then our students must be given the chance to form beliefs that are consistent with God's trustworthiness. How does this take place? Most importantly, it takes place when we teach people

---

[126]. *Vir jongmense [resp. alle mense] het die geïnkarneerde Christus, in die vorm van gemeente-leiers en ander voorgangers, wat in die regte spiritualiteit voor God leef, 'n baie goot invloed. Geloofsmodellering speel in dié verband 'n uiters belangrike rol. Vergelyk in hierdie verband ook die bevindinge van Snyman [Snyman 1993:244-258].*

the stories of the Bible and their account of God's faithful actions, culminating in the life, death, and resurrection of Jesus Christ [Osmer 1992:25-26]. Henry beklemtoon die omvattende betekenis hiervan vir die hele gemeente; die Woord in geheel vir 'n totale gemeenskap [vgl. Henry 1977:55].

Snyman mis verder ook die historiese aspek van die Woord. Die Bybelverhale word nooit vir die eerste keer in die gemeente [resp. jeugbediening] oorvertel en deur die gemeente in hulle besondere konteks gehoor en uitgeleef nie. Die gemeente mag nooit los van die hele kerk d.w.s. die derduisende gelowiges voor hulle, funksioneer nie. Hulle wat in die loop van die ***geskiedenis*** van die kerk ook letterlik neergeskryf hoe hulle die geloofsverhale van God vir hulle tyd oorvertel en gehoor het. Dit is die sogenaamde ***tradisie*** van die kerk.

Daarom behoort die tradisie van die kerk, as nog 'n ononderhandelbare vormende krag in ons hele bediening in die gemeente as vormende krag oorvertel te word.

Ek vind ook hiervoor bevestiging by Osmer as hy sê: 'In addition to the stories of scripture, it is also important that our students be given the opportunity to form their beliefs in dialogue with the historic teachings of the church ... these teachings represent the cumulative wisdom of the church'[Osmer 1992:26].

Dit beteken dat die Bybelse verhale wat ons vir die jeugaksie week na week vertel in ons geïntegreerde bediening altyd met die wysheid van die kerk deur die eeue gekleur behoort te wees [Dit geld in mindere of meerdere mate ook vir al die aksies in die gemeente].

2.1.6.6 Die bogenoemde vereis dat die leiers in die jeugbediening en die liturg, geoefen behoort te word om die ***verhale*** van die Bybel in die lig van die wysheid van die kerk deur die eeue, werklik as verhale in die erediens en die jeugbyeenkomste te kan oorvertel.[127] Hierdie vermoë om verhalend met die

[127]. *Die belangrikheid hiervan word onderstreep deur die proefskrif van De Kock oor die kommunikasie van die geloofsverhale in verhaal-vorm [De Kock 1990] Die ondergrawing van die krag van verhale in die mens se lewe word treffend in*

Bybel, wat vol verhale en nie vol dogmatiek of uitgedinkte beginsels is nie, te werk, kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Predikante en voorgangers sal m.i. om praktiese uitvoering hieraan te gee, gereeld vir indiensopleiding in dié verband moet aanmeld.

2.1.6.7 Die tyd wanneer en die plek waar die jeugaksie vergader, sal van gemeente tot gemeente verskil en daarom kan geen vaste vorm neergelê word nie.

Binne die konteks van die Ned. Geref. Kerk se kategese-bediening sal weer eens in reaksie teen eeue se gewoontes, m.i. weggebreek moet word van die Sondag-na-die-erediens byeenkomste vir jongmense.

Hierdie byeenkomste is só oorbelas met die gedagte van 'n *skool*-byeenkoms [Sondag-skool], dat dit baie moeilik as 'n gewone kerkjeug-byeenkoms beleef kan word. M.i. het die gebruik om byeenkomste na of voor die erediens te hou deur die jare 'n gerieflike metode geword om die jeug vriendelik te verplig om die eredienste en dan sommer ook die kategese by te woon.

Ek pleit derhalwe in die lig hiervan, dat die jeugbyeenkoms op enige ander tyd as net na die erediens op Sondae, behoort plaas te vind. Die jongmense sal ook

---

storievorm deur Rushdie gedoen in die verhaal van 'Haroun and the Sea of Stories' [Rushdie:1991] Hierdie storie bring die leser voor die werklikheid te staan dat ons deur die positivisme en tegnologiese era waarin feite God geword het, verleer het om werklik verhale te kan vertel en sodoende innerlik doodgegaan het. Gerber beklemtoon dieselfde aspek [vgl. Gerber 1994:148-149]. Vergelyk ook die bydrae van Deist 1990a en Kellerman 1990 in hierdie verband.

Vir 'n uitmuntende voorbeeld van hoe hierdie 'vertellings' in beginsel behoort wees, verwys ek na Calvin Seerveld wat onder meer oor ***geloofsverdiepende*** *Woordverkondiging geskryf het. Hy het dit veral teen 'n gnostieke en intellektualistiese benadering van die verkondiging en beweer dat indien ons weer klem lê op die Ou Testament sal ons beter verstaan wat die Nuwe Testament probeer vertel. Hy sê in die verband: ' maybe [we] get caught up by the Older Testamented poignant, vivid, frontal direct address - "Behold!" "Did you see that?!" and its gritty, storied revelation ... its is very difficult to be gnostic, individualistic or anti-cultural when you hear God speaking through the whole range of the Old Testament.' 'n Tweede belangrike aspek van hierdie soort prediking is, '... the Bible [must not, MHH] speaks a language removed from daily life ... [then] ... it is taken out of the hand of ordinary man and woman; it is kept disrelated from young-blooded desires or middle-aged frustrations on the job, or from elderly crabby covetousness; it's fenced off from the playfull query of children' [Seerveld 1972:126-128]. Vergelyk ook Deist 1994 en Deist 1995.*

in hierdie opsig saam moet beplan.

2.1.6.8 Die aard van die jeug se byeenkomste berus op presies dieselfde basis as in die geval van die voorbeeld van die Bybelstudiegroep hierbo. Dié ***diensgroep behoort ook hulle geloof in 'n totaalvisie daarvan te laat ontsluit***. Ter wille van duidelikheid beklemtoon ek die volgende:

Die jeuggroep in die gemeente sal nie net uit een enkele portuurgroep saamgestel kan wees nie. Die verskillende stadia van ontwikkeling sal die jeug noodwendig in verskillende groepe [nie skoolstanderd verdeling nie] laat verdeel sodat daar ruimte gemaak sal moet word vir soveel groepe as waarin die jeug hulleself sal wil verdeel [vgl. Fowler 1981; Fowler & Keen 1985; Fowler 1988; Fowler 1991].

Die klem op kleingroepwerk word deur Snyman in sy navorsing oor jeugbedieninge breedvoerig bespreek [Vgl. Snyman 1993:207-230]. Een van die belangrike bevindinge van Snyman in dié verband, is dat 'n geloofsgroei-model van bediening hoofsaaklik in 'n hoë profiel kleingroep funksioneer, '... met 'n uiters lae profiel grootgroep funksionering' [Snyman 1993:219].

Elkeen van dié onderskeie jeuggroepe in die gemeente sal hulleself as 'n ***unieke*** groep in die bediening erken wil hê. Dit sal meer ***dinamika*** aan hulle verleen. Hulle sal egter nie moet reken dat hulle aanspraak op al die aandag het nie [die jeug het nogal hierdie selfsugtige probleem], daarom sal hulle steeds geoefen moet word om ***ruimte*** vir al die ander bedieninge in die gemeente te laat. Hulle sal aandring daarop om 'n eie bymekaarkom***plek*** te hê [eie ***ruimte***], wat hulle onderlinge gees [***gevoel***] versterk en sorg dat hulle nou met mekaar skakel [***sosiale***]. Vir een groep sal dit dalk 'n KOFFIE-KROEG wees. Hierdie groep sal heel waarskynlik ook 'n orkes saamstel sodat hulle op hulle eie [mooi] musiek kan maak wat hulle gevoel vir God behoort te stimuleer. Samesang sal 'n baie belangrike plek in party groepe se byeenkomste hê. Van die ander portuurgroepe hou egter baie meer van doen en hulle sal dinge in die natuur wil gaan saamdoen of ***werkies*** in die gemeente

verrig wat hulle lus vir aktiwiteit bevredig. Elke jeuggroep sal egter gou net 'n gewone jeugklub word as die Bybelverhaal van die gemeente van God nie ook by hulle byeenkomste die vormende [***historiese***] krag is nie. Hoe die Bybelverhale in elke groep funksioneer, sal egter volgens die aard van elke groep self bepaal word. Kleiner kinders hou van opvoering en drama [simboliese].[128] Die Bybelverhale kan vir hulle dan op so 'n wyse ingeklee word. Die kreatiwiteit van die hele gemeente kan op die manier gebruik word. [Skakeling met ander aksies]. Die verhalende trant van die Bybel behoort egter vir al die groepe benut te word omdat almal van 'n goeie storie hou. Die moontlikhede hoe om die Bybelverhaal vir die jeuggroepe te laat beleef, is egter legio en alle moontlike hulpmiddels in dié verband moet benut word. Kundiges op die gebied behoort ook betrek te word.

Daar moet geen twyfel daaroor wees dat ***begripsverheldering*** [logies-analitiese aspek] in die geloof ook op jeuggroepe geloofsverdiepend sal inwerk nie. Sekere van die byeenkomste behoort derhalwe beplan te word om hieraan uitvoering te gee. Van die kleinste groepe kan binne hulle bevatliksvermoëns reeds hieraan blootgestel word. *Byvoorbeeld* wat beteken die genade van God waarvan ons in die verhaal so baie gehoor het? En hierdie sal nie 'n LES wees wat moralisties onthou behoort te word nie, maar slegs 'n logiese verduideliking. Dit hoef ook nie skools getoets te word nie want ons is in die kerk en nie op skool nie. Vir die ouer groep[e] sal uit die aard van die saak meer onderskeidende geloofsbegrippe van tyd tot tyd geleer word. Die tradisie van die kerk wat sulke begrippe ook in die vorm van belydenisse

[128]. *Dit is interessant dat die Rooms-Katolieke Kerk deur die eeue heen hierdie manier van prediking baie meer beklemtoon het. Ek skryf dit daaraan toe dat die RK die erediens baie minder intellektualisties en eerder dramaties inklee. Vergelyk byvoorbeeld die gebruik van die Psalms in die erediens. Dit word omtrent altyd liturgies gebruik en nie homileties nie [*vgl. Soards, Dozeman & McCabe 1994*]. Barnard toon aan dat die wending tot die narratiewe prediking sedert die begin van die eeu gekom het maar veral sterk na vore getree het vanaf die sestiger jare maar veral sedert die tagtiger jare [vgl. Barnard 1987:194 vv en Vorster 1988:164-177]. Sonder om verder daarop in te gaan, moet ook gewys word op die besondere klem wat op hierdie wyse van prediking val in die werk van Pieterse [Pieterse 1985].*

daaroor vir die kerk nagelaat het, kan ook handig vir hierdie groep as program gebruik word. Dit moet egter nogeens beklemtoon word dat die beplanning hiervan met die beplanning van die hele gemeente se Woordbediening behoort saam te hang [Sien die beklemtoning van 'n geïntegreerde bediening hieronder, 2.2.2.2].[129]

Daar moet steeds gewaak word dat die geloofsontsluiting van die jeuggroepe nie op die ou einde net van hierdie element [logiese] van opvoeding afhanklik gemaak word nie. Of dat wanneer 'n sekere 'standaard' van begrippe-onderskeiding bereik is, van die jongmense dan tot belydenisaflegging toegelaat moet word nie. Dit is die paradigma van die huidige stelsel.

Die groepe se stiptelikheid, getroue bywoning, hulle etos as belangegroep, hulle onderlinge behulpsaamheid aan mekaar en ander; hoe hulle God sal bly vertrou by hoogte- en laagtepunte in hulle lewe, ensovoorts sal alles bydrae dat hulle geloof in totale sin van die woord ontplooi. Die volgende het by die voorafgaande betrekking:

> Die vertrekpunt van die voorafgaande, beklemtoon dat die jeug in hierdie verband as één jeugaksie bedien word en hierdie aksie so ver moontlik voorsiening behoort te maak vir 'n totaal ontplooiing van die jongmens se geloofslewe. Dit behoort die ganse lewe van die jongmens vanuit die geloofshoek van die werklikheid te laat ontsluit. Op dié

---

[129] . *Die beplanning van 'n geïntegreerde bediening sal in die eerste plek van gemeente tot gemeente verskil en daarom sal die kerk in wyer verband slegs riglyne hieroor kan gee. Die praktiese uitwerk van so 'n geïntegreerde beplanning moet egter met die hele gemeente in 'n strategiese beplanning gedoen word [vgl. Soards,Dozeman & McCabe 1992]. Ons sal moet afsien daarvan dat hierdie tipe werk vir ons iewers van bo af in die kerk gedoen word. Ons sal eerder gebruik moet maak van instansies soos die teologiese fakulteite by universiteite, wat gemeentes met eie inisiatief, in samewerking met die gemeente self, op grondvlak kan bystaan. Die ekumeniese beplanning vir die Woordbedieninge in die gemeente aan die hand van die Common Lextionary bly egter 'n onoortreflike basis wat 'n gemeente as vertrekpunt vir die beplanning kan gebruik.*
Dit is egter in die lig van die voorafgaande van uiterste belang om in te sien dat kategese-vernuwing nooit by kategese kan begin nie, maar by 'n vernuwing van 'n gemeente-bediening. Dit hou direk verband met ons visie van geloof en die taak van die kerk om dié geloof opvoedend te help ontsluit.

manier word weggedoen met die huidige twee-aksie benadering van die jeug, *nl.*. in die kategese én in die jeugaksies. Laasgenoemde paradigma, só het ons reeds aangetoon, spruit voort uit 'n wanvoorstelling van wat geloof is.

2.1.6.9 Belydenisaflegging.

Hierdie faset, in die proses van geloofsopvoeding, was aanvanklik een van die hoofmomente van my beplande studie-onderwerp. In die lig van die voorafgaande studie, hoef daar m.i. egter nie noodwendig in diepte verder hieroor geteoretiseer te word nie[130].

Die kerk se taak tot geloofs-***vorming*** [dit is die funderende aspek van die kerk en van opvoeding in die algemeen] is 'n ***voortdurende*** proses van geloofsontplooiing. En in hierdie proses van geloofsontplooiing is daar verseker besondere geloofsmomente, wat as sodanig beleef [in die volste sin van die woord] en kerklik gevier behoort te word.

Dit begin m.i. by die lidmaat se doop, wat die inlywing in die ***geloof*** verwerklik en simboliseer. Daarna het die proses betrekking op dié lidmaat se deelname aan die viering van die weeklikse geloofsdrama [liturgie], wat stelselmatig in die lig van meerdere onderskeidingsvermoë van die lidmaat sal ontwikkel. Dit veronderstel uiteindelik deelname aan die ***volle liturgie***, wat in die erediens plaasvind. Begryplik is toelating tot die gebruik van die Nagmaal maar één [al is dit 'n baie belangrike een] van hierdie vorme van deelname. En dit het ter wille van duidelikheid, veral betrekking op die vermoë van die lidmaat om te onderskei waarop dit in hierdie faset van die hele geloofsdrama op aankom.

---

[130]. *Dit mag oënskynl.ik voorkom asof die stelling darem net te maklik gemaak word, as sou die kerk nie lank reeds met vraagstukke soos belydenisaflegging en veral die kinderkommunie worstel nie. Clasen [1989] het juis die kwessie van kinderkommunie in hierdie verband deeglik deurgetrap, sonder om eenvoudige antwoorde te vind. Dit is egter belangrik om in te sien dat ek hierdie stellings i.v.m. belydenisaflegging, gebruik van die Nagmaal en die toelatingsvereistes tot kerklidmaatskap juis in die lig van die hele verhandeling maak.*

Hierdie onderskeidingsvermoë [die betekenis van die Nagmaal word nou begryp d.w.s, die logies-analitiese element van die liturgie] het nie in die eerste plek te make met 'n DAAD VAN GELOOFSBELYDENIS wat met een of ander spesiale viering verband hou nie. Dit het in die eerste plek betrekking op 'n gelowige lidmaat [deur die doop reeds ingelyf in die Liggaam van Christus] wat NET MAAR die onderskeidingsvermoë [logies-analities] ontwikkel het; sodoende weet wat die Nagmaal beteken en dit dan doodgewoon saam met die hele gemeente begin gebruik.

Hierdie stadium van ontwikkeling kan nie regtig vir alle mense eenvormig vasgestel word nie en behoort prinsipieel oop te wees vir elke lidmaat om in samewerking met die kerkraad en ouers of voogde van die lidmaat bepaal te word. Om ouderdomsgrense, in die lig van die argument, vas te stel, is om die mens meganisties te verdierlik.

Belydenisaflegging of beter gestel, die geleentheid of geleenthede om voor die gemeente van jou geloofsontwikkeling te getuig, behoort ewe-eens oop vir almal te wees om dit af te lê, wanneer en waar die geleentheid van pas is.

Dit het betrekking op spesiale momente in die lidmaat se geloofsontplooiingsproses, wat weer eens nie aan 'n bepaalde tyd en of plek en of ouderdom gebonde behoort te wees nie.

Belydenisaflegging hoef selfs nie noodwendig in die lewe van 'n lidmaat, in die vorm van 'n spesiale en openbare geleentheid soos dit algemeen gedoen word, plaas te vind nie. Aan die ander kant kan dit weer in ander lidmate se geloofsproses baie belangrik wees om herhaalde male te gebeur. So 'n geleentheid kan terselfdertyd ook dien tot versterking van die geloof van die hele gemeente.

Belydenisaflegging behoort egter nooit 'n toetsteen vir 'n sekere gevorderde kwaliteit geloofsontsluiting in 'n lidmaat se lewe te wees nie. Wie sou hierdie kwaliteit, met watter tipe meetinstrument kon bepaal en sodoende kon vasstel of so iemand bekwaam genoeg sou wees vir ware lidmaatskap van die gemeente?

Wie van belydenisaflegging 'n toetsteen vir die gebruik van die Nagmaal of van lidmaatskap van die kerk probeer maak, het die misverstand dat die kerk sy ***gelowige*** lidmate [reeds daartoe bevestig deur die doop as inlywingseremonie] ***weer 'n keer*** gelowig moet maak om sodoende ware lidmate te kan wees. Wat eerder waar is, is dat die kerk gelowige mense vanaf hulle inlywing in die gemeente [doop] moet begelei in die proses van geloofsopvoeding en -ontsluiting. Dit veronderstel 'n baie pertinente siening van die kerkverband. Die kerkverband konstitueer as gelowige lidmate [daarom is die kerkverband as 'n ***geloofs***-verband gekwalifiseer]; daarom het die tydelike kerkverband nie in die eerste plek die taak om lidmate [gelowiges] tot die ***geloof*** te bekeer nie; dit is eerder om hulle te help opvoed en opbou om God in sy ganse skepping tot diens te wees.

2.2 Totaliteitsiening van geloof

Die voorafgaande beskrywing van wat 'n kategesebediening, volgens my teorie daarvan is, veronderstel 'n ***totaalsiening*** van geloof. Trouens, kategese is hiervolgens die logies-analitiese verdieping van ***al die verskillende analogieë*** wat binne die geloofsaspek funksioneer [vgl. 2.2.4 in hoofstuk 9]. Hierdie totaalsiening van geloof val egter nie uit die lug nie. God se mense moet dit ervaar en verseker ook kategeties geleer word. Dit is die tweede praktiese kwessie wat in die verhandeling aangespreek behoort te word: Wat behoort alles in plek te wees, sodat lidmate die volheid van die geloof al meer kan leef?

Hoofstuk 5 konkludeer dat ***geloof*** fundamenteel vir elke kerk- en kategese werksaamheid is. Osmer onderstreep hierdie konklusie waartoe ek ook gekom het as hy sê: 'Teachers in the church should be clear about one thing: the basic purpose of their teaching is to create a context in which faith can be awakened, supported, and challenged. Their teaching is for faith' [Osmer 1992:15]. Hy vervolg met die stelling dat ons visie oor híérdie geloof' ... should guide the processes we use in our teaching.'

en verder '... it helps us see why it is important for us to use a range of different teaching methods' [Osmer 1992:17].[131]

Die praktyk van kategese [toegespits op die Ned. Geref. Kerk met 'n bepaalde belydenis] sal derhalwe op makro- en mini-vlak in die eerste plek in die praktiese beplanning van die kategesebediening moet werk aan 'n ***totaliteitsbeskouing oor geloof.*** [Slotsom hoofstuk 9] Die slotsom van hoofstuk 5 het juis op die wesentlike gevaar gewys *nl.*., dat mense wat selfs presies dieselfde oor dit wat geloof is, bely, tog baie maklik uiteenlopend daaroor kan dink en uiteindelik ook uiteenlopend begin handel [vgl. paragraaf 2.5.3]. Vandaar die noodsaaklikheid om prakties aan hierdie basiese aspek van die kategese bediening aandag te gee.

2.2.1 Die bydrae van Snyman oor 'n totaliteitsiening van geloof.

Snyman [1993] het hom in sy navorsing toegespits slegs op die jeugbediening in die Ned.Geref. Kerk. Hy bevestig ook dat geloofsvorming die konstituerende faktor in die bediening aan die jeug is en daarom moet hy noodwendig 'n deeglike omskrywing van geloof bied. 'Opsommend sou ons van geloof kon sê dat dit nie maar net 'n statiese fenomeen is nie, maar 'n lewende dialogiese verhouding met Jesus Christus ... Hierdie verhouding kry gestalte in die geloofsdaad ... wat gereflekteer word in 'n voortdurende vernuwende lewe ... Geloof vra 'n bepaalde geloofsverbintenis ... Geloof word die rigtinggewende faktor wat die gelowige stuur deur die lewe van verandering ... Geloof is die mens se deurlopende, groeiende antwoord op God se deurlopende vernuwende handeling met die mens. Geloof is dan 'n daad wat prosesmatig ontvou in die lewe van die gelowige [Snyman 1993:128].

Snyman probeer in hierdie definisie om so volledig moontlik te reflekteer op 'n ***totaalsiening*** van geloof, maar by gebrek aan 'n omvattende kosmologiese onderskeidingsprinsiep, kan hy in sy definisie daarvan slegs 'n paar aspekte van geloof beklemtoon, naamlik die ***kinematiese*** [bewegende, nie staties nie]; ***biotiese*** [lewende

---

[131]. *Vergelyk in dieselfde verband die feit dat Gerber geloof so basies vir die kategetiek beskou dat hy die helfte van die inhoud van sy verhandeling net oor die begrip geloof argumenteer [Gerber 1994].*

verhouding]; ***historiese*** [geloofsdaad, d.w.s. die reaksie op die Woordmag]; ***konstansie in die kinematiese*** [verbintenis]. Met rigtinggewend herhaal hy maar weer die kwessie van ***konstansie***.

Sonder dat Snyman dit egter eksplisiet in verband met sy definisie van geloof bedoel, fokus hy egter tog later in die hoofstuk, wat handel oor die fokusareas van sy voorgestelde groeimodel, op baie van die ander aspekte van geloof in die proses van geloofsvormasie. In dié verband het geloofsvormasie vir hom te doen met fokus op die Woord van God [historiese, Woordmag]. Dit fokus verder op die liggaam van Christus en voortvloeiend daaruit op klein groepies en koinonia [sosiale aspek]. Dit fokus op verhoudinge en belewenisse [psigologiese aspek]; op modellering en leierskap [simboliese voorbeelde]; op geloofsverbintenisse [kinematiese]; viering en aanbidding [simboliese en estetiese]; sorg en gesin [etiese]; missionêre en interkulturele [ruimtelike uitbreiding; ruimtelike grense tussen mense wat verskil oorsteek]; die kwessie van simbiose van jeug en gemeente-programme [getalsaspek, d.w.s. eenheid] [Snyman 1993:13-16].

Die praktyk-implikasies wat hy vir elk van die onderskeie fokusareas uitgewerk het, is van belang vir die visie en vormasie van 'n ***totaalsiening e***n belewing van geloof. Hierdie insigte sal in die uitwerk van my model van geloofsontwikkeling bygewerk word.

2.2.2 Model vir die uitbouding van 'n totaalsiening van geloof

Die kategesebediening, wat as 'n onderdeel van 'n totaalbediening [sien die voorbeeld van die Bybelstudiegroep in 2.1.1.1 hierbo] werk reeds mee dat 'n totaalvisie rondom geloof spontaan uitgebou kan word. Daar is egter ook nie-tipiese kategese-werksaamhede wat as noodsaaklike onderbou vir 'n totaalsiening kan meewerk.

2.2.2.1 Jeugkommissies op makro- en mini-vlak

Die kerk behoort in wyer verband die inisiatief te neem om d.m.v die bestaande jeugkommissies, op makro- en mini-vlak, ***gespreksforums*** orent te bring, waartydens die debat oor 'n TOTAALSIENING VAN GELOOF voortdurend lewendig gehou sal

moet word. Dit is ook moontlik dat die inisiatief vir sulke gespreksforums op mini-vlak kan begin en sodoende die hele kerk in 'n uitkringende effek bereik kan word. Daar is geen bloudruk wat kan waarborg dat 'n totaalsiening van geloof op 'n spesifieke manier orent gebring kan word nie. Die kreatiewe vermoëns van lidmate en leiers in 'n debatsforum, skep 'n beter geleentheid om hierdie mikpunt te bereik. Die rol van die indiensopleidingsentra by onder meer die teologiese fakulteite van die Ned. Geref. Kerk, moet in dié verband beklemtoon word. Geloof is in elk geval só 'n dinamiese werklikheid dat hierdie debat nooit uitgeput sal kan raak nie.

2.2.2.2 Geïntegreerde gemeente-bediening

Die praktiese gemeente-bediening moet voorts in sy handelinge gerat wees om die totaalsiening van geloof, aan die gemeente en deur die gemeente te kommunikeer. Dit vereis dat hierdie geloof of beter gestel, hierdie ***hele verhaal oor geloof***, **ORAL** op gemeentevlak deur almal in die gemeente voortdurend gehoor en in alle opsigte ervaar behoort te word. Dit vereis dat al die bedieninge van die gemeente deeglik ***gekoördineer*** behoort te wees. Snyman konkludeer in dié verband oor die jeugbediening soos volg: 'Dit gaan ... nie slegs oor die blote akkommodering van die jeugprogram in die gemeenteprogram nie ... veel eerder gaan dit om die sinvolle simbiose van die onderskeie programme in 'n volwasse verhouding binne die een liggaam van Christus' [Snyman 1993:201].

In praktyk beteken dit 'n bedieningsmodel waarin die verhaal oor geloof by die erediens, die wyksbyeenkoms, die jeuggroep[e], die Bybelstudie-biduur geleenthede, afsonderlike vroue byeenkomste en deur alle simbole in die bediening dieselfde moet wees [vgl. Kennedy & Westerhoff 1978:96,97 ; Harakas 1989:81-102; Westerhoff 1977:75-85; Van der Merwe 1995: 5].

Burger stuit op dieselfde kwessie in sy boek, 'Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap' [Burger 1991a]. Onder die opskrif 'Implikasies vir die bedieningspraktyk handel hy breedvoerig oor hoe die visie van die gemeente in alle opsigte gekoördineerd uitgeleef behoort te word; in die prediking [visie-fundering]; in verbintenis, in gemeenskap en in diens na buite [vgl. Burger 1991a:54,85,110,135].

Uit die praktyk, oor 'n periode van ongeveer 'n dekade, is die volgende model van 'n geïntegreerde bediening gebore en is dit besig om nog steeds gevorm te word: [vgl. diagram: geïntegreerde bediening, p 252]. Hierdie model is werklik nie net 'n papiermodel nie, maar funksioneer weekliks min of meer soos hieronder beskryf.[132]

2.2.2.2.1 Dit begin by 'n ***ekumeniese*** beplanning van die Woordbedieninge in die gemeente, aan die hand van die sogenaamde kerkjaar waarin simboliek [drama van die geloofsverhaal] en viering 'n basiese rol in 'n siklus van drie jaar speel [vgl. Soards & Dozeman & McCabe 1994].

Al die verskillende Woordbedieninge in die gemeente word derhalwe op hierdie wyse doelgerig gestruktureer en die gemeentevisie en -doelwitte aan die hand hiervan verdiep en uitgebou.

Hierdie struktuurplan is vir elke lidmaat beskikbaar. Die betrokke Skrifgedeeltes wat betrekking het op die viering van die weeklikse eredienste en ander byeenkomste, word ook weekliks vooruit, met kort rigtinggewende aantekeninge [meestal prikkelende vrae oor die geloofsverhaal waaroor dit gaan] beskikbaar gestel.

Die bedoeling hiervan is om lidmate, gesinne, leiers van Bybelstudie-groepe; ander leiers die geleentheid te gee om hulle vroegtydig in die verhaal van geloof waaroor dit die betrokke week gaan, in te leef.

2.2.2.2.2 'n Weeklikse byeenkoms vind plaas [ten minste drie uur lank], waarin 'n groep erediensleiers [op 'n vrywillige basis en ook ekumenies saamgestel], wat dieselfde beplanning rondom die Common Lextionary deel, die ***verhaal van die geloof*** met mekaar deel; mekaar verder dien met hulle eie insigte oor die weeklikse prediking en inrigting van die erediens en ander bedieninge. Hierdie byeenkoms dien terselfdertyd as 'n ***dinamiese werkswinkel*** waarin die gemeente se geloofsverhaal so breed moontlik gehou probeer word [sien die vorige punt]. Dit geskied deur openlike gesprek oor die geloofsverhaal vir die betrokke week. Die groep erediensvoorgangers berei hulle liefs skriftelik vir hierdie byeenkoms voor om die

---

[132]. *Na my wete is daar nie so 'n model gedokumenteer nie; ten minste nie in die R.S.A. nie. Daarom is daar nêrens verwysings in dié verband nie.*

DIAGRAM GEÏNTEGREERDE BEDIENING



kommunikasie in dié verband nog meer konstruktief te maak. Die byeenkoms is terselfdertyd 'n 'terapeutiese' bediening vir die betrokkenes. Dit help die lede van die groep in meerdere of mindere mate om hulle ***eie*** geloofsverhaal, met al die worsteling en pyn daarvan, spontaan met mekaar te deel en prakties te ervaar, d.w.s. die totaalperspektief van die geloof is ook aan die orde en nie net 'n teoretiese handeling nie.

2.2.2.2.3 Die bogenoemde ***geloofsverhaal*** [totaalvisie] word daarna met 'n groep lidmate [liefs ouerpare] in 'n uur-byeenkoms op min of meer dieselfde basis as hierbo gedeel. Die veronderstelling is dat hulle ook in mindere of meerdere mate voorberei is en wel aan die hand van die riglyn wat weekliks vooruit beskikbaar is. Die bedoeling is dat hulle voorbereiding sal voortspruit uit hulle persoonlike en gesinsdeelname aan die geloofsverhaal vóór hierdie byeenkoms.

Hierdie byeenkoms dien terselfdertyd as voorbereiding vir hoofsaaklik 'n aantal ***ouer-pare***, wat geskeduleer is om die voorskoolse- en skoolgaande jeug na die erediens in kleingroepe te lei. Tradisioneel heet dit kategese-byeenkomste. Die ouer-pare word aan die hand van hulpmiddels wat direk by die *Common Lextionary* aansluit, gehelp om vir die verskillende ouderdomsgroepe gedifferensieerd na behoefte te lei.[133]

Die groep dien, net soos die erediens-leiersgroep, doelbewus as 'n geleentheid om mekaar veral as ouers 'terapeuties' by te staan met al die vraagstukke wat ouerskap oproep. Die ***verhaal van ons geloof*** word dus ook hier nie net logies-analities in ons voorbereiding vir die jeugbediening beleef nie, maar word wyer in die praktyk van ons daaglikse ouerskap en lewe ervaar.

Dit is verder vanselfsprekend dat hierdie tipe groepswerk 'n unieke indiensopleidings-geleentheid is om lidmate en ouers toe te rus om ook ***lerend*** leiding in die gemeente te kan dien. In die bestaande paradigma sou ons sê dat hulle as ***kategete*** toegerus word.

---

[133]. *Daar is 'n verskeidenheid literatuur in dié verband beskikbaar. Ek noem hier die volgende:* ***Augsburg sermons for children: Gospel Series*** *[Formo:1994].*

Die groep is in die laaste plek ook daarvan bewus dat hulle 'n pertinente rol speel om insette te lewer veral vir die erediensbyeenkomste wat later volg.

2.2.2.2.4 Dieselfde prosedure word by 'n volgende geleentheid uit dieselfde Bybelse verhale van die betrokke week, met 'n groep senior-lidmate gevolg. Presies dieselfde beginsels wat by die bogenoemde van toepassing is, geld ook by hierdie groep. Hulle geloofsverhale word veral aan die hand van hulle eie tipiese senior lewensproblematiek, in die lig van die week se Bybelse verhale, beleef en oorvertel. Rousmart, eensaamheid, siekte ensovoorts word op dié wyse gedeel en weer eens word die volle geloofsverhaal so ver moontlik deurleef en nie net die logies-analitiese gedui nie.

2.2.2.2.5 Verskeie ander Bybelstudie-groepe vergader gedurende die week onafhanklik van hierdie spesifieke struktuur, maar wel ook aan die hand van die geloofsverhaal wat in die erediens oorvertel gaan word. Hulle gebruik op hulle eie die riglyn wat elke week beskikbaar gestel word. Hierdie byeenkomste lê m.i.groter klem op die sosiale analogie binne die geloofsaspek.

2.2.2.2.6 Kerkraads-/kommissievergaderings, wanneer dit gehou word, deel ook inleidend in die geloofsverhaal van die betrokke week. Verder word begrafnisse op dieselfde manier aan die hand van die betrokke week se geloofsverhaal hanteer en die pastoraat aan die lidmate probeer om aan die hand van die kerklike seisoen waarin die gemeente simbolies op daardie stadium leef, ingeklee te word. Elke week se uitreik- en omgee-groepe [pastoraat] deel by die geleenthede inleidend, sonder om dit elke keer by die naam te noem, in dieselfde geloofsverhaal van die week. Hierdie groepe ervaar en deel dan ook in hulle uitreikwerk die geloofsverhaal uiteraard nie net op kognitiewe vlak nie.

2.2.2.2.7 Die erediens. Uit die voorafgaande moet dit duidelik wees dat die erediens elke week eintlik die ***kulminasiepunt*** van die geloofsverhaal van die betrokke week word. Talle insette is in die week hiertoe vir die liturg gemaak. Die liturg tree in werklikheid, in *Moltmanniaanse* sin van die woord, namens die gemeente as liturg op [vgl. Long 1989:1-25]. Dit kan binne hierdie struktuur eintlik nie anders as dat die

liturg al die geloofsverhale van lidmate en ander leiers uit verskillende sfere van die samelewing in die erediens indra nie. Op die manier word noodwendig 'n voller geloofsverhaal as net dié van die liturg by die erediens in die lig van die Bybelverhale dramaties/simbolies oorvertel en in alle opsigte ervaar.

Hierdie model van 'n geïntegreerde bediening het in hierdie verband egter nog 'n geweldige agterstand wat simboliek betref. Veral in die erediens self. Duidelike simbole word in die vorm van plakate en op die weeklikse bulletin aangebring om die geloofsverhaal van die betrokke seisoen simbolies oor te vertel. Al die ander fasette van simboliek lê egter nog braak om ontgin te word. Ek is tans deel van 'n studiegroep by die teologiese fakulteit van Stellenbosch, wat intensief en gestruktureerd hieraan aandag gee.

2.2.2.2.8. Na die erediens vergader die jeug en word dieselfde Bybelse verhale, uit die baie ervaringe wat die leiers op hierdie stadium hieroor, ook soms saam met die jeug by die huis beleef het, met die jeug sover moontlik in hulle eie jeugkultuur gedeel. Presies dieselfde dinamika vind in hierdie jeugbyeenkomste, onder leiding van hoofsaaklik ouerpare plaas. Hulle lei dan ook die jeuggroep as ouers wat in die proses al meer prakties geoefen word om tuis en in kerklike verband die geloofsverhaal eg en as rolmodelle daarvan met die jeug te deel.

2.3 Rol van die leraar

Die praktyk van 'n geïntegreerde bediening, vereis 'n her-oriëntasie van die rol van die leraar in die gemeente. Gewone logika behoort dit uit die model hierbo af te kan lei. Verder is ekself 'n subjektiewe getuie daarvan hoe dit my bedieningstyl radikaal verander het.

Prakties beteken dit dat die opleiding van leraars hiervan sal moet kennis neem en nog duideliker en intensiewe aandag sal aan hierdie kwessie gegee moet word. [vgl. Hendriks 1992:46 vv]

3. SLOTOPMERKING

Die praktiese opbouwerk aan 'n ***totaalsiening van geloof***, kan moeilik met vasgestelde metodes haarfyn uitgewerk word. Geloof is 'n multi-dimensionele werklikheid. Die wiskundige berekening van die hoeveelheid analogiese uitdrukkings van alle moontlike geloofsaangeleenthede bevestig dat geen praktykstruktuur van watter aard ookal, hiervoor voorsiening kan maak nie [vgl. hoofstuk 9 voetnoot 25]. Dit beteken nie dat alles in die gemeentebedieninge inwerking gestel behoort te word, om alle lidmate te help om hulle geloof so ryk en diep as moontlik tot verheerliking van God te beleef nie. Ek is heeltemal oortuig dat my perspektief op kategese hiertoe 'n bevrydende bydrae kan lewer.

KERKGESKIEDENIS BYLAE

KATEGETIEK IN DIE NED.GEREF.KERK IN NOORD-KAAPLAND
'n Stukkie resente kerkgeskiedenis

1. INLEIDING

Die kategese stelsel van die Ned.Geref.Kerk word nêrens deur die Ned.Geref.Kerk as onfeilbaar voorgehou nie. Daarom is daar byvoorbeeld in die struktuur van die Algemene Jeugkommissie [AJK], wat die beleid van kategesewerk in die kerk bepaal en die infrastruktuur van kategese handboeke aan die kerk verskaf, 'n permanente subkommissie vir vernuwing [Dokumentasie AJK-Kantoor, Bloemfontein]. Hierdie kommmissie is dus die waghond van die AJK wat moet sorg dra dat die uiteindelike doel van die kerk se kategese so ver moontlik bereik word. Dit was nog altyd die AJK se bedoeling om op dié manier reformerend in sy jeugbediening te delf.[134] Die vraag is egter wat die AJK onder voortdurende vernuwing op die gebied van kategese verstaan.[135]

Soos in baie ander gevalle is dit gewoonlik eerder die belangstellende leiers op voetsoolvlak wat reformasie meer intens aangespreek wil hê. Die beste teorieë ter wêreld word eers regtig in die praktyk getoets.

Dit is om hierdie rede dat die reaksie van predikanteleiers wat in dié geval in ***kategese*** op voetsoolvlak belangstel, ernstig deur die kerk en akademici oorweeg moet word.[136]

---

[134]. *Die AJK het byvoorbeeld in 1989 'n uitgebreide studietoer na Amerika en Europa onderneem om sodoende die jongste inl igting en denke oor kategese eerste hands oor kategese te bekom en vir die kerk te verwerk.*

[135]. *Die basiese vernuwing wat die AJK t.o.v. kategese aangepak het, het veral met die vernuwing van handboeke te doen gehad. Fundamentele kwessies rondom die teorie [teologie] van die kategese word nie regtig aangespreek nie. My belangstelling om die proefskrif aan te pak, is juis gestimuleer omdat predikante op kommissies by mekaar verby praat omdat fundamentele kwessies in die kategetiek nie regtig in diepte teoreties gekommunikeer word nie. Op dié manier word fundamentele vernuwing in die wiele gery.*

[136]. *Prof Dingemans, een van die bekende kenners op die gebied van die kategetiek in Nederland, het die Teologiese Fakulteite in ons land in Maart 1993 besoek. In 'n persoonl ike gesprek met hom was dit onder meer duidelik dat sy visie oor kategese*

2. DIE STREEKSINODE VAN DIE NED.GEREF.KERK IN NOORD-KAAPLAND

Hoewel predikante in die Ned.Geref.Kerk oral in ons land lank reeds vernuwend oor kategese probeer dink[137] , het predikante in die Sinodale gebied van die Ned.Geref.Kerk in Noord-Kaapland in ons huidige kategese praktyk, die grootste inisiatief in dié verband geneem. Die rede vir hierdie aanname is omdat die vernuwende denke in hulle geval nie slegs by 'n klompie belangstellendes wat gefrustreerd met kategese was, gebly het nie. Die inisiatiewe en vernuwende denke onder die predikante [studiegroep] het die ***kerklike weg*** d.m.v. die bestaande sinodale strukture gevolg. Dit wil sê, die SJK het die leiding geneem en op dié manier is die sinode met al sy afgevaardigdes en elke gemeente in die gebied uiteindelik betrokke gemaak. Teologies gesien, het die beginsel van die gemeenkap van gelowiges dus die waarheid in die verband probeer dien.

Die verloop van die volgende stukkie kerkgeskiedenis[138], word dus so goed moontlik aangeteken om in aansluiting by hoofstuk 1 aan te toon hoe die kategesestelsel van die Ned.Geref.Kerk nie net individueel en akademies nie, maar ook prakties deur 'n sinode evalueer word.

2.1 Die Sinodale Jeugkommissie [SJK]

In die helfte van die jaar 1985 het die Sinodale Jeugkommissie van die Ned.Geref.Kerk in Noord-Kaapland [SJK] te Pro Regno, naby Barkly-Wes en Kimberley op die Vaalrivier se walle hul jaarvergadering gehou.

---

en die standaardwerk wat hy daaroor geskryf het, volledig uit die praktyk van sy kategese bediening as predikant gekom het.

[137]. *Hierdie frustrasies is nie net beperk tot die sinodale gebied van Noord-Kaapland nie. Die bewys hiervoor is te vind in informele en meer formele predikante-studiegroepe oor kategese bv. in Oos-Transvaal, Noord-Transvaal en in die Wes-Kaap. Die Subkommissie vir kategesevernuwing van die Algemene Jeugkommissie van die Ned.Geref.Kerk, het ook van die studiegroepe kennis geneem en hulle ook by geleentheid uitgenooi om aan 'n oopgesprek oor kategesevernuwing deel te neem.*

[138]. *My persepsie van geskiedenis [resp. kerkgeskiedenis] in die wydste sin van die woord, is die vormende [hervormende] mag van die lewende Woord wat kerk en wêreld eksplisiet en implisiet verander.*

Die Predikant in Sinodale diens [PSD] vir Jeug, Ampsbediening en Evangelisasie [SJK en SKAE] in die Ned.Geref.Kerk Noord-Kaapland, ds MAV [Michiel] van der Merwe, tans direkteur van BUVTON by die Universiteit van Stellebosch, wat skriba van die SJK was, het kategese 'n prioriteitsaangeleentheid op die agenda van die SJK-vergadering gemaak [SJK-notule 1985:6].

Die noodsaaklikheid om kategese te prioriseer, het onder meer lug gekry n.a.v. 'n gesprek oor die kwessie van belydenisaflegging wat vroeër by 'n predikantekonferensie in April van dieselfde jaar gevoer is.

2.2 Prinsipiële vrae

Die diskussies in dié verband het uiteindelik 'n prinsipiële vraag op die SJK se tafel geplaas: Hoe dink teoloë [Praktiese Teoloë] en die kerk oor ***'geloof'*** in die lig van die seremonie van belydenisaflegging voor die gemeente wat so 'n gewigtige praktyk, ten minste van die kerkraad en predikant se kant, geword het? Hierdie vraag het natuurlik onmiddellik ook die vraag na die ***doel*** van die hele kategese werksaamheid van die kerk aan die orde gestel. Is die doel van kategese om dooplidmate die ***kennisaspek*** van geloof d.m.v. ***onderrig*** te gee sodat hulle in die belydenisfase van kategese die noodsaaklike affektiewe ***vertrouensaspek*** van geloof kan byvoeg en sodoende as bekeerdes tot volle kerklidmaatskap kan toetree? Indien wel, moet die praktyk van belydenisaflegging inderdaad gewigtig wees, maar dan kom dit aan die ander kant weer na aan die bekeringsdoop van ons broers en susters in die 'grootdoop-kerke'.

Met hierdie vrae op die tafel van die SJK, is dus ook verdere kwessies aan die orde gestel. Die teologiese standpunt oor geloof bepaal hiervolgens die aard van kategetiese onderrig [skools of nie-skools]; die tipe leerstof wat deur die kerk uitgegee word; die inrigting van die sg. kategeseskool in die gemeente, ens.

2.3 Predikante in die praktyk

Die SJK het intussen informeel kennis geneem van groepe predikante in die sinodale

gebied wat uit eie inisiatief nuut en anders in die kategese te werk gegaan het. Een groep het uit frustrasie met die handboek 'Glo en Bely' vir die belydenisjaar, reeds ander programme met hierdie groep katkisante gevolg.

'n Ander groep predikante het met vernuwing by die inrigting van die kategeseskool begin en groot kommer uitgespreek oor veral die inhoud van die handboeke vir die Junior Kategese [Sub A tot st. 4], d.w.s. daar waar die kinders se eerste indrukke amper permanent vasgelê word.

2.4 Die kerklike weg

Die SJK het uiteindelik by wyse van navraag amptelik van hierdie verwikkelinge kennis geneem en besluit om dadelik alle gemeentes wat vernuwend oor die kategese dink en handel, te versoek om hulle vernuwende insigte en praktyke op skrif te stel en met die SJK te deel [SJK notule 1986: 7]. Die SJK wou reg van die begin die ordelike weg volg wat sou verhoed dat elke kerkraad en gemeente individualisties en onkerklik met die kategese te werk gaan.

Dieselfde pad is ook t.o.v. die Ned.Geref.Kerk in wyer verband gevolg. Die vernuwende gedagtes en besluite is altyd openlik in die teenwoordigheid van die Predikant in diens van die Algemene Sinode [PASD] wat die vergaderings van die SJK bygewoon het, uitgespreek. Die AJK was dus deeglik bewus van die vernuwingswerk van die Ned.Geref.Kerk in Noord-Kaapland.[139]

2.5 Predikantekursusse

Die PSD het in aansluiting by die vrae i.v.m. kategese wat by die SJK op die tafel gekom het, 'n reeks predikantekursusse beplan. Hierdie kursusse het ten doel gehad dat die genoemde vrae in diepte bespreek word en dat daar uiteindelik groter

---

[139] . *Een van die predikante in diens van die Algemene Sinode het jaar na jaar die vergaderings van die SJK bygewoon en volledig insig gehad in die vernuwende denke veral t.o.v. die kategese. 'n Spesifieke skrywe in dié verband is ook van AJK ontvang en is volledig beantwoord. Alle ter sake stukke is aan die AJK versend [vgl. lêer,'Vernuwing in Kategese', SJK Kantoor, Ned.Geref.Kerk Noord-Kaapland].*

duidelikheid gekry kon word oor die aard van die 'geloof' van die dooplidmate wat in die kategese help vorm moes word [vgl. Lêer 'Predikantekursusse', SKAE Kantoor Ned.Geref.Kerk Noord-Kaapland].

Die eerste kursus is volgens die PSD se beplanning deur proff. WD Jonker en PF Theron van die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch gelei. Hulle het getrou aan die belydenis van die Ned.Geref.Kerk onder meer opnuut die ***genade***karakter van die verlossingsleer beklemtoon. Op genuanseerde wyse en uit die oogpunte van verskeie dogmatici is die valse, polêre spanning tussen God se aandeel aan die een kant en die ***geloofs***-aandeel van die mens vir sy verlossing aan die ander kant, op wetenskaplike wyse duidelik afgewys [vgl. Lêer 'Predikantekursusse', SKAE Kantoor Ned.Geref.Kerk Noord-Kaapland]. Die kursusgangers moes verder ontdek hoe hierdie herontdekte insigte die praktyk van die prediking en kategese noodwendig sou beïnvloed.

Om die predikante hiermee by te staan, is nog twee kursusse beplan. Die eerste moes die konsekwensies van a-polêre denke oor geloof t.o.v. die prediking help uitwerk, en die tweede kursus moes dieselfde doen t.o.v. die praktyk van kategese [vgl. Lêer 'Predikantekursusse', SKAE Kantoor Ned.Geref.Kerk Noord-Kaapland]. Oor die laasgenoemde kursus word later in die bylae meer breedvoerig gehandel.

2.6 Sinode in 1987

In 1987 is die vergadering van die sinode in Noord-Kaapland normaalweg met die verslae van die SJK en SKAE, onder meer oor die belangrikheid van 'n doelmatige kategese bediening en die invloed van die predikantekursusse, bedien. Die sinode het die SJK in die eerste plek sonder enige huiwering opdrag gegee om met die studie oor vernuwing van die kategese waarmee hul besig was, voort te gaan. Die sinode het net beklemtoon dat die resultate van die studie en navorsing oor kategese so gou moontlik na die AJK deurgestuur moes word om sodoende die eenheid van die kerk te honoreer [Handelinge van die Sinodale vergadering 1987, 543].

Die sinode het hierdie besluit doelgerig geneem omdat die sinode in die tweede plek, binne konteks van die Ned.Geref.Kerk gesien, eintlik 'n ander sterk standpunt oor basiese kategesebeleid ingeneem het. Die agtergrond van die besluit is soos volg:

> Die jeugbeleid van die Algemene Jeugkommissie van die Ned.Geref.Kerk [AJK] wat by die vergadering van die Algemene Sinode in 1986 goedgekeur is [Notule Algemene Sinode 1986: 194], moes deur die streeksinode in Noord-Kaapland goedgekeur word. Die goedkeuring het ook behels die goedkeuring van bepalings van die kerkorde wat handel oor die ordelike toepassing van die Ned.Geref.Kerk se nuwe jeugbeleid. Een van die bepalings [Bepaling 50.1.2.4] wat die Algemene Sinode goedgekeur het, het juis voorsiening gemaak dat kerkrade moet toesien dat ***slegs die voorgeskrewe handboeke*** wat die AJK aan die kategese as leerstof voorsien, by die kategese gebruik mag word [vgl. Agenda 1987, Noord-Kaap en Bepaling 50 van die Kerkorde].
>
> 'n Amendement op dié betrokke bepaling het egter voor die vergadering gedien en is byna algemeen aanvaar. Die amendement het soos volg gelui:
>
> *'As handleiding in die kategetiese onderrig word die hand- en/of leerboeke wat in opdrag van die Algemene Sinode uitgegee word, aanbeveel'* [Handelinge Sinode van die Ned.Geref.Kerk in Noord-Kaapland 1987:622].
>
> Die sinode het dus met hierdie besluit, op hierdie punt, baie duidelik standpunt ingeneem teen die Ned.Geref.Kerk se kategesebeleid en sodoende die pad vir herbesinning en vernuwing oopgemaak.

2.7 Ad hoc-Kommissie vir kategesevernuwing

Die genoemde navorsingstaak wat deur die sinode aan die SJK opgedra is, is na die sinodesitting deur 'n *ad hoc*-kommissie vir kategesevernuwing opgeneem. Dié kommissie het dadelik met sy werk begin deur wetenskaplik-krities na die hele spektrum van die kategesebediening in die kerk te kyk. Die kommissie het ook vrugbaar van die insigte van die predikantekursusse gebruik gemaak. Prioriteitsareas is geïdentifiseer en die volgende sake het aan die orde gekom:

Belydenisaflegging, metodiek van kategese, kategese skoling, strategie [tempo van hoe kerkrade betrek sal word], voortgesette kategese, administrasie van kategeseskool, leerstof in die kategese, kampe, rol van die predikant, verband met Bybelonderrig, vordering en evaluering van katkisante, ouerbetrokkenheid en die doel van kategese. Uit hierdie prioriteitslys, is die volgende fokusareas geïdentifiseer en aan die lede van die kommissie toegewys vir studievoorbereiding:

* Die Doel van die kategese
* Die Leerstof van die kategese
* Die Metodiek van die kategese
* Die Administrasie van die kategese.

[vgl. Lêer,'Vernuwing in Kategese', SJK Kantoor, Ned. Geref. Kerk Noord-Kaapland].

2.8 Die Ad hoc-Kommissie voer sy opdragte uit

Daar is gereeld aan die SJK en AJK oor die vordering van die *ad hoc*-Kommissie se studieprojek verslag gedoen. Die kommissie het ook alle ter sake memoranda vir kommentaar aan die AJK deurgestuur.

Die inhoud van die st. 5 handboek, 'Ken en vertrou' wat ook elders deur individue in die Ned.Geref.Kerk krities evalueer is, is byvoorbeeld in 'n studiestuk van 20 bladsye[140] bespreek en dringend na die AJK gestuur met die oog op herskrywing.

In die sinodale gebied van die Noord-Kaap is die navorsingswerk van die kommissie deur die SJK as voorlopige bevindings, veral met betrekking tot die inhoud van sekere van die kategesehandboeke, in 1989 voor die Sinode gelê [Skema van werksaamhede van die vyfde vergadering van die Sinode van die Ned.Geref.Kerk in Noord-Kaapland 1989:9-22]. Die voorlopige bevindings het lewendige bespreking in die vergadering uitgelok, maar die sinode het geensins gehuiwer om die saak van studie en navorsing oor vernuwing in die kategese, weer 'n keer aan die SJK op te dra nie. Al vereiste wat

---

[140]. *Dit het oor die volgende gehandel: 'n kritiese bespreking van 'Ken en Vertrou 1' --Die Handboek vir kategete en leerboek vir katkisante: st. 5. Hierdie stuk is 'n ongepubliseerde werk wat beskikbaar is in die SJK-kantoor, Ned.Geref.Kerk, Noord-Kaapland]*

gestel is, was dat die resultate van die studie- en navorsingsprojek wat reeds gedoen is en voor die sinode gedien het, na alle kerkrade gestuur moes word met die oog daarop dat die gesprek oor vernuwing nog verder tot op grondvlak gestimuleer kon word [Notule Sinode 1989:113].

2.9 Beplanning van die predikantekursus oor kategese

Aan die begin van 1990 het die *ad hoc*-kommissie sy werk tot op so 'n punt afgehandel dat die resultate aan al die predikante van die Ned.Geref.Kerk in Noord-Kaapland vir bespreking deurgegee kon word.

Daarom het die SKAE die laaste predikantekursus in die reeks oor die kategese beplan met die oog daarop dat soveel as moontlik predikante saam oor hierdie belangrike saak kon dink en uiteindelik met meer konkrete aanbevelings na die volgende Sinode kon gaan [vgl. Lêer 'Predikantekursusse', SKAE Kantoor Ned.Geref.Kerk Noord-Kaapland].

BUVTON se hulp is vir die reëling van die kursus ingeroep en die direkteur, wat die hele pad met die *ad hoc*-kommissie saamgeloop het, is aangewys as seminaarleier. Hy het op sy beurt die *ad hoc*-kommissielede gevra om as paneel van kundiges die kursus aan te bied [vgl. Lêer 'Predikantekursusse', SKAE Kantoor Ned.Geref.Kerk Noord-Kaapland].

In die beplanningsvergadering vir die predikante-kurus het die kommissie eenstemmig tot bepaalde gevolgtrekkings oor die huidige kategesemodel gekom. Hierdie bevindings moes op só 'n wyse tydens die kurus bespreek word dat duidelike leiding i.v.m. kategese aan die kerk in die Noord-Kaap gegee kon word. Die gevolgtrekkings was onder meer die volgende:

* Die kategete [en baie van die handboeke] werk met 'n dualistiese siening van **geloof** as ***kennis plus vertroue***.

* Kategese in die Ned.Geref.Kerk volg 'n tipiese skoolmodel. Die klem val op 'n les wat deur 'n onderwyser oordra moet word.

* Die inhoud van die kategeselesse is moraliserend van aard. Dit slaag nie om die Bybelse inhoud van die Evangelie oor te dra nie.

* Die rol van die ouers laat veel te wense oor. Hulle versuim hulle primêre funksie van godsdiensonderrig en faal as modelle van die verlossing in Christus [vgl. Lêer 'Predikantekursusse', SKAE Kantoor Ned.Geref.Kerk Noord-Kaapland].

Om die genoemde bevindings op só 'n wyse deur te gee dat die predikante dit self ontdek en verwerk, is besluit om die kursus in die vorm van 'n werkwinkel aan te bied. Die volgende sake is tydens die werkwinkel verwerk:

* Teoretiese beginsels ten grondslag van kategese.
* Die praktyk van kategese, waarin gewerk is aan.

  - die doel van kategese
  - die inhoud van kategese [sg. 'leerstof' van die kategese].

* Die metodiek van kategese waarin gewerk is aan

  - die praktiese metode van hoe kategesebyeenkomste moet lyk
  - die rol van ouers in kategese.

* Evaluering van bestaande kategesemateriaal deur die kursusgangers in die lig van die voorafgaande konklusies.
* Kategeteskoling.
* 'n Strategie van vernuwing met die doel dat die kursusgangers mekaar kan help om nie revolusionêr met 'n nuwe model vir kategese in die gemeentes te begin werk nie [vgl. Lêer 'Predikantekursusse', SKAE Kantoor Ned.Geref.Kerk Noord-Kaapland].

2.10 Nuwe perspektiewe word by die kursus oor kategese gedeel

Die kursusgangers het na vier dae se saamwerk en -dink die volgende met mekaar gedeel en verwerk. Slegs die bevindinge wat direk op die doel van die verhandeling betrekking het, word aangeteken.

* Kategese is nie die oordrag van geloof as kognitiewe kennis nie. Die doel van kategese is die internalisering van geloof in Christus.
* Geloof is nie kennis van God wat op 'n kognitiewe manier verkry kan word plus die vertroue op God wat ek op dié manier leer ken het nie.
* Kategese en erediens behoort direk aan mekaar gekoppel te wees sodat die inhoud van die kategese en dié van die erediens dieselfde is. Die erediens bepaal dus die kategese omdat die erediens die hart van alle gemeente-

aktiwiteite is. Dit beteken dat die eredienste deur die loop van die jaar goed beplan moet word.

* Erediens en kategese is op hulle beurt weer nou verbonde aan die ouers of gesin, nie omdat die ouerhuis 'kerk' is nie, maar omdat die geloofsopbou binne die liefdesatmosfeer van die huisgesin bepalend is en enkapties vervleg is met die geloofslewe en -opbou in die gemeente.
* Kategese volg nie 'n skoolmodel van onderrig nie, maar wel 'n koinonia-model. In aansluiting hierby is kritiek teen die handboeke vir kategese uitgespreek omdat die kursusgangers oortuig was dat die kategesehandboeke die skoolmodel van onderrig bly onderstreep. Hierbenewens is dit onmoontlik om met die handboekmetode die direkte verband tussen erediens en kategese prakties moontlik te maak.
* 'n Kategesemodel wat, *byvoorbeeld* sonder handboeke funksioneer, is as 'n werkbare model voorgehou[141] : Kerkrade beplan die erediens ten minste een jaar vooruit.[142] Die betrokke skrifgedeeltes wat vir elke Sondag se erediens en prediking beplan is, word een week voor die tyd aan die gemeente beskikbaar gestel om deur elke huisgesin en individu in die loop van die week as 'huisgodsdiens' gelees te word. Die leraar van die gemeente doen in die loop van die betrokke week saam met die kategete Bybelstudie uit die gedeeltes en lê die liturgie en prediking aan die groep vir verdere insette en

---

[141] . *Daar was tydens die kursus getuienis van ten minste twee gemeentes wat reeds heeltemal weggedoen het met alle kategesehandboeke en kategese direk laat aansluit by die erediens en huisgodsdiens in die gesin.*

[142] . *Om die erediens sinvol te beplan, is geen eenvoudige taak nie. In dié verband het die kerk egter baie te leer by min of meer 85% van die wêreld se christelike kerke wat hulle eredienste aan die hand van die 'Common Lectionary' beplan. Hierdie beplanning steun op letterlik eeue se nadenke wat daartoe gelei het dat Skrifgedeeltes uit die OT -'geskiedenis', Psalms, Evangelies en Paulus se briewe vir elke Sondag verbind is. Dit volg die kerklike jaar wat met die geboorte van Christus begin en met Pinkster eindig. Na Pinkster volg die beplanning die voetspoor van 'n Evangelie en een van Paulus se briewe met verwysings na gedeeltes uit die Ou Testament en die Psalms. Die beplanning volg 'n siklus van drie jaar waarin die hele Bybel deurgewerk word.*

gesamentlike erediensbeplanning voor. Die Sondag na die erediens kom die onderskeie groepe katkisante wat rofweg ooreenkomstig ouderdomme gedifferensieer is, rondom dieselfde Skrifgedeelte[s] bymekaar en bespreek eiesoortige lewensvrae aan die hand van die gedeelte in aansluiting by die erediens en die belydenisskrifte.

* Die kategeet is in dié verband eerder 'n volwasse raadgewer as 'n onderwyser wat veral ook 'n modelleringsfunksie vervul.
* Die Evangelie van Jesus Christus verander mense, nie sedelesse nie [vgl. Lêer 'Predikantekursusse', SKAE Kantoor Ned.Geref.Kerk Noord-Kaapland].

2.11 Nog 'n paar opmerkings noodsaaklik

'n Paar opmerkings na aanleiding van hierdie bevindinge is verder ter sake:

1. Een van die grootste kopsere in die kerk se kategese werksaamheid is die euwel van intellektualisme. Daarmee word bedoel dat die kategetiese leerstof inhoudelik sowel as in die aanbieding daarvan binne 'n bepaalde skoolse paradigma funksioneer. Dit beteken:

- die kategetiese kurrikulum vestig groter aandag op die leer- en lesboek as op die Skrif self;
- die hele stelsel het 'n onderwysstyl met skriftelike toetsing en punte en 'n algemene skoolklaskamer-atmosfeer tydens die 'onderrigsituasie' [Lêer 'Predikantekursusse', SKAE Kantoor Noord-Kaapland, Referaat 1, DL van Niekerk: 1].

In dieselfde verband is beklemtoon dat die leer van die kerk binne die Gereformeerde tradisie nie intellektualisties verstaan mag word nie. In die begrip *'doctrina'* moet die volle klanke van die Evangelie [in sy sg. 'affektiewe' kant] beleef word. Wanneer Calvyn na aanleiding van sy eie rousmart oor sy vrou, aan sy vriend Farel skryf, lui dit onder meer so: 'Ik

heb woorden gesproken over de genade van Christus, over de hoop van het eeuwige leven, over de pelgrimstent van ons leven en over de thuisreis. Daarna begaf ik me in gebed. In klaar bewustzijn hoorde zij naar het gebed en gaf zij acht op de *doctrina*. Getroost door de *leer* ontsliep Idelette in vrede' (aangehaal deur W van 't Spijker). Hierdie aanhaling beklemtoon die volgende:

' Uit die Evangelie ontvang ons geen blote informasie oor God nie, uit die mond van God word geen spekulatiewe leer oorgelewer nie, maar *doctrina* wat die koers van ons lewe bepaal' [Lêer 'Predikantekursusse', SKAE Kantoor Noord-Kaapland, Referaat 2, DL van Niekerk, 4].

In presies dieselfde sin moet die uitspraak van Paulus aan Titus in Titus 2:1-9 interpreteer word. Die *leer* van die kerk het hier nie betrekking op leerstellige dinge wat geleer moet word nie, maar op die voorbeeldige lewe van manne en ouer vroue wat die jongeres moet voorgaan met praktiese lewensvaardighede.

Van Niekerk konkludeer hieruit heeltemal tereg: 'Dit spreek daarom van self dat daar geen kunsmatige skeiding tussen die kategese Sondagoggend na die erediens en die geloofsonderrig in die ouerhuis mag wees nie' [Lêer 'Predikantekursusse', SKAE Kantoor Noord-Kaapland, Referaat 2, DL van Niekerk, 4].

Dieselfde geld vir die kunsmatige skeiding tussen Bybelstudie en kategese; erediensverkondiging en die onderrig in die kategese. Verwysende na die woord 'didaskoo', *nl.* om te onderrig, haal Van Niekerk K Wegenast aan wat soos volg oor die woord 'onderrig' skryf: ' ***didaskoo*** can be said to denote the activity of a teacher, whose concern is to develop his pupil's abilities and to impart knowledge and skills... But in its LXX usage [as opposed to that of profane Gk] the word does not primarily denote the communication of knowledge and skills, but means chiefly instruction in

how to live ...' [Lêer 'Predikantekursusse', SKAE Kantoor Noord-Kaapland, Referaat 2, DL van Niekerk: 2].

2. Oor die inrigting van 'n kategeseskool is die volgende by wyse van referaat gestel en bespreek. 'Kategeseskole in sy huidige vorm veroorsaak dat die Evangelie abstrak en werklikheidsvreemd beleef word. Die Evangelie word noodwendig geassosieer met skoolse studie wat so gou as moontlik vergeet behoort te word. Die kerk probeer hard om die probleem aan te spreek deur die kerkjeugaksies 'n verlengstuk van die kategese te maak, met die bedoeling dat die "praktyk van die lewe" in die jeugaksies ondervind moet word' [Lêer 'Predikantekursusse', SKAE Kantoor Noord-Kaapland, Referaat 1, MH HEYNS, 7].

2.12 Waarheen moes die predikantekurus lei?

Een van die doelstellings van die kursus was om 'n strategie van vernuwing in die kategese op gemeentevlak deeglik te bespreek. Die kursusgangers was daarmee eens dat kerkrade en kategete nie met die nuwe insigte i.v.m. die kategese oorweldig mag word nie.

Daar was egter konsensus daaroor dat die nuwe insigte wat tydens die kursus bereik is, in praktyk getoets moes word, met verslag aan die SJK. Om nuwe teorieë te ontwikkel wat bloot op papier uitgewerk is, sou geensins reformerend op die hele Ned.Geref.Kerk inwerk nie.

Daarom het die kursusgangers besluit om gemeentes wat tans met vernuwing besig was en ander wat sou belangstel om deel te neem, te vra om die insigte prakties in die gemeentes te toets en voortdurend verslag te doen aan die SJK, wat in laaste instansie verantwoordelik was vir die navorsing. Die SJK sou verslag doen aan die sinode. Die oortuiging was dat die AJK na verloop van jare die vrugte van die nuwe insigte en praktyke proefondervindelik kon meet, met verslag aan die Algemene Sinode.

2.13 Die sinode van 1991

Die predikantekursus oor kategese en wat daarop gevolg het, het die klimaat vir baie vrugbare en ernstige bespreking oor kategesevernuwing by die sinodale vergadering van die Ned.Geref.Kerk in Noord-Kaapland in Oktober 1991 geskep.

Die SJK het verslag van sy werksaamhede gedoen en onder meer 'n memorandum oor kategesevernuwing in die Ned.Geref.Kerk Noord-Kaapland voorgelê. 'n Paar aanhalings is ter sake:

> Die probleem wat ons met die amptelike kategetiese beleid ervaar, is dat kinders ten spyte van die 'Begin jou dag met God' Bybelleesprogram nogtans onmondig bly wat Skrifhantering betref en boonop tydens die weeklikse kategesebyeenkoms grootliks les ontvang uit 'n handboek en hoogstens indirek met die Skrif besig is. Hierdie Skrifhantering behels normaalweg ook nie 'n grondige bestudering van die Skrif nie, maar gebruik die Skrif as 'n soort ***verwysingswerk*** [my klem] waarin versies opgesoek word. Hiermee saam bestaan die baie werklike gevaar dat geloofskennis in die kategese gewoon as kennis van feite in die handboek aangebied word. Só 'n eensydige intellektuele aanpak vorm in die reël die keersy van 'n piëtistiese geloofsbegrip. Dat kategese-vernuwing in ons sinodale gebied deurgaans begin by 'n daadwerklike poging om ontslae te raak van allerlei skoolagtige elemente in die kategese, is gevolglik 'n wesentlike sleutel tot die verstaan daarvan, aangesien 'n skoolagtige aanpak van die kategese 'n eensydige kognitiewe benadering grootliks versterk.
>
> Met 'skoolagtige' elemente in die kategese word bedoel die inrigting van die 'klassie' asof dit 'n skoolles is, 'n leier wat optree in die styl van 'n onderwyser en kinders wat [skynbaar] geduldig die kennis inneem wat aan hulle doseer word, lesse aangebied binne 'n klaskamer-atmosfeer, evaluasie deur middel van kennistoetsing ... Effens simplisties gestel: Wanneer kategese soos 'n skool funksioneer, word geloofskennis baie maklik kopkennis ...

> Duidelik werk die wetenskap [die skole] met 'n ander kennisbegrip. Hierdie feit móét neerslag vind in die kategese en kan nie bloot deur nuwe handboeke reggestel word nie. Dit vra in der waarheid onses insiens 'n totaal ander aanpak in die kategese [Skema van werksaamhede Sinode 1991:74].

Om die saak nog meer tot die spits te dryf, het die Sinodale Kommissie vir Leer- en Aktuele Sake [SKLAS] in die tussentyd, as studiekommissie van die sinode die teologiese inhoud van die kategesehandboeke in opdrag van die Sinode deeglik ondersoek. Hul verslag het dus ook voor die Sinode gedien. 'Kategeseleerstof ... SKLAS moes in die lig van vrae rondom die teologiese denkkader wat in die kategeseleerstof voorkom, 'n ondersoek na die betrokke denkkader onderneem' [Skema van werksaamhede Sinode 1991:85].

Dit is dus belangrik dat hierdie kommissie se bevindings ook kortliks weergegee word. Na 'n deeglike studie waarmee die kommissie by die Sinode gelukgewens is, is onder meer die volgende bevindinge rakende die leerstof gemaak:

> Daar word in die Junior Kategese gewerk met 'n dualisme van Bybelwaarhede en moralistiese toepassings. Algemene 'Bybelse' waarhede word daarby nie spesifiek deur grondige eksegese ondersteun nie'. Die uitgangspunt van die leerstof in die Junior Kategese is baie duidelik:
>
> 'Dit werk met die Bybel as boek van 'waarhede' -- 'n tipiese [Roomse] skolastieke Skrifbeskouing wat noodwendig daartoe lei dat kategese hanteer word in die dualisme van intellektuele waarhede en moralistiese toepassings [respektiewelik: sedelessies] ...
>
> Die Skrif bevat nie 'waarhede' nie; dit is evangelie. Die evangelie is daarby nie 'n algemene aanbod van verlossing nie; dit is Gods woord van vryspraak in Jesus Christus vir jou ... Van hierdie suiwer reformatoriese weg word nou in ons kategese op 'n subtiele, maar deurslaggewende afdraaipad beweeg' [Skema van werksaamhede Sinode 1991:118].

Ek haal vervolgens die hoofopskrifte van die verslag oor die Junior Kategese leerstof aan wat 'n aanduiding gee van hoe die stof beoordeel is.

> Negatiewe Godsbeeld; geen deeglike eksegese; kousale/voorwaardelike formulerings; moralisering en voorspoedteologie [in noue samehang met die voorwaardelike formulerings] [Skema van werksaamhede Sinode 1991:118-120].

Hierdie stellings word telkens met voorbeelde wat direk uit die handboeke en werkboeke aangehaal is, bevestig. Die slotwoord is skerp maar gee 'n aanduiding van die frustrasie wat ook hierdie kommissie gehad het -- bloot deur sy verpligte blootstelling aan die leerstof van die kategese:

> Dit is besonder ontstellend dat hierdie kategetiese materiaal die amptelike werk van ons kerk is. Is daar iemand wat sy kind hieraan wil blootstel? Die materiaal moet in die sterkste woorde afgekeur word [Skema van werksaamhede Sinode 1991:120].

2.14 Reaksie van die sinode in 1991

Diepgaande besprekings betreffende die kerk se kategesewerk, is n.a.v. die aanbevelings van die SJK en SKLAS by die sinode gevoer. Daar was geleentheid by die sinode om versigtig te besin oor wat beskou kan word as 'n radikale koers wat die SJK oor kategesevernuwing aangedui het.

Die besluite wat in die lig hiervan geneem is, bevestig dat die sinode die SJK vertrou om die koers van vernuwing wat reeds ingeslaan is, te handhaaf en gemeentes hierop te bly begelei. Dit bevestig ook dat die sinode van die Ned.Geref.Kerk in Noord-Kaapland nie bevrees is om standpunt oor kategesewerk in te neem wanneer dit in sommige opsigte wesentlik van die AJK verskil nie. Die besluite wat geneem is, lui soos volg:

* Die Sinode dra dit aan die SJK op om op deurlopende basis alle vernuwing in die kategese in die sinodale gebied kreatief te begelei.

* 'n Beroep word op alle gemeentes gedoen om nie vernuwend in die kategese te werk onafhanklik van die SJK nie.

* Die Sinode versoek die SJK om voortdurend met die AJK in gesprek te bly in verband met vernuwing in die kategese [Skema van werksaamhede Sinode, 1991, 73].

3. DIE DOEL VAN DIE BESKRYWING

Die doel van die beskrywing van hierdie resente kerkgeskiedenis van die Ned.Geref.Kerk in Noord-Kaapland wil die volgende bevestig:

* Die Ned.Geref.Kerk moet die frustrasie van sommige ouers, kategete, leraars en kerkrade met die kategese-praktyk van die Ned.Geref.Kerk ernstig opneem indien 'n streeksinode van dieselfde kerk soveel kwaliteit aandag aan die kategese gee. Die Kerk van die Here in die Noord-Kaap vertolk dus met sy studie, navorsing en voorlopige resultate oor kategese, 'n wyd verspreide ***ongemak*** met kategese in die hele Ned.Geref.Kerk. Die Ned.Geref.Kerk in ons land sal geweldig kortsigtig wees as hy dié reaksie ignoreer.
* Die kern van die genoemde ongemak soos uit die stukkie kerkgeskiedenis blyk, is die belewenis dat die kerk se kategese skools van karakter is.
  - Dit het in die eerste plek betrekking op die handboeke en handboekinhoud wat volgens die streeksinode onafwendbaar skools van aard is. Die geskiedenis bewys dat die sinode van Noord-Kaapland met navorsing ontdek het dat alles nie pluis is met die leerstof in die kerk se kategese nie en dit daarom ook bloot ***aanbeveel*** i.p.v. om dit verpligtend vir gemeentes te maak.
  - Dit verwys in die tweede plek direk na die struktuur, organisasie en ordereëlings van die kategese wat uitloop op 'n skoolse belewenis van kategetese, juis op gemeentevlak.
* Die indringende manier waarop die streeksinode die SJK versoek om met navorsing en studie oor kategese voort te gaan, maak dit noodsaaklik om radikaal, d.w.s. tot in die wortel toe, oor vernuwing in die kategese te dink. Leiers op die gebied van die kategese sal aanhoudend by mekaar verbypraat

indien die wortel-oorsake van die ***ongemak*** met kategese nie duidelik aangespreek word nie.

Dié verhandeling wil 'n beskeie bydrae in die verband maak. Dit wil dien as 'n stimulus om juis vanuit die wortel nuut te dink ter wille van God wat ook in die Ned.Geref.Kerk op die terrein van die jeugbediening verheerlik wil word.

Behalwe dat kategese in die Ned.Geref.Kerk ongemak veroorsaak, moet ons aanvaar dat hierdie tendens in die Ned.Geref.Kerk simptomaties is van 'n algemene probleem in die Christelike kerk oor die wêreld. Prins maak in dié verband die volgende opmerking: 'In verskeie dele van die wêreld word vandag ervaar dat die formele geloofsonderrig van die Christelike kerke nie meer slaag nie. Dit word weerspieël in die feit dat oral opnuut oor die metode van kategese besin word...' [Prins 1991a:258].[143]

[143] . *Dit is waar dat byna elke moderne verhandeling of artikel of ander geskrif wat oor kategese ter hand geneem word, oorweldigend reageer teen die formele wyse waarop kategese vir baie jare hanteer is. Die reaksies kom vanuit verskillende gesigshoeke, sosiologies, psigologies, pedagogies, eksegeties, ens. Holley skryf: 'During the last fifteen years there has been published a variety of books dealing with every imaginable aspect of religious education. Reports on the state of the subject, advice on methods, phsycological studies of children's religious thinking, outlines for assemblies, ... sosiological studies of particular groups of children studying religion and observations of the relations between religious education and moral education have all been offered to the interested reader. The national newspapers have not been slow in reporting the activities of various 'pressure groups' or in taking opportunities to voice 'opinions" [Holley 1978:IX]*

BIBLIOGRAFIE

Andree, TGIM 1984. ***Zeg mij wie je ouders zijn.*** In Godsdienstige opvoeding in het geding. Kampen: Uitgeversmaatschappy JH Kok.

Astley, J 1984. ***The role of Worship in Christian Learning***. In Religious Education 79/2.

Astley, J 1992. ***Christian perspectives on faith development: a reader.*** Grand Rapids, Michigan: William B Eerdmans Publishing Company.

Babbie, E 1990. ***Survey research methods.*** 2nd edition. Belmont, CA: Wadsworth.

Barnard, AC 1987. ***Verhalende of narratiewe prediking***. In Ned. Geref. Teologiese Tydskrif 28/4 1987.

Basson, FDJ 1986. ***Die gesag van die Skrif: 'n Vergelyking tussen Bavinck en Berkouwer se teologiese bydraes.*** MTh skripsie Universiteit van Stellenbosch.

Bavink, H 1967. ***Gereformeerde Dogmatiek.*** Kampen: Uitgeversmaatschappy J.H. Kok.

Berkelbach van der Sprenkel,SFHJ 1951. ***Handboek voor praktische Theologie: Catechetiek***. Nijkerk: CF Callenbach NV.

Berkhof, H 1979. Christian faith. ***An introduction to the study of faith.*** Grand Rapids Michigan: William B Eerdmans publishing company.

Berkhof,L 1966. ***Summary of Christian Doctrine.*** Grand Rapids Michigan: W.B. Eerdmans publishing company.

Berkouwer, GC 1949. ***Dogmatische Studiën***: ***Geloof en Rechtvaardiging***. Kampen: JH Kok NV.

---1949. ***Dogmatische Studiën: Geloof en Heiliging.*** Kampen: JH Kok.

---1949. ***Dogmatische Studiën: Geloof en Volharding***. Kampen: JH Kok.

---1966. ***Dogmatische Studiën: De Heilige Schrift I.*** Kampen: JH Kok.

---1967. ***Dogmatische Studiën: De Heilige Schrift II.*** Kampen: JH Kok."

---1970. ***Dogmatische Studiën: De Kerk I.*** Kampen:JH Kok.

Bijlsma, R 1964. ***Schriftgezag en Schriftgebruik.*** Nijkerk: GF Callenbach.

---1969. ***Kleine Catechetiek.*** Nijkerk: GF Callenbach.

Botha, PJJ 1993. ***Bondgenoot en beeld krities nagedink: gesprek tussen Bybelwetenskap en Sistematiese teologie.*** Theologia Evangelica XXX-1 Maart [1993].

Botha, WJ 1991. ***Bekwaam om te leer.*** Kaapstad: Belmordrukkery

---1978. ***Bekwaam om te leer.*** Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

---1990. ***Ken en vertrou: Handboek vir die katkisant st 5.*** Bloemfontein: NG Sendingpers.

---1991a. ***Leer hulle om alles te onderhou.*** Kaapstad: Belmordrukkery.

---1991b. ***Lê jou toe op onderrig.*** Kaapstad: Belmordrukkery.

Botha, WJ 1991c. ***U wil is my begeerte.*** Kaapstad: Belmordrukkery.

---WJ 1991d. ***Skerp dit by jou kinders in.*** Kaapstad: Belmordrukkery.

---1991e. ***U wil is my begeerte.*** Kaapstad: Belmordrukkery.

---1991f. ***Kategese sonder frustrasie.*** Kaapstad: Belmordrukkery.

---1991g. ***Lê jou toe op onderrig.*** Kaapstad: Belmordrukkery.

---1991h. ***Skerp dit by jou kinders in.*** Kaapstad: Belmordrukkery.

Burger, C 1991a. ***Die dinamika van 'n christelike geloofsgemeenskap***. Cape Town: Lux Verbi.

Burger, C 1991b. ***Praktiese Teologie in die VSA*** – 'n oorsig oor resente ontwikkelings. Nederduitse Geformeerde Teologiese Tydskrif [32/2]. Elsiesrivier Kaap: Nasionale Handelsdrukkery Beperk.

Bronkhorst, AJ 1960. ***Protestantisme***. In Christelijke Encyclopedie. Kampen: JH Kok N.V.

Brueggemann, W 1989. ***Teaching as Witness: Forming an Intentional Community.*** In 'The pastor as Teacher'. New York: The Pilgrim Press.

Calvyn, J 1956 [Vertaal deur A Sizoo]. ***Institutie***. 3 Vols. Delft: WD Meinema N.V.

Carroll, R 1991. ***Wolf in the sheepfold: The Bible as a problem for Christianity.*** London: SPCK.

Clasen, FJ 1989. ***Die kinderkommunie.*** Doktorale proefskrif Universiteit Pretoria.

Clasen, FJ & Vos, CJA 1990. ***Kinders aan die Nagmaalstafel?*** Praktiese Teologie in die RSA 5/2 [1990].

Combrink, AJ 1977. ***Kategese en sy verhouding tot die Christelike opvoedkunde.*** MTh-skripsie Universiteit van Stellenbosch.

Cordier, GS 1991. ***Die plek en funksie van ervaring in die kategese.*** MTh-skripsie Universiteit van Stellenbosch.

De Boer, J 1968. ***De verzegeling met de Heilige Geest volgens de opvatting van de Nadere Reformatie.*** Rotterdam: Bronder-offset.

De Graaff, AH 1968. ***The educational ministry of the Church.*** The Craig Press.

De Graaf, AH & Seerveld 1968. ***Understanding the Scriptures.*** Hamilton.

De Graaf, AH 1997. ***By what Standard,*** in Will all the King's men ... Out of concern for the Church Phase II. Toronto Ontario: Wedge Publishing Foundation.

De Jongh van Arkel, JT 1987. ***A paradigm for pastoral diagnosing.*** Unpublished DTh thesis, University ofSouth Africa, Pretoria.

—1988. ***Theology beyond Newton: a quantum leap, in Paradigms and progress in theology, edited by J Mouton, AG van Aarde & WS Vorster.*** Pretoria: Human Sciences Research Council.

—1991. ***Ekosisteemdenke as meta-teorie in die praktiese teologie.*** Praktiese Teologie in SA 6/1. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

De Kock, WJ 1990. ***Geloof, geloofsinhoud en geloofsontwikkeling: 'n Fowleriaanse interpretasie van die verhaalontplooiing van 'n kerk in krisis.*** Ongepubliseerde DTh-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika,Pretoria.

De Villiers, DW 1957. ***Die kategese in die Ned.Geref. Kerk: 'n Prinsipiële, historiese en praktiese ondersoek van die kategese in die Ned.Geref. Kerk in Suid-Afrika.*** Universiteit Stellenbosch.

De Wet, DC 1981. ***Hoe beleef die katkisant die kategese: Ondersoek in die vyf gemeentes van die Ned.Geref. Kerk in Stellenbosch.*** MTh-skripsie Universiteit van Stellenbosch.

Deist, FE 1982. ***Sê God só.*** Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

—1990a. ***Verhinder hulle nie: Godsdiensonderrig aan laerskoolkinders.*** Pretoria: JL van Schaik.

Deist, FE 1990b. ***Verslag: Wetenskap en Vakmetodologie in Bybelwetenskaplike navorsing in Suid-Afrika, volume 2 deel B, Afdeling 1, Raad vir Geestes-wetenskaplike navorsing.*** Pretoria: RGN.

—1991a. ***Objektiewe Skrifuitleg: Kantaantekeninge by Skrifuitleg in die Ned.Geref. Kerk 1930-1990.*** Hervormde Teologiese Studies 47/2 [1991].

—1991b. ***The Bible in discussion: Three recent South African publications on Scripture.*** Hervormde Teologiese Studies 47/4 [1991].

—1992. ***Salman Rushdie en die verhalende literatuur van die Ou Nabye Ooste. Fensham gedenklesing Stellenbosch.*** Tans nog ongepubliseerd.

—1994. ***Ervaring, rede en metode in Skrifuitleg: 'n wetenskapshistoriese ondersoek na Skrifuitleg in die Ned. Geref. Kerk 1840-1990.*** Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Sigma Pers [Edms] Bpk.

—1994. ***Hemelpastei of navolging.*** Epping Kaapstad: Lux Verbi.

Deist, FE 1995. ***Hemelpastei.*** 'n Voordrag van die skrywer met die bekendstelling van die publikasie. Kaapstad: Lux Verbi [Tans nog ongepubliseerd].

Dijk, K 1957. ***Catechismus.*** In Christelijke Encyclopedie. Kampen: JH Kok N.V.

Dingemans, GD 1986. ***In de leerschool van het geloof.*** Kampen: JH Kok N.V.

---1987. ***Een huis om in te wonen,*** Schetsen en boustenen voor een Kerk en Kerkorde van de toekomst. Den Haag.

Dooyeweerd, H 1935. ***De Wijsbegeerte der Wetsidee*** 3 Vols. Amsterdam: HJ Paris.

---1963. ***Vernieuwing en Bezinning.*** Zuthpen: Van den Brink.

---1968. ***In the twiglight of Western Thought.*** Craig Press.

---1969. ***A New Critique of Theoretical Thought.*** 3 Vols. Presbyterrian and Reformed Publishing Company.

Dooyeweerd, H 1984. ***A New Critique of Theoretical Thought.*** 2 Vols. Prestbyterrian and Reformed Publishing Company.

---1984. Philosophia Reformata: orgaan van de vereeniging voor Calvinistische Wijsbegeerte, 49/ 1, [1984].

---ongedateer [Vertaal deur HJ Strauss]. ***Wat is die mens.*** Bloemfontein: Sacum Beperk.

Dressel, L 1991. ***Eenvormige reëls vir kategese in die Ned. Geref. Kerk.*** Bloemfontein: Algemene Jeugkommissie Ned. Geref. Kerk.

Du Plessis, K 1974. ***Kategese as opdrag aan die kerk.*** Doktorale proefskrif Universiteit Pretoria.

Duckert, M 1976. ***Open education goes to Church.*** Philadelphia: The Westminister Press.

Dykstra, C 1987. ***The formative power of the congregation.*** Religious Education. 82/4 [1987].

Ellis, JH 1978. ***Beoordeling van die kategetiese onderwys in die NG gemeente Kraaifontein met besondere verwysing na die adolessent en sy milieu in die belydenisklas van 1978.*** MTh-skripsie Universiteit van Stellenbosch.

Eloff, SJ [1986] 1987. ***Luister en lewe 2: Handboek vir die kategeet st 3.*** Bloemfontein: NG Sendingpers.

—1990. ***Leef en dien 2***: Handboek vir die katkisant st 8. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Exeler, A 1979. ***Katechese in unserer Zeit: Themen und Ergebnisse der 4. Bischofssynode.*** Munchen: Kösel-verslag.

Felderhof, MC 1985. ***Religious education in a pluralistic society.*** London: Hodder and Stoughton.

Firet, A 1979. ***Het agogisch moment in het pastoraal optreden.*** Kampen: JH Kok.

Firet, J 1987. ***Spreken als een leerling: Praktisch-theologische opstellen.*** Kampen: JH Kok.

Formo, P 1994 [reds.] ***Augsburg sermons for children.*** Minneapolis: Augsburg.

Foster, RR & Smith, JB [red.] 1990. ***Devotional Classics.*** London: Hodder & Stoughton.

Fowler, JW 1981. ***Stages of faith: the psychology of human development and the quest for meaning.*** San Francisco: Harper & Row.

Fowler, JW 1988. ***The Enlightment and faith development theory.*** Journal of Empirical Theology 1 [No.1].

—1991. ***The vocation of faith developmental theory, in Stages of faith and religious development: implications for church, education and society.*** New York: Crossroad.

—1992. ***Perspectives on the family from the standpoint of faith development theory.*** In Christian perspectives on faith development. Grand Rapids, Michigan: William B Eerdmans Publishing Company.

Fowler, JW & Keen, S 1985: ***Life Maps: conversations on the journey of faith.*** Texas: Word Books Waco.

Frey, K 1991. ***Erwachsen glauben: Religionspädagogische Perspektiven, Konzeption einer Zeitgemässen theologischen Erwachsenenbildung.*** Essen: Die blaue Eule Verlag.

Gange, KO 1985. ***The church education handbook.*** Wheaton, Illinois: Victor Books SP Publications.

Gerber, JJ 1994: ***Ghetto of woestyntog? 'n Ondersoek na die geloofsbeeld in die katcgesemateriaal van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.*** Ongepubliseerde doktorale proefskrif Universiteit van Suid-Afrika.

Greyling, E 1955. ***Die sondagskool van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.*** Bloemfontein: Sondagskool-Boekhandel.

Groome, TH 1980. ***Christian Education.*** San Francisco: Harper & Row P Publishers.

Grosheide, FW & Van Itterzon, GP 1961. ***Christelijke Encyclopedie. 6 Vols.*** Kampen: JH Kok.

Habermas, J 1972. ***Knowledge and human interests.*** London: Heinemann.

Hanekom, TN 1951. ***Die liberale rigting in Suid-Afrika: 'n Kerkhistoriese studie.*** Stellenbosch: Die Christen-studentevereniging-maatskappy van Suid-Afrika.

—1952. ***Ons N.G. Kerk.*** Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.

Harakas, SS 1989. ***The teaching function of liturgy.*** In The pastor as teacher. New York: The Pilgrim Press.

Hart, H & Seerveld, C 1972. ***Will all the king's men: Out of concern for the Church phase II.*** Toronto: Wedge Publishing Foundation.

---1980. ***The impasse of rationality today.*** Toronto, Ontario: Institute for Christian studies.

---1984. ***Understanding our world -- An integral ontology.*** America: University Press.

Heitink, G 1993. ***Praktische Theologie***. Kampen: Uitgeverij Kok.

Hendriks, J [red.] 1992. ***Gemeentes vertel***. Lux Verbi.

Henry, CFH 1977. ***Restoring the whole Word for the whole community.*** In 'The Religious Education we need towards the renewal of Christian Education.' Birmingham, Alabama: Religious Education Press.

Heyns, JA 1977. ***Die Kerk***. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

---1978. ***Dogmatiek***. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, JA & Jonker, WD 1977. ***Op weg met die Teologie.*** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, LM 1985a. ***Praktiese Teologie***. Pretoria: Universiteit van Suid- Afrika. [Studiegids 1 vir PTA200-W].

---1985b. ***Praktiese teologie.*** Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. [Studiegids 1 vir PTA200-4].

---1987. ***Praktiese teologie.*** Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. [Studiegids 1 vir PTA100-T].

Holley, R 1978. ***Religious education and religious understanding.*** London: Routledge & Kegan Paul.

Jonker, WD 1968. ***Theologie en praktijk***. Kampen: JH Kok.

Jonker, WD 1977: ***Woord en wetenskap***. Kaapstad: NG Kerkboekhandel.

Jonker, WD & Roberts, JH & Van Zijl, AH 1970. ***Hermeneutica.*** Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

Kalsbeek, L 1970. ***De wijsbegeerte der wetsidee: Christelijk perspektief***. Amsterdam: Buiten en Schipperheijm.

Kennedy, G & Westerhoff, JH 1978. ***Learning through Liturgy.*** New York: The Seabury Press.

Kellerman, JSC 1990. ***Narratiewe prediking: 'n Homiletiese ondersoek en beoordeling.*** Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat.

Kilian, J 1989. ***Form and style in theological texts.*** Pretoria: University of South Africa.

Kinghorn, J 1986. ***Die NG Kerk en Apartheid.*** Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika.

Knight, GAF 1976. ***Theology as narration: a Commentary on the book of Exodus.*** Grand Rapids, Michigan: William B Eerdmans Publishing Company.

Kock, P de B 1974. ***Opvoeding.*** Tydskrif vir Christelike wetenskap 11/1 [1974].

Krych, MA 1987. ***Teaching the Gospel today: a Guide for education in the congregation. Minneapolis***: Augsburg Publishing House.

Kuiper, FH 1977. ***Op zoek naar beter Bijbelse onderwijs.*** Rodopi.

Kuiper, FH & Vossen, HJM 1989. ***Kinderen leren geloven.*** Praktische Theologie 16/2 [1989].

Kuitert, HM 1970. ***Verstaat gij wat gij leest.*** Kampen: JH Kok.

—1970. ***Anders gezegd: een verzameling theologische opstellen voor de welwillendelezer.*** Kampen: JH Kok.

Lalleman, A & Schippers, KA 1985. ***Anders op weg in die Catechese.*** 'S-Gravenhage: Boekencentrum.

Lampe, WH 1967. ***Seal of the spirit.*** London: SPCK.

Lategan, LOK 1989. ***Krisis van die Universiteit.*** Tydskrif vir Christelike wetenskap 25/3-4 [1989].

Lategan, LOK & Britz, MC 1990. ***Glo en bely: 'n Kritiese perspektief.*** Ned Geref Teologiese Tydskrif 31/1 [1990].

Le Du, J 1968. ***Ervaring en Catechese.*** Brugge, Utrecht: D de Brouwer.

Lee, JM 1977. ***The religious education we need – toward the renewal of Christian Education.*** Birmingham Alabama: Religious Education Press.

Lemmer, JC 1990. ***'n Prakties-teologiese ondersoek na die gemeente se verstaan van die preek.*** Ongepubliseerde doktorale proefskrif Universiteit van Suid-Afrika.

Long, TG 1989. ***The witness of preaching.*** Louisville: Westminster/John Knox Press.

Louw, DJ 1990. ***Gesinspastoraat as sisteem-bediening aan die verbondsgesin aan die verbondsgesin.*** Praktiese Teologie SA 5/2 [1990].

Malan, DJ 1986: ***Hoor en doen: Handboek vir kategeet sub B/ graad 2.*** Bloemfontein: NG Sendingpers.

Mason, AJ 1991. ***The relation of confirmation to baptism*** London: Longmans Green.

Meyer, LW 1986. ***Die wêreld van die matrikulant.*** Verslag oor 'n ondersoek na sekere omstandighede, gewoontes, ervarings, houdings en inligtingsbehoeftes van 301 matrikulante. Ned. Geref. Kerk van Natal: Jeugkantoor.

Mouton, J & Marais, HC 1988: ***Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe.*** Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Nauta, D 1956. ***Boekdrukkunst.*** In Christelijke Encyclopedie. Kampen: JH Kok N.V.

Nel, M 1982. ***Jeug en Evangelie.*** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

—1990. ***Die kind en die Bybel.- 'n probleemverkenning.*** Ned Geref. Teologiese Tydskrif [1990].

Nicols, K 1979. ***Cornerstone: guidelines for religious education.*** Vol. 1. St Paul Publications.

Niebuhr, HR 1989. ***Faith on earth: an inquiry into the structure of human faith.*** New Haven: Yale University Pres.

Olthuis, J 1969. ***Ambiguity is the key.*** Toronto, Ontario: AACS.

—1971. ***Hope for the family.*** Wedge Publishing Foundation.

—1972. ***Worship and Witness,*** in Will all the King's men ... Out of concern for the Church Phase II. Toronto Ontario: Wedge Publishing Foundation.

—1976. ***The word of God and Biblical authority:*** Studiestuk Nr 101. Instituut vir die bevordering van Calvinisme.

Osmer, RR 1992. ***Teaching for faith.*** Louisville, Kentucky: Westminster/John Knox Press.

Parsons, T 1977. ***The evolution of societies.*** Englewood Cliffs, N.Y.: Prentice-Hall.

Parsons, T 1977. ***Social systems and the evolution of action theory.*** New York: The Free Press.

Peterson, EH 1988. ***Traveling light.*** Colorado Springs, CO: Helmers & Howard, Publishers, Inc.

Pieterse, HJC 1985. ***Verwoording en prediking.*** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

—1986. Praktiese Teologie mondig. Skrif en Kerk 7/1[1986].

Pieterse, HC 1991. ***Die wetenskapsteoretiese grondslag van die Praktiese teologie.*** Praktiese Teologie in SA 6/1 [1991].

—1992. ***Die diskussie oor sommige ondersoekmetodes binne die praktiese teologie.*** Theologia Evangelica XXXV-3 September [1992].

Polman, ADR 1956. ***Bibliolatrie.*** In Christelijke Encyclopedie. Kampen: JH Kok N.V.

Potgieter, PC 1989. ***Skrif, dogma en verkondiging.*** Cape Town: Lux Verbi.

Prins, JMG 1973. ***Die Heidelbergse Kategismus as kategetiese leerstof.*** Doktorale proefskrif: Universiteit van Stellenbosch.

---1991a. ***Kategese en geloofsoordrag deur sosialisering.*** Ned Geref. Teologiese Tydskrif [1991].

---1991b. ***Geïsoleerde onderrig -- die dilemma van die kategese.*** Ned. Geref. Teologiese Tydskrif [1991].

Richards, LO 1972. ***Youth ministry: its renewal in the local Church.,*** Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

---1975. ***A theology of Christian Education.*** Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Robinson, PJ 1991. ***Integrity of creation and Christian Mission.*** Missionalia 19/2 [1991].

Rutledge, M 1992. ***Faith Development: bridging theory and practice.*** In Christian perspectives on faith development. Grand Rapids, Michigan. William B Eerdmans Publishing Company.

Roscam Abbing,PJ 1977. ***De mondige gemeente.*** 'S-Gravenhage: Boekencentrum.

Rossouw, HW 1992. ***Humaniora versus tegnokrasie: Referaat UOVS tydens Konferensie:*** Geesteswetenskappe op pad na 2000. Tans nog ongepubliseerd.

Rossouw, PJ 1988. ***Gereformeerde Ampsbediening***. Pretoria:NG Kerkboekhandel.

Roux, PJA 1989. ***Verwysingstegnieke: Departement biblioteek- en Inligtingkunde.*** Pretoria: UNISA.

Rushdie, S 1991. Haroun and the Sea of Stories. London: Granta Books.

Russel, JP 1979. ***Sharing our Biblical story: A guide to using liturgical readings as the core of Church and family education.*** Connecticut: Morehouse Barlow Wilton .

Saris, W 1980. ***Towards a living church: family and community catechesis.*** London: Collins.

Schilder, K 1949. ***Heidelbergsche Catechismus Sondag 5-7: Deel II.*** Goes: Oosterbaan & le Cointre.

Schippers, KA Ongedateer. ***Werkplaats Catechese: Doelbepaling en organisatie jongerencatechese***. Kampen:JH Kok.

Schoeman, PG 1983. ***Wysgerige pedagogiek.*** Pretoria: Sacum Beperk.

Schouls, PA 1972. ***Insight, authority and power: a biblical appraisal***. Toronto: Wedge Publishing Foundation.

Schrotenboer, P 1971. ***The marks of the institutional church***, in Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 3de kwartaal 1971.

Schulz, HM 1976. ***Gemeinde als lebendige Katechese: Kinder und Erwachsene auf dem weg zum Glauben***. Mainz: Matthias-Grünewald-Verlag.

Seerveld, C 1972. ***To be led into Fresh Obedience***, in Will all the King's men ... Out of concern for the Church Phase II. Toronto Ontario: Wedge Publishing Foundation.

Shelp, EE & Sunderland, RH 1989. ***The pastor as teacher.*** New York: The Pilgrim Press.

Simpson, GG 1991. ***Man's place in Nature.*** New York:R Munson.

Smit, GJ 1991. ***Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe.*** Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewers.

Smuts, AJ 1985. ***Die woord aan die werk.*** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Snyman, J 1993. ***'n Groeimodel vir jeugbediening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.*** Proefskrif Doctor Theologiae, Universiteit van Suid-Afrika.

Snyman, TM 1990. ***Die einddoel van die kategese.*** Ned Geref. Teologiese Tydskrif [1990].

---1991. ***Realisering van die Koninkryk.*** Ned Geref. Teologiese Tydskrif 32/1[1991].

Soards, M & Dozeman, T & McCabe, K 1992. ***The Revised Common Lectionary -- the consultation on Common Texts.*** Nashville: Abingdon Press.

---1994. ***Preaching the revised Common Lectionary.*** Nashville: Abingdon Press.

Stoker, HG 1986. ***Direk of indirek: 'n Antwoord op HM Kuitert se siening van Skrifberoep in die Etiek***. Potchefstroom: Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys Potchefstroom.

Strauss, DFM 1969. ***Wysbegeerte en vakwetenskap.*** Bloemfontein: Sacum Beperk.

---1971. ***Wetenskap en werklikheid.*** Bloemfontein: Sacum Beperk.

---1978. ***Inleiding tot die kosmologie***. Bloemfontein: Sacum Beperk.

Strauss, DFM 1984a. ***An analysis of the structure of analysis***. Philosophia Reformata 49/1 [1984].

---1984b. ***Toepassing van beginsels***.Tydskrif vir Christelike wetenskap 20/3-4 [1984].

---1988. ***Begripsvorming in die Sistematiese Teologie.*** Tydskrif vir Christelike wetenskap 24/3-4 [1988].

---1989. ***Die mens en sy wêreld.*** Bloemfontein: Tekskor BK.

—1991a. ***Wat is teologie.*** Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat. Tans nog ongepubliseerd.

—1991b. ***Hoe kan ons wetenskaplik oor God praat?*** Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat. Tans nog ongepubliseerd.

Swindoll, CR 1990. ***The grace awakening.*** Dallas, Texas: Word Incorporated.

Taylor, D 1986. ***The myth of certainty.*** Waco TX: Word Publishers.

Theron, PF 1985. ***Verbond, geloofsekerheid en belydenisaflegging.***

Theron, PF 1987. ***Persoonlike geloofsbelydenis en geloofsekerheid.***

Troost, A 1958. ***Casuïstiek en situasie-ethiek.*** Utrecht: Drukkerij Libertas.

Van der Horst, JM ongedateer. ***De Catechese op nieuwe wegen.*** Malmberg Den Bosch.

Van der Merwe, M 1995. ***Nuwe treë saam met God, riglyne en programme oor spirutualiteit en gemeentevernuwing.*** Kaapstad: Lux Verbi.

Van der Ven, JA 1984. ***Godsdienst zonder instituut is een illusie.*** In Godsdienste opvoeding in het geding. Kampen: Uitgeversmaatschappij JH Kok.

Van der Ven, JA 1993. ***Ecclesiologie in context.*** Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

Van Deventer, L & König, A 1989. ***Skrifbeskouing en Skrifgebruik: verskuiwinge soos gereflekteer in die diskussie oor die plek van die vrou in die gereformeerde kerke.*** Ned Geref. Teologiese Tydskrif 30/3 [1989].

Van Huyssteen, JMV 1982. ***Geloof en Skrifgesag.*** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van Itterzon, GP & Nauta, D 1963. ***Geschiedenis van de Kerk IV.*** Kampen: Uitgeversmaatschappij JH Kok N.V.

Van Loggerenberg, NT ongedateer. ***Eerste stappe in die filosofie van die opvoeding.*** Bloemfontein: Sentrale Pers.

Van Riessen, IRH 1970. ***Wijsbegeerte.*** Kampen: JH Kok.

Van Wyk, AG 1991. ***'n Verkennende gesprek rondom die begrip teologie in verskillende prakties-teologiese benaderinge.*** Praktiese teologie 6/1 [1991].

Van Wyk, JH 1990. ***Die woord is waardevol: 'n Dogmatiese besinning oor die Reformatoriese Skrifbeskouing.*** Potchefstroom: Universiteit vir Christelike Hoëronderwys Potchefstroom.

Veldhuizen, A ongedateer ***Katechetiek.*** Gronigen, Den Haag: JB Wolters.

Venter, EA ongedateer. ***Wysgerige temas***. Bloemfontein, Sacum Beperk.

Venter, EA 1968. ***Die ontwikkeling van die Westerse denke***. Bloemfontein, Sacum Beperk.

Verboom, W 1987. ***De Catechese van de Reformatie en de Nadere Reformatie***. Ampsterdam: Buijten en Schipperheijm.

---1989. ***Leren Kennen – Een visie op catechese vanuit het Verbond***. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

Viljoen, DJ 1985. ***Die leerstof van die kategese***: ***Referaat vir die Werkgemeenskap Praktiese Teologie.***

Von Bertalanffy, L 1973. ***General system theory.*** Penguin University Books.

Von Meyenfeldt, FH ongedateer. ***Kerklijk vooruitzicht.*** Wageningen: Gebr Zommer en Keunings.

Vorster, WS 1988. ***Oor die Nuwe Testamentiese vertelkunde en prediking***. Hervormde Teologiese Studies 44/1 1988.

Vossen, HJM 1988. ***Onderzoek naar schoolkatechese en kommunikatie.*** Praktische theologie 15/3 [1988].

---HJM 1989. ***Geloofsopvoeding als probleem.*** Praktische Theologie 16/2 [1989]

Waterink, J 1958. ***Intellectualisme***. In Christelijke Encyclopedie. Kampen: J.H. Kok N.V.

Westerhoff, J 1977. ***The liturgical Imperative of Religious Education.*** In The Religious Education we need. Birmingham, Alabama: Religious Education Press.

---1987. ***Cathechesis***. Religious Education 82/4 [1987].

White, JW 1988. ***Intergenerational religious education***. Birmingham, Alabama: Religious Education Press.

Ytsma, W & Brokerhof, D 1984. ***Godsdienstige opvoeding in het geding.*** Kampen: JH Kok.

Zylstra. B 1997, ***Thy word our life***, in Will all the King's men ... Out of concern for the Church Phase II. Toronto Ontario: Wedge Publishing Foundation.

TYDSKRIFTE EN KERKLIKE DOKUMENTE

Agenda vir die sewende vergadering van die Algemene Sinode van die Ned.Geref. Kerk in Kaapstad, Dinsdag 14 tot Saterdag 25 Oktober 1986.

Agenda van die Vierde Vergadering van die Sinode van Die Ned.Geref.Kerk in Noord-Kaapland, [1987].

Agenda van die Vyfde Vergadering van die Sinode van Die Ned.Geref. Kerk in Noord-Kaapland, [1989].

Agenda van die Sesde Vergadering van die Sinode van Die Ned.Geref. Kerk in Noord-Kaapland, [1991].

Report from the General Board of Education: Children in the way. London: National Society, Church House Publishing [1989].

Die Kerkorde van die Ned.Geref. Kerk. Pretoria: NG Kerk Boekhandel [1987].

Handelinge van die sewende vergadering van die Algemene Sinode van die Ned.Geref. Kerk in Kaapstad, Dinsdag 14 tot Saterdag 25 Oktober 1986.

Handelinge van die Vierde Vergadering van die Sinode van die Ned.Geref. Kerk in Noord-Kaapland, gehou op 25 September 1987 tot 2 Oktober 1987 te Kimberley.

Handelinge van die sewende vergadering van die Algemene Sinode van die Ned.Geref. Kerk in Kaapstad, Dinsdag 14 tot Saterdag 25 Oktober 1986.

Handelinge van die agste vergadering van die Algemene Sinode van die Ned.Geref. Kerk in Kaapstad, Dinsdag 16 tot Saterdag 25 Oktober 1990.

Hervormde Teologiese Studies 44/1 [1988]

Hervormde Teologiese Studies 47/2 [1991]

Hervormde Teologiese Studies 47/4 [1991]

Kerkorde van die Ned.Geref. Kerk in die Republiek van Suid-Afrika [1991]

Koers: Bulletin vir Christelike Wentenskap.

Lêer 'Predikante Kursusse', SKAE Kantoor Noord-Kaapland.

Missionalia [1991]

Ned Geref Teologiese Tydskrif XXVI/3 [1985]

Ned Geref Teologiese Tydskrif XXVIII/4 [1987]

Ned Geref Teologiese Tydskrif XXX/3 [1989]

Ned Geref Teologiese Tydskrif XXXI/1 [1990]

Ned Geref Teologiese Tydskrif XXXI/2 [1990]

Ned Geref Teologiese Tydskrif XXXII/1 [1991]

Ned Geref Teologiese Tydskrif XXXII/2 [1991]

Notule van die Sinodale Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie: Ned.Geref. Kerk Noord-Kaapland [1989]

Notule van die *Ad hoc*-Kommissie vir kagesevernuwing van die Subkommissie vir Dooplidmate van die Sinodale Jeugkommissie Noord-Kaapland [1988].

Notule vir die vierde Vergadering van die Sinode van die Ned.Geref. Kerk in Noord-Kaapland, gehou September 1987, te Kimberley.

Notule vir die vyfde Vergadering van die Sinode van die Ned.Geref. Kerk in Noord-Kaapland, gehou Oktober 1989 te Kimberley.

Notule vir die sesde Vergadering van die Sinode van die Ned.Geref. Kerk in Noord-Kaapland, gehou Oktober 1991 te Kimberley.

Ons Glo...: Belydenisskrifte van die Ned.Geref. Kerk. Pretoria: NG Kerk Boekhandel [1982].

Praktiese Teologie in SA 5 [1988].

Praktiese Teologie in SA 5/2 [1990].

Praktische Theologie [1991/1].

Praktische Theologie 15/1 [1988].

Praktische Theologie 15/3 [1988].

Praktische Theologie 16/2 [1989].

Religious education 79/2 [1984].

Religious education 82/4 [1987].

Skrif en Kerk 7/1 [1986].

Tydskrif vir Christelike wetenskap 20/3-4 [1984].

Tydskrif vir Christelike Wetenskap 24/3-4 [1988].

Tydskrif vir Christelike Wetenskap 25/3-4 [1989].

Verslag: Die sesde Uniale Sondagskoolkongres Bloemfontein [1952].

Verslag van die Sondagskoolkommissie: Sinode Ned.Geref. Kerk 1966

AFKORTINGS

AJK	ALGEMENE JEUGKOMMISSIE VAN DIE NED. GEREF. KERK
BUVTON	BURO VIR VOORTGESETTE TEOLOGIESE NAVORSING
CRE	CHRISTIAN RELIGIOUS EDUCATION
HK	HEIDELBERGSE KATEGISMUS
MHH	BEKLEMTONING DEUR M.H. HEYNS
PASD	PREDIKANT IN SINODALE DIENS [ALGEMENE SINODE]
PSD	PREDIKANT IN SINODALE DIENS [STREEKSINODE]
RK	ROOMS-KATOLIEKE KERK
SJK	SINODALE JEUGKOMMISSIE
SKAE	SINODALE KOMMISSIE VIR AMPSBEDIENING EN EVANGELISASIE